

*Neuk met Lemmer
en jy gaan betaal*

DEON MEYER ONSIGBAAR



*Neuk met Lemmer
en jy gaan betaal*

DEON MEYER ONSIGBAAR



OceanofPDF.com

Deon Meyer

Onsigbaar

Human & Rousseau

OceanofPDF.com

Vir Anita

OceanofPDF.com

DEEL I

OceanofPDF.com

1

Op Dinsdag 25 Desember, net ná twaalfuur in die middag, swaai ek die swaar voorhamer met 'n langsame ritme. Die muur is dik en hard. Dit breek teësinig in splinters van sement en steen wat met elke dowwe slag soos skrapnel oor die houtvloer skiet. Ek voel die sweet wat in lang strepe oor die stof op my gesig en bolyf loop; dit is 'n bakoond hier binne, ondanks die oop vensters.

Tussen hamerhoue deur hoor ek die selfoon lui. Ek is onwillig om die reëlmaat te verbreek – dit is 'n masjien wat in dié hitte traag gaan wees om weer aan die gang te kom. Ek sit die langsteel stadig neer en loop sitkamer toe, die brokstukke skerp onder my kaal voete. Op die foon se skerm pie staan *JEANETTE*. Ek vee my vuil hand aan my kortbroek af en tel die instrument op.

“Jis.”

“Geseënde Kersfees.” Jeanette Louw se rasperstem, soos altyd gelaai met 'n onverklaarbare ironie.

“Dankie. Vir jou ook.”

“Seker lekker warm daar ...”

“Agt-en-dertig buite.”

In die winter sê sy: “Seker lekker koud daar ...” Haar onversluisde verwyt oor my keuse van tuisdorp. “Loxton,” sê sy nou, asof dit 'n *faux pas* is. “Dan moet jy maar sweet. Wat doen julle vir Kersfees in daardie geweste?”

“Breek die muur tussen die kombuis en die badkamer.”

“Die kombuis en die badkamer?”

“Dis hoe hulle gebou het in die ou dae.”

“En dis hoe jy Krismis hou? Ou plattelandse tradisie?” Sy blaf haar lag in 'n enkele, harde “ha”.

Ek weet sy het nie gebel omdat dit Kersfees is nie. “Jy’t werk vir my.”

“Ek het.”

“Toeris?”

“Nee. Kaapse vrou, nogal. Sê sy is gister aangeval. Sy soek jou vir ’n week of wat, die deposito klaar betaal.”

Ek dink aan die geld wat ek nodig het. “O.”

“Sy’s op Hermanus. Ek SMS vir jou die adres en die selfoonnommer. Ek sal haar sê jy’s op pad. Bel my as jy moeilikheid het.”

* * *

Ek ontmoet Emma le Roux vir die eerste keer in ’n strandhuis wat uitkyk op die Ou Hawe van Hermanus. Die woning is indrukwekkend: drie nuwe Toskaanse verdiepings van rykmanspeelplek met ’n hand-gekerfde houtvoor deur en ’n metaalklopper in die vorm van ’n leeu se kop.

Om kwart voor sewe op Kersaand maak ’n jong man met lang krulhare en ’n staalraambril vir my die deur oop. Hy sê hy is Henk en dat hulle my verwag. Hy is duidelik nuuskierig, maar hy onderdruk dit goed. Hy nooi my in en vra my om in die sitkamer te wag terwyl hy vir “juffrou le Roux” gaan roep. Formele man. Daar is geluide dieper in die huis – klassieke musiek, mense wat gesels. Kosreuke.

Hy verdwyn. Ek sit nie. Ná ses ure deur die Karoo in die Isuzu wil ek staan. Daar is ’n Kersboom in die vertrek, ’n groot nagmaakte een van plastiekdennenaalde en fopsneeu. Veelkleurige liggies flits aan en af. Op die hoogste punt is ’n engel met lang blonde hare, haar vlerke wydgesprei soos dié van ’n roofvoël. Agter haar is die gordyne voor die groot vensters oop. Buite is die baai mooi in die laatmiddag, die see kalm en stil.

“Mnr. Lemmer?”

Ek draai om.

Sy is klein en skraal. Haar swart hare is baie kort geknip, byna soos ’n man s’n. Haar oë is groot en donker, haar oorskulpe effens gespits na bo. Sy lyk soos ’n nimf uit ’n kinderboek. Daar is ’n oomblik waar sy my inneem, die onwillekeurige op en af kyk om my teen haar verwagting te meet.

Sy steek haar teleurstelling goed weg. Gewoonlik verwag hulle iemand groter, indrukwekkender – nie dié gemiddeldheid van lengte en voorkoms nie.

Sy kom tot by my en steek haar hand uit. “Ek is Emma le Roux.” Haar hand is warm.

“Hallo.”

“Kom sit gerus,” beduie sy na die meubels in die sitkamer. “Kan ek u iets aanbied om te drink?” Haar stem het ’n eenaardige diepte, asof dit aan ’n groter vrou behoort.

“Nee dankie.”

Ek gaan sit. Die vloei van haar klein liggaam is glad, asof sy volkome gemaklik is daarin. Sy gaan sit oorkant my, trek haar bene op, tuis hier. Ek wonder of dit haar plek is, waar die geld vandaan kom.

“Ek ...” Sy maak ’n handgebaar. “Dit is ’n eerste vir my, om ’n lyfwag te hê ...”

Ek is nie seker hoe ek daarop moet antwoord nie. Die liggies van die Kersboom flikker hul kleure oor haar met eentonige reëlmaat.

“As u dalk kan verduidelik hoe dit werk,” sê Emma le Roux sonder verleentheid. “In die praktyk, bedoel ek.”

Ek wil vir haar sê as jy dié diens bestel, behoort jy te weet hoe dit werk. Daar is nie ’n handleiding nie.

“Dit is redelik eenvoudig. Om u te kan beskerm, sal dit help as ek weet wat u bewegings elke dag gaan wees ...”

“Natuurlik.”

“En die aard van die risiko ...”

Sy knik. “Dit ... ek is nie seker wat die risiko is nie. Daar het ’n paar vreemde goed gebeur ... En Carel het my oortuig ... Jy sal hom netnou ontmoet, hy het julle dienste al gebruik. Ek ... daar was ’n aanval, gisteroggend ...”

“Op u?”

“Ja. Wel, soort van ... Hulle het my huis se deur oopgebreek en ingekom.”

“Hulle?”

“Drie mans.”

“Was hulle gewapen?”

“Nee. Ja. Hulle ... dit het baie vinnig gebeur ... Ek ... ek het hulle skaars gesien.”

Ek onderdruk ’n impuls om my wenkbroue te lig.

“Dit klink seker ... snaaks,” sê sy.

Ek sê niks.

“Dit was ... eenaardig, meneer Lemmer. Half ... onwerklik.” Ek knik, ’n aanmoediging.

Sy kyk vir 'n oomblik stip na my en leun dan oor om 'n tafellamp langs haar aan te klik.

“Ek het 'n huis in Oranjezicht ...”

“U bly dus nie permanent hier nie?”

“Nee ... dis Carel se plek. Ek kuier net. Vir Kersfees.”

“Ek verstaan.”

“Gisteroggend ... Ek wou eers my werk klaarmaak voor ek begin inpak vir die naweek ... My kantoor ... ek werk van die huis af. En toe het ek so halftien gaan stort ...”

Haar storie vloei nie van die begin af nie, asof sy 'n sekere teësin het aan die herleef daarvan. Haar sinne is onvoltooid, haar hande stil, haar stem 'n hoflike, onbetrokke monotoon wat meer detail verskaf as waarvoor die situasie vra. Miskien dink sy dit sal meer geloofwaardigheid daaraan verleen.

Sy sê sy het pas klaar gestort en was in haar slaapkamer, besig om aan te trek, een been by die denim ingestee, so effens van balans. Sy hoor die tuinhekkies oopgaan en sien deur die kantgordyn hoe drie mans haastig, doelgerig in die klein voortuin beweeg. Voor hulle buite haar gesigsveld deur toe storm, registreer sy dat hul gesigte met balaklawas bedek is. Dat hulle stomp voorwerpe in hul hande het.

Sy is 'n stedelike vrou. Alleen. Sy het die moontlikheid van misdaadslagoffer wees al dikwels deurdink tot noodmaatreëls van optrede, sou die ergste gebeur. Daarom druk sy die ander been deur sy broekspyp en trek dit met groot haas oor haar heupe. Sy is nou halfgekleed, net 'n bra en 'n broekie en die denim, maar die belangrikste is om by die alarm se noodknop uit te kom, om gereed te staan, maar dit nog nie te druk nie, want daar is 'n veiligheidshek en diefstal en die verleentheid van “wolf-wolf” roep.

Sy beweeg op haar kaal voete oor die mat na die alarmskakelaar teen haar kamermuur en staan, vinger gereed. Haar hart klop in haar keel, maar sy is op hierdie oomblik nog beheersd. Sy hoor die geluid van metaal wat teësin buig en breek. Die veiligheidsdeur is nie meer veilig nie. Druk die alarm. Dit loei hier bo in die plafon en die klank bring paniek daarmee saam.

Asof haar eie vertelling haar intrek, begin haar oë en hande saampraat. Haar stem se toonhoogte styg, kry 'n musikaliteit.

Emma le Roux hardloop in die kort gang of na haar kombuis. Sy is vlietend daarvan bewus dat inbrekers en diewe nie dié taktiek gebruik nie. Dit vuur haar vrees aan. In haar haas hardloop sy met 'n dowwe slag teen die hout van die agterdeur vas. Haar hande bewe as sy die twee grendels terugdruk en die sleutel in die slot draai. Op die oomblik dat sy die deur oopruk, hoor sy die versplintering in die voorportaal, glas wat breek. Sy weet die voordeur is oop. Hulle is nou in haar huis.

Sy gee een tree na buite en steek dan vas. Sy draai om, terug kombuis toe, om 'n skottelgoed-afdroogdoek van bo die wasbak te gryp. Sy wil haarself daarmee bedek, minder blootgestel wees. Agterna sal sy haarself so effens verwyd vir die sinneloosheid hiervan, maar op daardie oomblik is dit instink. Sy talm nog 'n breukdeel van 'n sekonde – moet sy 'n wapen gryp, 'n groot kombuismes? Onderdruk die impuls.

Nou hardloop sy uit, in die helder sonlig, met die afdroogdoek teen haar bors gedruk. Die agterplaas, netjies geplavei, is klein.

Sy sien die hoë betonmuur wat haar moet beskerm, wat die wêreld moet uithou. Dit hou haar nou in. Sy skree vir die eerste keer. “Help my!” 'n Noodkreet aan bure wat sy nie ken nie, want dit is stedelike Kaapstad waar jy jou afstand hou, jou valbrug elke aand optrek, jou met jou eie dinge besig hou. Sy hoor hulle in die huis agter haar. Een van hulle skree iets. Sy sien die swart asdrom wat naby die betonmuur staan – 'n trap na ontsnapping.

“Help my!” Haar kreet tussen die kermende ritme van die alarm.

Emma sê sy weet nie hoe sy oor die muur gekom het nie. Maar sy het, in een of twee adrenaliengedrewe bewegings. Die afdroogdoek het in die proses agtergebly, sodat sy in haar bure se erf daarsonder geland het. Haar linkerknie het teen iets geskuur. Sy voel dit nie, sal eers later bewus word van die skeurtjie in die broek se materiaal.

“Help my!” Haar stem hoog en desperaat. Arms voor die bors om haar fatsoenlikheid te beskerm, hardloop sy na die bure se agterdeur. “Help my!”

Agter haar hoor sy hoe die asdrom omval en sy weet hulle is naby. Voor haar gaan die bure se agterdeur oop en 'n gryskopman in 'n rooi kamerjas met wit kolletjies daarop kom uit. Hy het 'n geweer in sy hande. Bo sy oë is die silwer wenkbroue dik en lank, dit maak klein vlerkies oor sy voorkop.

“Help my,” sê sy en daar is nou verligting in haar stem.

Die buurman se oë is vir 'n oomblik op haar, die volwasse vrou met die seunsagtige lyf. En dan lig sy wenkbroue en sy blik na die muur agter haar. Hy druk die geweer teen sy skouer en rig dit op die muur. Sy is byna by

hom en kyk ook om. 'n Balaklawakop verskyn vir 'n oomblik bokant die beton.

Die buurman vuur 'n skoot af. Dit donder en eggo van die vele mure af terug en die koeël slaan met 'n skerp klapgeluid teen haar huis vas. Haar ore wat tuit. Sy staan by die buurman, bewend. Hy kyk nie vir haar nie, bewerk die slot van die geweer. 'n Doppie tuimel op die sement van die agterdeurtrappie neer.

Die buurman kyk vir die muur. "Bastards," sê hy terwyl hy teen die loop afkyk. Hy beweeg die loop van die geweer horisontaal, om die hele front te dek.

Die aanvallers het verdwyn. Haar gehoor begin herstel; soos die suising verminder, hoor sy weer die kermende alarm. Tot hy stadig die geweer laat sak en vir haar in 'n stem vol deernis en Oos-Europa vra: "Are you all right, my dear?"

Dan begin sy huil.

2

Die buurman met die geweer se naam is Jerzy Pajak. Hy lei haar in hul huis in. Hy vra sy vrou, Aleksa, om die polisie te bel en dan kloek hulle om haar in hul Poolse aksente. Hulle gee vir haar 'n ligte kombers vir haar skaamte, en soet tee. Hulle stap later saam met haar en die twee polisiemanne om na haar huis.

Die staalveiligheidshek staan skeef. Die houtvoor deur is onherstelbaar beskadig. Die bruin polisieman is die meer senior van die twee, met strepe op sy netjiese uniform se skouers. Sy dink hy is 'n sersant, maar omdat sy nie seker is nie, noem sy hulle al twee “meneer”. Hy vra vir haar om te kyk of iets weg is uit haar huis. Sy sê sy sal terselfdertyd iets aantrek, want sy loop nog met die veelkleurige kombers om haar gedrapeer in die stygende temperatuur van die stadskom. Sy loop na haar kamer en gaan sit vir 'n oomblik op die wit duvet van die dubbelbed wat sy meer as 'n uur gelede opgemaak het. Sy dink nie dit was inbrekers nie. Sy het genoeg tyd gehad om afleidings te maak, om vermoedens te ontwikkel.

Sy trek aan – 'n groen T-hemp en sportskoene. Sy loop 'n draai deur die huis om die sersant tevrede te stel en gaan rapporteer aan hom dat niks gesteel is nie. Terwyl hulle in 'n kring in die sitkamer stelling inneem, die Pajaks op die rusbank, sy en die polisiemanne op stoele, ondervra hy haar sorgsaam en simpatiek in amptelike, suiwer Afrikaans:

Was sy daarvan bewus dat enigiemand haar of haar huis onlangs dopgehou het?

“Nee.”

“Geen verdagte motor of ander soort voertuig in die omgewing opgemerk nie?”

“Nee.”

“Geen mense wat hier in die straat draal of verdag optree nie?”

“Nee.”

“U was in u slaapkamer toe hulle ingekom het?”

Sy knik. “Ek was besig om aan te trek toe ek die hekkie gehoor het. Hy maak ’n geluid. Toe sien ek hulle voordeur toe hardloop. Nee, nie hardloop nie. Vinnig loop. En toe ek die balaklawas sien, toe ...”

“Ek neem aan u kon geen gelaatstrekke sien nie.”

“Nee.”

Die Pajaks kan geen woord van die gesprek verstaan nie, maar hul koppe volg die ondervraging van kant tot kant, soos toeskouers by ’n tenniswedstryd.

“Velkleur?”

“Nee ...”

“U klink onseker.”

Sy dink hulle was swart, maar sy wil nie vir die ander poliesman aanstoot gee nie. “Ek kan nie met sekerheid sê nie. Dit het baie vinnig gebeur.”

“Ek verstaan, juffrou le Roux. En ’n mens skrik so groot. Maar enigiets sal help.”

“Dit kan wees dat ... een swart was.”

“En die ander twee?”

“Ek weet nie ... “

“Het u onlangs enige werk in of om die huis laat doen?”

“Nee.”

“Is daar enige artikels in die huis wat van besondere waarde is?”

“Net die gewone. ’n Paar stukkies juweliersware. ’n Laptop. Die TV...”

“’n Laptop?”

“Ja.”

“En dit is nie gesteel nie?”

“Nee.”

“Nou moet u verskoon, juffrou le Roux, maar dit is ongewoon. As ek so luister na wat gebeur het, dit is nie die modus operandi van jou gewone huisbreker nie. Die deure oopgebreek en die agtervolging tot in die agterplaas ...”

“Ja?”

“Dit klink of hulle u in die persoon wou aangeval het.”

Sy knik.

“’n Mens begin maar altyd soek na redes, u verstaan.”

“Ek verstaan.”

“En dit is gewoonlik persoonlik van aard. In die meeste gevalle.”

“O?”

“Vergewe die vraag, maar is daar dalk ’n liefde wat onlangs skeefgeloop het?”

“Nee,” sê sy met ’n glimlag om haar verligting te masker. “Nee ... nie só skeef nie, hoop ek.”

“’n Mens weet nooit, juffrou. So daar was ’n man in die onlangse verlede?”

“Ek kan u verseker, meneer, ek was meer as ’n jaar gelede in ’n ernstige verhouding en hy was ’n Brit wat terug is Engeland toe.”

“Die afskeid was gemoedelik?”

“Heeltemal.”

“En daar was sedertdien nie iemand wat dalk ongelukkig kon wees oor ’n verbroekeling nie?”

“Nee. Hoegenaamd nie.”

“Watse werk doen u, juffrou le Roux?”

“Ek is ’n handelsmerk-konsultant.”

Sy sien onbegrip en probeer verduidelik. “’n *Brand consultant*. Ek help maatskappye om hul produkhandelsmerke te posisioneer. Of te herposisioneer.”

“Vir watter maatskappy werk u?”

“Nee, ek werk vir myself. My kliënte is maatskappye.”

“So u het geen werknemers nie?”

“Nee.”

“En u werk met groot maatskappye?”

“Meestal. Soms is daar kleineres ...”

“Daar het nie onlangs by die werk iets gebeur wat mense kon kwaad maak nie?”

“Nee. Dit is nie ... ek werk met die produkte, of die maatskappye se handelsmerk-beeld. Dit kan niemand kwaad maak nie.”

“’n Alterkassie? Met u motor? Met iemand wat ’n diens aan u gelever het? Tuinwerker, huishulp?”

“Nee.”

“Is daar enigiets waaraan u kan dink? Enigiets wat kon aanleiding gee?”

Dit was die vraag wat sy nog nie gereed was om te beantwoord nie.

* * *

“Toe sê ek ’nee’, maar ek dink nie dit was die waarheid nie,” sê Emma vir my. Die staanlamp langs haar werp ’n sagte, simpatieke lig oor haar eufemisme.

Ek reageer nie.

“Ek ... ek wou nie ... Ek was nie seker of die goed verbind was nie. Nee, ek wou nie gehad het dit moet verbind wees nie. In elk geval, dit was iets wat ’n duisend kilometer van die Kaap af gebeur het en dit kon Jacobus gewees het, of dit kon nie, en ek wou nie die polisie belas met iets wat dalk net my verbeelding is nie.” Sy hou skielik op met praat, kyk na my en glimlag stadig, asof sy moeg is vir haarself. “Ek maak nou hoegenaamd nie sin nie, nè?”

“Neem u tyd.”

“Dis net ... dit máák nie sin nie. Jy sien, my broer ...” Sy hou op met praat, skep ’n oomblik asem. Sy kyk na haar hande, dan, stadig, op na my. Emosie blink in haar oë, haar hande beweeg klein en hulpeloos. “Meneer Lemmer, hy’s oorlede ...”

Dit is die som van haar liggaamstaal, haar woordkeuse en skielike ratverwisseling wat die alarm in my kop laat afgaan. Asof sy hierdie frase, dié aanbod geoefen het. Daar is die fyn flikkering van manipulasie, asof sy my aandag van die feite op die tafel wil weglei. Wat my op daardie oomblik laat wonder: Hoekom is dit nodig?

Emma le Roux sal nie die eerste kliënt wees wat met die klein frons van absolute eerlikheid op die voorhoof blatant lieg oor ’n bedreiging nie. Of met mistige oë ten dele fantaseer of vergroot om die egostrelende teenwoordigheid van Die Lyfwag te regverdig nie. Mense lieg. Vir ’n duisternis van redes. Soms net omdat hulle kán. Dit is een van die bevestigende verskynsels van Lemmer se Eerste Wet: Moenie betrokke raak nie. Dit is een van die primêre bronne van Lemmer se Tweede Wet: Moet niemand vertrou nie.

3

Sy herstel gou, dit moet ek haar toegee. Wanneer sy sien dat ek nie reageer nie, skud sy die emosie met 'n beweging van haar kop af en sê: “My broer se naam was Jacobus Daniël le Roux ...”

Haar sinne is nou weer minder vloeiend, haar storie kursories, asof die detail 'n fontein is waar sy nie wil gaan drink nie. Sy sê haar broer het in 1986 verdwyn. Sy was toe 14, Jacobus 20. Hy was 'n soort tydelike wildebewaarder, een van 'n paar dienspligsoldate wat as vrywilligers gewerf is om te gaan help, want die Parkeraad was nie opgewasse teen die olifantslagting in die Krugerwildtuin nie. En toe raak hy net weg. Hulle het agterna die tekens van 'n skermutseling met ivoorstroppers gekry, koeëldoppies en bloed en die haastig agtergelate oorblyfsels van die wilddiewe se kampplek. Hulle het twee weke lank gesoek en gejag, tot hulle die enigste sinvolle afleiding gemaak het: dat Jacobus en sy swart assistent dood is tydens die konfrontasie, dat die stroppers hul lyke saamgeneem het uit vrees vir die reaksie wat dit sou ontlok.

“Dis meer as twintig jaar gelede, meneer Lemmer ... Dis 'n lang tyd, dit moet jy verstaan. Dis wat alles so moeilik maak ... In elk geval, verlede week, die 22ste, het die ding gebeur wat ek die polisie nie vertel het nie ...”

Daardie Saterdagand, net ná sewe, sit sy in haar huis se tweede slaapkamer. Sy het dit as kantoor ingerig, met 'n ingeboude lessenaar, liasseerkabinette en boekrakke. Emma is besig op haar skootrekenaar, sigbladwerk met statistieke wat groot konsentrasie verg. Sy is vaagweg bewus van die TV-nuus se hooftrekke wat in elk geval vir die kyker met 'n gevoel van déjà-vu laat: President Mbeki en die vennote van sy alliansie is haaks, 'n selfmoordbom in Bagdad, Afrikaleiers wat kla oor die G8 se voorwaardes vir skuldafskrywing.

Sy kan later nie onthou wat dit is wat haar laat opkyk nie. Dalk omdat sy 'n grafiek voltooi het en vir 'n oomblik haar fokus kon skuif, dalk net

toeval. Maar as sy haar aandag op die televisieskerm vestig, is dit net sekondes voor die foto verskyn. Sy hoor die nuusleser sê: "... by Khokhovela naby die Krugerwildtuin in 'n skietvoorval betrokke was waarin 'n tradisionele geneser en drie plaaslike mans dood is. Veertien karkasse van beskermde en bedreigde aasvoëls is op die toneel gevind."

Die foto, in swart-wit, verskyn. 'n Wit man, laat dertigs, vroeë veertigs, staar emosieloos vir die kamera, soos wat mense vir die neem van identiteitsfoto's doen.

Dit lyk soos Jacobus sou gelyk het. Dit is wat sy dink, op daardie oomblik, 'n blote kalm observasie, 'n sweem van ... heimwee, amper.

"Die Limpopo-polisie is op soek na 'n mnr. Jacobus de Villiers, ook bekend as Cobus, 'n werknemer by 'n dierehospitaal by Klaserie, om hulle met die ondersoek te help. Enigiemand met inligting kan die polisiekantoor op Hoedspruit ..."

Sy skud haar kop. Sy grynslag. Toeval.

Die nuusleser behandel die kommoditeitspryse van die dag en sy skuif haar aandag na die rekenaar voor haar en die groot stuk werk wat nog moet klaarkom. Sy trek die looper oor 'n blok data. Sy kies die grafiekikoon.

Hoe sou Jacobus gelyk het op ... veertig, hy sou vanjaar veertig gewees het? Haar herinnering van sy gelaatstrekke is nou dalk meer gebaseer op foto's in haar ouers se huis, haar eie geheue daarvan onbetroubaar. Maar sy kan die verstommende intensiteit van haar broer onthou, sy gees, sy oorweldigende persoonlikheid.

Sy manipuleer die grafiek tot veelkleurige stawe van data wat insig moet bring van verkoopspatrone teenoor mededingers.

Toeval. Dat die man in die foto op televisie se naam ook Jacobus moet wees.

Sy selekteer nog selle syfers. Sy het nodig om 'n sirkelgrafiek hiervan te maak, skywe van markaandeel wat daarop sal dui dat haar kliënt se slaaisous die agteros is wat net-net in die kraal kom: die probleem wat sy moet oplos.

Veertien karkasse van beskermde en bedreigde aasvoëls is op die toneel gevind.

Dit sou Jacobus ontstel het.

Sy maak 'n fout met die opstel van die grafiek en klik haar tong vir haarself. Dit is toeval, blote toeval, dit sal gebeur as jy elke dag vir twintig

jaar 'n duisend stukke inligting inneem. Die syfers sal sekerlik saamsweer om een of dalk twee keer in 'n leeftyd die draak met jou te steek.

Sy onderdruk die gedagtes vir byna twee uur, tot sy al die syfers verwerk het. Sy kyk of daar nuwe e-pos is en skakel die rekenaar af. Sy gaan haal 'n skoon handdoek uit die linnekas en kom klim op die oefenfiets, selfoon in haar hand. Sy lees SMS'e, luister na boodskappe. Sy trap stelselmatig harder, kyk sonder konsentrasie na die televisie, verander die kanaal met die afstandbeheer.

Sy wonder hoeveel die foto regtig na Jacobus gelyk het. Sy wonder oor haar vermoë om hom te eien. Sê nou maar hy was nie dood nie en hy moet nou hier instap? Wat sou haar pa gesê het oor die nuusinsetsel? Watse werk sou Jacobus gedoen het as hy geleef het? Wat sou hy gedoen het by veertien karkasse van bedreigde aasvoëls?

Meer as een keer dwing sy haarself om aan ander dinge te dink, om die volgende dag te beplan, om reg te maak vir die paar dae op Hermanus oor die Kerstyd, maar Jacobus kom spook oor en oor by haar tot sy eindelijk, enkele minute ná tien, in 'n kas gaan grawe en die twee albums uithaal. Sy blaai vinnig daardeur – sy wil nie talm by die foto's van haar ouers, of hulle as gesin nie. Sy soek net die een van Jacobus met sy boshodjie op.

Sy haal dit uit, sit dit eenkant, kyk daarna.

Herinneringe. Dit neem aansienlike wilskrag om dit te onderdruk. Lyk hy na die man wat netnou op TV was?

Skielik is sy heeltemal seker. Sy loop met die foto na haar studeerkamer en skakel Navrae om die nommer van die polisie-kantoor op Hoedspruit te kry. Sy kyk weer na die foto. Nou twyfel sy weer. Sy bel die Laeveldse nommer om te vra of hulle seker is dit is Jacobus de Villiers en nie Jacobus le Roux nie. Dit is al. Net sodat sy die ding uit haar kop uit kan kry en gaan Kersfees hou sonder frustrerende verlange na haar oorlede familie, almal van hulle, Pa en Ma en Jacobus.

Sy praat eindelijk met 'n inspekteur. Sy vra om verskoning. Sy het nie inligting nie, sy wil nie tyd mors nie. Die man op die TV het gelyk soos iemand wat sy ken, wat ook Jacobus genoem was. Jacobus le Roux. Sy bly dan stil, sodat hy kan reageer.

“No,” sê die inspekteur met die oordadige geduld van iemand wat sy soveelste eienaardige oproep moes hanteer. “He is De Villiers.”

“I know he is De Villiers now, but he might have been Le Roux, that is what I'm saying.”

Die geduld raak minder. “How can that be? He has been here all his life. Everybody knows him.”

Sy sê weer jammer en dankie en beëindig die oproep. Nou weet sy minstens.

Sy gaan slaap met ’n verlange in haar, asof haar verliese ná al die jare weer op ’n manier nuutgemaak is.

* * *

“En toe, gistermiddag, het ek by die ou gestaan wat my deur kom vervang het. Die sersant, die polisie-ou, hy’t iemand uit Hanoverpark gekry, ’n houtwerker ... skrynwerker, toe hoor ek my telefoon in die studeerkamer lui. Toe ek optel, is daar ’n geraas op die lyn, ek kon nie veel hoor nie, ek dink hy’t gesê ‘Miss Emma?’. Dit het geklink soos ’n swart man. Toe sê ek ‘ja’. Toe sê hy iets wat klink soos ‘Jacobus’ en ek sê ek kan nie hoor nie. Toe sê hy ‘Jacobus sê jy moet ...’ en toe sê ek weer ek kan nie hoor nie, maar hy bly stil. Toe vra ek ‘Wie praat?’ maar toe is die lyn net weg ...”

Vir ’n oomblik is sy op ’n ander plek in haar kop, haar oë ver, en dan kom sy terug na my, draai haar kop, kyk na my en sê: “Ek is nie eens seker dit is wat hy gesê het nie. Dit was ... die oproep was kort.” Sy praat skielik vinniger, asof sy die hele ding wil klaarkry. “Ek het gisteraand deurgery hiernatoe. En toe Carel die storie hoor ...”

Sy laat dit daar. Sy wil nou ’n reaksie hê, ’n aanduiding dat ek glo en verstaan, ’n versekering dat ek haar teen dit alles sal beskerm. Dit is die oomblik van kopersberou, soos iemand wat ’n nuwe ryding aanskaf en weer die advertensie gaan lees. Ek ken dit, dié moment waarin jy jou verbind aan die ongeskrewe deel van die kontrak wat sê “ek aanvaar sonder voorbehoud”.

Ek knik my kop ernstig en sê: “Ek verstaan. Ek is jammer ...” en ek beduie met my hande, ’n halwe sirkel om te wys ek wil alles daarby insluit, haar verlies, haar pyn, haar dilemma.

Daar is ’n klein stilte tussen ons, die ooreenkoms gesluit. Sy sal nou aksie verwag, ’n sekere leiding.

“Die eerste ding wat ek moet doen, is om die huis te bestudeer, buite en binne.”

“Natuurlik,” sê sy en ons staan op.

“Maar mnr. Lemmer, ons gaan net een nag hier wees.”

“O.”

“Ek wil weet wat aangaan, mnr. Lemmer. Dit ... ek vind dit alles ontstellend. En ek kan nie net hier sit en wonder nie. Ek wil weet of ons mag reis. Of jy mag saamreis. Want ek gaan Laeveld toe, môre.”

OceanofPDF.com

4

Dit is donker buite, maar die straatligte is helder. Ek loop om die huis. Dit is nie 'n vesting nie. Diefwering net op grondvlak, subtiel, sodat dit nie inmeng met die estetika nie. Die kwesbaarste punt is die glasskuifdeure wat oopmaak op die groot stoep met die see-uitsig. Toskaanse pilare, hoeke en uitsteeksels wat vier, vyf moontlikhede bied om vinnig en stil by vensters op die eerste en tweede verdiepings te kom.

Binne, weet ek, is die gewone alarmstelsel met sy bewegingsensors en koppeling met 'n plaaslike private sekuriteitsfirma wie se blou-en-wit naambord langs die motorhuis pryk. Dit is vakansiehuissekuriteit, ontwerp as hoopvolle afskrikmiddel, versekeringspremieverlager.

Die huis is dalk drie jaar oud. Ek wonder wat eers hier gestaan het. Ek wonder wat die eiendom en die bouwerk gekos het. Ek verstom my aan die oordaad.

Lemmer se Wet oor Ryk Afrikaners: As 'n Ryk Afrikaner kan vertoon, dan sál hy.

Die eerste ding wat 'n Ryk Afrikaner koop, is groter borste vir sy vrou. Die tweede ding wat 'n Ryk Afrikaner koop, is 'n duur donkerbril (met die handelsmerk prominent sigbaar) wat net afgehaal word as dit heeltemal donker is. Sodat hy daarmee die eerste skans tussen hom en die armes bou. “Ek kan jǒú sien, maar jy kan mý nie meer sien nie.” Die derde ding wat die Ryk Afrikaner koop, is 'n dubbelverdiepinghuis in die Toskaanse styl. (En die vierde is 'n nommerplaat met sy naam of sy rugbytrui se nommer daarop.) Hoe lank nog voor ons ons inherente minderwaardigheid gaan oorkom? Waarom kan ons nie, wanneer die geldgode lag, subtiel wees nie?

Soos ons ryk Engelssprekende landgenote, wie se teen-die-neus-afkyk my net so afstoot, maar hul welvaart minstens stylvol dra. Ek staan in die donker en wonder oor Carel-die-eienaar. Hy is skynbaar reeds 'n kliënt van

Jeanette. Die Ryk Afrikaner is nie 'n lyfwaggebruiker nie. Sy bedreiging is te onsubtiel. Waar het Carel se behoefte aan beskerming ontstaan?

Ek kry die antwoord in die eetkamer, later.

Wanneer ek by die vertrek inloop, sit die meeste van hulle by die groot tafel. Emma stel my voor. Sy is die enigste een wat klaarblyklik nie familie is nie.

“Carel van Zyl,” sê die patriarg aan die kop van die tafel. Sy handdruk is oordrewe ferm, asof hy iets wil bewys. Hy is 'n groot man in sy vyftigs, met vlesige lippe en breë skouers, maar die goeie lewe het reeds sy rondings op Carel se wange en middel begin vestig. Daar is drie jonger egpare – Carel se kinders en hul gades. Een van hulle is Henk, wat die deur vir my oopgemaak het. Hy sit langs sy vrou, 'n mooi blondine met 'n baba op haar skoot. Vier ander kleinkinders, die oudste 'n seun van agt of nege. My plek is langs hom.

Carel se vrou is lank en aantreklik en onmoontlik goed gepreserveer. “Trek gerus jou baadjie uit, meneer Lemmer,” sê sy met oordrewe hartlikheid terwyl sy 'n stomende bak kalkoen op die tafel neersit.

“Mamma ...” sê Carel tereg wysend.

“Wat?” vra sy.

Hy maak 'n vuurwapen met sy hand en druk die vingerloop in sy hemp.

“O. Ekskuus,” sê sy, asof sy 'n sosiale blaps gemaak het.

“Kom, ons vra die Here se seën,” sê Carel gewigtig. Die aansittendes vat hande en buig hul hoofde. Die seuntjie se hand is klein en sweterig in myne, sy pa s'n koel en sag aan my ander kant. Carel bid, puntsgewys, gemaklik en welsprekend, asof sy god 'n medelid van die direksie is.

“Amen,” eggo dit om die tafel. Kosbakke word aangebied, kinders aangemoedig om groente in te skep. Daar is kort stiltes: 'n koverte bewussyn van die *vreemdeling* en 'n subtiële onsekerheid oor die gepaste vorm van interaksie. Ek is 'n gas, maar ook 'n gehuurde, 'n indringer met 'n beroep wat prikkel. Die seuntjie kyk onbeskroomd nuuskierig na my. “Het jy regtig 'n *gun*?” vra hy. Sy ma maak hom stil en sê: “Ag, verskoon tog.”

Ek skep kalkoen in. Die gasvrou sê: “Dit is maar net oorskiet.” Carel sê: “Dit is heerlik, ma.”

Iemand bied die weervoorsigte aan as 'n gespreksonderwerp en hulle kom op dreef – planne vir die volgende dag, hoe die kinders besig gehou kan word, wie se beurt dit is om te braai. Emma praat nie. Haar aandag is by haar kos, maar sy eet nie veel nie.

Ek raak bewus van 'n onnatuurlike gemoedelikheid tussen hulle, ondanks my teenwoordigheid. Daar is geen konflik hier nie, geen broederlike mededinging, geen korswil tussen gades nie, soos die perfekte familie in 'n Amerikaanse televisieprogram. Dit het te doen met die manier waarop Carel die laaste sê het, die finale mening. Hul onderdanigheid is byna onwaarneembaar, vervleg in 'n goedige, geoefende patroon van interaksie, maar dit is daar, die neerbuig voor die goeiehartige despoot – die een met die beursie, die erfgoed.

Hoe pas Emma by dit alles in?

Wanneer die borde leeg is en 'n gesprek oor die volgende dag se gholf ten einde loop, besluit Carel dit is tyd om my te betrek. Hy wag vir 'n oomblik van stilte en kyk na my met 'n intieme glimlag.

“Nou weet ek hoe die spoke lyk, meneer Lemmer.”

Vir 'n oomblik het ek geen idee waarvan hy praat nie. En dan snap ek: Hy het Body Armour se klok hoor lui, maar het die bel aan die stert beet.

* * *

Jeanette Louw is op die oog af iewers-in-die-vyftig met groot, blonde hare uit 'n bottel, 'n skrikwekkende Gauloises-rookgewoonte en 'n uitgesproke voorliefde vir die verleiding van pas geskeide, gekwete, heteroseksuele vroue. Maar agter dié front skuil 'n skerp intellek en flink sakebrein.

Sy was die legendariese regiment-sersantmajoor van die Vroueleërkollege op George, voor sy sewe jaar gelede 'n pakket gevat het. Ná maande se navorsing het sy haar maatskappy op die sestiende verdieping van 'n luukse kantoorgebou in die Kaapse Strandgebied gevestig. Op die dubbelglasdeure, waardeur jy vir Jolene Freylinck, die gemanikuerde ontvangsdame, kan sien, staan daar in sterk, manlike letters BODY ARMOUR en die bemerkingsverduideliking Personal Executive Security daaronder in slanke sans serif.

Haar kliënte was aanvanklik buitelandse sakemense, die senior bestuur van internasionale maatskappye wat wil kom kyk hoe 'n vinnige dollar uit Afrika gewurg kan word. Hul ambassades het in bulletins vertroulik gefluister dat die land stabiel genoeg is vir investering, maar die veiligheid op straat is nog nie heeltemal op Westerse standaard nie. Daarom het Jeanette haar bemerking by die diplomate gaan doen, die ekonomiese attachés en konsuls, die klerke en skakelbordoperateurs. Wil hul belangrike besoekers die lang lys moontlike persoonlike gevare vryspring, die

straatroof, motorkapings, aanrandings, verkragtings, ontvoerings, inbrake? Body Armour is die oplossing. Die eerste paar kliënte is tevrede terug huis toe en haar reputasie het begin groei. Stelselmatig het die hele spektrum van Oos na Wes haar mense kom huur: Japannese, Koreane, Chinese, Duitsers, Franse, Britte, Amerikaners

En toe begin die uitlanders rolprente maak in die Kaap, en die musieksterre van die wêreld kom hou konsert vir die Boere, en haar kliëntelys het 'n nuwe dimensie gekry sodat foto's van haar saam met Colin Farrell, Oprah, Robbie Williams, Nicole Kidman en Samuel L. Jackson teen haar kantoormuur pryk. Sy sal agter haar lessenaar sit en jou ook vertel van die groot visse wat weggekom het: Will Smith, met sy aansienlike entourage van eie, Amerikaanse lyfwagte wat soos pryssangers saam met hom beweeg, Sean Connery wat haar ewige bewondering afgedwing het deur haar produk van die hand te wys met 'n "Do you think I'm a fucking wimp?".

Soos met soortgelyke dienste oral in die wêreld het Jeanette se portefeulje van met-die-hand-uitgesoekte vryskut-lyfwagte 'n spesifieke, tweeledige karakter gekry: Daar is die afskrikmiddels – die hoogs sigbare, spierbultende diknek-steroïedkolosse wat saam met die beroemdes beweeg en visueel intimiderend die gepeupel op 'n afstand moet hou – hul enigste kwalifikasie is omtrek van borskas en ledemate en die vermoë om dreigend te frons.

Die ander vertakking van Jeanette se diens is dié wat meer subtile, maar steeds hoofsaaklik denkbeeldige bedreigings moet bestuur. Hulle moet die kliënt se ego streel met 'n curriculum vitae wat amptelike opleiding en hooggeplaaste ervaring weerspieël. Hulle moet die skyn van gevaar bewaar deur aan die periferie te beweeg, onophoudelik waar te neem en te evalueer. Soms in spanne van twee, vier of ses met klein, versteekte oor- en mikrofone, soms alleen, afhangende van die omvang van die kliëntegroep, die beskermde se finansiële vermoë of die aard van die risiko. Hulle moet saamsmelt met die omgewing waardeur die kliënt beweeg, net verskyn wanneer hoflike voorstelle op geleë oomblikke in ore gefluister moet word. Die kliënt verwag dit alles, want film en televisie het 'n standaard van optrede geskep waaraan voldoen moet word. (Ek het 'n Skandinawiese sakevrou gehad wat daarop aangedring het dat ek 'n oorfoon dra, met die kartelende draad onder die kraag in, al het ek alleen gewerk en met niemand kon kommunikeer nie.)

Daarom sal Jeanette Louw vir elke voornemende klant of hul verteenwoordigers vra: “Do you need a gorilla or an invisible?” In die wêreld van die rykes en beroemdes is dit erkende en bekende terminologie.

Maar Carel die Alwetende kry dit nie heeltemal reg nie. Sy fout sê iets – dat hy net ten dele ken.

“As ’n mens ’n lyfwag wil huur, dan vra Jeanette vir jou of jy ’n spook of ’n gorilla wil hê,” verduidelik hy vir die res van die tafel. “Ons het nog net die gorillas gebruik, vir die celebrities wat kom advertensies doen.”

Ek kan nie aan ’n gepaste reaksie dink nie. Dié situasie is vir my vreemd: Die gehuurde sit nie gewoonlik aan dieselfde tafel as die huurder nie – dit is sosiaal onaanvaarbaar. En dan is daar my eie gebrek aan geesdrif vir sinnelose gesprekke. Maar Carel het nie ’n reaksie nodig nie.

“Die gorillas is die ou grotes,” sê hy, “wat lyk soos bouncers by ’n nagklub. Maar die spoke is blykbaar die ouens wat ken van. Wat al staatspresidente en ministers opgepas het.”

Hulle kyk vir my, die hele tafel.

“Is dit ook jǒu agtergrond, meneer Lemmer?” vra Carel. Dit is ’n uitnodiging, maar ek wys dit van die hand deur net ongeesdriftig te knik.

Carel is teleurgesteld, maar hy steek dit goed weg. “Nou sien jy, Emma. Jy is in goeie hande.”

Goeie hande. Ek vermoed Carel het nie eerstehandse ervaring van die huurproses by Body Armour nie. Dit is iets wat hy aan onderdane sal oorlaat. As hy dit self hanteer het, sou hy geweet het Jeanette het ’n pryslys en my plek in dié hiërargie is nie hoog nie. Ek is aan die winskoopkant van die markkragte, die een wat nie in ’n span wil werk nie, die een met ’n toegesmeerde verlede en gebrekkige openbare betrekkinge.

Weet Emma? Seker nie. Jeanette is te professioneel. Sy sou gevra het: “Hoeveel wil jy spandeer?” en Emma sou gesê het sy het geen idee wat dit kos nie. “Enigiets tussen tienduisend rand per dag vir ’n span van vier en sewe-honderd-en-vyftig per dag vir ’n solo-operateur,” sou Jeanette die moontlikhede uitgestippel het, sonder om by te voeg dat sy twintig persent daarvan aftrek, plus ’n administratiewe fooi, werkloosheidsbelasting, inkomstebelasting en bankoordragfooie.

Wat verdien ’n handelsmerk-konsultant? Hoe ’n groot hap is R750 per dag vir haar? R5 250 per week? R21 000 per maand? Nie kleingeld nie, veral as dit kom by fiktiewe bedreigings. Wat beteken sy lieg dalk nie oor alles nie.

“Ek is seker,” sê Emma met ’n afwesigheid en ’n dun glimlag, asof haar gedagtes elders is.

“Daar’s nog roomys,” sê Carel se vrou hoopvol.

* * *

Hy nooi my in sy speelkamer in, sy “den” noem hy dit.

“Nooi” in die breedste sin. “Wil jy nie kom gesels nie?” is die woorde wat Carel gebruik, iewers tussen ’n opdrag en ’n uitnodiging. Hy loop voor. ’n Opgestopte koedoekop staan uit oor die vertrek. Daar is ’n biljarttafel en ’n rottangkroeg, bottels op ’n rak en ’n klein sigaar-humidor. Foto’s teen die muur met Carel-en-geweer by dooie diere.

“Dop?” vra hy en loop agter die kroegtoonbank in.

“Nee dankie,” sê ek en leun teen die biljarttafel.

Hy skink vir homself twee vingers bruin vloeistof sonder verdunning. Hy sluk daaraan en maak die humidor oop. “Kubaans?” Ek skud my kop.

“Seker? Dis klas,” sê hy ingenome. “Hulle verouder dié goed 24 maande, soos wyn.”

“Dankie, ek rook nie.”

Hy trek vir homself ’n sigaar uit, streel met sy vingers oor die dik silinder daarvan. Hy knip die agterkant oop met ’n groot instrument en sit dit in sy mond. “Jou amateur sal dit knip of sny met hierdie goedkoop gemors wat die ding kneus hier agter.” Hy hou sy knipper vir my om te sien. “Dis wat hulle ’n .44 Magnum noem. Maak ’n perfekte, ronde gat.”

Hy reik na ’n dosie vuurhoutjies. “En dan kry jy fools wat die goed natlek voor hulle aansteek. Dit kom uit die dae toe jy plaaslike sigartjies in die kêffie gekoop het. As jy die voggehalte bewaar, lek jy niks.”

Hy trek ’n vuurhoutjie en laat dit eers hoog brand. Dan hou hy dit voor die sigaar. Hy trek daaraan in kort, vinnige teue terwyl hy die sigaar in sy vingers draai. Wit bolle rook wolk om hom, die diep aroma vul die vertrek. Hy skud die vuurhoutjie tot die vlam verdwyn. “Hulle sê die beste manier om ’n sigaar aan te steek, is die Spaanse sederspil. Stukkie sederhout, jy steek eers die hout aan en dan gebruik jy dit vir die sigaar. Suiwer, skoon vlam wat nie jou sigaar se smaak beïnvloed nie. Maar waar kry ons Spaanse seder, vra ek jou?” Hy glimlag vir my, sameswerend, asof ons dieselfde probleem deel.

Hy trek diep aan die sigaar. “Kubaans. Daar’s niks wat daarby kom nie. Jou Jamaikaans is ook nie sleg nie, lekker lig, jou Dominikaans so tussenin,

jou Honduras is te wild. Niks kom by die room van ou Fidel se goed nie.”

Ek wonder vlugtig hoe lank hy ’n monoloog aan ’n onbelang-stellende gehoor van een kan volhou, maar dan onthou ek hy is ’n Ryk Afrikaner. Die antwoord is: Onbepaald.

Hy trek ’n asbak nader. “Het jy geweet die storie dat jy nie ’n sigaar se as afskud nie, is ’n totale mite? Twak.” Hy hê-hê vir sy woordspeling. “Dis omdat ouens swak sigare rook en dan sê hulle die bitter smaak is van die as se afskud.”

Carel gaan sit op ’n kroegstoel, sigaar in een hand, dop in die ander.

“Daar’s baie bullshit in die wêreld, my vriend, baie bullshit.”

Wat wil hy hê?

Nog ’n trek aan die sigaar. “Maar kom ek vertel jou een ding, daar’s niks bullshit aan Emmatjie nie. Niks. As sy sê daar’s mense wat haar wil kwaad doen, dan glo ek haar, verstaan jy?”

Ek het nie lus vir dié gesprek nie. Ek reageer nie, en weet hy hou nie daarvan nie.

“Wil jy nie sit nie?”

“Ek het te lank gesit al, vandag.”

“Sy’s soos ’n dogter in hierdie huis, my vriend. Sy’s soos een van my eie. Dis hoekom sy na my toe gekom het met hierdie ding. Dis hoekom jy hier is. Jy moet verstaan, sy’s deur baie dinge in haar lewe. Diep waters ...”

Ek probeer my irritasie temper deur te dink hoe fassinerend ’n man soos Carel van Zyl is.

Selfgemaakte Rykes deel almal ’n persoonlikheidstipe – gedrewe, slim, hardwerkend, dominerend. En wanneer die welvaart kom en mense voor die mag en invloed daarvan neerbuig, maak Die Ryke elke keer die fout deur te dink die respek is vir hulle, in die persoon. Dit salf die selfbeeld, temper die persoonlikheid tot goediglikheid. Maar dit is ’n dun lagie, want die oorspronklike dinamo sit nog daar, agter die selfbedrog.

Hy is gewoond daaraan om die middelpunt van belang te wees. Hy wil nie buite dié ding staan nie. Hy wil hê ek moet weet hy is verantwoordelik vir my teenwoordigheid, hy is die vaderfiguur wat Emma se belange dien, dus eintlik in beheer, die beoordelaar van my dienste. Hy het die reg om in te meng, om deel te wees. En boonop het hy Kennis. En hy gaan dit nou met my deel.

“Sy’t by my kom werk, ná universiteit. Die meeste ouens sal net hierdie mooi, klein dingetjie sien, maar ek het geweet daar’s iets, my vriend.” Hy

punktueer sy sin met die sigaar.

“Ek het hoeveel van hulle aangestel, account managers, en hulle sien net die glamour en die lang lunches met kliënte en die vet salaristjeks. Maar nie Emmatjie nie. Sy wou leer, sou wou wéét, sy wou wérk. Jy sou nooit sê daar’s geld agter haar nie, sy’t die soort ambisie gehad van iemand wat uit ’n arm huis uit kom. Vra my, ek weet, my vriend. In elk geval, sy’t so drie jaar vir my gewerk toe gebeur die ding met haar pa-hulle. Motorongeluk, op slag, al twee van hulle. Sy’t in my kantoor gesit, my vriend, daardie klein dingetjie, gebreek, ek sê jou. Gebreek, want toe het sy niemand oor nie. Toe vertel sy my van die broer ook. Kan jy dink? So baie verlies. Diep waters. Hoe troos jy?”

Hy trek weer die bottel nader, skroef dit oop.

“Maar sy’s sterk, daardie een. Sterk.”

Skuif sy glas nader.

“Ek het eers later gehoor hoe groot die boedel is. En laat ek nou vir jou sê ...” Hy skink twee vingers. “Hierdie ding wat nou gebeur, is oor die geld.”

Dramatiese stilte, prop terug op die bottel, kort teug aan die glas, kort teug aan die sigaar. “Daar’s baie aasvoëls daar buite, my vriend. Baie. En hoe groter die rykdom, hoe vinniger ruik hulle dit uit. Vra my, ek weet.”

Hy beduie met sy glashand: “Daar buite iewers is iemand met ’n scheme. Iemand wat sy huiswerk gedoen het, iemand wat haar geskiedenis ken en nou wil hy dit gebruik om by haar geld uit te kom. Ek weet nie hoe nie. Maar dit gaan oor die geld.”

Hy bring weer die glas tot by sy lippe en sit dit dan met ’n finaliteit op die kroegtoonbank neer. “So al wat jy moet doen, is om die scheme uit te werk. Dan het jy jou man.”

Op daardie oomblik kan ek hom vertel van Lemmer se Eerste Wet. Ek doen dit nie.

“Nee,” sê ek.

Dit is nie ’n woord wat hy gereeld hoor nie. Sy reaksie wys dit.

“Ek is ’n lyfwag. Nie ’n speurder nie,” sê ek voor ek uitloop.

* * *

My kamer is langs Emma s’n. Haar deur is toe.

Ek stort en sit die klere vir môre uit. Ek gaan sit op die bed se rand en stuur vir Jeanette Louw ’n SMS: *IS DAAR DOSSIER BY SAPS TUINE OOR AANVAL/INBRAAK OP E. LE ROUX GISTER?*

Dan maak ek die kamerdeur oop, sodat ek kan hoor, en sit die lig af.

OceanofPDF.com

5

Niemand agtervolg ons lughawe toe nie.

Ons ry met Emma se Renault Mégane, 'n groen Cabriolet. My bakkie staan in Carel se motorhuis. “Hier is meer as genoeg plek vir hom, Emma,” was die boodskap. Hy het my vanoggend geïgnoreer.

“Bestuur jy, meneer Lemmer?” het sy gevra.

“As dit vir u aanvaarbaar is, juffrou le Roux.” Dit is ons laaste formele interaksie, want terwyl ek tussen Fisherhaven en die N2 vrede maak met die outomatiese ratkas en die verrassing van die tweeliterenjin se krag, sê sy: “Jy moet my asseblief Emma noem.”

Daar is altyd ongemaklikheid aan dié oomblik, want mense verwag 'n voornaam, wat ek nie gee nie. “Ek is Lemmer.”

Ek hou aanvanklik die truspieël met groter aandag dop, want dit is waar die amateurs sal wees – sigbaar, gretig. Maar daar is niks. Ek wissel die spoed, tussen 90 en 120. Teen die Houwhoekpas op begin ek wonder oor 'n wit Japannese sedan voor ons wat ondanks my maatreëls op dieselfde afstand van ons bly, 'n vermoede wat anderkant af sterker word as ek die Renault 140 toe stoot.

'n Paar kilometer voor Grabouw word dit tyd om finaal vas te stel. Kort voor die afdraai sit ek die flikker aan, ry stadiger asof ek gaan afdraai en hou die wit motor dop. Geen reaksie nie, hy hou net aan met ry. Ek sit die flikker af en versnel.

“Jy ken die pad?” vra Emma hoflik.

“Ja dankie,” sê ek.

Sy knik tevrede en krap in haar handsak tot sy haar donkerbril kry.

* * *

Kaapstad Internasionaal is chaos – te min parkering weens die aanbouings, te veel mense, 'n miernes van angstige Kersreisigers wat iewers heen op

pad is en die vlug so gou moontlik agter die rug wil kry. Onmoontlik om skaduwees raak te sien.

Ons boek Emma se aansienlike tas en my swart sportsak in. “En jou wapen?” vra sy op pad na die vertreksaal.

“Ek het nie een nie.”

Sy frons.

“Carel het gisteraand ’n aanname gemaak,” sê ek.

“O,” sê sy. Maar sy is nie gelukkig nie. Sy wil die gemoedsrus hê dat haar beskermmer toegerus is. Ek bly stil tot anderkant die bagasieskandeerder, waar ons by die Nescafé-koffiewinkel wag vir twee mense om ’n tafeltjie te ontruim.

“Ek het gedink jy is gewapen,” sê sy met ’n vae kommer.

“Wapens maak dinge moeilik. Veral as jy reis.” Dit sal nie help om nou vir haar te sê my paroolvoorwaardes verbied die besit van ’n wapen nie.

Die tafel raak beskikbaar en ons gaan sit. “Koffie?” vra ek. “Asseblief. Cappuccino, as hulle het. Sonder suiker.”

Ek gaan staan in die ry, maar só dat ek haar kan sien. Sy sit met die instapkaart in haar hande, staar daarna. Waaraan dink sy? Aan wapens en die vlak van beskerming wat sy verwag? Aan dit wat voorlê?

Dan sien ek die man. Sy oë, sy fokus is op Emma. Hy vleg tussen die tafeltjies deur, groot, wit, netjiese baard, vaalgeel T-hemp, gestrykte denim, sportbaadjie. Vroeë veertigs. Ek beweeg, maar hy is te naby om te onderskep. Hy loop tot langs haar, steek sy hand na haar skouer uit en ek onderskep hom, vat sy pols en swaai sy arm terug, kry my gewig teen sy rug, druk hom teen die pilaar langs Emma vas, maar sonder geweld. Ek wil nie aandag trek nie.

Hy maak ’n geluid van verbasing, kyk na my. “Hei,” sê hy.

Emma kyk op. Sy is verward, haar lyf verstyf van die skrik. Maar sy herken vir baardbek. “Stoffel?” sê sy.

Die man kyk na haar, dan weer na my. Hy beur terug, probeer sy arm loskry. Daar is krag in sy lyf, maar ongekoördineerd. ’n Amateur. Ek bly vloeibaar, gee effe skiet.

“Ken jy hom?” vra ek vir Emma.

“Ja, ja, dis Stoffel.”

Ek verslap my greep en hy ruk sy arm los.

“Wie’s jy?” vra hy.

Ek bly intimiderend naby aan hom, kyk hom in die oë. Hy hou nie daarvan nie.

Emma staan op, hou haar hand verskonend in die lug. “Dis ’n misverstand, Stoffel, dis goed om jou raak te loop. Kom sit.” Stoffel is nou verontwaardig. “Wie’s dié ou?”

Emma vat sy hand. “Kom, groet my, dis niks.” Sy trek hom weg van my af. Hy laat dit toe. Hy sien sy bied haar wang aan. Stoffel soen dit vlugtig, asof hy steeds dink ek gaan iets onverwags doen.

“Koffie?” vra ek, vriendelik.

Hy antwoord nie dadelik nie. Hy gaan sit eers stadig, statig, sodat hy sy waardigheid kan terugeis. “Asseblief,” sê hy. “Met melk en suiker.”

Daar is ’n effense glimlag op Emma se gesig, die kommer van netnou vergete. Sy kyk vlugtig na my, asof ons ’n geheim deel.

* * *

Die vlug na Nelspruit is op SA Express se 50-sitplek Canadair Jet. Ek sit langs Emma, aan die paadjiekant, sy by die venster. Die vliegtuig is amper vol. Daar is minstens tien passasiers wat volgens ouderdom, geslag en belangstellingsvlak kan kwalifiseer as lede van Emma se moontlik denkbeldige opposisie. Maar ek twyfel. Om iemand op ’n vliegtuig as agtervolger te plaas, is oorbodig, want die vertrekpunt en bestemming is bekend.

Voor ons opstyg, sê sy: “Stoffel is ’n advokaat.” Ek het nie by hulle gesit met die koffiedrink nie. Daar was net twee stoele by die tafel en ek wou staan, vir die beter uitsig en die laaste bene rek. Hulle het gesels. Ek vermoed Stoffel wou weet wie ek is en sy het aangehou om die vraag te ontwyk.

“Hy’s ’n goeie ou,” sê sy nou. En dan: “Hy’t by my gekuier, ’n paar jaar gelede ...” Met ’n nostalgie wat ’n geskiedenis aandui. Dan trek sy die vlugtydskrif uit sy vakkie en slaan dit oop.

Stoffel, die vlerksleper.

My afleiding was anders – ek het vermoed hy is ’n sakekennis, dalk ’n vriendin se eggenoot. Hy het my nie opgeval as die soort man tot wie sy aangetrokke sal voel nie. En hul interaksie was so ... vriendskaplik. Maar ek kan my dit voorstel: Hulle ontmoet by een van die sosiale of kulturele watergate waar die rykes ná sononder versamel. Hy’s welsprekend en intelligent, met ’n bytende, selfironiserende humorsin en baie juridiese

binnekennis-stories wat hy met kleur vertel. Sy aandag aan Emma sal subtiel wees, hy sal 'n Metode met vroue hê, 'n resep wat hy oor twintig jaar as vrygesel vervolmaak het. Sy sal haar dit laat welgeval. Wanneer hy vier of vyf dae later haar nommer by 'n gemeenskaplike kennis kry, sal sy onthou wie hy is. Sy sal “ja” sê vir die uitnodiging na die toptien-restaurant. Of die kunsuitstalling, of die simfoniekonsert. Sy sal van die begin af weet hy is nie regtig haar tipe nie, maar sy sal dit 'n kans gee, want in haar middeldertigs het sy al genoeg geleer van mense in die breë en mans in die besonder om te weet haar tipe het implikasies. 'n Vrou soos Emma se voorkeur is die *Men's Health*-voorblad – 'n fynbesnede Griekse god net 'n halwe meter langer as sy sodat hulle saam 'n pragtige prentjie maak.

Haar soort is 'n metroman met 'n donker kuif, ligte oë en 'n perfekte glimlag, die sportiewe, fikse buiteligsoort wat met sy Staffie op die strand draf en 'n ou, tweedehandse Land Rover Defender voor Kampsbaai se uithangplekke parkeer, die graaf opsigtelik in die rak saam met die petrolkanne. Ná vier of vyf verhoudings met klone van Mnr. *Men's Health* sal sy al weet die sielvolle stiltes en die lakoniese, traak-my-nieagtige gesprekke is meestal kamoeffling vir selfbeheptheid en gemiddelde intellek. Daarom sal sy die Stoffels van die lewe 'n kans gee en na 'n maand of wat van vermaaklike, dog onopwindende afsprake sagkens vir hom sê dit is beter as hulle net vriende is (“jy is 'n goeie ou”) terwyl sy heimlik wonder waarom dié soort man nie die vonk in haar kruitvat kan wees nie.

Ons styg op teen die suidooster in. Emma bêre die tydskrif en staar vir 'n rukkie by die venster uit na Valsbaai, waar die witperdjies nou al op galop is. Dan draai sy na my toe.

“Waar kom jy vandaan, Lemmer?” vra sy met opregte belangstelling.

Die lyfwag sit nie by die kliënt op vliegtuie nie. Die lyfwag, selfs wanneer dit 'n solo-opdrag is, vorm deel van die groter entourage wat meestal in aparte voertuie, altyd in aparte sitplekke, anoniem en onpersoonlik sy taak kan verrig. Sonder intieme kontak en gesprekke, Sonder vrae oor herkoms en geskiedenis. Dit is 'n noodsaaklike afstand, 'n professionele buffer, dit word georden deur Lemmer se Eerste Wet.

“Die Kaap.”

Dit stel haar nie tevrede nie. “Watter deel?”

“Ek het in Seepunt grootgeword.”

“Dit moes wonderlik gewees het.” 'n Interessante aanname. “Jy het nie meer die aksent nie.”

“Dis wat twintig jaar in die staatsdiens aan jou doen.”

“Broers en susters?”

“Nee.”

’n Deel van my hou daarvan, hierdie aandag, hierdie belangstelling. Asof ek haar gelyke is.

“En jou ouers?”

Ek skud net my kop, hoop dit sal ’n voldoende antwoord wees. Dis tyd om die fokus te verskuif. “En jy? Waar het jy grootgeword?”

“Johannesburg. Linden, eintlik. En toe is ek Maties toe. Stellenbosch was so ’n ... romantiese moontlikheid toe ek dit met Tukkies en die RAU vergelyk het.” Sy bly vir ’n oomblik stil, haar gedagtes wat iewers gaan draai. “En toe bly ek in die Kaap. Dit is so anders as die Hoëveld. Soveel ... lekkerder, ek weet nie, ek het net tuis gevoel. Asof dit is waar ek hoort. My pa het my gespot ... hy’t altyd gesê ek bly in Kanaan terwyl hulle daar bo in Egipte in ballingskap moet leef.”

Ek kan nie aan nog ’n vraag dink nie. Sy spring my voor. “Soos ek van Jeanette Louw verstaan het, bly jy nou op die platteland?”

My werkgewer sou moes verduidelik waarom dit ses uur gaan neem voor ek kan aanmeld. Ek knik. “Loxton.”

Sy reageer voorspelbaar. “Loxton ...” asof sy behoort te weet waar dit is.

“In die Noord-Kaap. In die Bo-Karoo, tussen Beaufort-Wes en Carnarvon.”

Sy het ’n manier van kyk, ’n opregte, oop nuuskierigheid. Ek weet wat die vraag op haar tong is. “Waarom gaan bly ’n mens dáár?” Maar sy vra dit nie. Sy is te polities korrek, te bewus van konvensie.

“Ek sal nie omgee om eendag ’n plekkie op die platteland te hê nie,” sê sy, asof sy my beny. En dan wag sy dat ek reageer, dat ek vertel, die redes en die voor- en nadele uitstippel. Dit is ’n ander manier om die “Hoekom bly ’n mens dáár?”-vraag te vra.

Ek word gered deur die vlugkelner, wat blou kartonboksies met eetgoed aflewer – toebroodjie, pakkie southappies, ’n vrugtesap. Ek vermy die brood. Emma drink net die sap. As sy die strooitjie met haar fyn, amper kinderlike vingers behendig deur die klein foelieteiken gedwing het, sê sy: “Jy het ’n baie interessante werk.”

“Net as ek kans kry om die Stoffels van die lewe teen ’n pilaar vas te druk.”

Sy lag. Maar daar is ook iets anders, effense verbasing, asof sy nou iets raaksien wat teenstrydig is met die persepsie wat sy van my opgebou het: Hierdie vaal man wat van meet of aan so teleurstellend as gespreksgenoot was, het 'n sin vir humor.

“Het jy al bekendes opgepas?”

Dit is wat almal wil weet wanneer hulle jou beroepskeuse verneem. Van my kollegas, vir wie 'n interaksie met beroendes kosbare aandag-valuta is, antwoord dikwels “ja” – en sal dan 'n paar filmsterre en musiekmense se name soos speelkaarte oor die tafel uitdeel. Die vraer sal op een van hulle toesak en gretig vra: “Is sy/hy nice?” Nie “is sy 'n goeie mens” of “is hy 'n man van integriteit” nie. Maar “nice” – daardie allesomvattende, niksseggende, lui woord waarvoor Afrikaners so lief is.

Wat hulle eintlik wil weet, is of die roem en rykdom die onderwerp van bespreking in 'n selfgesentreerde monster verander het, nuus wat hulle weer vir ander wil gaan oordra as deel van die nimmereindigende markkragte van kennis wat sosiale status bepaal.

Of so iets. B.J. Fikter, die enkele ander Body Armour-werknemer met wie ek sonder te veel weersin kan saamwerk, se standaard-antwoord is: “Ek kan vir jou sê, maar dan sal ek jou moet skiet.” Dit is 'n ja-antwoord wat steeds status bied, maar vir hom 'n cliché-grap as verskoning gee om nie detail te verskaf nie.

“Ons teken 'n swyglousule,” sê ek vir Emma le Roux.

“O.”

Dit neem haar 'n rukkie om te besef sy het al die moontlike onderwerpe nou sonder sukses probeer. Daar daal 'n genadige stilte neer. Ná 'n rukkie haal sy weer die tydskrif uit.

6

Kruger Mpumalanga Internasionale Lughawe is 'n verrassing, ondanks die effens pretensieuse naam. Die lughawegebou, tussen groen heuwels en bonkige rotsformasies, is modern en nuut. En aanskoulik. 'n Afrika-motief van reusegrasdak en oker mure, maar nie kitsch nie. Die hitte langs die aanloopbaan is dik, die humiditeit hoog. Ek sit my selfoon aan terwyl ons na die aankomssaal stap. Daar is 'n SMS van Jeanette. *DOSSIER BESTAAN.*

Binne in die terminaal is dit koeler, draaglik. Ons wag vir bagasie. Ek staan half agter Emma. Daar is sensualiteit in die ronding van haar denim en die vorm van die fraai nek en skouers wat die poeierblou kamisool ten toon stel. Maar trek jy jou fokus terug, sodat jy haar teenoor die groter, growwer mense om haar sien, en daar is 'n kwesbaarheid aan haar, 'n tengerige weerloosheid wat om beskerming roep, of dan minstens ontferming, ondanks die subtiele selfversekering van 'n mooi, ryk vrou.

Op die vliegtuig was sy sjarmant, opreg, nederig, 'n altruïs: *Ek stel belang in jou as mens, Lemmer, al is jy net die gehuurde handlanger.*

Vele fasette. Waar lê haar ware kleure?

Lemmer se Wet oor Klein Vroue: Moet hulle nie vertrou nie. Nie professioneel nie en nie persoonlik nie. Hulle leer van kleins af twee Pavloviaanse truuks aan: Die eerste is 'n produk van mense se reaksie: "Ag, maar is jy nie 'n oulike ou dingetjie nie," veral as die gesiggie rond en die oë groot is. Mense behandel hulle soos skattige klein diere, sodat hulle dit leer ontgin, met maniertjies en gebaartjies wat die oulikheid onderstreep en die gebruiksaanwending slyp soos 'n sosiale lem. Die tweede is die gevoel van fisieke magteloosheid. Die wêreld is groot en sterk; hulle is tenger en relatief swak. Groter, voller vroue se ronde lyne van borste en heupe is vuurtorings vir manlike belangstelling, klein vroue se silhoeëtte trek nie aandag nie. Om te oorleef, ter selfbeskerming en selfhandhawing, moet

hulle noodgedwonge uit ander bronne put. Daarom leer hulle om die krag van die kop te gebruik, hulle leer om te manipuleer, 'n voortdurende slim spel te speel met die wêreld om hulle.

Jeanette sê die dossier bestaan. Daar is dus waarheid aan Emma se storie. Maar hoeveel? Beantwoord dit genoeg van die vrae? As haar lewe dan regtig in gevaar is, waarom het sy Body Armour se goedkoopste beskermingsopsie gekies? Want volgens Carel die Grote het sy in die oortreffende trap geërf.

Gee ek haar die voordeel van die twyfel en sê Carel het oordryf? Of wil Emma nie glo sy is in werklike gevaar nie – al is sy 'n klein vroutjie met 'n predisposisie? Dalk is sy finansiële konserwatief. Of net suinig. Of te beskeie of skaam om die teenwoordigheid van twee of vier mans met vuurwapens en oorfone om haar te hê.

Of dalk speel sy 'n spel.

Ons bagasie kom aan. Ons loop na Budget-motorhuur. Terwyl Emma vorms invul, lui my selfoon. Ek herken die nommer, loop 'n entjie weg en antwoord.

“Hallo, Antjie,” sê ek.

“Waar's jy?” vra Antjie Barnard in haar diep, onmoontlik sensuele stem.

“Ek werk. Dit gaan 'n week of wat vat.”

“So gedink. Wie gaan jou leibeurt doen? Dis warm hier.”

“Ek sal vir jou moet vra.”

“Dan doen ek dit. En as ek jou nie betyds sien nie, voorspoedige Nuwejaar.”

“Dankie, Antjie, vir jou ook. Pas jouself op.”

“Hoekom?” Sy lag en beëindig die oproep.

As ek omdraai, staan Emma reg agter my, met die lig van nuwe kennis in haar oë. Ek sê niks, neem net die sleutel van 'n wit BMW 318i wat sy na my uithou. Dit staan buite in die son. Ek laai die tasse in die kattedak en doen 'n opname van 360 grade. Niemand stel in ons belang nie. Ek klim in en kry die enjin aan die gang sodat die lugversorging kan inskop. Emma vou 'n kaart op haar skoot oop.

“Ek het gedink ons moet eers Hoedspruit toe gaan,” sê sy. Haar wysvinger soek die pad. Sy dra nie naellak nie. “Hier, oor Hazyview en Klaserie, dit lyk na die kortste pad. Of ken jy dié wêreld, Lemmer?”

“Nie goed nie.”

“Ek sal navigeer.”

Ons ry. Daar is meer verkeer as wat ek verwag het, bakkies, 4x4's, vragmotors, minibustaxi's. Geen teken van agtervolging nie. Deur Witrivier, die kontras met die Kaap is skril – hier is die natuur se kleure helder en oordadig in die lower van die eindelose bome, die bloedrooi van bykans elke blom, die diep, donker mahonie van mense wat stalletjies langs die paaie bedryf. Lelike, amateuragtige bemarkingsborde skree name, tariewe en aanwysings uit na kampeerplekke, gastehuse en private wildtuine.

Emma gee aanwysings, ons kry die R538 en ry, aanvanklik in stilte.

Wanneer die vraag eindelijk kom, verras dit my nie. Want daar is sekere dinge waaroor geen vrou haar nuuskierigheid kan bedwing nie.

“Was dit jou ...” ’n Oomblik se huiwering om aan te dui dat die term wyd inklusief sal wees. “... vriendin?”

Ek weet waarna sy verwys, maar ek hou my dom.

“Wat netnou gebel het?” Emma se stemtoon is in ditjies-en-datjies-modus, daardie neutraal-vriendelike trant wat sê sy is somer net nuuskierig, sy wil net vir die interessantheid weet. Wat nie noodwendig onwaar is nie. Dit is hoe vroue se koppe werk. Hulle gebruik die inligting om prentjies mee in te kleur. As hy ’n vriendin het, kan hy nie ’n totale psigopaat wees nie. Die kuns is om op só ’n manier te antwoord dat jy die irriterende opvolgvrae vermy: Wat doen sy? (Om jou en jou “vriendin” se status te bepaal.) Is julle al lank bymekaar? (Om die erns van die verhouding te bepaal.) Hoe het julle ontmoet? (Om hul hunkering na die romantiese te bevredig.)

My antwoord is net ’n grinnik en ’n “Hû”. Dit werk elke keer, want dit sê vir hulle dit is nie die soort “vriendin” wat hulle in gedagte het nie en dat dit eintlik niks met hulle te doene het nie. Emma aanvaar dit moedig.

Ons ry deur Nsikazi, Legogoto, Manzini, gehuggies, uitgestrekte eentonigheid van armoedige huisies en rustelose mense wat in die onmoontlike, broeiende hitte drentel, kinders wat langs die pad op hul hurke sit, onder ’n brug in ’n rivier swem.

Emma kyk links na die horison. “Weet jy watse berg daardie is?” Sy is vasbeslote om ’n gesprek te voer.

“Mariepskop,” sê ek.

“Ek dog jy ken nie dié omgewing nie.”

“Ek ken nie die paaie nie.”

Sy kyk na my, sonder verwagting.

“Wanneer die ministers Wildtuin toe gekom het vir ’n naweek, het hulle ingevlieg Hoedspruit toe. Daar is ’n militêre lughawe.”

Sy kyk weer terug na die berg. “Vir hoeveel ministers was jy lyfwag, Lemmer?” En dan, met groot versigtigheid: “As jy daaroor mag praat ...”

“Twee.”

“O?”

“Vervoer en Landbou. Meestal Landbou.”

Sy kyk terug van die berg af na my. Sy sê nie ’n woord nie, maar ek weet wat sy dink. *Nie noodwendig wat ’n mens hoërisikowerk sou noem nie.* Haar lyfwag – ’n wapenlose voormalige oppasser van die Minister van Landbou. Ek weet sy voel veilig.

* * *

“I’m looking for Inspector Jack Phatudi,” sê Emma vir die konstabel in die Hoedspruit-aanklagkantoor.

Die stewige polisievroutjie het ’n ondeurdringbare uitdrukking. “I do not know that man.”

“I think he works here.”

“No.”

“He is investigating the Khokhovela murders.” Emma se stemtoon bly lig en vriendelik, asof sy met ’n geliefde praat.

Die konstabel kyk sonder begrip na Emma.

“The traditional healer and three other men.”

“Oh. That one.”

“Yes.”

Die vrou beweeg traag, asof die versengende hitte van die vertrek haar terughou. Sy trek ’n telefoon nader. Die instrument was moontlik oorspronklik wit. Dit is nou vuilbruin en gehawend. Sy druk ’n nommer in en wag. Dan praat sy in staccato sePedi-sinsedes, soos sarsies uit ’n masjiengeweer. Sy sit die telefoon neer.

“He is not here.”

“Do you know where he is?”

“No.”

“Will he be coming back?”

“I do not know.”

“Is there somewhere I can find out?”

“You will have to wait.”

“Here?”

“Yes.” Steeds sonder infleksie.

“I ... uh ...” Emma kyk na die harde houtbank teen die muur, dan terug na die konstabel. “I’m not sure ...”

“They will phone,” sê die konstabel.

“Oh?”

“To say where he is.”

“O.K.,” sê Emma met verligting. “Thank you.” Sy stap na die houtbank. Haar sonbruin vel het ’n glans van sweet. Sy gaan sit en kyk na die konstabel met ’n glimlag van geduldige welwillendheid. Ek gaan staan langs die bank en leun teen die muur. Dit is nie koel soos ek verwag het nie. Ek kyk na die konstabel. Sy is besig om in ’n dossier te skryf. Sy sweet nie. Twee swart mans kom in en loop na die toonbank. Hulle praat met haar. Sy frons en skiet op hulle in verwyttende woordgrepe. Hulle antwoord haar apoloeties. Die telefoon lui. Sy hou haar hand in die lug. Die mans bly stil en kyk vir hul skoene. Sy antwoord die telefoon en luister. Sy sit dit neer.

“He has gone back to Tzaneen,” sê sy in Emma se rigting. Maar Emma kyk by die deur uit.

“Lady!”

Emma skrik en staan op.

“He has gone back to Tzaneen.”

“Inspector Phatudi?”

“Yes. That is where his office is. Violent Crimes.”

“Oh ...”

“But he will come tomorrow. Early. Eight o’clock.”

“Thank you,” sê Emma, maar die konstabel is al weer besig om met die twee mans te praat, asof hulle seuns is wat kwaadgedoen het.

* * *

Met ’n uitgedrukte webwerfbladsy in haar hand navigeer sy die pad na die Mohlolobe Private Game Reserve. “Hier is so baie plekke,” sê sy as ons verby die dramatiese ingangshekke van die Kapama Game Reserve, die Mtuma Sands Wildlife Lodge en Cheetah Inn ry, elkeen ’n variasie op die postmoderne Laeveldse tema van ruwe klip, grasdak, dieremotiewe en sierletters. Ek vermoed die oornagtarië is direk eweredig aan die subtiliteit van dié poorte tot Eden.

Mohlolobe se unieke verkoopsproposisie is twee slanke, smaakvolle olifanttande van beton wat die ingang bewaak. Daar is 'n hekweg in 'n uniform van kakie en olyfgroen. Hy dra 'n wyerandhoed wat effens te groot is vir hom en 'n houtbord wat 'n paar velle papier vasknyp. Op sy bors is 'n metaalnaamteken. Daarop staan *Edwin. Security Official*. "Welcome to Mohlolobe," sê hy met 'n breë, skitterwit glimlag aan my kant van die BMW. "Do you have a reservation?"

"Good afternoon," antwoord Emma hom. "It is in the name of Le Roux."

"Le Roux?" Hy raadpleeg sy lys, wenkbroue hoopvol gelig. Sy gesig verhelder. "Indeed, indeed, Mr and Mrs Le Roux, you are most welcome. It is seven kilometres to the main camp, just follow the signs, and please do not leave the vehicle under any circumstances." Hy maak die groot hek oop en wink ons deur met 'n swierige swaai van die arm.

Die grondpad slinger deur digte mopaniebos, hier en daar 'n stukkie oop grasveld. 'n Troppie rooibokke draf vies die ruigtes in. "Kyk," sê Emma. En dan sit sy haar hand onverklaarbaar oor haar mond. Neushoringvoëls swiep tussen die bome deur. 'n Trop buffels staar ons herkouend en verveeld aan. Emma sê niks. Ook nie wanneer ek na die hopies verteerde gras wys en sê "Olifantmis" nie.

Mohlolobe Main Camp ruik na groot geld: Die grasdakke van gaste-eenhede weggesteek teen walle van die Mohlolobe-rivier, geplaveide paadjies, versteekte beligting, geforseerde hartlikheid van personeel in die kakie-en-olyf-uniforms. Dit is Afrika vir die ryk Amerikaanse toeris, ekovriendelike vyfsterluuksheid, 'n oase van beskawing in die wilde, wrede bos. Ek volg die aanwysings na *Reception* en ons klim uit. Die hitte is 'n muur, maar binne is dit skielik koel. Ons stap in die gang af na die ontvangstoonbank. Daar is 'n internetkamer links. Hulle noem dit *The Bush Telegraph*. 'n Duur curiowinkel regs vertoon die naambord *The Trading Post*.

By ontvangs wag 'n mooi blondine. Op die olyf van haar hemp is 'n naamplaatjie. *Susan. Hospitality Official*. "Hi. I'm Susan. Welcome to Mohlolobe," sê sy met 'n groot glimlag en 'n goed verskuilde Afrikaanse aksent. Sue-zin, nie Soe-san nie.

"Hi. I'm Emma le Roux and this is Mr Lemmer," sê sy ewe vriendelik vir Sue-zin.

"You wanted a two-bedroom suite?" vra die blondine diskreet.

"That's right."

“We’re going to give you the Bateleur,” sê sy asof sy ons ’n groot guns doen. “It’s right in front of the water hole.”

“That would be wonderful,” sê Emma en ek wonder hoekom sy nie Afrikaans met die vrou praat nie.

“Now, I just need a credit card to capture, please,” sê sy en kyk na my. Wanneer Emma haar beursie uithaal, is daar ’n klein oomblik waar Sue-zin my met nuwe oë sien.

* * *

Die Bateleur-suite is onderbeklemtoonde weelde, en al wat Emma doen, is om effens te knik, asof dit min of meer voldoen aan haar standarde. Die swart portier (*Benjamin. Hospitality Assistant*) dra ons reissakke in. Emma stop hom ’n groen noot in die hand en sê: “That’s fine, just leave them here.”

Hy wys vir my waar die lugversorging en die minikroeg se geheimenisse lê. As hy uitstap, sê Emma: “Sal ek hierdie een vat?” Sy wys na die slaapkamer wat links van die sitvertrek lê. Daar is ’n dubbelbed in.

“Dis goed.”

Ek dra myne na die ander een, wat regs uitgaan, twee enkelbeddens met dieselfde roomwit linne as Emma s’n. Dan neem ek inventaris. Die houtraamvensters kan oop, maar word toegehou vir die fluisterende lugversorging. Elke slaapkamer en die sit-en-kroegruimte in die middel het ’n skuifdeur na die stoep aan die voorkant. Die slotmeganisme is ongesofistikeerd, nie goeie sekuriteit nie. Ek maak dit oop en loop uit op die stoep. Buite is ’n gepoleerde klipvloer, twee banke en stoele in volstruisleer, twee gemonteerde verkykers en ’n uitsig oor die nou verlate watergat, behalwe ’n swerm duiwe wat rusteloos drink.

Ek loop om die eenheid. Drie meter se grasperk, dan begin die ruigte. Ontwerp en geplaas vir privaatheid. Nie een van die ander eenhede, elkeen genoem na ’n arendspesie, is sigbaar nie. Slegte nuus uit ’n lyfwag se oogpunt.

Maar as iemand teoreties gesproke vir Emma wil hê, sal hulle die hoofhek moet vermy, oor twee meter wilddraad moet klim en sewe kilometer deur die veld moet stap in leeu- en olifantwêreld. Daar is nie veel om my oor te bekommer nie.

Ek gaan in, die koel binnekant ’n lafenis. Emma se deur is toe, ek hoor die fluistering van ’n stort. Vir ’n oomblik, heeltemal ongevraagd,

visualiseer my kop haar lyf onder die waterdruppels. Ek stap kamer toe om die koue water in my eie badkamer te gaan oopdraai.

OceanofPDF.com

7

Ons stap in die skemer na Mohlolobe se Honey Buzzard Restaurant. Daar is 'n neerslagtigheid aan Emma. Gisteraand in Hermanus was sy ook met etenstyd stil. Miskien is sy nie 'n aandmens nie. Miskien is dit die hitte.

Wanneer ons by die kerslig van 'n tafel sit, sê sy: “Jy is seker baie honger, Lemmer.”

“Ek sal kan eet.”

'n Kelner bring spyskaarte en 'n wynlys. “Ek vergeet soms van kos,” sê sy.

Sy skuif die wynlys na my toe. “Jy is welkom om wyn te drink.”

“Nee dankie.”

Sy bestudeer die spyskaart lank en sonder geesdrif. “Net 'n slaai, 'n Griekse slaai,” sê sy vir die kelner. Ek bestel 'n bottel vonkelwater teen die prys van 'n klein motortjie – en die beesfilet met groen-pepersous en kapokaartappels. Ons kyk vir die ander mense in die vertrek, middeljarige buitelanders in groepe van twee en vier. Emma torring die wit linneservet uit 'n ring van nagebootste ivoor. Sy draai die ring met haar delikate vingers om en om, kyk na die fyn blaarpatroon daarop.

“Jy moet my verskoon ...” sê sy en kyk op. “Toe ek vandag die bokke sien ...”

Ek onthou die oomblik toe sy haar hand oor haar mond gesit het. Sy bepaal weer haar aandag by die wit ring in haar hand. “Ons het 'n wildplaas in die Waterberge gehad. My pa ...”

Sy trek haar asem diep in en laat dit stadig uit, asof sy beheer wil kry oor die emosie agter die woorde.

“Nie 'n groot plaas nie, net drieduisend hektaar, net 'n stuk grond met 'n paar bokke op sodat ons naweke ... My pa het gesê dit is vir ons, sy kinders, sodat ons nie hééltemal dorpsjapies is nie. Sodat ons kan weet wat klitsgras is. Vir Jacobus was dit ... Op die plaas was hy nooit in die huis nie

– hy het buite geslaap en geloop en gebly en ... Hy het altyd twee of drie van sy maats daar gehad, maar hy het net vir my in die middag gevat as die son begin sak. Aan my hand. Ek was nege of tien, hy was amper klaar met skool. Dan gaan stap hy en sy sus ... Hy't geweet waar die bokke was, al die troppies, dan het hy gesê wat wil jy sien, sus, watter bokke wil jy sien? Dan het hy my vertel van hulle, hoe hulle maak, wat hulle doen. En die voëls, ek moes hulle name leer ... Dit was vir my lekker ... maar ek het ook partykeer so 'n bietjie skuldig gevoel omdat ek nie heeltemal soos hy kon wees nie ... so heeltemal ... Dit was asof hy nie geleef het as hy nie op die plaas was nie. Elke vakansie ... Ek wou nie altyd plaas toe gegaan het nie, nie elke naweek en elke vakansie nie ...”

En dan is sy weer stil, tot die kos kom. Ek val my biefstuk met geesdrif aan. Sy krap rusteloos met haar vurk tussen die slaai-blare, sit dit eindelijk neer.

“My pa ... Vir hom was die ergste dat hulle nie vir Jacobus gekry het nie. Miskien sou dit vir hom beter gewees het as daar 'n ... 'n liggaam was. Iets ...”

Sy tel die servet van haar skoot af op, druk daarmee op haar mond. “Hy't die plaas verkoop. Toe daar niks hoop meer was nie. Hy het nie met ons daaroor gepraat nie, hy het net een aand by die huis gekom en gesê die plaas is ... Dit was die eerste keer ... vanmiddag toe ek die bokke sien. Dit was die eerste keer van die plaas se tyd af ... Van Jacobus se dood af.”

Ek bly stil. My geluide van simpatie was nog nooit betroubaar nie. En ek sit daar en ek is daarvan bewus dat ek nie 'n uitverkorene is nie. Ek is bloot die enigste beskikbare oor.

Emma neem weer die servetring tussen haar vingers. “Ek ... Gisteraand het ek gelê en dink miskien maak ek 'n groot fout, miskien wil ek so graag hê daar moet nog iets van Jacobus iewers wees dat ek ... Hoe sien 'n mens al dié goed objektief? Hoe kan jy seker wees dis nie jou emosie en jou verlange ... Ek mis hulle, Lemmer. Ek mis hulle as mense en ek mis hulle as idees. As broer en pa en ma. 'n Mens moet familie hê ... Maar dan wonder ek ... is ek hier omdat ek dáarna soek? Het die ou op televisie regtig soos Jacobus gelyk? Ek ... hoe ... ek kan nie seker wees nie. Maar ek kan dit ook nie net ... Daardie telefoonoproep ... as jy nou vir my moet vra wat die man gesê het, wat het ek definitief gehoor? Dit is waarvoor jy 'n pa nodig het, sodat jy kan sê: Pa, is ek ... is dit die regte ding?”

My bord is leeg. Ek sit die mes en vurk met verligting neer. Nou hoef ek nie meer skuldig te voel dat die kos lekker is, en ek eet terwyl sy met haarself worstel nie. Maar ek kan haar vraag nie antwoord nie. Daarom sê ek: ‘Jou pa ...’ Net ’n klein aansporing.

Sy antwoord nie dadelik nie. Sy vou eers die ring in haar hand toe en dan kyk sy op na my en sy sê: “Hy was ’n stoker se kind.”

’n Kelner kom neem my bord weg en sy skuif haar slaai ook oor na hom toe en sê: “I’m sorry ... the salad is great ... it’s just my appetite ...”

“Not a problem, madam. Would you like to see the dessert menu?”

“Jy moet poeding eet, Lemmer.”

“Nee dankie. Ek is versadig.”

“Coffee? Liqueur?”

Ons wys dit van die hand. Ek hoop Emma sal opstaan. Maar sy sit die servetring neer waar haar bord gestaan het en plaas haar elmboë op die tafel. “Dit voel vir my of almal vergeet het hoe arm baie Afrikaners was. My ouma ... sy het ’n groentetuin in die agterplaas gemaak en my oupa het ’n hoenderhok tussen die treinspore ... dit was teen die reëls, maar daar was nie ’n ander plek nie, daardie spoorweghuisies in Bloemfontein ...”

En dan vertel sy my die familielegende, die vodde-na-rykdom-sage van Johannes Petrus le Roux. Ek vermoed dit is ’n hervertelling van ’n bekende verhaal, een waarna sy seker dikwels as kind grootoog gesit en luister het. Dit is ook vir haar op hierdie oomblik ’n manier om die hoeksteen van haar verlore gesin weer aan te raak, om haarself en haar speurtog te herdefinieer.

Haar pa was die tweede oudste van vyf kinders, ’n groot gesin wat te hoë eise aan die salaris van ’n stoker gestel het. Op vyftien was daar nie ander genade nie, hy moes gaan werk. Vir ’n jaar het hy as handlanger by die Spoorweë se reuse loodse in Bloemfontein se Oos-Einde gewerk, binne stapafstand van sy nederige ouerhuis tussen die sidings. Sy koevertjie met karige ponde het hy elke maand in sy ma se hand gedruk. Hy het saans self sy enkele werks hemp uitgespoel en voor die koolstoof gaan hang om uit te droog. Op sestien het hy as vakleerling begin met opleiding as passer en draaier, waar sy belangstelling gelê het.

En toe, langamerhand, gebeur die klein wonderwerk. Johan le Roux en sy leermeesters het gaandeweg besef hy het ’n aanvoeling vir ratte, ’n “brein” vir die vele verhoudings en variasies wat dit met mekaar het, en die masjiene wat dit aandryf. Teen die tyd dat hy as fitter gekwalifiseer het, was

sy reputasie al wyd bekend en sy oplossings in 'n dosyn of meer Spoorweg-werktuie besig om duisende te bespaar.

Op 'n someroggend in 1956 het twee Afrikaner-sakemanne uit Bothaville in die groot werkswinkel ingestap en oor die lawaai van hamerslag en slyp en sny geskree dat hulle na die Le Roux-kêrel soek wat so goed is met ratte. Want hulle bou plaasimplimente vir die mielieboere in die Noord-Vrystaat en hulle soek sy talente om te kan kers vashou by die duur masjiene wat van Amerika en Engeland ingevoer word.

Sy stoker-pa was teen die ding. Die staat was 'n konstante werkgewer, 'n versekeringspolis teen Depressie en oorlog en ellende. Die private sektor was vir Engelse en Jode en uitlanders, almal volgens hom Boereverneukers, 'n onsekere bestaan. "Pa, ek kan my eie goed ontwerp. Ek kan self die planne optrek en die vorms sny en die masjiene stuk vir stuk aanmekaar sit. By die Spoorweë gaan ek dit nooit kan doen nie," was sy argument. Aan die einde van die maand is hy met die trein weg na die dorpie langs die Valsrivier, waar die gode hom met 'n glimlag ingewag het.

Vir sy nuwe werkgewers was hy alles wat hulle gehoop het – hardwerkend, toegewyd en vernuftig. Sy planne was vernuwend, sy produkte suksesvol, sy reputasie het nog wyer uitgekring. En skaars 'n jaar later het hy vir Sara ontmoet.

Dié oomblik is 'n belangrike een in die Le Roux-verhaal, soos met so baie familievertellings wat ek oor die jare gehoor het. Wanneer Emma dit aanbied, is daar 'n ou verwondering in haar vir die noodlot, die toeval wat haar ouers se paaie op 'n spesifieke plek en tyd laat kruis en haar genetiese beskikking bepaal het.

Die klein industriële gebied van Bothaville is noord van die dorp, aan die ander kant van die treinspoor. Om by sy losieshuis in die middedorp te kom, moes Johan le Roux die voetoorgang by die stasie gebruik en met die perron afstap. Vuil en gesweet, trommel in die hand, het hy laatmiddag sy gewone pad gevolg. In die verbystap het hy nuuskierig by die vensters van die stampvol, verligte stasiekafee ingekyk. En die mooi jong vrou daar sien sit. Hy het vasgesteek, want dit was vir hom 'n magiese toneel: die kleine, fyne meisie met die vrolike hoed, die spierwit bloes en die rooi mond, wat 'n koppie tee met haar delikate hande vashou.

Hy het lank vir haar staan en kyk uit die skemerte van die perron, geskeur tussen die wete dat sy vir hom bedoel is, maar dat hy in sy oliekol-oorpak

nie die regte indruk gaan maak nie. Hy kon dit ook nie waag om eers te gaan skoonmaak nie, want as hy terugkom, was sy dalk vort met die trein.

Eindelik het hy die deur oopgemaak en tussen die tafels deur na haar toe gestap. “Ek is Johan le Roux,” het hy vir haar gesê, “en as ek gebad het, lyk ek beter.”

Sy het opgekyk en tot haar ewige krediet die man ágter die werkersgelaat raakgesien, die sagte glimlag, die intelligente oë en die lus vir die lewe. “Ek is Sara de Wet,” het sy haar hand uitgesteek en syne sonder skroom geskud, “en my trein is vertraag.”

Hy het gevra of hy vir haar nog ’n tee kon koop. Sy het, sou sy veel later vir haar kinders vertel, vir ’n onmeetlike oomblik gehuiwer, soos iemand voor ’n afgrond. Want sy het met ’n absolute sekerheid geweet haar “ja” of haar “nee” was soos ’n vurk op haar lewenspad. “Ja dankie, dit sal lekker wees,” het sy hom geantwoord. In die uur voor die trein haar met ’n lang fluit weggeroep het, het hulle lewensverhale gedeel en die eerste tree op die weg na liefde gegee. Sy was die oudste van twee dogters van Brandfort se enigste prokureur, op pad Johannesburg toe om vir ’n mynmaatskappy as tikster te gaan werk. Sy het ’n sekretariële sertifikaat van ’n kollege in Bloemfontein gehad – en ’n angstige opgewondenheid oor die groot avontuur van die stad wat wag. Hy het vir haar sy adres agterop die teerekening neergeskryf (nou ’n vergeelde, byna onleesbare flentertjie geskiedenis wat Emma in ’n verslete Familiebybel bewaar) en gesê as sy wil, kan sy vir hom skryf.

En sy het. Eers het hulle vir ’n maand of drie gekorrespondeer en toe het die langafstandromanse gestalte gekry: Hy het een keer per maand vir ’n naweek gaan kuier, elke week ’n lang brief ontvang en weer een weggestuur en nou en dan oor die raserige plaaslyne van Bothaville gebel om haar stem te hoor.

Tot die mense van Sasol ’n jaar later, in 1958, by sy werkswinkel deur kom staan het. Hul aanleg was al drie jaar aan die gang en van die ratte op die steenkoolbane wou maar net nie vlot nie. Hulle het kom soek na ’n kontrakteur vir instandhouding en verbetering, want gerugte wil dit hê dat Johan le Roux ’n rat se baas is.

Die kontrak wat hy losgelaan het, was groot genoeg om sy eie besigheid op Vanderbijlpark te begin, maar nie so ruim dat hy haar om haar hand kon vra nie. Daarvoor moes hy wag tot 1962, toe sy skuld afbetaal was. Maar in

die vier jaar was hulle minstens elke naweek bymekaar, kon hulle daaglik oor die foon gesels.

In 1963 is hulle op Brandfort getroud en het toe saam Le Roux Ingenieurswerke bedryf – hy die werkwinkel, sy die administrasie en rekeninge. Drie jaar later is Jacobus Daniël le Roux gebore en Sara het voltyds ma en huisvrou geword. Teen 1968 was hulle reg vir nog ’n kind, maar Johan le Roux se steeds groeiende ratreputasie het weer gesorg vir ’n omwenteling in hul lewe. Dié keer was dit ’n lang swart motor voor die werkswinkel se deur – en drie wit mans in swart pakke en hoede wat kom praat het. Hulle was van die nuutgestigte Krygstuig Ontwikkeling en Produksie Korporasie, die voorloper van wat in 1977 Krygkor sou word. Hy moes ’n eed van stilswye onderteken voor hulle hom vertel het van die kanonne en pantservoertuie wat ontwerp en gebou moes word. En omdat hulle met versigtige navrae reeds vasgestel het dat hy ook ’n goeie Afrikaner is, het hulle vir hom die ratkontrak kom aanbied.

Dié nuwe inkomstestroom het twee gevolge gehad. Die eerste was dat Johan en Sara le Roux ryk geword het. Nie oornag nie en ook nie sonder verdienste nie, want die staat is ’n ongenaakbare kliënt en dit het lang ure van bloedsweet geverg. Maar oor die volgende byna drie dekades het Le Roux Ingenieurswerke gegroei tot ’n industrie met drie reusewerkwinkels en ’n afsonderlike gebou in Johannesburg vir navorsing, bestuur en administrasie.

Die tweede gevolg was dat hulle tot 1972 moes wag voor hulle aan nog ’n kind kon dink. Dit was die jaar waarin Emma de Wet le Roux gebore is. Op 6 April, ’n verjaardag wat sy in daardie dae met ’n hele land gedeel het.

“En toe trek hulle Johannesburg toe sodat my pa nie meer so baie hoef te ry nie ...”

My eie vermoede is dat Groot Geld ook nie heeltemal tuis gevoel het in die middelklas-grouheid van Vanderbijlpark nie. Linden was die buurt van die opkomende ryk Afrikaner van daardie jare.

* * *

“En dit is waar ek grootgeword het,” sê sy met ’n verontskuldigende handgebaar wat aandui: Dit was my lotsbepaling. Ek kan sien die demper van vroeër het gelig, asof die vertelling haar op ’n manier verlos het. Sy glimlag, byna selfbewus, en kyk na haar horlosie. “Ons moet vroeg roer môre.”

Ons stap uit na buite. Die nag is 'n broeikas van hitte en humiditeit. Ver weg na die weste is daar weerlig. As ons langs die helder verligte paadjies terugstap na die Bateleur-suite, wonder ek oor haar verhaal. Ek wonder of sy ooit nadink oor die oorsprong van haar rykdom, gebou op die fondament van apartheid en internasionale sanksies en nou so heeltemal polities inkorrekt. Is dit 'n skuldige gewete wat haar soveel klem laat lê op die armoede waaruit haar ouers gekom het?

Sou die oorsprong van haar welvaart een van die redes wees waarom sy haar eie loopbaan het, waarom sy nie bloot op haar rente leef nie?

By ons suite vra ek haar om haar kamerdeur van binne te sluit.

My selfoon biep in my sak. Ek weet dit is Jeanette Louw se daaglikse *ALS REG?*-SMS. Ek haal dit uit, stuur die gewone *ALS REG* vir haar terug. Dan loop ek nog 'n keer buite om die struktuur, voor ek in die bed klim. My eie binnendeur bly oop. Ek lê in die donker en wag vir die slaap en tob, nie vir die eerste keer nie, oor die voordele van 'n vertelbare familiegeskiedenis.

8

Emma se kreet dring deur die dik sand van die slaap: “Lemmer!”

Ek is op my voete en in die sitkamer voor ek heeltemal wakker is, nog nie doodseker haar roep is werklikheid nie.

“Lemmer!” Suiwer, hoë angs.

Ek storm na haar deur, loop my vas daarteen. Gesluit. “Ek is hier,” sê ek, my stem hees van slaap en frustrasie.

“Daar’s iets in die kamer!” skree sy.

“Maak oop die deur.”

“Nee!”

Ek stamp die deur met my skouer, ’n dowwe slag, maar dit bly toe. Ek hoor ’n vreemde, vae geluid daar binne.

“Ek dink dis ’n ... Lemmer!” My naam is ’n benoude gil.

Ek tree terug en skop die deur, dit splinter oop, haar kamer is stikdonker. Sy skree weer, ek stamp met my palm waar die ligskakelaar moet wees en dit is meteens helder en die slang pik na my, ’n groot, grys, sissende oopmondverskrikking, die bek se binnekant swart soos die dood. Ek ruk weg, agtertoe, sitkamer toe, Emma skree my naam weer, ek sien haar vir ’n flitsende oomblik in die dubbelbed, kussing en duvet, alles voor haar bymekaar gemaak in beskerming en vrees. Die slang kom vir my, pik keer op keer, die hol sisgeluid suiwer woede. Ek val oor ’n stoel, die slang se tande slaan millimeters van my been af vas in die materiaal. As dit loskom, spat die gif in ’n blink sproeireën, ek rol van die stoel af, oor die vloer. Ek moet ’n wapen kry, ’n slaanding. Ek gryp die staanlamp van die hoektafeltjie af, swaai dit, mis.

Die slang is onmoontlik lank, drie meter, dalk meer, vaartbelyn soos ’n spies, so verskriklik doeltreffend. Ek spring agter die ander sitkamerstoel in, probeer dit tussen ons hou, die slang kom bo-oor, die voorlyf hoog opgetel. Die staanlamp is te swaar, te lomp, ek slaan dit teen die muur om van die

skerm ontslae te raak, tref 'n skildery, glas en hout wat breek, Emma skree. Die slang pik en ek slaan, tref dit skrams teen die nek. Ek spring na regs om verder weg te kom. Vinnig kom dit weer, onhanteerbaar, skrikwekkend doelgerig, asof my hou 'n groter woede daarin losgelaat het, 'n lang, dik, veerkragtige projektiel, die swart oë onverbiddelik, die bek aggressief oop.

Adrenalien laat my bewe. Hy pik, skerp pyn in my voet, ek slaan met die lampstaander, die metaal waar die gloeilamp was, tref die reptiel se nek, kap die kop teen die muur, vir 'n oomblik, net 'n breukdeel, is hy van balans, ek slaan weer, die staander te lank en swaar. Tref sy lyf waar dit op die teëlvloer seil, maar hard, breek iets onder die metaalgrys skubbe. Die slang krioel, draai om homself. Ek slaan en slaan en slaan, sy kop ontwyk my, ek sien 'n bloedstreep op die vloer. Dit is my voet. Die gif gaan my bedwelm, nou, ek moet klaarmaak. Hier kom hy weer.

Ek lig die lamp hoog bo my skouers, bring dit met geweld op die dier af. Mis. Vat dit soos 'n bofbalkolf vas, swaai, slaan, swaai, slaan, tref die kop skrams. Swaai, slaan. Mis, hy is nou aan die terugval. Hou die lampsteel soos 'n swaard, wil sy kop teen die vloer vasdruk. Een, twee keer onsuksesvol, die derde steek van die punt is agter sy nek, ek boor dit teen die teëls. Sy lang lyf krul teen die staander op, om my arm. Ek trap met my bloeiende regtervoet die nek vas, lig die lampsteel, steek die kop met al die vrees en weersin in my. Die slang se kartels is om my heen, laaste sametrekkinge van kragtige, soepel spiere. As dit verslap, ruk ek my voet weg en slaan een laaste keer met mag en mening om die doodskiskop heeltemal te verbrysel.

* * *

Sy sit op die badrand. Ek sit op die vloer, nog steeds net in die kortbroek waarin ek slaap, my voet op haar skoot.

“Ek gaan op jou bloei.”

“Hou net stil,” antwoord sy streng, soos die skooljuffrou wat netnou gesê het: “Kom sit, Lemmer.” Ek sien daar is nog 'n sterk bewing in haar hande. Sy trek die skerp skerf uit met haar vingers en sy sit dit versigtig op die vensterbank neer. Dit was toe nie die slang se giftande nie. Sy rol toiletpapier af en hou die bondel styf teen die sny. Die bloed dam uit daarin.

“Hou vas hier,” sê sy en druk my voet na my toe. Sy staan op en loop uit. Ek kan nie help om die afdruk van haar tepels te sien teen die te groot T-hemp wat haar slaapklere is nie. Dit hang tot bo haar knieë. Haar kuite is

mooi. Ek hou die toiletpapier teen die sny. My hande is stil. Sy is vir 'n rukkie weg en dan hoor ek haar kaal voete aankom deur die deurmekaar sitkamer met die omgekeerde stoel, die gebreekte kunswerk en die stukke van die staanlamp. Die slang lê buite op die stoep. Die lang lyf was nog warm toe ek dit daarheen gesleep het, die geskubde vel soepel en glad. Ondanks die omstandighede was daar 'n skuldgevoel in my – oor die onwaardigheid, die skrilte teenstelling tussen die doodsgevaarlike veer en hierdie lewelose lint.

Emma het 'n klein leersakkie in haar hande. Sy gaan sit weer op die badrand en rits dit oop. Sy haal 'n skêrtjie uit, vat een van die wit waslappe en begin sny.

“Iemand het die slang in my kamer gesit, Lemmer,” sê sy, in 'n beredeneerde dit-is-hoe-dit-is-stemtoon.

Ek kyk na die skêr en die waslap.

“Dit is wat my wakker gemaak het. Die venster ... toe hy dit toegestamp het. Of iets. Ek het nou gaan kyk. Die venster is toe, maar dit is nie op knip nie.”

Sy sny 'n lang spiraal uit die waslap, sekuur en behendig. “Gee my jou voet.” Ek sit die ledemaat weer op haar skoot. Sy vat die bebloede toiletpapier weg en inspekteer die sny. “Dit lyk darem of dit ophou bloei het.” Sy neem die waslapverband en begin dit om die bal van my voet draai. “Hulle moes gisteraand die venster se knip van binne af kom draai het. Toe ons geëet het. Dit is die enigste manier, want jy kan nie die venster van buite af oopmaak nie.”

Ek sê niks. Sy sal nie wil hoor hoe onwaarskynlik haar teorie is nie. Hoe hanteer jy só 'n reptiel, hoe glip jy dit deur die skreef van 'n halfoop venster? Hoe het “hulle” geweet ons gaan hier oornag?

Hoe het hulle van die grootpad tot hier in die nag gekom met 'n sissende, giftige slang van drie meter lank en presies geweet waar Emma se kamervenster is?

Emma het 'n klein silwer haakspeld uit die leersakkie gehaal en steek die verband vas. Sy tik met haar palm op my tone. “Daar's hy,” sê sy, tevrede met haar handewerk. Ek haal my voet van haar skoot af. Ons staan op. By die badkamerdeur gaan staan sy en draai na my toe, kyk op na my met 'n ernstige gesig.

“Dankie, Lemmer. Ek weet nie wat ek sonder jou sou gedoen het nie.”

Ek antwoord nie, wag dat sy moet uitgaan.

“Hoe doen jy dit, Lemmer? Draf jy?”

“Hoe bedoel jy?”

“Jy het nie ’n ons vet aan jou nie.”

“O.” Ek is onkant betrap “Ja, ... ek draf. En so ...”

“Jy moet my eendag van die ‘en so’ vertel,” sê sy en loop met ’n effense glimlag om die mond uit.

* * *

Wanneer ek weer in die donker in my bed lê en wag vir ontwykende slaap, verwonder ek my aan die sekerheid en kalmte waarmee sy die sogenaamde sameswering beskou. Dit is volkome werklik vir haar, ’n voldonge feit, ’n ongelukkige realiteit waarmee sy moet saamleef. Dit maak haar nie histeries nie, maar bloot pragmaties.

Mense wil my doodmaak – ek huur ’n lyfwag. Probleem opgelos.

Dit is vleierend, op ’n manier, haar kinderlike vertroue, haar geloof in my vermoëns. Maar ek kry nie veel genoegdoening daaruit nie, want dit kom van dieselfde vrou wat verstrengel is in verbeelde komplotte. Waar ek aanvanklik vermoed het sy lieg, begin ek haar nou verdink van fantasie, verlange-gedrewe illusies.

Ek lê lank in die donker, luister na die geluide van die bos, die nagvoëls, ’n hiëna. Een keer verbeel ek my ek hoor ’n leeu brul. En net wanneer ek begin afdaal na die slaap is daar ’n ander geluid: Die sagte tred van Emma se kaal voete deur die sitkamer, verby my, tot by die ander enkelbed hier langs my. Daar is die geritsel van beddegoed en dan is dit stil.

Ek hoor hoe sy haar asem stadig uitblaas, ’n sug van behaaglikheid. Of verligting.

9

Greg. Hospitality Manager. Hy het yl blonde hare, sy rooi vel hou nie baie van die son nie en sy kakie-en-olyf-uniform sit effens styf om die middel. “My most sincere apologies, this is totally unacceptable, we will move you, of course, and there will be no charge for your accommodation.” Hy kyk nie na die slang wat leweloos lê nie.

Douvoordag en ons voorstoep is vol. By die dooie reptiel staan *Dick. Senior Game Ranger.*

“It’s a black mamba. Awesome animal,” sê Dick vir Emma, asof die slang aan hóm behoort. Hy is haar tipe en hy weet dit – ’n wit Orlando Bloom-kloon in sy dertigs, bruingebrand, welsprekend. Sedert hy gesnap het dat Emma alleen agter slot en grendel in die dubbelbedkamer was toe die ding met die slang gebeur het, gee hy al sy aandag aan haar.

Ek en die swart wildwagter, *Rick. Game Ranger,* kyk na die dooie dier. Die oggend is al klaar warm. Ek het nie veel geslaap nie. Ek hou nie van Dick nie.

“You don’t have to move us,” sê Emma vir Greg.

“Most feared snake in Africa, neurotoxic venom, lung failure within eight hours if you don’t get the anti-venom. Very active, especially this time of year, before the rains. Very aggressive when confronted, the best thing is to step back ...” sê Dick vir Emma.

Wat dink hy het ek gedoen – die ding probeer omhels?

“Then we’ll have it fixed. As good as new by lunchtime. I’m so sorry,” sê Greg.

Dick kyk vir die eerste keer na my. “You should have called us.” Ek kyk net vir hom.

“I don’t think that was an option,” sê Emma.

Greg gee vir Dick ’n streng kyk. “Of course it wasn’t.”

Dick probeer verlore aansien terugwen. “Just a pity it had to be killed, such an awesome animal. They are very territorial, you know, and they usually avoid contact with humans, unless they are cornered. Hunts by day, mostly. Unusual, very unusual ... never happened before. How the hell did it get in? They’re so damn agile, can get through the smallest of holes or gaps or pipes, who knows. Rick, do you remember that one we found in the ant hill last month? Huge female, maybe four metres, the one minute she was there, the next she was gone, just slipped away somewhere.”

“We have to go to breakfast,” sê Emma.

“And that will be on the house too,” sê Greg. “Please, if there is anything ...”

“Mamba in the bedroom,” sê Dick kopskuddend. “It’s a first for us, but hey, it’s the bush, right? Africa isn’t a place for sissies ... I suppose it had to happen some time or other. Just such a pity ...”

* * *

Inspekteur Jack Phatudi is ’n blok agter die lessenaar, ’n liggaamsbouer wat die versoeking weerstaan om te spog, want die spierwit hemp sit los. Hy het ’n permanente frons op sy breë voorkop, onvriendelike kerwe wat die blinkheid van sy kaalgeskeerde kop onderbreek, sy vel ’n laaste diepbruin skakering net duskant swart, soos ’n gepoleerde, eksotiese Afrika-houtsoort. Hy is die enigste een wat nie sweet in die drukkoker-kantoor nie.

Hy hou die 20 jaar oue foto van Jacobus le Roux in dik, sterk vingers en sê: “This is not him.” Hy skuif die foto nukkerig terug oor die blad van ’n staatsdienstafel.

“Are you absolutely sure?” vra Emma. Ek en sy sit oorkant Phatudi. Sy laat die foto op die tafel lê.

“You cannot ask me that. Who can say they are absolutely sure? I do not know what he looked like twenty years ago.”

“Of course, Inspector, I ...”

“How will this help me?”

“I beg your pardon?”

“The suspect has killed four people last week. Now he is gone. Nobody knows where he is. You bring me this photograph from twenty years ago. How will it help me find this man? I don’t understand that.”

“Oh ...” Sy is vir ’n oomblik afgehaal, asof sy swig voor die aanslag. “Well, Inspector, I don’t know,” sê sy gemoedelik. “Perhaps it won’t help

you. And I don't want to waste your time, I have too much respect for the role of the police ... but I was hoping that you might be able to help me."

"How?"

"I saw the picture of the man on television, just for a few seconds. Would it be at all possible to see it again, to put it next to this one ..."

"No. I cannot do that. It is a murder docket."

"I understand."

"That is good."

"May I ask you one or two questions?"

"You can ask."

"The television news said the man, Jacobus de Villiers, worked at an animal hospital ..."

"The TV people, they don't listen. It is not a hospital, it is a rehabilitation centre."

"May I ask what its name is?"

Hy is nie lus om te sê nie. Hy skuif aan sy heldergeel das, die groot skouers wat rol onder die wit materiaal. "Mogale. Now you will go show your photograph there?"

"If it is O.K. with you."

"You will make trouble."

"Inspector, I assure you ..."

"You do not understand. You think I do not want to help you. You think this policeman is difficult ..."

"No, Inspector ..."

Hy hou 'n hand in die lug. "I know you think that. But you do not know the problems. There are big problems here. Between your people and the black people."

"My people?"

"Whites."

"But I don't know anybody here."

"It does not matter. There are big problems. The people, they fight all the time. There is much tension. The black people, they say the whites are hiding this Cobie de Villiers. They say the whites, they care only for the animals. These men who died, they have families. These families are very angry. The animals are wild animals. They belong to the people. It is not the animals of the whites."

"I understand ..."

“So when you go and ask questions, you will just make trouble.”

“Inspector, I give you my word that I will not make trouble. I am not here about the killings. I feel truly sorry for the families of those men. I have lost my whole family too. I just need to talk to the people who worked with this man. I will show them the photograph, and if they say it isn’t the person I am looking for, I will go home, and I will never bother you again.”

Hy kyk stip en fronsend na haar, intens, asof hy haar met wilskrag wil ontmoedig. Emma kyk terug na hom met ’n ontwapenende, byna kinderlike erns.

Phatudi is die een was bes gee. Hy sug diep, trek ’n dossier nader, slaan dit oop en haal ’n foto uit wat hy vies oor die tafel skuif tot langs die een wat Emma gebring het, die twee netjies langs mekaar.

Emma leun vorentoe en bestudeer die foto’s. Die inspekteur kyk na haar. Ek sweet en kyk vir die plakkaat teen die muur wat mense afraai om misdaad te pleeg.

Hulle sit só vir ’n minuut of twee, die klein Emma en die rots van ’n speurder, in doodse stilte.

“Dis Jacobus,” sê Emma, maar vir haarself.

Phatudi sug.

Emma tel al twee die foto’s op en hou dit na my uit. “Wat dink jy, Lemmer?”

Die foto van Jacobus le Roux is swart-wit, ’n jong soldaat in ’n boshoe wat vir die kamera glimlag. Dieselfde hoë wangbene as Emma, dieselfde effens prominente oogtande. Daar is ’n intensiteit, ’n dringendheid, hy wil die fotosessie afgehandel hê, want daar is ’n wêreld wat wag. ’n Gemaklikheid, ’n selfvertroue, hy hou van die kamera en wat dit sal vasvang. *My pa is ryk en my lewe lê oop voor my soos ’n ryp granaat.*

Op Phatudi se foto is Cobie de Villiers, in kleur maar kleurloos, ’n vergroting van wat net ’n identiteitsboekfoto kan wees. De Villiers lyk lewensmoeg. Geen glimlag nie, net ’n uitdrukkinglose gesig en dowwe oë, ’n man sonder vooruitsigte. Die enigste moontlike ooreenkoms is in die wangbene, maar dit is vaag, dit verg ’n geloofsprong, of hoop.

“Ek kan nie sê nie.”

“Dis reg,” sê inspekteur Jack Phatudi in Afrikaans. “’n Mens kan nie sê.”

Emma kyk verbaas na hom. “En hier sit ons en Engels praat, inspekteur,” sê sy.

Hy rol net sy skouers. “Ek praat ook sePedi, Tshivenda en isiZulu. Júlle het kom Engels praat.”

Emma plaas die foto’s op die tafel, sodat Phatudi daarna kan kyk.

“Kyk na die oë, inspekteur. En die vorm van die gesig. Vat hierdie foto en las twintig jaar by. Dis Jacobus ... dis moontlik dat dit Jacobus is.”

Hy skud sy kop. “Watse woord is ‘moontlik’? Weet jy wat is my werk, mevrou? Ek moet ’n saak maak teen hierdie man.” Hy tik op die foto van die futlose Cobie de Villiers. “Ek moet hom kry en ek moet hom hof toe vat en my saak moet sê hy is skuldig bo redelike twyfel. Reasonable doubt. Daardie regters, hulle skree op jou. Hy sal skree as ek praat van ‘moontlik’. Verstaan jy dit?”

“Ek verstaan dit. Maar ek wil niemand hof toe vat nie.”

Hy raap sy foto op en plaas dit terug in die dossier.

“Is daar nog iets, mevrou?”

“Inspekteur, wat het gebeur met die mense wat dood is?”

Die frons verdiep. “Nee, mevrou, dit is sub judice. Ek kan nie vir jou sê nie.”

* * *

In die BMW bestudeer Emma haar kaart met groot konsentrasie. Ek rig die lugversorging se koue stroom op my voorkop. Die verligting is groot. Emma kyk op. “Kan ons by ’n vulstasie stilhou? Ek wil uitvind waar Mogale se rehabilitasiesentrum is.”

Ek trek weg. “Goed, mevrou,” eggo ek Phatudi se aanspreekvorm voor ek dit kan verhelp, en sy lag, verrassende, helder musieknote.

“Die inspekteur is ’n interessante man,” sê sy, en wanneer haar lag bedaar, voeg sy as ’n nagedagte by: “En jý ook.”

Ek en die speurder saam gekategoriseer ... Ek is nie seker of dit regverdig is nie, maar ek gaan nie daarop reageer nie.

“Daar – daar’s ’n Engen, kom ons vra daar ...”

Ek sit die flikker aan en draai af.

10

Die sentrum lê onder teen die flank van Mariepskop, die berg met sy onheilspellende massa van rooibruin kranse is 'n streng gesagsfiguur wat oor die vlakte waak.

Mogale Rehabilitation Centre staan daar in groen sierletters, 'n kenteken met 'n roofvoël se kop daarop, 'n uitnodiging om in te kom. En 'n tydskedule:

Times of our rehab tours

Mondays to Saturdays:

** 1st Tour starts at 09h30*

** 2nd Tour starts at 15h00*

“Ons is net betyds,” sê Emma en klim uit om die hek oop te maak.

Ek ry deur. Anderkant die hek is nog 'n intruksie teen 'n paal. *Wild Animals. Please remain in your vehicle.* Emma klim weer in. Ná 'n kilometer sê sy: “Kyk,” en wys na 'n swerm aasvoëls wat by 'n karkas vergader. “Ek wonder of hulle die voëls hier voer?”

Die sentrum is uitgestrek – hokke en tuine en grasperke en 'n afdak vir motors. *Visitors: Please park here.* 'n Jong man in kakie en groen, klaarblyklik die uniform van die ganse Laeveld, wag ongeduldig by die hek. Ons klim uit.

“We’re about to start the tour,” sê hy, maar nie onvriendelik nie. Hy’s 'n kop langer as ek, breë skouers, atletiese selfvertroue. Emma se tipe.

Ons loop deur. Nog 'n grasdakstruktuur, 'n lesingsaal met houtbankies wat afdaal na 'n verhoog. Daar sit al mense, groot en klein, kameras om die nek, koeldrankblikkies in die hand. Teen die muur agter die verhoog is 'n veldtoneel geskilder: roofvoëls en aasvoëls in die lug, 'n luiperd, hiënas en wildsbokke in die lang gras tussen doringbome. Die jong man gaan staan in die middel van die verhoog. “Good morning, ladies and gentlemen, and

welcome to the Mogale Rehabilitation Centre. My name is Donnie Branca, and I'll be your guide this morning."

Hy kyk na ons en hy sê: "Vultures." Vir 'n ongemaklike oomblik dink ek hy praat van sy gehoor.

"They're not cuddly, they're not cute. As a matter of fact, we think of them as disgusting beasts – squabbling and squawking at a stinking carcass, fighting over decomposing meat. Carrion eaters with beady little eyes, scrawny necks and hooked beaks, often covered in blood and gore and guts up to their eyeballs. Pretty revolting. So most people don't care much for vultures. Well, let me tell you, here at Mogale, we not only care for them – we love them. With a passion."

Daar is iets aan die trant en toonhoogte van Donnie Branca se woorde wat vir my vaagweg bekend klink. Hy praat glad en gemaklik, geoefen en geolie, met oortuiging en geesdrif.

Hy sê aasvoëls is die grootwild van die geveerde wêreld, 'n onontbeerlike skakel tussen soogdiere en voëls in die breë spektrum van die natuur. Hulle is ekologies noodsaaklik, die skoonmakers van die veld wat verrottende karkasse van hoek tot kant verorber voor daar siektes kan uitbroei wat op en af teen die voedselketting onheil saai. Aasvoëls is deel van 'n balans, sê hy, 'n perfekte, delikate balans wat vir honderde duisende jare in Afrika die siklusse van lewe bepaal het.

"Until we humans disturbed the balance."

Branca laat dit insink voor hy verder gaan: Die probleem met aasvoëls is dat nasionale en private wildparke se heinings hulle nie inhou nie. Baie van hulle patrolleer 'n gebied wat vier, vyf keer groter is as die Krugerwildtuin. En dit is waar die probleem begin. Hulle maak nes in berge en klowe, in bome en bosse waar hul voorvaders vir duisende jare al broei, maar die mens het dié gebiede oorgeneem. Daar's die wanpersepsie dat aasvoëls boere se kleinvee en pluimvee vang. Daarom word hulle geskiet.

"And then there's the belief amongst the local people that vultures have magic powers. They believe that vultures have supernatural eyes, which are not only able to find food over huge distances, but with which they can actually see tomorrow. In other words, see into the future. Since we started a national lottery in South Africa, witch doctors, or sangomas, as they prefer to be called, have been selling vulture heads to eager gamblers for a small fortune, because people believe it will be their lucky charm to see into the future, their talisman to predict the numbers."

Langs my luister Emma met groot konsentrasie.

“The market for vulture parts has sky-rocketed in the past few years. And take a guess what a vulture head is now selling for. Five hundred rand? A thousand bucks? Let me tell you, up to ten thousand rand. But the sangomas buy the dead vultures from poachers for maybe two or three hundred rand a piece. And how do the poachers capture the vultures? They poison them. They set out a carcass laced with deadly poison and they kill a hundred or two hundred birds at once. But they are on foot and they can only carry off ten or twenty, so the others are just left there to rot.”

Die gehoor prewel hul misnoeë, maar Donnie Branca is nog lank nie klaar nie. Hy begin syfers aanhaal van verliese, elke spesie 'n geleerde rympte in Engels, Afrikaans en Latyn: Die manjifieke Bearded Vulture/lammergier/*Gypaetus Barbatus* wat in die verlede in die Lesothoberge gebroei het, is in daardie land heeltemal uitgewis. “Completely annihilated. Nothing left, not one, not a single bird.” Aan die Suid-Afrikaanse kant is net nege broeipare oor. “Nine, ladies and gentlemen. *Nine*.”

Ek besef waaraan die man my herinner. Daar was 'n lekeprediker in die tronk, 'n gewapende rower van die Kaapse Vlakte met die naam van Job Tieties wat saans, as wedergeborene, vir homself en 'n handjievol beamende broeders kerk gehou het, Bybel in die hand. Sy stem het deur die selle gedra met dieselfde dringende, evangelistiese stemtoon.

Die Cape Vulture/kransasvoël/*Gyps Coprotheres*, eens so volop in Afrika, het heeltemal uitgesterf in Swaziland, is op die kritieke gevaarlys in Namibië en daar is net tweeduisend broeipare in die wêreld oor. “Two thousand. Imagine just two thousand *people* left in the whole world. Just try and imagine that. A century ago, there were one hundred thousand Cape Vultures in South Africa. This incredible bird with a wingspan of two and a half metres that can spend the whole day gliding on the thermals over the African veld, effortlessly covering seven hundred and fifty kilometres, that's the distance between Bloemfontein and Cape Town, as the crow flies. Just two thousand breeding pairs left. A travesty, a tragedy, a disaster. Why? Why should we be concerned that they are disappearing, these disgusting, ugly, dirty birds?”

Want die natuur is 'n fyn stukkie ingenieurswerk, sê hy. Dit is God se horlosie, waar elke ratjie, elke veertjie van kardinale belang is om ekologies perfek tyd te hou. Laat hy verduidelik: Elke aasvoël het sy plek, sy funksie,

sy rol. Verskillende aasvoëls eet verskillende dele van 'n karkas – elkeen se snawel en lyf is aangepas vir iets spesifieks. Die Hooded Vulture/monnikaasvoël/*Necrosyrtes Monachus* is die eerste wat begin vreet. Sy skerper, kleiner bek kan die dooie dier se vel oopskeur, 'n haastige proses vir 'n paar repies vleis voor die groter, dominerende aasspesies aankom. Maar dis onontbeerlik, daarsonder kan die binnevreters nie hul ding doen nie.

Die kransaaasvoël is die gepeupel van die karkas. Al swewende hoog bo die Afrika-veld soek hy na tekens, na leeus en hiënas, kraaie, rawe en jakkalse, wat 'n karkas sal uitwys en dan kom hulle in, swerms wat in groot sirkels afdaal en naby die eetplek rumoerig sal vergader om seker te maak dit is veilig. En dan begin die losgemaal, die groot gestoei om in die karkas in te kom. Sy kaal nek maak van hom 'n binnevreter. Die tamaai bek en die sterk tong, soos 'n troffel gevorm, sal groot stukke vleis losskeur – binne drie minute kan dit een kilogram vleis verorber.

“But the king of the carcass is the Lappet-faced Vulture/ swartaasvoël/*Aegypius Tracheliotos*. It stands a metre high,” wys hy met sy hand van die grond af. “It has a wingspan of almost three incredible metres, just about twice the size of any other vulture, and it doesn't take shinola from any of them. Lappets can travel up to one thousand one hundred kilometres through the sky, invariably arrive late at the carcass, and then they dominate. But here's the interesting thing: Despite their size and their attitude, they don't compete for food with other species, because they are specifically adapted to eat the skin and ligaments – and they are the only ones to do so. Now isn't that neat?”

Koppe knik verwonderd om ons. Ek moet dit toegee: Hy's goed.

Die natuur mors niks, sê Branca. Daar's selfs 'n aasvoël wat die beendere opruim: die lammergier. Hy sal dikwels eerste by 'n karkas wees, maar senuagtig eenkant wag tot daar bene beskikbaar is. Kleiner stukkies been word heel ingesluk. “It's sometimes comical to see the bone go down sideways in the throat.” Die lammergier sal groter bene die lug in neem en dit van 'n groot hoogte laat stukkend val op klippe, net om dit weer te gaan optel en afsluk.

“If we poison them, or if Escom's power cables kill them when they dive down, or if the farmers shoot them or take away their breeding grounds, the ticking of God's clock will stop. Not only for them, ladies and gentlemen, but for all of nature. Rotting carcasses breed blowflies ... and disease,

which spreads to mammals, reptiles and other birds. Often to human beings as well. Food chains get broken, the delicate balance is disturbed, and the whole system comes crashing down. That's why we care for vultures at Mogale, that's why we love them. That's why we sit with poisoned birds through many nights, nursing them back to health. That's why we detoxify them, mend their wings, feed them with great patience and release them back into the wild. You can't breed them in captivity, but you can heal them, save the injured and the sick. You can go out and educate farmers and sangomas, talk to them, plead with them, explain to them that nature is a finite resource, a delicate, fragile instrument. But it takes facilities and manpower, training, food, dedication and focus. And all of these things cost money. We receive no financial aid from government, Mogale is a private initiative, kept alive by volunteers working long hours, seven days a week – and contributions from people like you. People who care, people who would like their children to see a Cape Vulture spread its awesome wings and ride the African thermals ten, twenty, fifty years from now.”

Donnie Branca bly net vir 'n kort, betekenisvolle oomblik stil. Ek is bereid om nou vir hom geld te gee.

“We also have breeding programmes for servals, wild dogs, leopards and cheetahs,” sê Branca en langs my skud Emma haar kop en sê saggies: “Nee.”

Ek kyk verbaas na haar. “Swak *branding*,” fluister sy. “Sal later verduidelik.”

Dan nooi Donnie Branca ons om saam met hom na die diere te gaan kyk.

11

Emma staan in die groot hok met 'n tamaai leerhandskoen aan haar regterhand, waarin sy 'n stuk vleis vasknyp. Die kransaaivoël vlieg van die grond af op met die geluid van 'n draaiende windmeul en land met uitgestrekte kloue op die handskoen. Sy reusevlerke, gesprei vir balans, verdwerg haar, die voël se gewig so groot dat sy haar uitgestrekte arm met die ander moet stut.

“Now hold that meat as tightly as you can,” sê Donnie Branca. Maar dit help nie – die snawel sluit om die reep en trek dit inspanningloos uit haar greep.

Ek staan agter die ander besoekers, by die deur van die hok. Ek sien die kinderlike verwondering op Emma se gesig.

“Jislaaik,” sê sy en dan vlieg die aasvoël van haar hand af en sy lang vlerkvere streel Emma se kortgeknipte hare. Die mense klap hande.

* * *

Donnie Branca staan by die hek, net anderkant die kollekteboks, om die besoekers te bedank en te groet. Emma sorg dat ons heel agter is. Branca glimlag vir haar en steek dan sy hand uit. “You were a real trooper with the feeding,” sê hy.

“Meneer Branca ...” Sy skud sy hand.

“Donnie, asseblief.” Hy hou van haar.

“My naam is Emma le Roux. Ek wil graag met iemand gesels oor Jacobus de Villiers.”

Dit neem hom 'n oomblik om al die ratte te verwissel. Die perfekte wit tande verdwyn. “Cobie?”

“Asseblief,” sê Emma.

Branca kyk na haar asof hy haar vir die eerste keer sien, aansienlik minder belangstellend. “Is jy van die koerante?”

“Ek is ’n konsultant van Kaapstad. Jacobus is my broer.” Sy rits haar handsak oop.

“Jou broer?”

Emma haal die foto uit. Sy gee dit vir Branca. Hy neem dit en kyk stip daarna.

“Maar Cobie ... I thought ...” Hy gee die foto vir haar terug. “Ek dink jy moet met Frank praat.”

“Frank?”

“Frank Wolhuter. Die bestuurder. Ek weet nie of hy beskikbaar is nie.”

* * *

Wolhuter se kantoor het nie lugversorging nie. Dit ruik swaar na diere, sweet en pyptabak. Hy staan op en hou sy hand na Emma uit, sy blou oë wat haar op en af bekyk, opsom. Hy is ’n biltong van ’n man, seningrig, grys bokbaard en dik grys hare wat te lanklaas gesny is. Hy stel homself voor met die gemoedelike glimlag van iemand wat goeie nuus gaan kry.

“Emma le Roux, en dit is mnr. Lemmer.”

“Sit gerus. Wat kan ek vir julle goeie mense doen?” Hy moet diep in die vyftig wees, sy gesig het die diep belynde soort karakter wat ’n leeftyd van son- en windverweer verskaf.

Ons sit.

“Ek vermoed Cobie de Villiers is my broer,” sê Emma.

Die glimlag versteen en verbrokkel dan stelselmatig. Hy kyk na Emma met ’n intense blik en sê eindelijk: “Jy vermoed?”

“Ek het hom twintig jaar gelede gesien. Ek het gedink hy is dood.”

“Juffrou De Villiers ...”

“Le Roux.”

“Natuurlik. Mevrou Le Roux ...”

“Juffrou.”

“Le Roux is jou nooiensvan?”

“Le Roux was ook Jacobus se van, meneer Wolhuter. Dis ’n lang storie ...”

Frank Wolhuter sak stadig terug in die verweerde bruin leerstoel. “Jacobus le Roux.” Asof hy proe aan die naam. “Jy moet my verskoon, maar ek is, in die omstandighede, redelik skepties.”

Emma knik net en maak haar handsak oop. Ek wonder nie waarom sy dit doen nie. Die foto kom te voorskyn. Sy plaas dit op die lessenaar en skuif

dit oor na Wolhuter. Hy druk sy hand in 'n hemsak en haal 'n leesbril uit, wat hy op sy neus sit. Hy neem die foto en kyk daarna. Lank. Buite, naby, brul 'n rehabiliterende leeu in die kampie, kort en beneuk. Voëls kras. Binne is dit nie ondraaglik warm nie, miskien omdat die gordyne halfpad toegetrek is. Emma kyk geduldig na Wolhuter.

Hy sit die foto neer, haal die leesbril af en plaas dit op die tafel. Dan trek hy 'n laai oop en haal 'n pyp uit, 'n groot reguitsteel. Vuurhoutjies kom uit die laai. Hy byt die pypsteel tussen sy tande en trek 'n vuurhoutjie, hou dit oor die twak. Suig die pyp behendig aan die gang en blaas rook dak toe.

“Nee wat,” sê hy en kyk na Emma. “Dis nie Cobie nie.”

“Meneer Wolhuter ...”

“Noem my Frank.”

“Het jy vir Jacobus geken toe hy twintig was?” Ek verwonder my weer aan haar stemtoon, so redelik, so gemoedelik.

“Nee.” Trek aan die pyp.

“Kan jy met absolute sekerheid sê dit is nie sy foto nie?” Wolhuter kyk net oor die pyp vir haar.

“Dis al wat ek soek. Absolute sekerheid.” Sy glimlag vir hom. Dit is 'n mooi glimlag. Ek vermoed hy sal dit nie kan weerstaan nie.

Frank Wolhuter werk aan 'n groot bol rook en sê dan: “Vertel vir my jou lang storie, juffrou Le Roux,” maar sy oë is nou dié van 'n ongelowige.

* * *

Sy sê niks van die aanval op haar nie. Miskien is dit goed so, want sy het mý nie daarmee oortuig nie. Maar anders as toe sy vir my vertel het, doen sy dit nou chronologies. Miskien leer sy...

Sy begin by 1986, toe haar broer verdwyn het. En hoe sy twintig jaar later 'n gesig op televisie gesien het en 'n vae oproep ontvang het. Dieselfde wankelrige styl van onvoltooide sinne, asof sy self nie heeltemal daarin glo nie. Of miskien te bang is om daarin te glo. Wanneer sy klaar is, gee Wolhuter die foto vir Branca aan.

“Ek het gesien,” sê die jonger man.

“Wat dink jy?”

“Daar is 'n ooreenkoms ...”

Wolhuter neem die foto terug. Hy kyk weer. Gee dit vir Emma aan. Hy sit die pyp in die laai, wat steeds oopstaan.

“Juffrou Le Roux ...”

“Emma.”

“Emma, het jy ’n identiteitsdokument by jou?”

Sy frons effens. “Ja.”

“Kan ek dit sien?”

Sy kyk vir ’n oomblik na my en dan steek sy haar hand in haar handsak. Sy haal ’n ID-boekie uit en gee dit vir Wolhuter. Hy maak dit by die foto oop.

“Het jy ’n besigheidskaartjie?”

Sy huiwer weer, maar grawe haar beursie uit, knip dit oop en bring ’n visitekaartjie te voorskyn. Wolhuter neem dit tussen sy skraal vingers en bestudeer dit. Hy kyk op, na my. “Jy is Lemmer?”

“Ja.” Ek hou nie van sy stemtoon nie.

“Wat is jou belang hierby?”

Emma trek haar asem in om te antwoord, maar ek spring haar voor. “Morele ondersteuning.”

“Wat is jou beroep?”

Dit is sy houding wat my ’n fout laat maak. Ek probeer slim wees. “Ek is ’n bouer.”

“’n Bouer?”

“Ek knap huise op, hoofsaaklik.”

“Het jy ’n besigheidskaartjie?”

“Nee.”

“En wat wil jy hier kom bou?”

“Vriendskapsbande.”

“Is jy ’n ontwikkelaar, Lemmer?”

“’n Wat?”

“Frank ...” sê Emma.

Wolhuter probeer haar stilmaak met ’n goedge “Net ’n oomblik, Emmatjie ...” Slegte woordkeuse.

“Ek is nie Emmatjie nie.” Vir die eerste keer vandat ek haar ken, is daar ysigheid in haar stem. Ek kyk vir haar. Wolhuter en Branca ook. Sy sit regop, ’n ligte gloed op haar wange. “Ek is Emma. En as jy nie daarvan hou nie, kan jy juffrou Le Roux probeer. Dit is die enigste twee aanvaarbare opsies. Verstaan ons mekaar?”

Vir ’n oomblik wonder ek hoekom sy ’n lyfwag nodig het.

Niemand antwoord nie. Emma vul die stilte. “Lemmer is hier omdat ek hom gevra het om hier te wees. Ek is hier om uit te vind of Cobie de Villiers

my broer is. Dis al. En ek sal dit doen mét óf sónder julle hulp.”

OceanofPDF.com

12

Wolhuter tel 'n benerige hand stadig op en vryf oor sy bokbaard. Dan erodeer sy gesig tot 'n versigtige glimlag. “Emma,” sê hy, met respek.

“Dis reg,” sê juffrou Le Roux.

“Jy gaan daardie houding nodig hê, want jy het geen idee in watter bynes jy jou kop insteek nie.”

“Dis wat inspekteur Jack Phatudi ook gesê het.”

Wolhuter kyk betekenisvol vir Branca. Dan vra hy vir Emma: “Wanneer het julle met hom gepraat?”

“Vanoggend.”

“Wat weet jy van hom?”

“Niks.”

Frank Wolhuter skuif sy maer lyf uit die stoel uit op en plaas sy voorarms op die lessenaar. “Emma, ek hou van jou. Maar ek sien op jou besigheidskaartjie jy kom van die Kaap af. En ek moet vir jou sê, dis nie die Kaap hierdie nie. Dis 'n ander wêreld. Jy gaan nie daarvan hou nie, maar laat ek vir jou sê julle Kapenaars leef nie in Afrika nie. Ek weet. Ek gaan elke jaar Kaap toe en dan ... dis soos om Europa te besoek.”

“Wat het dit met Jacobus te doene?”

“Ek kom daarby. Ek wil net eers vir jou 'n prentjie teken van Limpopo, van die Laeveld, sodat jy die hele ding kan verstaan. Dis nog Ou Suid-Afrika dié. Nee, dis ook nie heeltemal waar nie. Die meeste se koppe, almal, swart en wit, is nog in die ou bedeling, maar al die probleme is Nuwe Suid-Afrika. En dis 'n lelike kombinasie. Rassisme en vooruitgang, haat en samewerking, agterdog en versoening dié goed wil nie in een bed slaap nie. En dan is daar die geld en die armoede, die gierigheid ...”

Hy tel weer sy pyp op, maar doen niks daarmee nie.

“Julle het geen idee wat hier by ons aangaan nie. Kom ek vertel jou van jou inspekteur Jack Phatudi. Hy's van die Sibashwa-stam, 'n groot

kokkedoor, seun van die hoofman. En net toevallig is die Sibashwa besig met 'n grondeis. En die grond wat hulle wil hê, is deel van die Krugerpark. En net toevallig is die Sibashwa nie groot aanhangers van Cobie de Villiers nie. Want Cobie is wat sekere mense 'n aktivis sal noem. Nie jou gewone groene, jou tipiese bunny hugger nie. Hy betoog nie en hy skree nie van podiums of nie. Hy's 'n sluiper, hy's stil, hy's hier en hy's daar en jy sien hom nie. Maar hy's meedoënloos, hy hou nie op nie, hy kry nie end nie. Hy sal hier luister en daar hoor en hy sal sy foto's neem en sy notas maak – en as jy weer sien, dan weet hy alles. Hy's die een met bewyse dat die Sibashwa al klaar 'n ooreenkoms geteken het met 'n eiendomsontwikkelaar. Ons praat honderde miljoene. En toe gee Cobie sy inligting vir Nasionale Parke en hul regsmense, want hy glo as die Sibashwa-eis slaag, is dit die begin van die einde vir Kruger. Jy kan nie 'n klomp huise daar gaan bou en dink dit sal nie impak hê nie. Jy kan nie ...”

Hy val homself in die rede. “Laat ek nou nie vir julle preek nie. Die feit van die saak is, die Sibashwa hou nie van Cobie nie. Hy't al voor die aasvoël-ding met hulle moeilikheid gehad oor goed. Oor slagysters vir luiperds en vangstrikke vir bokke en hulle honde wat rondloop en verniel. Hulle weet dis hy wat hulle gaan aangee het by die owerhede, dis hy wat die honde vrekskiet. Hulle ken hom. Hulle weet hoe hy is. En toe gaan staan en vergiftig hulle die aasvoëls, want hulle het geweet die mense bel vir Cobie as dit gebeur. Dit was 'n lokval. Hulle wou vir Cobie daar hê, sodat hulle dit kan laat lyk of hy die mense, die sangoma en die gifstrooiers doodgeskiet het. Maar dit was nie Cobie nie. Hy kan nie. Hy kan niks doodmaak nie.”

“Ek weet,” sê Emma, met gevoel. “Maar hoekom kruip hy dan weg?” Die regte vraag om te vra.

“Hoekom dink jy? Kom ek sê jou, die sangoma wat doodgeskiet is, is Sibashwa. Maar hulle wou hom óók uit die pad uit hê, want hy was nét so teen die ontwikkeling. Hy was nie 'n pampoen nie. Hy't geweet dit gaan alles verander, dit gaan die einde wees van hom en hulle lewenswyse en hulle kultuur en gebruike as die groot geld begin vloei. So hoe los jy die probleem op? Jy raak ontslae van Cobie en die sangoma, twee vlieë met een klap. Hoekom dink jy is al die sogenaamde getuies van die skietery Sibashwa-mense?”

“Dis net te convenient,” sê Branca.

“Presies,” sê Wolhuter. “Hoe objektief gaan inspekteur Jack Phatudi wees in sy ondersoek? As hy nie in elk geval deel is van die hele ding nie? En hoekom het hulle eergisternag by Cobie se kamer probeer inbreek? Hoekom het Jack Phatudi nie net met ’n lasbrief hier aangekom nie? Want hulle soek die kopie van die ontwikkelaar se kontrak. Hulle wil Cobie se foto’s en sy dagboeke hê, al sy bewyse. Nie vir die hof nie. Nee. Hulle wil dit laat wegraak. Soos hulle Cobie wil laat wegraak. Hulle wil vir Cobie uithaal met ’n belaglike beskuldiging en as hulle dit reggekry het, dan is ek en Donnie volgende, want ons is ook teen die eis en ons weet van die eiendomsontwikkeling. Hierdie grondeise-gemors ...”

Hy tel sy vuurhoutjies ergerlik op, sy stemtoon stygend.

“Frank ...” sê Branca paaiend, asof hy weet wat kom.

“Nee, Donnie, ek gaan nie stilbly nie.” Hy trek ’n vuurhoutjie, suig ergerlik aan die pyp en kyk deur die rook na Emma.

“Weet jy hoeveel daar is wat ’n stuk van Kruger wil hê? Amper veertig. Veertig fo ... verdomde grondeise teen die Wildtuin. Vir wat? Sodat hulle dit ook kan opneuk? Gaan kyk wat het die swart mense gemaak met die plase wat hulle hier in die Laeveld gekry het. Met grondeise. Ek’s nie ’n rassis nie, ek praat net feite. Gaan kyk hoe lyk dit nou daar. Dit was spoggrond, suksesvolle, produktiewe wit boere wat moes padgee. En nou gaan daar niks aan nie, die mense vrek van die honger. Alles is stukkend – die boorgatpompe, die besproeiingspype, die trekkers, die bakkies, al daardie geld wat die staat gegee het, in die water. Gemors. En wat doen hulle? Hulle sê ‘gee nog’ en hulle doen niks en die helfte het teruggetrek na waar hulle voor die hele ding gebly het.”

Die pyp is dood. Hy trek nog ’n vuurhoutjie, maar dit kom nooit by die pyp uit nie. “Dis nou dieselfde mense wat ’n stuk van Kruger wil hê, omdat hulle oeroupagrootjie drie beeste gehad het wat daar gewei het in sewentien-voertsek. Gaan gee dit vir hulle en kyk wat gebeur. Gaan deel die park op in veertig stukke stamgrond en dis die einde, ek sê vir jou, ons kan maar almal ons goed vat en Australië toe trek, want hier sal niks oor wees nie.”

Hy leun terug in sy stoel. “Dis nie net die swartes nie. Gierigheid ken nie kleur nie.”

Hy wys met sy pypsteel na my. “Dis hoekom ek moeilik raak as ’n man hier kom sit en sê hy’s ’n bouer. Want hier sluip baie van hulle rond, sulke skraal wit stadsjapies, ge-collar en ge-tie, met rande in hulle oë en

Development op hulle besigheidskartjies. Hulle voel niks vir bewaring nie. Hulle kom nie agtergeblewenes ophef nie. Hulle kom en hulle verlei die mense, hulle skep hierdie visioene van 'n pot vol goud aan die einde van die grondeis-reënboog. En die mense is arm, hulle wil dit so graag glo, hulle raak blind.”

“Golf estates,” sê Donnie Branca met groot afkeer.

“Bid jou dit aan,” sê Frank Wolhuter, sy diep stem weer driftig. “Gaan kyk hoe lyk die Tuinroete. Gaan kyk wat het gholfland-goedere daar gemaak. Alles onder die vaandel van bewaring. Wys my een ding wat hulle bewaar het. Bemorsing, ja. Vermorsing. Hulle gebruik meer water per hektaar as enige ander soort ontwikkeling op die aardbol en nou hoor ek hulle gaan gholfplekke in die Klein-Karoo ook ontwikkel, want teen die kus is daar nie meer grond oor nie. Met watse water, vra ek jou. Daar’s net grondwater en dis ’n uitputbare bron, maar ontwikkel wil hulle ontwikkel, want die rande roep. En hier? ’n Golf estate in die Krugerwildtuin? Kan jy dit sien? Kan jy die opneuk van die fauna en die flora en die waterbronne sien, hier waar ons elke tweede jaar ’n droogte het wat skrik vir niks?”

“Wat gaan vir ons kinders oor wees?” vra Branca.

“Niks,” sê Wolhuter. “Behalwe 18 putjies en ’n paar rooibokke langs die agtiende green.”

Dan bly hulle stil, en die geluide van die diere in die hokke buite syfer deur die gordyne soos ’n beamende koor.

Emma le Roux staar lank na die oorkantste muur voor sy haar identiteitsboekie vat en in haar handsak sit. Sy laat die visitekaartjie op die lessenaar lê. “Waar is Jacobus nou?” vra sy.

Wolhuter se ergernis is nou uitgewoed, sy stem rustig. “Ek kan nie vir jou sê nie.”

“Kan jy vir hom ’n boodskap gee?”

“Nee, ek bedoel ek weet nie waar hy is nie. Niemand weet waar hy is nie.”

“Miskien is hy terug Swaziland toe,” sê Donnie Branca.

“Dis waar hy vandaan kom,” sê Wolhuter. “Kom jy ook van Swaziland af?”

“Nee,” sê Emma.

Wolhuter lig sy hande, ’n gebaar wat sê: Daar het jy dit.

“Hoe lank ken julle al vir Jacobus?”

“Laat ek sien ... Vyf ... nee, ses jaar.”

“En jy is seker hy kom definitief van Swaziland af?”

“Dis wat hy gesê het.”

“Het hy nog familie daar?”

Wolhuter sak verder terug in die stoel. “Nie wat ek van weet nie. Ek het so half die idee gekry hy was wees. Donnie, het hy ooit gepraat van sy mense?”

“Gee, I don’t know ... Jy ken vir Cobie. Not a great talker.”

“Waar in Swaziland?” vra Emma.

Wolhuter skud sy kop. “Jy moet probeer verstaan ... Ons vra nie mense se CV’s as hulle hier kom werk nie, want die meerderheid is tydelik. Ons ... daar’s altyd ’n ooraanbod van vrywilligers. Hulle doen die toer en dan blink die ogies, veral die jonges en die uitlanders. Dis ’n snaakse ding, ek dink die kerke kry dit ook baie. Wat ek doen, van die begin af, is ek sê board en lodging is op die huis, maar daar’s nie salaris nie. Jy werk eers vir die saak en ons kyk hoe dit gaan. Ons het die hande nodig, maar hulle hou nie. So twee maande van voëlmis uit die hokke uitvee en stinkende karkasse uitsleep na die aasvoëlrestaurant toe, dan blink die oë nie meer nie, dan begin hulle met die verskonings en dan beweeg hulle aan. Maar nie Cobie nie. Hy was drie, vier dae hier, toe weet ek hy gaan bly.”

“Het jy toe ’n CV gevra ...?”

“Vir ’n jop wat niks betaal nie?”

“Het hy vir ses jaar gewerk sonder ’n salaris?”

Wolhuter lag. “Natuurlik nie. Maar teen die tyd dat hy op die payroll gekom het, het ek hom geken. ’n Man se karakter sê baie meer as sy CV.”

“Waar was hy voor hy hier begin werk het?”

“Hy’t vir ’n ou gewerk naby die Swazi-grens.

Heuningrand ...”

“Heuningklip,” sê Branca. “By Stef Moller. Multi-millionaire, maar hy doen fantastiese werk.”

“Watse werk?”

Wolhuter kyk na Branca. “Jy weet meer as ek, Donnie.”

Branca trek sy skouers op. “There was this article in *Africa Geographic* ... Van Moller wat drie of vier plase langs die Songimvelo Game Reserve gekoop het. Abused land, overgrazed, overploughed, erosion, baie scrap wat rondgelê het. Toe het Moller baie geld ingesit om dit reg te maak. He called it ‘healing of the land’, something like that. Dis nou ’n private game reserve.”

“En Jacobus het hom gehelp?”

“Dis wat ek afgelei het. Cobie ...” Branca haal sy skouers op. “Hy was ’n broad strokes guy. Hy’t net gesê hy was daar.”

“Wat het hy nog gesê?”

Dis Wolhuter wat ná ’n ongemaklike stilte probeer verduidelik. “Emma, ek weet nie hoe julle dinge in die Kaap doen nie, maar hier respekteer ons nog ’n man se reg om sy besigheid vir homself te hou. Of nie. Ek en Donnie is anders. Ons is praters. Partykeer word ek moeg vir my eie stories. Ek was my lewe lank ’n wildebewaarder by die Natalse Parkeraad en as jy vanaand om die vuur saam met my kom sit, dan sal ek vir jou stories vertel tot die son opkom. Donnie se mense kom uit Portugese Mosambiek uit en dis ’n interessante geskiedenis en Donnie vertel dit mooi. Maar Cobie ... Hy’s anders. Hy sal daar sit, en as ek dierestories vertel, dan sal hy só aandagtig luister, dit maak my partykeer ongemaklik. En dan vra hy vrae daaroor, aanhoudend, amper ongeskik. Dis asof hy my wil leegtap, asof hy elke ding wil hoor, wil leer. En as ons oor ander goed begin praat, dan skakel hy af, dan staan hy op en hy loop. Want hy stel net nie belang nie. Dit het my lank gevat om daaraan gewoond te raak. Ons vertel almal stories oor onself – die meeste van ons. Dis die manier hoe ons vir die wêreld sê wie ons is ... of wie ons graag wil wees. Maar nie Cobie nie. Hy gee nie regtig om hoe mense hom sien, of nie sien nie. Hy leef in ’n enger wêreld ... eendimensioneel ... en mense is nie deel van daardie dimensie nie.”

“Cobie doesn’t like the concept of people ...” sê Branca.

Emma wag vir hom om te verduidelik.

“He calls humanity the greatest plague the planet has ever known. Hy sê daar’s te veel mense, but that’s not the real problem. Hy sê as ’n man moet kies tussen ... my Afrikaans los my partykeer ... wat is wealth ...?”

“Rykdom,” sê Wolhuter.

“Rykdom, as mense moet kies tussen rykdom en konservasie, dan wen rykdom altyd. We will always overexploit, we will never be cured.”

“Dis hoekom ons so min weet van Cobie. Ek kan vir jou sê hy’t in Swaziland iewers grootgeword, ek dink sy pa was ’n boer, want hy het nou en dan van ’n plaas gepraat. Ek weet hy’t net matriek. En hy het by Stef Moller gewerk voor hy hiernatoe gekom het. Dis wat ek weet van sy geskiedenis.”

“En daar was ’n girlfriend ...” sê Branca.

Dit laat Emma regop sit. “’n Girlfriend? Waar?”

“Toe hy by Stef gewerk het. Hy’t net eendag iets gesê ...”
“Hoe kom ek by Stef Moller uit?”

OceanofPDF.com

13

Dit is stil in die kar as ons by Wolhuter en Branca wegry. Ek oordink die feit dat Emma le Roux net voor ons vertrek so seepglad en behendig gepraat het toe sy vir hulle vertel het van hul groot posisioneringsfout – geen hortende, onvoltooide sinne, geen gebrek aan ritme nie. Met daardie mooi musikaliteit van haar stem en die lig van kennis in haar oë het sy vir hulle gesê Donnie Branca se lesing aan die publiek is uitstekend, maar daar is een groot leemte. Sou hulle dit regstel, sal die donasies aansienlik kan toeneem.

Sy het dadelik hul aandag gehad.

En toe verduidelik sy vir hulle hoe *branding* werk, handelsmerkposisionering. Elke produk het een “posisie” in ’n klant se kop. Soos met motorfabrikate: Een besit die posisie van “veiligheid” – Volvo. Een besit “bestuursplezier” – BMW. Een besit “betroubaarheid” – Toyota. Maar geen handelsmerk kan meer as een posisie besit nie. Mense se manier van dink laat dit nie toe nie. En wanneer ’n handelsmerk dit probeer, dan misluk dit, sonder uitsondering.

Vir Mogale, het sy met soveel kundige geesdrif gesê, geld dieselfde. Aasvoël-rehabilitasie is perfek. Dis oorspronklik, uniek, sterk, vars, aweregs – alles wat sterk posisionering vereis. Branca se lesing is die perfekte toonhoogte, dit vermaak, dit voed op, dis emosioneel, dit spreek sterk tot mense se harte. Tot hy die ander diere noem – die jagluiperds, wildekatte, luiperds en wildehonde. Dan word Mogale maar net nóg ’n handelsmerk wat alles vir almal probeer wees.

“Julle het twee keuses. Gee die soogdierprogramme ’n ander handelsmerk, of los dit heeltemal uit in die lesing. Julle maak die potensieële donateur sag vir aasvoëls. Hy sit daar en hy dink klaar hoeveel hy gaan gee vir dié fantastiese saak ... en dan vermenigvuldig julle sy keuses skielik, sonder rede, en hy weet nie meer waarvoor sy geld gebruik gaan word nie. As dit my plek was, het ek die ander diere uitgeskuif, weg van die roofvoëls

af, dit 'n ander sentrum met 'n ander naam gemaak, waar die lesing en die toer net op daardie spesie fokus.”

Ek het, op pad uit, gedink dit is bevestiging van my vermoede dat sy oor die ander dinge, die aanval, Jacobus ... “lieg” is seker nie die regte woord nie. Dit was my werk, vir amper twee dekades lank, om mense te lees vir bedreigende gedrag. En die beste rigtingwyser daarna is 'n verbreking van ritmes. Iemand wat uit pas is met 'n skare se vloei, mense wie se asemhaling, liggaamsbewegings of gesigspiertjies vreemde danse dans. En die ritmes van spraak – elkeen het sy eie, maar wanneer daar skielike en groot verandering is, beteken dit spanning en stres, die boesemvriende van die leuen.

Waarom en waarom sy lieg, kan ek maar net spekuleer. Mense fabriseer vir soveel onverklaarbare, ingewikkelde of eenvoudige redes. Soms net omdat hulle kan. Maar Emma moet 'n motivering hê. Dis wat ek dink op pad uit. Die volgende item op die oordenkingslys sou die formulering van 'n nuwe Lemmer-wet gewees het oor dierefanatici, maar ek kom nooit daarby uit nie, want toe ons uitleg by Mogale se hek, staan die silwer Opel Astra oorkant die pad en wag, blatant en opvallend.

Swart man agter die stuur, wit passasier.

Maar dit is die geweerloop wat die adrenalien aan die gang kry. Dit staan vertikaal voor die passasier, die loop sigbaar voor sy gesig, die vorm van die visier en blitsbreker identifiseer dit as 'n R4, of een van sy boeties.

Emma is met haar padkaart besig. Sy sien dit nie. Ek sê niks.

Die vuurwapen is die lyfwag se grootste enkele probleem, die ongewapende lyfwag se diepste vrees. Maar dit is nie my enigste bekommernis nie. Daar's ook die moontlikheid dat ek verkeerd is oor Emma, oor haar bedreiging, oor haar interaksie met die waarheid. Dit sal moet wag.

Ek draai in die teerpad in en ry. In die truspieël sien ek die Astra kom. Geen diskresie nie. Tweehonderd meter agter ons. Slegte teken.

Ek versnel stadig, ek wil nog nie hê Emma moet weet nie.

Die pad Klaserie toe is breed en reguit. Verby 130, die Astra raak vir 'n oomblik kleiner en dan vernou dit weer die gaping. Verby 150 en dit sit steeds daar.

“Ons sal deur Nelspruit moet ry, Barberton toe, en dan die R38 vat,” sê Emma ingedagte. “Dit lyk na die kortste ...” En dan kyk sy op en sê: “Ons is nie so haastig nie ...”

Ek haal my voet van die versneller af. Ek weet wat ek wil weet. Sy kyk na my. “Is jy O.K., Lemmer?”

“Ek wou net sien wat die BMW kan doen.”

Sy knik, goedgeelowig, en begin die kaart opvou.

“Wat dink jy van Wolhuter-hulle?”

Selfs al was daar nie ’n gewapende bedreiging kort op ons hakke nie, sou dit nie nou my gunstelingonderwerp wees nie. Ek hou nie van Wolhuter-hulle nie. Daar’s ’n Lemmer-wet wat konstateer dat hy wat moet sê: “Ek is nie ’n rassis nie, maar ...” júis een is. Daar’s die vaste wete dat Wolhuter en Branca nie vir haar alles vertel het wat hulle weet nie, en ek wil nie die een wees wat die nuus aan haar breek nie. Daar’s my beskeie mening dat die Mogale-rehabilitasiesentrum ’n ekologiese herrangskikking van die dekstoele op die *Titanic* is, soos die meeste groen inisiatiewe, maar nie een van dié dinge is nou baie belangrik nie.

Ek sal die Astra-probleem moet oplos. Ek hou my stem egalig, lig wanneer ek sê: “Emma, ek gaan netnou iets moet doen en ek het twee goed van jou nodig.”

“O?”

“Die eerste is dat jy presies moet doen wat ek sê, sonder om te twyfel en sonder om vrae te vra. Verstaan jy dit?”

Sy is nie dom nie. “Wat gaan aan?” vra sy met ’n bekommerde noot in haar stem en dan kyk sy om, agtertoe. Sy sien die Astra. “Is dit ... agtervolg hulle ons?”

“Die ander ding wat jy sal moet doen, is kalm bly. Asemhaling help. Hou jou asem stadig en diep ...”

“Lemmer, wat is dit?” vra sy benoud.

Stadig en rustig sê ek: “Luister wat ek sê. Kalm.”

“Ek ís kalm.”

’n Argument gaan nie nou help nie. “Ek weet jy is, maar ek soek jou nog kalmer. Ek soek jou so koel soos ’n ... komkommer.” Nie op my welsprekende beste nie. “Of ’n tamatie, of ’n blaarslaai, of iets,” sê ek, en dit werk.

Sy lag kort en senuagtig. “Ek dink dis die langste sin wat jy nog vir my gesê het.” Die benoudheid het afgeneem. Sy haal diep asem. “Ek is O.K. Wat gaan aan?”

“Die Astra is van Mogale se hek af al agter ons ... Moet asseblief nie weer omkyk nie. Ek sal dit moet hanteer. Afskud is nie ’n opsie nie, want

hierdie Opels kan byhou en ek ken nie die paaie goed genoeg nie ...”

“Ry polisie toe.” Só maklik. Hoekom het ek nie daaraan gedink nie?

“Ons kan dit doen. Maar die naaste polisie is sestig kilometer ver. En wat sê ons vir die polisie? Watter klag lê ons? Die probleem is, die passasier hier agter het ’n vuurwapen by hom. ’n R4-geweer. Hy het moeite gedoen om dit vir ons te wys. Dit laat my wonder waarom – en ek hou nie van een van die moontlike antwoorde daarop nie. Die beste ding wat ek nou kan doen, is om die geweer van hom af weg te neem. En dan hoor ons wat hulle storie is. Maar om dit te kan doen, moet jy my met die twee goed help. Kan jy dit doen?”

Haar reaksie is nie wat ek verwag nie.

“Hoekom kan jy nou praat, Lemmer?”

“Ekskuus?”

“Twee dae lank gee jy voor jy’s die ... stil, stupid tipe wat niks kan sê nie, oor niks kan gesels nie, en skielik stroom dit uit jou uit ...”

Stil en stupid. Maar ek kan dit vat. “Emma, ek ...”

“Ek sit en tjank voor jou, gisteraand, en jy sit net daar. Soos ’n klipmuur ...”

“Dis miskien nie nou ’n goeie tyd nie ...”

“’n Bouer? Wat huise regmaak? Jy kan dit vir Wolhuter sê, maar nie vir my nie.”

“Kan ons later daaroor praat?”

“Definitief.”

“Dankie.”

Sy reageer nie, staar net voor haar uit.

“Hier is ’n vulstasie hier voor. Ons het vanoggend verbygery. As ek reg onthou, is daar ’n kafee ook. Ek gaan by die petrolpompe stilhou en ons gaan dadelik uitklim en ons gaan in die kafee inloop. Nie te stadig nie, nie te vinnig nie, net flink, soos mense wat ’n bietjie haastig is. Reg so?”

“Ja.”

“Die belangrike ding is dat ons nie vir die Astra kyk nie. Nie eens vinnig nie.”

Sy sê niks.

“Emma?”

“Ek sal nie kyk nie.”

“En dan moet jy vir my in die kafee wag. Jy moet daar bly tot ek terug is. Dit is baie belangrik.”

“Hoekom daar?”

“Want dit is ’n baksteengebou wat skuiling bied teen ’n vuurwapen. Dit is publiek. Daar sal ander mense wees ...”

Sy knik, gespanne.

Ek haal my selfoon uit my sak. “Ek het nie jou selnommer hierop nie. Tik dit gou in.”

Sy neem die instrument en druk die nommer in.

“Druk nou die bel-knoppie.”

Dit duur ’n paar oomblikke voor haar selfoon lui.

“Nou kan jy dit weer afsit, dankie.”

Ek vat my selfoon by haar en sit dit terug in my sak.

“Onthou die asemhaling. Onthou die komkommer,” sê ek en dan sien ek die vulstasie en ek sit die flikkerlig aan.

* * *

Sy kyk nie vir die Astra nie, al is die versoeking groot.

Ons loop saam met die kafee se trappies op en in by die deur. Drie klante, ’n kort, gesette vrou agter die toonbank. Die reuk van sout en asyn.

“Bly daar agter,” beduie ek na die hoek waar die koeldrankkaste is, die stophorlosie in my kop wat loop.

Dertig sekondes.

Ek soek die agterdeur. ’n Wit houtafskorting bied toegang na ’n klein kombuisie, waar ’n swart vrou by ’n tafel ’n tamatie in skywe sny. Sy kyk verbaas op. Ek sit my vinger op my lippe en loop verby haar, na die houtdeur wat hopelik na buite lei. Ek draai die handvatsel, dit swaai oop.

Buite is vier, vyf motors in verskillende stadia van verval of herstel. Twee mans staan by een se enjinkap. Hulle hoor my voeteval as ek verbyloop na die soom van mopaniebos daaragter.

“Die toilet is daaikant,” roep die een.

Ek steek ’n duim in die lug, maar kyk nie terug nie, hou net aan stap, doelgerig, nie oorhaastig nie. Drukkend warm in die skerp son. Een minuut.

Die Astra sal my nie kan sien nie – dit is al wat belangrik is – want die motorhawe en kafee se gebou is tussen ons.

Ek haal die bome, stap nog twintig meter reguit aan, kyk vir die eerste keer om. Die bosse is dig, ek is onsigbaar. Ek swaai negentig grade regs en begin hardloop. Pyn in my voet waar die glasstuk gisternag gesny het. Daar is nie baie tyd nie. R4 en sy vriend sou hopelik stilgehou het. Hulle sal moet

nadink oor die situasie, 'n besluit neem. Die logiese een is om eers te wag. Vier, vyf, ses minute, om te sien of ons uitkom. Dit is wat ek het om mee te werk.

Ek hardloop ver genoeg sodat die vulstasiegebou nie meer die Astra sal verskuil nie. Draai weer regs, pad se kant toe. Draf nou, terug na die soom toe. Wil net eers sien waar hulle is.

Die Opel is deur die lang gras en bome sigbaar. Dit staan oorkant die pad, honderd-en-twintig meter terug van die vulstasie. Deure nog toe, damp by die uitlaatpyp, die enjin nog aan.

Twee minute.

Ek sal agter hulle die pad moet kruis. Draf weer dieper die bosse in, draai parallel met die pad, hardloop 'n slingerroete tussen boomstamme deur, die plantegroei dig. Tel die treë saam met die sekondes. Miershope, digte gras, bome.

Do you remember that one we found in the ant hill last month? Dick, vanoggend, oor die swart mamba. Dit sit 'n huppel in my draf.

Drie minute, sewentig meter.

Ek kry 'n voetpaadjie. Beesspore. Ek versnel. Negentig meter, honderd, honderd-en-tien, honderd-en-twintig. Warm en klam in my skoene. Die wond bloei weer. Ek swaai pad se kant toe. Slaan oor na draf, dan na stappas. Sweet loop teen my gesig af, teen my bors, teen my rug.

Die bos maak skielik oop. Ek steek vas. Die Astra is dertig meter na regs, sy agterkant na my toe. Enjin steeds aan. Hulle kyk vir die vulstasie.

Ek staan vir 'n oomblik, haal doelbewus stadig asem.

Vier minute. Hulle sal begin onrustig raak.

Die geluid van 'n motor wat van links af aankom. Ek sal dit kan gebruik. Wag daarvoor, as dit reg voor my is, hardloop ek gebukkend oor die pad, agter die motor verby, 'n bakkie met relings en 'n bruin koei met 'n verveelde uitdrukking agterop.

Swaai regs na die Astra toe, hardloop teen 'n doringdraad af, hopelik die insittendes se blinde kol. Vee sweet uit my oë. Twintig meter, tien, vyf en dan swaai die bestuurder se kop om, swart man, sy oë kyk in myne, sy mond maak 'n "o", hy sê iets. Passasiersdeur gaan oop en dan is ek daar, ruk dit verder oop. Die R4 is besig om uit te swaai, ek gryp die loop met my linkerhand, visier skraap diep in my palm, sweet en bloed maak dit glad, kry dit beet, ruk met geweld op en weg van my af. Slaan die wit man met my regterhand, so hard as wat ek kan, teen die neus. Harde kontak, pyn

skiet teen my arm op, voel sy kraakbeen breek. Sy greep op die geweer verslap.

Dis 'n R5, die korter weergawe van die R4. Ek kry dit met albei hande beet en ruk dit uit sy greep. Stamp hom teen die oor met die opvoukolf, hy maak 'n geluid.

Ek swaai die geweer om, haal dit oor, druk met my duim teen die veiligheidsknip. Dit was aan. Ek klik dit af, rig dit op die bestuurder.

“Middag, kêrels,” sê ek.

Die witte sê “hû ...” en bring sy hand stadig en onseker op na sy bloeiende neus wat nou teen sy regterwang sit.

14

Ek bel vir Emma. Sy antwoord met 'n benoude stem. "Lemmer?"

"Jy kan maar kom. Ek staan by die Astra, omtrent 'n honderd meter links van die garage." Ek verbreek die verbinding.

Sy kom by die kafee se deur uit en draf in my rigting. Voor my in die gras lê die mans langs mekaar, gesigte in die stof, hande agter die rug. Ek hou die R5 op die swart man gerig. Die witte sal nie moeilikheid gee nie.

Emma kom nader. Haar oë is groot as sy die toneel inneem, die bebloede, skewe neus. Ek hou 'n identiteitskaartjie na haar toe uit, die swart sersant s'n. "Hulle is polisie," sê ek vir haar. "Jack Phatudi se manne."

"Polisie?" Sy sweet ook, vee dit ergerlik van haar voorkop af en neem die kaartjie.

"Julle is diep in die kak," sê die wit konstabel.

"Mens praat nie só as daar dames in die gesprek is nie, ou seun," sê ek en staan nader aan hom.

"Hoekom het julle ons agtervolg?" vra Emma.

"To protect you," sê die swart sersant.

"From what?" vra Emma.

Ek het dit ook gevra – en dieselfde stilswye gekry.

"Staan op," sê ek en haal die R5 se magasyn uit. Hulle kom orent, die konstabel met 'n bietjie meer moeite as die sersant. Ek draai die geweer om en gee dit kolf eerste vir skeweneus terug. Ek druk die magasyn in my sak. "Julle pistole is in die Astra."

"You are under arrest," sê die sersant.

"Get Jack Phatudi on your cell phone."

"Are you resisting arrest?" Maar sonder toewyding.

"Call Phatudi, and let the lady talk to him."

Hy is nie 'n groot man nie, twintig sentimeter korter as ek, en skraal. Hy is ongelukkig en ek vermoed hy is nie lus om die inspekteur te bel en te

vertel nie.

“Just give me his number,” sê Emma, al klaar met haar selfoon in die hand.

Hy hou meer van dié opsie. Hy resiteer die nommer. Emma druk dit in haar foon. Ek loop oor na die konstabel toe.

“Ek kan jou met die neus help,” sê ek.

Hy gee ’n tree terug. “Ek gaan jou toesluit, jou d ...” Hy byt die woord af en kyk na Emma.

“Maak soos jy wil.”

“Inspekteur?” sê Emma in haar selfoon. “Dis Emma le Roux. Ek staan langs die pad by Klaserie met twee van jou mense wat sê hulle agtervolg ons omdat jy gesê het hulle moet.”

Sy luister. Ek kan Phatudi se stemtoon vaagweg hoor, driftig en kwaad, maar nie die woorde wat hy sê nie.

“Wie?” vra sy eindelijk, bekommerd. Dit word ’n eensydige gesprek. Emma onderbreek nou en dan die lang luisterstiltes met vrae en stellings:

“Maar hoe, inspekteur? Ek het met niemand ...”

“Maar dis nie waar nie.”

“Hoekom het jy nie net vir ons laat weet nie?”

“Ja, maar nou staan hier een met ’n gebreekte neus.”

“Nee, inspekteur. Jý’s die een wat vanoggend niks wou sê nie, want dit is sub judice.”

“Ek is seker ons sal sonder julle beskerming kan oorleef.”

“Dankie, inspekteur,” sluit sy af met dieselfde ysigheid as toe Wolhuter haar “Emmatjie” genoem het. Sy hou die selfoon na die swart sersant toe uit en sê: “He wants to speak to you.”

* * *

“Daar is mense wat kwaad is vir my,” sê Emma as ons weer ry, Witrivier se kant toe.

Ek weet nie wat Phatudi vir die sersant gesê het nie. Hul gesprek was in sePedi en toe dit eindelijk klaar was, het die swart sersant die bosse ingekyk en gesê: “You must go,” met ’n diepe ontevredenheid.

Nou sit Emma met haar bene opgetrek, haar voete op die BMW se passasiersitplek, arms om die knieë. “Dis wat Phatudi sê. Daar’s mense wat gehoor het Jacobus is my broer en dat ek ’n prokureur gebring het om hom los te kry. Kan jy dit glo? Hy sê hy hoor allerhande gerugte en nou is hy

bekommerd oor ons veiligheid. Een storie is dat ek weet waar Jacobus is. En dat ek vir ander mense die skuld vir die moorde wil gee. Dat ek saam met Mogale werk om die grondeis te beduiwel. Toe vra ek vir hom wie sê al dié goed, en hy kan nie antwoord nie. Maar hy is die enigste een wat weet hoekom ek hier is. Hý.”

En die mense wat in Hoedspruit se aanklagkantoor was, maar sy het seker daarvan vergeet.

Sy skud haar kop ergerlik en kyk na my. “Hoekom moet dit só wees, Lemmer? Hoekom is daar nog steeds so baie haat in hierdie land? Wanneer gaan ons aanbeweeg? Wanneer gaan ons kom by ’n punt waar dit nie gaan oor ras en kleur en die geskiedenis nie, maar net oor reg en verkeerd?”

Wanneer almal ewe ryk of arm is, dink ek. Wanneer almal ewe veel grond en besittings het. Of wanneer almal niks het nie.

Sy is nie klaar nie. “Maar dit help nie ek vra ’n klipmuur nie, want jy het seker die een of ander klousule geteken wat sê jy mag nie oor so iets praat nie.” Haar hande kom los, praat ergerlik saam. “Wat is jou storie, Lemmer? Is jy altyd stil-bedonnerd, of hou jy net nie van my nie? Ek is seker maar vaal teen al die belangrike en bekende mense wat julle moet oppas.”

Ek vermoed wat haar regtig frustreer, is dat haar mooi, klein oulikheid nie werk soos dit moet nie. Nie met Phatudi nie, nie regtig met Wolhuter nie en ook nie met my nie. Welkom in die regte wêreld, Emma le Roux.

“Ek verstaan dat jy kwaad is,” sê ek.

“Don’t patronise me.” Sy laat haar knieë sak, draai haar skouers weg van my af en kyk by die venster uit.

Ek hou my stemtoon hoflik. “Om my werk te kan doen, moet ek ’n sekere professionele afstand hou. Dit is een van die basiese beginsels van my beroep. Ek hoop jy sal verstaan: Dit is ’n ongewone situasie hierdie. Gewoonlik ry die lyfwag nie eens in dieselfde kar as die kliënt nie, ons eet nooit aan dieselfde tafel nie, ons word nooit by gesprekke betrek nie.”

Om nie te praat van Lemmer se Eerste Wet nie.

Dit neem haar ’n rukkie om dit te verwerk. Sy draai terug na my toe. “Dis jou verskoning? Professionele afstand? Wat dink jy is ek? Onprofessioneel? Ek het ook kliënte, Lemmer. Met wie ek ’n professionele verhouding het. Wanneer ons werk, dan is dit werk. Maar hulle is mense ook. En ek beter hulle as mense sien en as mense respekteer, want anders is daar geen sin in wat ek doen nie. Gisteraand het ons nie gewerk nie, Lemmer. Ons het soos twee mense teenoor mekaar gesit by ’n etenstafel ...”

“Ek sê nie ...”

Die kwaad maak haar stem diep en dringend. “Weet jy wat is die probleem, Lemmer? Ons leef in die era van die selfoon en die iPod, dit is die probleem. Oorfone. Almal het oorfone en almal leef in hierdie klein, eng wêreld waarin niemand iemand anders wil hoor nie, elkeen wil net na sy eie musiek luister. Ons sluit onself af. Ons gee nie meer vir ander om nie. Ons bou mure en veiligheidshekke, ons wêreld raak al hoe kleiner, ons is in kokonne, in klein, veilige plekkies. Ons praat nie meer nie, ons hoor mekaar nie meer nie. Ons ry werk toe, elkeen alleen in sy eie kar, in sy eie dop van yster, en ons hoor mekaar nie. Ek wil nie só leef nie. Ek wil mense hoor. Ek wil mense ken. Ek wil vir jǃu hoor. Nie wanneer jy praat as die stil, sterk lyfwag nie. As ’n mens. Met ’n geskiedenis. Met menings en perspektiewe. Ek wil daarna luister en my eie menings toets en aanpas, want hoe anders gaan ek groei? Dit is hoekom mense rassiste word, en seksiste en terroriste. Omdat ons nie praat nie, omdat ons nie luister nie, omdat ons nie wéét nie, omdat ons net in ons eie koppe leef,” dit alles in volledige, vloeiende sinne en dan is sy klaar en sy maak ’n gebaar van frustrasie met haar klein, fyn hande.

Sy vang my amper, dit moet ek erken. Vir ’n oomblik wil ek swig voor die versoeking om te sê: “Dis reg, Emma le Roux, maar dis nie al nie.” Maar dan onthou ek dat ek ’n aanhanger van die Jean-Paul Sartre-skool van filosofie is as dit by mense kom en ek sê bloot: “Jy moet darem erken dat ons werk so ’n bietjie verskil.”

Sy skud net haar kop stadig en haal haar skouers hulpeloos op.

Ons ry vir langer as ’n uur in stilte verder, deur Witrivier en Nelspruit, dan die goddelike landskap anderkant die dorp – die berge, die uitsigte, die slingerende pad teen die platorand op, Badplaas toe, tot by die ingang van die Heuningklip Wildlife Preserve. Geen oordadige ingang nie, net ’n hoë draadhek in die wildheining en ’n klein bordjie met die naam en ’n selfoonnommer. Die hek is gesluit.

Emma bel die nommer. Dit neem ’n ruk voor iemand antwoord. “Mnr. Moller?”

Hy antwoord klaarblyklik bevestigend. “My naam is Emma le Roux. Ek sal baie graag met u wil praat oor Cobie de Villiers.”

Sy luister, sê: “Baie dankie,” en sit die selfoon af.

“Hy stuur iemand om oop te sluit.” Nukkerige stemtoon.

Tien minute van stilte voor 'n jong wit man in 'n blou oorpak met 'n bakkie aangery kom. Hy sê sy naam is Septimus. Sy een oog is skeel. "Oom Stef is in die stoor. Ry agter my aan."

* * *

"Ai, my hartjie, ek moet eerlikwaar sê dit lyk nie na Cobie nie," sê Stef Moller, die multi-miljoenêr, verskonend en gee die foto versigtig, met vuil vingers, vir Emma terug.

Hy staan in 'n groot sinkgebou by 'n trekker waaraan hy gewerk het toe ons ingekom het. 'n Warboel van gereedskap, onderdele, dromme, kanne, staalrakke, werksbanke, blikke, verfkwaste, koffiebekers, ou buitebande, die reuk van diesel en lusern.

Dit is jou standaard-plaasstoor. Met iets wat iewers my aandag vaagweg wil trek. Miskien net die teenstelling tussen verwagting en werklikheid.

Daar is olie op Moller se verbleikte T-hemp en denim. Hy is naby aan sestig, lank en feitlik heeltemal bles. Sterk werkershande. Sy oë is groot en knippend agter die groot goueraambril, en hy praat pynlik stadig, soos 'n kraan wat drup. Hy lyk nie na 'n ryk man nie.

Emma neem die foto sonder 'n woord terug. Sy kan nie haar teleurstelling wegsteek nie. Die dag begin sy tol eis.

"Ek is jammer," sê Moller opreg.

"Dis O.K." sê Emma. Sy bedoel dit nie.

En dan staan ons in stilte in die skemer van die stoor. Die sinkdak kraak in die hitte. Moller se oë knip-knip. Hy kyk na my, na Emma, terug na my.

Amper teësinnig sê sy: "Meneer Moller, hoe lank het hy by u gewerk?"

"Ek is sommer net Stef, my hartjie." Hy huiwer vir 'n oomblik, asof dit vir hom 'n groot besluit is. "Miskien moet ons iets gaan drink daar bo," en hy beduie met 'n vuil vingernael na die huis se kant toe.

Ons loop uit en ek kan nie ontslae raak van die gevoel dat ek iets gesien het wat belangrik is nie.

* * *

Die opstal is sonder karakter, wit huis, verbleikte sinkdak, gebou in die verbeeldinglose sewentigs, dalk later opgeknep. Ons sit op die stoep van geplaveide betonblokke. Ek stil my honger uit 'n groot bak biltong en drink drie glase koeldrank. Moller het verskoning gemaak toe hy self die goed op 'n skinkbord aangedra het. "Dis net ek en Septimus, hier's nie ander arbeid nie. Ek het ongelukkig net Coke, is dit reg?"

Emma het “Natuurlik” geantwoord.

Nou vertel hy sy storie vir Emma. Ek kan sien hy hou van haar op ’n skaam, apologetiese manier.

Hy sê hy onthou vir Cobie de Villiers goed. “Hy het hier aangekom in vier-en-negentig, Maartmaand, dink ek, in so ’n verrinneweerde ou Nissan 1400-bakkie.” Hy praat afgemete en sonder haas, soos iemand wat vir ’n dommerige sekretaresse dikteer. “Daardie tyd het ek nog nie die hek gesluit nie. Toe kom klop hy aan die deur.”

Toe Moller oopmaak, het die jong man met ’n bofbalpet in die hand daar gestaan en gesê: “Oom, ek het gehoor jy maak ’n reservaat.”

Moller het gesê dit is so.

“Dan wil ek graag vir jou werk.”

“Daar is baie wildplase wat werk vir veldwagters het ...”

“Hulle soek gidse om toeriste rond te vat, oom. Ek wil nie dit doen nie. Ek wil met die diere werk. Dis al wat ek kan doen. Ek het gehoor oom gaan nie in vir toeriste nie.”

Daar was iets aan Cobus, ’n eenvoud van determinasie, ’n opregte toewyding, waarvan Moller gehou het. Hy het hom ingenooi, en gevra of hy verwysings het.

“Nee, oom, ek het nie. Maar ek het twee hande wat enigiets kan doen en oom kan my vra oor bewaring. Enigiets.”

Toe vra Moller hom of dit goed sal wees om lalapalms op die reservaat te plant.

“Nee, oom.”

“Hoekom nie? Dis goeie kos. Vir die vrugtevlermuise. En die ape en olifante en bobbejane hou van die neute ook ...”

“Is so, oom, maar dis ’n Laeveld-boom. Hier is dit al ’n bietjie hoog bo seespieël.”

“En tamboti?”

“Tamboti is goed, oom. Dis sy wêreld dié. Plant hom by die riviere, hy hou van water.”

“Is dit goed vir die wild?”

“Ja, oom. Tarentale en fisante vreet die vrugte en koedoe en njala hou van die blare wat afval.”

“Tamboti is lekker vuurmaakhout,” het hy hom sy finale toets gegee.

“Net nie vir braai nie, oom. Dan maak dit mens siek van die gif.”

En dit was genoeg. Cobie de Villiers het daardie aand in 'n opgeknapte arbeidershuis ingetrek en vir drie jaar gewerk soos wat Stef Moller nog nie iemand sien werk het nie – van sonop tot laataand, sewe dae per week.

“En van die natuur het hy net omtrent alles geweet. Ek het by hom geleer. Baie.”

“Het hy ooit oor sy verlede gepraat? Waar al sy kennis vandaan gekom het?”

“Ai, my hartjie ...” Stef Moller haal sy bril af en begin dit met sy vuil T-hemp skoon vryf. Sy vaalblou oë lyk nou weerloos sonder die beskerming van die dik lense. “Mense ...” Hy sit die bril weer op. “Hulle kom hier aan en hulle wil nie hoor van hoe ons die veld gesond gemaak het nie. Hulle vra ander vrae. Waar kom ek vandaan? Hoe het ek my geld gemaak? Ek hou nie daarvan nie. 'n Man se verlede ... Jy meet nie 'n man aan hoeveel foute hy in die lewe gemaak het nie, jy meet hom aan hoeveel hy uit sy foute geleer het ...” En dan bly hy stil, asof hy haar vraag beantwoord het.

Emma aanvaar dit klaarblyklik as 'n “nee”. “Hoekom het hy jou diens verlaat?” vra sy.

Moller se oë knip kwaai. “Ek weet nie ...” Hy haal sy skouers op. “Hy het nooit gesê nie. Hy't gevra vir twee weke verlof. En toe is hy net hier weg. Nie eens al sy goed saamgevat nie. Miskien ...” sê hy en kyk in die verte, waar die son laag oor die groen bult sit.

“Miskien?” por Emma hom aan.

“Die meisie,” sê Moller sag. “Miskien het dit iets met die meisie te doene gehad. Daardie laaste paar weke voor hy weg is ...” Hy gaan dwaal iewers in sy gedagtes, kom skielik terug. “En toe kom vra hy vir my of hy verlof kan kry. Die eerste keer in drie jaar. Ek het gedink hy wil haar iewers heen vat, maar toe kom seek sy hom, 'n ruk daarna. Ons het hom nie weer gesien nie ...”

“Waarheen het hy gegaan?”

“Hy't nie gesê nie. Vir niemand nie.”

“Wanneer was dit?”

“Sewe-en-negentig,” sê hy sonder om te huiwer. “Augustus.”

Emma sit vir 'n oomblik stil, asof die inligting insiggewend is. Dan maak sy haar handsak oop en haal 'n pen en 'n vel papier uit. Dit is die webwerf-uitdruk van die Mohlolobe Private Game Reserve. Sy draai die bladsy op die tafel om en skryf iets agterop. Dan kyk sy op na Moller.

“Ek sal graag met die meisie wil gesels.”

“Sy’t hier by die oord gewerk.”

“Wat was haar naam?”

“Melanie,” sê hy die verafrikaanse vorm met ’n lang “a”, en met net ’n skimp van afkeer in sy stem. Miskien is dit hoekom hy dan haastiger en neutraal sê: “Melanie Lottering.”

Emma skryf dit ook neer.

Moller knip sy oë, kyk na haar en sê met verwondering: “Jy glo vas dis jou broer.”

Haar stem is byna onhoorbaar as sy antwoord: “Ja.”

* * *

Emma vat haar handsak en is reg om op te staan, maar dan huiwer sy en sê, baie versigtig: “Sal jy omgee as ek een vraag oor die reservaat vra?”

Hy knik. “Jy wil weet hoekom. Jy wil weet wat is die nut as hier nie toeristegeriewe is nie.”

“Ek is jammer, is dit wat almal ...”

“Nie almal nie. Party. Maar ek verstaan. Dis seker moeilik om te begryp as iemand ’n bietjie anders optree. Mense verwag dat jy sal geld uitgee om geld te maak. Jy maak ’n reservaat sodat ander mense kan betaal om te kom kyk. En as jy dit nie doen nie, dan wonder die meeste wat jy wegsteek. Dis net natuurlik ...”

“Ek het dit regtig nie so bedoel nie.”

“Ek weet jy het nie. Maar die meeste dink so. Dit is een van die redes waarom ek die hek by die ingang sluit. Want hulle het hier ingekom en kom vra. En die meeste verstaan nie my antwoord nie, hulle het hier weggery met koppe wat so skud. Of miskien het hulle verstaan, maar nie van die antwoorde gehou nie. Hulle wou die reg hê om te sien, om te geniet, om in die reservaat te ry en vir die kinders die diere te wys.”

Moller kyk in die rigting van die hek en sê met heimwee: “Cobie het verstaan. Heeltemal ...” Dan keer sy blik terug na Emma. “Maar kom ek gee jou my antwoord, dan kan jy self besluit.”

Hy orden oogknippend sy gedagtes. “Tot tienduisend jaar gelede was ons jagters en versamelaars. Almal. Op elke kontinent en elke eiland. Ons het in klein groepies rondgetrek agter kos en water aan, volgens die beskikbaarheid daarvan. Ons was deel van die natuur se balans. Ons het in pas met die ekologie geleef, in dieselfde ritme. Vir derduisende jare. En in ons gene was daar die beginsel van ‘as dit reën, dan skep jy’. As daar

oorvloed is, dan geniet jy dit, want die maer jare sal kom. Dis nie uniek nie, alle diere is so. En toe vind ons uit hoe om beeste en bokke mak te maak en ons leer grassade saai en toe verander alles. Toe trek ons nie meer rond nie, ons maak dorpies en ons vermeerder en ons saai en ons beeste en skape en varke begin op een plek wei en ons verloor die natuur se ritme. Verstaan jy nog sover?”

Emma knik.

“Ek sê nie dit is verkeerd dat dit gebeur het nie. Dit was onafwendbaar, dit was evolusie. Maar dit het groot implikasies gehad. Die geleerdes sê die plek waar ons die eerste keer begin boer het, was in die Midde-Ooste, die vrugbare halfmaan van Irak in die Ooste, deur Sirië en Israel tot by Turkye. Gaan kyk vandag hoe dit daar lyk en jy kan nie dink hulle praat van ’n “vrugbare” halfmaan nie, want dis nou net woestyn. Maar tienduisend jaar gelede was dit nie. Dit was grasvelde en bome, ’n gematigde klimaat, goeie grond. Die meeste mense dink die klimaat het verander, dis hoekom daar vandag niks is nie. Die eienaardige ding is, die klimaat is omtrent nog dieselfde. Dis vandag ’n woestyn omdat die mens met sy boerdery die Midde-Ooste uitgeput het. Oorbewei, oorbesaai en oorbenut. Want ons het nog steeds daardie ding in ons wat sê ons moet ’n oorvloed ten volle benut, want môre het jy dalk nie meer nie.”

Moller is nie die natuurlike, evangeliese spreker wat Donnie Branca is nie. Sy stemtoon is sagter, sy intonasie oneindig hoflik, maar die geloof in wat hy sê, is ewe onwrikbaar. Emma sit vasgenaël, geboei.

“Ons kan nie die geskiedenis terugdraai nie. Ons kan nie tegnologie en boerdery wegwens nie en ons kan nie mense se natuur verander nie. Nes ’n pou met langer, kleurvoller stertvere ’n beter kans staan om te paar, so maak ons vandag staat op die getal beeste in ons kraal, of die naam wat op ons kar in die garage staan. Dis hoekom geld alles regeer. Die mens is nie regtig in staat tot bewaring nie, al maak ons al die regte geluide. Dit is nie in ons natuur nie. Of jy nou van die ontginning van olie of die uitkap van bosse vir brandhout praat, die omgewing sal verloor. Die enigste manier om vandag regtig ekologiese balans te kry, is om die mens uit te hou. Heeltemal. Die hele konsep van openbare reservate is besig om te faal, of dit nou nasionale, provinsiale of private parke is. Weet jy hoeveel witrenosters is hierdie jaar al in wildduine in hierdie land doodgeskiet vir hul horings?”

Emma skud haar kop.

“Ses-en-twintig. Waarvan twintig in Kruger was. Hulle het twee veldwagters gearresteer – die mense wat die diere moet oppas. En in KwaZulu het twee wit mans helder oordag met ’n bakkie in die Imfolozi-park ingery, twee renosters geskiet, die horings afgesny en uitgery. Want almal weet daar is renosters. Dit is hoekom ek my hekke gesluit hou. Hoe minder hulle weet, hoe groter is die kanse dat my diere sal oorleef.”

“Ek verstaan.”

“Dis hoekom ek nie ’n toeristeplek wil hê nie. Want as jy daarmee begin, raak dit al hoe moeiliker om te beperk. In Kruger is die verblyfgeriewe al klaar te min, die aanvraag word net groter. Nou gaan hulle nog bou. Waar is die afsnypunt? Wie bepaal dit? Nie die ekoloë nie, dit weet ek. Want die druk is polities en finansieel. Toerisme het ons land se lewensbloed geword. Dit skep werk, dit bring buitelandse valuta, dit word ’n monster wat jy moet aanhou voer. Daardie monster gaan ons opvreet, eendag. En dan gaan daar net plekke soos Heuningklip oorbly. Maar ook nie vir altyd nie, want niks bly staan voor die mens nie.”

OceanofPDF.com

15

Ons wag vir die bestuurder in die Aventura Badplaas-vakansieoord se braairestaurant terwyl hy probeer uitvind waar Melanie Lottering nou werk.

Na al die biltong by Moller eet ek 'n bord groente en slaai. Emma bestel vis en slaai. Sy praat nie meer as die noodsaaklike nie. Halfpad deur die ete kom die bestuurder terug met 'n stukkie papier in sy hand.

“Sy werk nog by ons Bela-Bela-oord. Hulle het ook 'n spa.” Hy gee die nota aan Emma. “Sy’s intussen getroud – haar van is nou Posthumus. Dis die nommers.”

Emma bedank hom.

“Sy was baie goed met die gaste. Ek was jammer toe sy weggegaan het.”

“Watse werk het sy gedoen?”

“Skoonheidsterapeut. Jy weet, herbal baths, masserings, thalasso treatments, full body mud wraps ...”

“Wanneer is sy hier weg?”

“Jislaaik, ek sal moet dink ... Drie jaar gelede, omtrent.”

“Hoe ver is Bela-Bela van hier af?”

“Dis 'n entjie ... So net oor die driehonderd kilo's. Die kortste pad is oor Groblersdal en Marble Hall.”

“Baie dankie.”

Hy verskoon homself, en dan haal Emma haar selfoon uit en begin bel, Bela-Bela toe.

* * *

As ons ry, is dit al donker.

“Dit gaan 'n lang dag wees, Lemmer, ek hoop nie jy gee om nie,” sê Emma. Sy klink moeg.

“Ek gee nie om nie.”

“As jy wil hê ek moet bestuur ...”

“Dit is nie nodig nie.”

“Môre kan ons laat slaap. Daar’s niks meer wat ek kan doen nie.”

En dan? wil ek vra. Sal sy terug Kaap toe en wag tot Cobie de Villiers weer eendag sy verskyning maak? Sal sy hoop iemand soos Wolhuter sal haar op die hoogte hou?

Sy klik die dakliggie aan, haal die vel papier en pen uit en maak ’n paar notas daarop. Dan sit sy die lig weer of en leun terug in die sitplek. Sy sit so lank doodstil dat ek vermoed sy slaap. Maar dan is haar oë oop. Sy staar na die donker nag buite en die halogeenligte se helder baan voor ons.

* * *

Melanie Posthumus sit op die rusbank van die personeelhuis in die Bela-Bela-oord met ’n kind op haar skoot.

“Dit is Jolanie. Sy’s twee,” sê sy ingenome as Emma vra.

“Dis ’n uitsonderlike naam,” sê Emma.

“Ons het ’n anagram gemaak met my man se naam en myne. Hy’s Johan, hy’t ’n funksie vanaand, hy’s die catering manager. Dis daai tyd van die jaar ... Maar ons noem haar somer Jollie, sy’s so vol sonskyn, jy weet.”

Melanie is met die eerste oogopslag mooi – swart hare, blou oë en ’n vlekkelose vel, die soet Cupido-boog van die rooi mond ’n konstante uitnodiging. Sy praat met die aksent van Johannesburg se Afrikaanse voorstede, daardie aangeplakte infleksie wat van ’n “a” ’n “ô” maak. En haar gebruik van “anagram” is nie ’n goeie teken nie.

“Ek sal netnou vir ons iets maak om te drink, ek moet net eers vir Jollie aan die slaap probeer kry, sy’s lekker vaak en as dit oor haar slaaptyd gaan dan kry sy tweede asem en dan is dit pajama drill on the gravy yard shift, soos Johan altyd sê ...”

“Ek weet dit is nie ’n goeie tyd nie,” sê Emma.

“Nee, moenie daaroor worry nie, julle het so ver gery en ek is al baie nuuskierig, hoe ken jy vir Cobie? Jy weet, ek was so kwaad vir hom, vir lank, maar jy kan nie vir altyd kwaad bly nie, jy moet closure kry en jy moet aangaan met jou lewe, you must follow your destiny,” sê sy en kyk betekenisvol na die kind wat grootoog en wakker op haar skoot lê. “Dis soos Brad en Angelina, jy weet, hulle moes net wag tot hulle by mekaar kon uitkom.”

“Dis ... ’n lang storie ... ek het Cobie lank gelede geken en ...”

“Soos in boyfriend en girlfriend?”

“Nee, nee, soos in familie ...”

“Ek wou net sê, nie jy ook nie ...”

“En ek probeer hom nou opspoor ...”

“Familie? Dis snaaks, weet jy, hy’t vir my gesê hy’s ’n weeskind, hy het nie familie nie.”

“Miskien is hy nie die Cobie wat ek geken het nie. Dit is wat ek probeer uitvind,” sê Emma met groot geduld. Ek wonder hoe teleurgesteld sy is oor hierdie voëltjie van ’n vrou wat dalk haar “broer” se liefde was.

“O, O.K., ek wou net sê ...”

“Ek probeer met almal praat wat hom geken het, sodat ek sekerheid kan kry ...”

“Soos in closure,” val Melanie haar in die rede en skud haar kop met begrip. “Ek verstôn hieltemôl.”

Emma se selfoon lui skielik skril. Die baba se oë gaan oop, die gesiggie verkreukel in ongelukkigheid. “Ek is baie jammer,” sê Emma en druk ’n knoppie om dit af te skakel.

Jollie-Jolanie se oë sak weer stadig toe.

“Jy het hom leer ken toe hy op Heuningklip gewerk het?” vra Emma gedemp en sit die selfoon in haar handsak.

“Ja. Dit was serenity as ek dit al ooit gesien het. Ek het van Carolina se kant af gekom, ek het so ’n wit Volkswagen Golfie gehad, sy naam was Dolfie, hy’t my nooit moeilikheid gegee nie. Nóóit. En toe voel ek iets is nie reg nie en ek stop en toe’s dit ’n pap wiel en ek kon nie eens onthou waar die spaarwiel is nie. En toe kom Cobie verby, hy was koöperasie toe om goed te gaan haal met sy bakkie, en al wat hy sien, is hierdie meisie wat met haar arms op haar sye langs haar pap wiel staan en toe stop hy. Is dit nie serenity nie?”

Eers met die tweede gebruik van die woord snap ek sy bedoel seker “serendipity”.

“Dit is,” sê Emma. Haar gesig verrai niks nie.

“Toe begin ons chat. Eintlik ek, ek is mos ’n vreeslike chatterbox, en hierdie mooi outjie is so skaam en stil en hy haal die spaarwiel uit en toe’s dit óók pap. Toe ry ons met sy bakkie na die BP toe langs die oord en ek vra hom waar hy werk en wat hy doen en so. En toe hy sê Heuningklip toe kan ek nie ophou uitvra nie, want almal het geweet van Stef Moller, hy’s mos hierdie multi-millionaire wat al hierdie plase kom koop het en weer mooi gemaak het, maar niemand weet waar sy geld vandaan kom nie, en hy bly daar in daardie ou huisie en hy praat nie eintlik nie. En Cobie sê Stef is ’n

wonderlike mens wat net die veld wil gesond maak sodat die natuur kan balanseer en ek vra: ‘Hoe werk dit?’ en toe begin Cobie my vertel. En dis toe ek op hom verlief geraak het, want toe hy praat oor die veld en die diere en die ekonomie toe sien jy die regte Cobus, die een agter die skaamte. Toe vra ek hom wat is sy gunstelingdier en hy sê ‘die ratel’. En ek vra hom ‘hoekom’ en ons het daar langs die pad by Dolfie gesit, in sy bakkie, en hy vertel stories oor ratels en toe praat hy met sy hele lyf, sy oë en sy hande en alles ...”

Melanie Posthumus se blou oë blink en sy kyk skuldig na die baba op haar skoot. Die kind se oë is toe en die mondjie, identies aan haar ma s’n, is oop.

Haar stem daal ’n oktaaf as sy sien die kind slaap. Sy vee met haar hand die vogtigheid uit haar oë. “Dis toe ek verlief geraak het. En toe loop hy net weg. Maar ek het closure, al raak ek partykeer nog so bietjie ...”

“Hoe lank het julle uitgegaan?”

“Sewe maande ...”

Emma moedig haar aan met ’n knik van die kop.

“Aan die begin ... Cobie was so skaam. Ek het ’n week gewag ná die pap wiel, toe hoor ek niks van hom nie, toe vat ek vir hom ’n gift pack van Badplaas se apteek af om dankie te sê en toe’s hy weer in sy dop ingekruip. Toe sê ek kry ’n vrou nie koffie op hierdie plaas nie en ek sien hy’t nie regte gordyne in sy huisie nie en ek sê ek sal vir hom gordyne maak en hy sê nee, dis nie nodig nie. ’n Vrou weet mos as ’n ou van jou hou en ek kon sien agter die skaamte kyk hy vir my en toe weet ek ek moet net patient wees. Toe het ek die Saterdag uitgery en die vensters gaan meet en Nelspruit toe gery en vir hom sulke mooi geel materiaal gaan kry wat vrolik is en die volgende naweek toe help hy my om dit op te hang en toe sê ek: ‘Jy kan nou maar vir my dankie sê,’ en toe hy aan my vat, toe bewee hy, sy hele lyf ... Ek dink dit was sy eerste keer ...”

* * *

Ons ry eers ná elf terug Mohlolobe toe, vierhonderd kilometer met die N1 oor Polokwane en dan regs op die R71. Emma sit lank met oop oë wat nie sien nie. Nog voor Tzaneen sak haar kop stadig na haar skouer en sy slaap, te moeg om met al die skimme te baklei.

Ek kyk na haar en daar is die impuls om haar jammer te kry. Om met my hand oor haar kort hare te streel en met groot begrip en deernis te sê:

“Emma le Roux, jy is die Don Quijote van die Kaap, jy bestorm Laeveldse windmeulens met sinnelose dapperheid, maar dit is nou tyd om huis toe te gaan.”

Melanie Posthumus het vir haar vertel Cobie de Villiers kom van Swaziland af. Hy het die storie vir haar stukkies vir stukkies vertel: Hy het daar, in ’n weeshuis in Mbabane, grootgeword nadat sy ouers in hul plaaswinkel tydens ’n rooftog vermoor is. Hy het nie familie nie. Hy het ná skool eers as assistent-wildbewaarder gewerk, later werk gekry by die maatskappy wat die ekologiese skade aan die Swazi’s se ou Bomvu Ridgeystermyn moes herstel en hy het vir haar wonderlike stories daarvoor vertel – van hoe argeoloë saam met hulle gewerk het om die oergeskiedenis na te spoor. “Dit is die oudste myn in die wêreld, jy weet,” het Melanie gesaghebbend gesê. “Daar’s Afrika-mense wat al 40 000 D.C. goed uit die grond gehaal het.” Die “dee cee” met onbeskroomde selfvertroue.

Sy het gesê: “Cobie was ’n outlander, jy weet.” Hy wou glo nie by die oord sosialiseer nie, ondanks die stroom van uitnodigings, want die personeel is ’n geïsoleerde groep wat op hulself aangewese is en dikwels saam braai en dans en kuier. Hy het haar saam veld toe geneem wanneer sy ’n dag af gehad het en dan het die “regte” Cobie voor haar oë verskyn, dan het hy gelêef, dan het die son deur hom geskyn en sy skaamte verdwyn. Hulle het onder die sterre geslaap en langs ’n vuurtjie in die veld het hy vir haar gesê hy het by Stef Moller sy nis gevind, hy wil vir altyd hier bly, daar is so baie planne, so baie werk. Moller se plase dek al vyftigduisend hektaar, die mikpunt is meer as sewentigduisend, want dan kan hulle leus en wildehonde ook hervestig, maar nie al die aangrensende boere wil verkoop nie.

Sy was die een wat van trou begin praat het, “want Cobie was te skaam”. Dit was asof hy die skimpe aanvanklik nie eens kon hoor nie, later het hy darem begin sê: “Miskien, eendag.” Melanie het ’n verduideliking daarvoor gehad. “Hy wêls net te gewoond aan by homself wees, jy weet.” Sy het hom gehelp om die gewoonte af te leer. Vir hom laat verstaan sy sal hier op die reservaat by hom kom bly, sy sal vir hom huishou, saam met hom veld toe gaan, sosiaal geen druk op hom sit nie. Tot hy ’n geesdrif vir die idee begin ontwikkel het – op sy stil manier.

Ek het my eie teorie oor hoe sy die geesdrif aangewakker het.

“En toe een ônd toe kom hy na die oord toe en hy is bôie ernstig en hy sê voor ôns kôn trou, is daar eers iets wat hy moet doen, hy gôn ’n week of

twee weg wees en dan gôôn hy vir my 'n ring bring. Toe vra ek wat gaan hy doen, toe sê hy hy kan nie sê nie, maar hy moet die regte ding doen, hy sal my vertel, eendag.”

Dit was die laaste keer dat sy hom gesien het.

“Kan jy die datum onthou?”

“22 Augustus 1997.”

Emma het haar vel papier uitgehaal – en die foto van die jong Jacobus le Roux. Sy het die foto sonder 'n woord oor die koffietafel aangegee. Terwyl Melanie Posthumus daarna kyk, het Emma weer iets op die papier aangeteken. Melanie het lank na die foto gestaar en toe gesê: “Ek weet nie.”

Johan Posthumus het opgedaag net toe ons op pad na die deur was. Hy is nie veel langer as sy vrou nie, het bakore en 'n effense boepmagie. Hy behandel Melanie asof hy steeds nie sy geluk kan glo nie.

Met die wegry het ek hulle teenaan mekaar in die lig van die stoep sien staan, sy een hand op sy vrou se skouer, die ander wat vir ons waai. Ek het verligting in die gebaar gelees.

Toe ons die N1 vat, kwart oor elf in die nag, het Emma op haar skoot 'n enkele nota gemaak, daarna pen en papier gebêre en lank by die venster uitgestaar. Ek het gewonder wat sy dink.

Sou sy ook, soos ek, nadink oor die heerlike ironie van Melanie Posthumus – intellektueel gestrem, maar geseën met 'n instinktiewe oerwysheid sodat sy presies geweet het hoe om haar guitige lyf en mooi gelaat te gebruik om die onwillige Cobie de Villiers aan te keer. Ek het daar gesit en na Melanie geluister, die uitasem gekwetter, die byna kinderlike onskuld, en gewonder: Waarom Cobus? As spa-terapeut moes daar sekerlik 'n konstante aanbod van meer welvarende, meer sosiaal aangepaste mans gewees het. Wat was dit aan haar selfbeeld en genetiese behoeftes wat die lot op dié outlander laat val het? (Dié verbuiging van “outsider” was dalk die snaaksste van haar taalmisbruik, miskien die sprekendste van die ontluikende sindroom van leunstoel-kwasikeners: satelliettelevisie wat aan die gepeupel National Geographic, Discovery en die History Channel bring, sodat almal kan saampraat, al is die terminologie dikwels gebrekkig.) Was dit 'n geval dat Melanie die een wou hê wat nie dadelik Pavlovians by haar kom kwyl het nie? Mooi vroue doen dit, selfs dié wat nie breinchirurge is nie, want agter die aantreklike uiterlike skuil daar dikwels 'n groot, vretende onsekerheid.

En dan wonder ek of Emma steeds glo die Cobie de Villiers van Heuningklip en Mogale is dieselfde mens as Jacobus le Roux. En op grond waarvan? Ek probeer die drang en begeerte om 'n verlore broer op te spoor, opweeg teen die getuienis van die dag en ek kom by net een antwoord uit – die hoop het beskaam. Die getuienis het te kort geskiet. Maar ek is 'n objektiewe buitestander.

Emma is geen Melanie Posthumus nie. Sy is slim. Sy laat haarself geld. Ek respekteer haar deursettingsvermoë, haar meedoënlose kruistog om by die waarheid uit te kom, om “seker te wees”, soos sy vir elkeen sê. Maar kan sy die waarheid sien as dit voor haar staan? Kan sy terugtree van die feite en dit sonder emosie evalueer?

Wanneer ek met een hand Jeanette Louw se daaglikse *ALS REG?*- SMS beantwoord terwyl Emma slaap, wil ek by my *ALS REG* voeg *BEHALWE VIR KLIËNT SE GREEP OP WERKLIKHEID*, maar Body Armour se kode maak nie daarvoor voorsiening nie.

* * *

Emma word nie wakker as ek drie-uur in die môre voor die Bateleur-suite in die Mohlolobe Game Reserve stilhou nie. Sy is 'n weerlose figuur in die passasiersitplek, klein, slapend, stil.

Ek klim uit, sluit die suite oop en sit die ligte aan. Die deur is herstel, die lamp vervang, daar is 'n reusebak met vrugte, sjokolade en vonkelwyn op die tafeltjie in die sitvertrek. Ek loop deur, kyk in elke kamer, loop dan om die struktuur, toets al die vensters. Terug by die BMW slaap sy steeds.

Ek wil haar nie wakker maak nie. Ek wil ook nie die hele nag in die motor sit nie.

Ek staan lank vir haar en kyk en dan maak ek haar deur saggies oop en tel haar versigtig op, haar kop in my nek, 'n arm agter haar rug, die ander deur die waai van haar bene. Sy is lig, soos 'n kind. Haar asemhaling teen my vel is rustig, ek ruik die versnit van haar lyf se geure.

Ek dra haar met die trappies op en wanneer ek in haar kamer ingaan, fluister sy in my oor: “Die ander kamer.” Haar oë is nog toe. Ek draai om en loop na my slaapvertrek. Ek lê haar saggies op my enkelbed neer en trek die ander een se beddegoed oop. Dan tel ek haar weer op, sit haar in haar eie bed en trek haar skoene uit, skuif die duvet oor haar.

Net voor ek omdraai om die motor te gaan sluit, sien ek daar is 'n amper onsigbare, tevrede glimlag om Emma le Roux se mond. Soos 'n vrou wat 'n

argument geven het.

OceanofPDF.com

16

Agtuur in die oggend sit ek buite op die stoep en koffie drink as Emma uitkom, toegedraai in die komplimentêre wit kamerjas, haar hare nog nat van die stort.

“Môre, Lemmer.” Die musikaliteit is terug in haar stem. Sy kom sit in die stoel langs my.

“Môre, Emma. Koffie?”

“Ek sal netnou kry, dankie.”

Die japon se pante val weg, sodat haar bruingebrande knieë sigbaar is. Ek fokus op die diere wat ek netnou dopgehou het. “Bobbejane,” sê ek en wys met my vinger na die trop wat oorkant die rivier op pad water toe is, die mannetjies wat oor die wyfies en kleintjies waak. Soos lyfwagte.

“Ek sien.”

Ek sluk aan my koffie.

“Lemmer ...”

Dit is moontlik dat sy niks onder die kamerjas aan het nie.

“Ek is jammer oor gister ...”

“Dis nie nodig nie.”

“Dit is. Ek was verkeerd en ek is jammer.”

“Vergeet dit. Dit was ’n rowwe dag, met die slang ... en alles.”

“Ek kan dit nie as ’n verskoning gebruik nie. Jy was onberispelik professioneel en ek het respek daarvoor.”

Ek kan nie vir haar kyk nie. Die onberispelik professionele lyfwag sit daar en stry teen sy verbeelding wat onverklaarbaar onder die sagte wit materiaal van die kamerjas ingekruip het.

Daar is sekere dinge waaroor ’n mens jou lewe lank net sal wonder, want jy kan met niemand daaroor praat nie – uit vrees dat jy as ’n maniak gebrandmerk sal word. Soos die feit dat ek langs haar op die stoep besig is om haar skaamdeel te visualiseer: Die abrupte driehoek van fyn,

donkerbruin krulhaartjies onder die gladde bruin vel van haar maag. Ek hoef net my hand uit te steek, die japon se pant te lig en dit sal daar wees, klam soos haar kop, 'n tropiese skulp met die reuk van seep en van Emma – soos ek dit gisteraand geadem het. Ek fokus op die bobbejane, voel skuldig en wonder of mans in die algemeen só is.

En of 'n vrou, in dieselfde omstandighede, in staat is tot hierdie graad van banaliteit.

“Verskoning aanvaar,” sê ek.

Dit neem 'n tydjie voor sy weer praat. “Ek het gedink ... as jy nie omgee nie, kom ons bly nog vandag. Doen vanaand die game drive, eet rustig. En môre gaan ons huis toe.”

“Dis goed.” Het sy dus die lig gesien?

“Ek sal in elk geval betaal vir die hele week.”

“Ek ... Jeanette doen die kontrakte.”

“Ek sal haar bel.”

Ek knik.

“Sal ons 'n ordentlike ontbyt gaan eet?”

“Goeie plan,” sê ek.

* * *

Ek wag op die stoep vir Emma wanneer ek haar opgewonde uit die kamer hoor roep. Ek staan op en kry haar in die sitvertrek met haar selfoon in die hand.

“Luister hier,” sê sy, “wag, laat ek dit net weer speel.” Sy druk knoppies op die selfoon, hou dit eers teen haar oor en gee dit dan aan.

“You have one saved message,” sê die stempos en dan klink 'n bekende stem op. “Emma, dit is Frank Wolhuter. Ek dink jy was reg – ek het iets gekry. Bel my asseblief as jy die boodskap kry.”

“Interessant,” sê ek en gee die foon vir haar terug.

“Dit moes gisteraand gewees het toe ons by Melanie was. Maar hy antwoord nie. Ek het gebel, maar sy selfoon is af. Is hier 'n telefoonboek?”

“In die bedtafel se laai. Ek kry dit.”

In die sitvertrek soek ons die Mogale-rehabilitasiesentrum se nommer. Sy bel, en dit lui lank voor sy sê: “May I speak to Frank Wolhuter, please?”

'n Man praat aan die ander kant – ek kan nie die woorde hoor nie – en dan is daar skok op Emma le Roux se gesig en sy sê: “Oh, my goodness,”

en oomblikke later: “Oh, no,” en: “I am so sorry. Thank you, oh, my word, goodbye.” Sy laat die selfoon stadig tot op haar skoot sak.

“Frank Wolhuter is dood.”

Voor ek kan reageer, voeg sy by: “Hulle het hom in die leekamp gekry, vroeg vanoggend.”

* * *

Ons eet nie ontbyt nie. Op pad Mogale toe sê Emma: “Dit is nie toevallig nie, Lemmer.”

Ek het geweet sy gaan dit sê. En dis ’n bietjie vroeg om aannames te maak.

Tien kilometer van Mogale se hek kom daar ’n ambulans in die teenoorgestelde rigting gery, sonder sirene of ligte. By die rehabilitasiesentrum is daar vier polisievoertuie en ’n handgeskrewe boodskap op ’n stuk karton: *We are closed to the public until further notice.* ’n Uniformkonstabel bewaak die hek by die ouditorium – die enigste ingang na die sentrum se geboue.

“They are closed,” sê die konstabel.

“Who’s in charge?” vra Emma.

“Inspector Phatudi.”

“Oh,” sê sy, vir ’n oomblik van stryk gebring. “Could you please tell him Emma le Roux is here to see him?”

“I cannot leave my post.”

“Can I go in? I have information for him.”

“No. You must wait.”

Sy huiwer vir ’n oomblik en dan draai sy om en loop terug na die BMW, wat onder die afdak staan by *Visitors: Please park here.* Sy gaan staan teen die voorkant van die kar en vou haar arms voor haar bors. Ek gaan staan langs haar.

“Ken jy die polisie, Lemmer?”

“Hoe bedoel jy?”

“Weet jy hoe hulle range werk?”

“So bietjie ...” lieg ek, die tronkvoël.

“Hoe hoog op is ’n inspekteur?”

“Nie hoog nie. Dis bo ’n sersant en onder ’n kaptein.”

“So, Phatudi is nie die hoof nie?”

“Van die polisie?”

“Nee! Van Ernstige Misdade.”

“Nee. Dit sal ’n senior superintendent wees, of ’n direkteur.”

“O.” Tevrede.

Sy knik net. Ons wag in die hitte, tot dit ondraaglik raak. Dan klim ons in die BMW, laat die enjin luier en skakel die lugversorger aan. Na vyftien minute begin die enjin te warm raak. Ek skakel af en ons draai die vensters oop. Ek herhaal die proses vir die volgende uur en dan kom die konstabel van die hek af en sê: “The inspector is coming.”

Ons klim uit.

Phatudi kom uitgestap saam met die twee agtervolgers van gister – die swart sersant en die wit konstabel met die gebreekte neus. Daar is nou ’n wit plastiekstut oor die neus en sy oogkasse is pers. Nie een van hulle is bly om ons te sien nie.

Emma loop Phatudi tegemoet, maar hy hou sy hand in die lug en sê met ’n swaar frons: “Ek wil nie met jou praat nie.”

Emma se reaksie verras ons almal. Sy verloor haar humeur. Agterna sal ek dié stukkies van haar persoonlikheidslegkaart bedink en tot die slotsom kom dat dit is hoe sy stres hanteer – ’n skouspelagtige kortsluiting wanneer die stroombane oorlaai word, soos gister, in die BMW. Maar vandag s’n is hewiger, intens, buite beheer. Haar kop ruk op, sy trek haar mooi skouers terug en sy lig een fyn hand met ’n gepunte wysvinger terwyl sy tot teenaan die groot polisieman stap.

“Watse soort speurder is jy?” Sy beklemtoon die laaste woord met haar vinger teen sy breë bors, ’n steek, soos met ’n mes. Dit bring hom tot stilstand. “Sê vir my, inspekteur, watse speurder is jy?” Haar hand lyk soos ’n renostervoël wat teen ’n buffel pik.

Ek hoop sy het meer as dié een frase.

“Mevrou ...” sê hy, verstom, sy arms gelate langs sy sye terwyl haar vinger teen hom tamboer, ’n dieprooi gloed van haar nek tot haar voorkop.

“Moenie vir my ‘mevrou’ nie. Watse speurder is jy? Sê my. Ek het inligting. Oor ’n misdaad. En jy wil nie met my praat nie? Hoe werk dit? Beskerm jou mense, dis al wat jy wil doen.”

“Beskerm my mense?”

“Ek weet alles van jou af en ek sê nou vir jou ek gaan dit nie hier los nie. Dis my land ook. My land. En jy is veronderstel om almal te dien. Nee, jy is veronderstel om geregtigheid te dien, en ek sê nou vir jou, ek gaan dit nie hier los nie. Hoor jy my?” Elke “jy” is ’n skerp vinger teen sy hart.

Die sersant en die konstabel staan net daar, verwonderde toeskouers.

“Beskerm my mense?” Phatudi vat haar pols in sy groot hand vas in ’n poging om die irriterende gestee teen sy bors te verwyder.

“Los my uit,” sê Emma.

Hy hou haar gewrig vas.

“Jy het tien sekondes om haar arm te los, of ek breek joune,” sê ek.

Hy draai sy kop stadig na my toe, Emma se voorarm steeds in sy greep. “Dreig jy ’n polisieman?”

Ek staan nader. “Nee, ek dreig nooit – ek gee gewoonlik net een waarskuwing.”

Hy los Emma se arm en tree na my toe. “Kom,” sê hy en rol sy liggaamsbouer-skouers.

Wat jy met die grotes doen, is jy slaan hulle hard en jy slaan hulle vinnig. Nie op die lyf nie, dis moeilikheid soek. In die gesig. Jy doen soveel skade moontlik, verkieslik die mond en die neus, jy kry die bloed om te spuit, die lippe om te skeur, die tande en die kraakbeen om te breek. Gee hulle iets om oor na te dink, veral die liggaamsbouers, wat in elk geval ’n sterk narsissistiese streep het en hulle dadelik bekommer oor hul voorkoms. En dan skop jy hulle in die eiers. So hard as wat jy kan.

Maar Emma spring my voor. Ek is reg, balans op die voorvoete, die adrenalien wat vloei, lus vir hom – en Emma stamp vir Phatudi oneffektief en sê: “Nee, inspekteur, ék praat met jou. En ek sê nou vir jou, jy het een kans voor ek met jou baas gaan praat.”

’n Enkele woord maak die verskil. Hy is reg vir my, maar hy kom nie. “Baas,” sê hy afgemete. “Dis ’n wit woord.”

Emma se humeur is weer in bedwang. “Nou die dag het jy vir my gesê ‘jou mense’, inspekteur. Die wittes. Onthou jy? Moenie die raskaart met my kom speel nie, jy weet wat ek bedoel. Jou bevelvoerder of jou offisier of wat ook al. Polisierange is nie my sterk punt nie, maar my regte as ’n volwaardige burger van hierdie land is. En die regte van elke ander landsburger, swart of wit of bruin of wat ook al. En elkeen van ons het die reg om met die polisie te praat, om gehoor te word en om gedien te word. En as jy nie daarmee saamstem nie, moet jy my nou sê, dan weet ek waar ek staan.”

Phatudi se probleem is sy twee kollegas. Hy kan nie aansien verloor nie.

“Mevrou,” sê hy stadig. “Almal het die reg om deur die polisie gedien te word, maar niemand het die reg om te kom inmeng met ’n moordondersoek

nie. Niemand het die reg om te kom moeilikheid maak en kwaad te stook nie. Dwarsboming van die gereg is 'n misdaad. Aanranding van 'n polisiebeampte is 'n misdaad." Hy hou sy duim en wysvinger 'n sentimeter uit mekaar. "Ek is só naby daaraan om julle te arresteer. Só naby."

Sy is nie geïntimideer nie. "Wolhuter het my gisteraand gebel. Hy het iets gekry wat bewys dat Cobie de Villiers my broer is ..."

Haar interpretasie van die feite.

"Ek is hier omdat ek dit vir jou wil sê, want dit hou direk verband met jou ondersoek. Nou verduidelik jy vir my hoe dít dwarsboming van die gereg is. En hierdie twee lummels kon ons gister voorgekeer en gesê het hulle gaan ons agtervolg, as hulle ons regtig wou beskerm, wat ek nou nog nie glo nie. Ek gaan nie die verantwoordelikheid dra vir iemand anders se gebrek aan intelligensie nie." Die twee lummels staar grond toe.

"Watse bewys?" vra Phatudi.

"Ekskuus?"

"Watse bewys het Wolhuter gehad?"

"Ek weet nie. Dis hoekom ek hier is."

"Wat het hy gesê?"

Sy haal haar selfoon uit. "Luister self," sê sy en manipuleer die sleutelbord om die boodskap weer te laat speel. Dan gee sy die foon vir Phatudi. Hy luister.

"Dis nie wat hy sê nie."

"Ekskuus?"

"Hy sê nie hy het iets gekry wat bewys dat De Villiers jou broer is nie."

"Natuurlik sê hy dit."

Phatudi gee vir haar die selfoon terug. Met die permanente diep frons lyk hy pal gatvol – dit is moeilik om hom te lees. Hy staan daar en hy kyk vir Emma en eindelik sê hy: "Kom ons gaan praat daar in die koelte." Hy draai om en loop na die ouditorium se kant toe.

* * *

"Wat het Wolhuter gister vir jou gesê?" vra Phatudi haar toe ons sit.

"Hoe is Wolhuter dood?" kap sy terug.

Ek kan sien dit gaan 'n vrugbare sessie wees.

'n Wonderwerk gebeur op Phatudi se gesig. Hy takel plooi vir plooi die frons af en bou 'n glimlag, van die grond af op. Dit is 'n boeiende metamorfose, miskien omdat dit aanvanklik ondenkbaar is dat hy dieselfde

gesig vir al twee uitdrukkings kan gebruik. Wanneer die glimlag dakhoogte bereik, begin sy massiewe lyf skud en sy oë trek toe. Dit neem my 'n oomblik of twee om te besef inspekteur Jack Phatudi lag. Geluidloos, asof iemand vergeet het om die klank aan te draai.

“Jy’s ’n ander een,” sê hy wanneer die skuddings bedaar.

“O?” se Emma, nie meer met heeltemal soveel aggressie nie.

“Jy’s klein, maar jy’s giftig.”

En daarmee sluit hy aan by die Emma-se-*guts*-bewonderaarsklub, waarvan wyle Wolhuter en lewende Lemmer en Stef Moller reeds lede was. Ek wonder dan hoe berekend dit van Emma is, hoeveel manipulasie agter haar kapokhen skuil. Dit is ’n derde, nuwe Pavlovianse truuk wat by my Wet oor Klein Vroue gevoeg moet word.

Ek kyk na haar. As sy selfingenome is, steek sy dit weg. “Inspekteur, kom ons help mekaar. Asseblief.”

“O.K,” sê hy, “ons kan probeer.” Die onwaarskynlike glimlag staan steeds sterk. Tot Emma hom vertel wat Wolhuter die vorige dag gesê het.

“Hoekom lieg hulle só? Ek kan dit nie verstaan nie,” sê Jack Phatudi en die frons is weer op volle sterkte.

“Waaroor lieg hulle?” vra Emma.

“Oor álles. Oor my. Oor die Sibashwa. Oor die land claims. Daar’s nie veertig land claims op Kruger nie. Ses jaar gelede al, toe kom die commission agter die claims kom van dieselfde families af, maar die een mens weet nie van die ander een nie. Toe het hulle geconsolidate en nou is dit net die Mahashi, Ntimane, Ndluli, die Sambo, die Nkuna en die Sibashwa. Daar was twee ander, van die Mhinga en die Mapindani, vir wie hulle ‘nee’ gesê het. Dis agt eise. Ver van veertig af.”

“Maar julle het ’n eis.”

“Ek is ’n polisieman. Ek eis nie grond nie.”

“Die Sibashwa het ’n eis. En jy’s ’n Sibashwa.”

“Ja, die Sibashwa het ’n eis. Want in 1889, toe word ons uitgejaag. My mense het daar gebly vir ’n duisend jaar, toe kom die wittes en hulle sê: ‘Julle moet loop.’ Sê my, mevrou, wat sal jy doen as die regering kom en sê: ‘Ons vat jou huis, jy moet op ’n ander plek gaan bly.’?”

“As dit vir bewaring is, sal ek trek.”

“Sonder dat hulle jou ’n sent betaal?”

“Nee, daar moet vergoeding wees.”

“Nou ja. Dis al wat die Sibashwa vra. Want in 1889 was daar niks, daar was net gewere teen ons mense se koppe en toe sê hulle: ‘As julle nie trek nie, dan skiet ons.’ Ons voorvaders lê daar, ’n duisend jaar se grafte, maar hulle het net die grond gevat en gesê ons moet loop. Nou sê die mense, die Mahashi en die Sibashwa, almal, hulle sê net: ‘Kom ons maak reg wat verkeerd is.’”

“Wat van die Nasionale Park?”

“Wat daarvan? Al die mense, al die claims, hulle wil nie grond in Kruger hê nie. Hulle sê, gee vir ons grond hier langs die park, dat ons ook lodges kan bou. Ken jy die storie van die Makuleke?”

“Nee ...”

“Die Makuleke het ’n land claim gehad in die noorde van die park en toe wen hulle, tien jaar gelede al. En wat het gebeur? Hulle het ’n lodge gebou en hulle het ’n committee gemaak met Kruger en almal is gelukkig. Die Makuleke se mense kry die profit en Kruger kry die conservation. Nou hoekom nie die ander mense ook nie? Dis al wat hulle vra.”

“Maar wat van die ontwikkeling waarvan Jacobus geweet het?”

“Hierdie mense van Mogale, hulle vat sulke goed en dan maak hulle liegstories. Baie business peoples het hier gekom van Johannesburg af en dan kom sê hulle vir die mense, kom ons bou dit en kom ons bou dat. Die Makuleke het die management van hulle lodge uitgegee op concession, daar is ’n wit maatskappy wat dit run. Dis net besigheid, almal wil besigheid doen. Van die wittes se planne was oor golf resorts, maar dit sal nie gebeur nie. Cobie de Villiers het stories gehoor en dan hardloop hy na Kruger toe, nog voor die process begin het, nog voor die mense kon sê dis goed of dis sleg.”

“En die aasvoëls?”

Ek het gewonder wanneer sy daarby sou kom. Phatudi hou nie van die vraag nie. Hy staan op uit sy stoel, beduie met sy hande. “Die aasvoëls. Sê my, mevrou, wie het die diere van hierdie land doodgemaak? Wie het die kwagga uitgeskiet tot daar nie een oor is nie? En die Knysna-olifant? Die swart mense?”

“Nee, maar ...”

“Gaan kyk na die mense van Limpopo, mevrou. Gaan kyk waar hulle bly. Gaan kyk hoe hulle sukkel. Daar is nie werk nie, daar is nie geld nie, daar is nie grond nie. Wat moet hulle doen? As jou kinders vanaand moet kos kry en daar is niks, wat doen jy? Julle Die Boere het dit ook gedoen. Hoekom het die Boere Krugerpark gemaak? Want hulle het amper alles doodgeskiet, toe wil hulle net die laaste bietjie red. Die olifante ook. Want die Boere was arm en die ivory was groot geld. Maar dis O.K., want dit was wittes en dit was honderd jaar gelede. Vandag is my mense arm. Die probleme is socioeconomic. Ons moet vir die mense werk gee, dan sal hulle die aasvoëls uitlos.”

“Wolhuter het gesê die vergiftigde aasvoëls was ’n lokval om vir Jacobus daar te kry. Maar iemand anders het daardie mense doodgemaak. Want julle wil vir Jacobus uit die pad uit hê.”

Phatudi sê iets in ’n swart taal, ’n uitdrukking van ongeloof. Die swart sersant skud sy kop.

“Inspekteur, my broer is nie daartoe in staat om mense dood te maak nie.”

“Dan is hy nie jou broer nie, mevrou. Hierdie Cobus, hy is ...” Phatudi tik met ’n dik vinger teen sy slaap. “Hulle het hom gesien. Vyf kinders het hom gesien met ’n firearm. Hy het by die huis van die sangoma ingeloop waar die mense met die aasvoëls ingegaan het, en hulle het gehoor hoe skiet hy daar binne en hulle het hom gesien toe hy uitgekom het. Toe hardloop hy. Die kinders ken hom net van Mogale, toe hulle saam met die skool hier was. Hulle weet nie hy haat die swart mense nie. Hulle weet nie van die politics en van De Villiers wat sê ‘kaffers’ nie. Hulle sê net wat hulle gesien het.”

Emma wil dit nie hoor nie. Sy kyk weg van hom.

Phatudi gaan sit weer oorkant Emma. Sy stem is sagter. “Hierdie De Villiers, hy is nie soos jy nie. Hy kan nie jou broer wees nie.”

“Hoekom is Wolhuter dan doodgemaak?”

“Wie sê Wolhuter is doodgemaak?”

Daar is ’n vraagteken op haar gesig.

Phatudi wys met ’n vinger in die rigting van die dierehokke. “Daardie leeu het hom doodgemaak. Wolhuter is daar in, laas nag. Hulle sê partykeer moet hy die ratel daar gaan uithaal, die ratel en die leeu was saam in die hok toe hulle kleintjies was, nou gaan die ratel partykeer onder deur die draad, dan soek hy moeilikheid met die leeu en dan kry hy baie seer. Vanoggend toe kry hulle die ratel by Wolhuter se huis, so hy het uit sy hok uitgekom. Wolhuter het die verkeerde ding gedoen, hy het nie die leeu eers met die drug geskiet nie. Hierdie dinge, hulle gebeur hier by ons.”

Emma staar aandagtig na Phatudi, asof sy elke woord weeg vir die waarheid. Die blik duur voort wanneer hy klaar gepraat het, tot sy sug, ’n lang uitblaas van asem wat die skouers laat sak, ’n gebaar wat sê sy het nie meer vrae nie.

Dit wek ’n sekere simpatie by Phatudi. “Ek is jammer,” sê hy en ek wonder waarom.

Emma knik woordeloos.

“Ek het nie jou nommer gister gehad nie. Ek sou vir jou gesê het ek stuur my mense om julle te beskerm. Die community is baie kwaad. Hulle sê as hulle vir De Villiers kry, hulle gaan hom doodmaak. En by die poliesstasie waar jy my gaan soek het ... daar was iemand wat gehoor het wat jy sê. Toe hoor ek die stories, hulle wil vir jou ...” Hy lig sy hand na sy kaal kop en krap, agter sy oor. Dis nie die enigste teken dat hy lieg nie. Daar is iets in sy stem ook. Hy was tot nou toe op vaste grond met al sy stellings, maar in dié verduideliking was daar ’n verwisseling van ratte – ’n fyn pleidooi wat sê: Glo my.

“Dit maak nie saak nie.”

Phatudi staan op. “Ek moet loop, mevrou ...”

Sy sersant en konstabel maak ook aanstaldes.

“Dankie, inspekteur.”

Phatudi groet haar, maar ignoreer my, tot net voor hy uitloop. Dan kyk hy my in die oë. Ek is nie seker of dit ’n waarskuwing of ’n uitdaging is nie.

Ek en Emma bly alleen agter. Sy sit haar elmboë op haar knieë en laat haar kop sak. Sy sit ’n rukkie só. Dan sê sy iets wat ek nie kan hoor nie.

“Ekskuus?”

“Ek kan nie nou hier ingaan nie. Ek kan nie nou gaan vra of Wolhuter vir my iets gelos het nie.”

* * *

Op pad terug na die Mohlolobe Game Reserve laat Emma my by die slaghuis op Klaserie stilhou en sy gaan in, kom vyf minute later terug met iets toegedraai in bruin papier.

Sy klim in en hou dit na my toe uit. “Dit is vir jou, Lemmer.”

Ek neem die pakkie.

“Jy kan dit maar oopmaak.”

Dit is biltong, minstens twee kilogram.

“Ek het gister gesien hoe jy dit geniet het, daar by Stef Moller.”

“Baie dankie.”

“Dis ’n plesier.” Maar sy is nie die ou Emma nie. Die vonk is uit haar uit. Ons ry in stilte Mohlolobe toe. Toe ek voor die suite stilhou, sê sy: “Toemaar, ek is wakker.” Die selfspottende glimlag hang halfmas.

Sy gee my kans om in en om die Bateleur te kyk voor sy ingaan. Die hitte van die middag het ’n nuwe intensiteit, ’n ondraaglikheid wat wil verswelg. As ek wys sy kan maar kom, verdwyn sy in haar oorspronklike kamer, die

deur halfoop. Ek hoor die dubbelbed se vere wanneer sy gaan lê. Ek oorweeg my opsies: Op die stoep sit, is nie een van hulle nie. Ek vat 'n tydskrif, *Africa Geographic*, en gaan sit in een van die stoele in die sitvertrek, waar die lugversorger die doeltreffendste is. Sal nie omgee om ook 'n uiltjie te knip nie. Daar is 'n artikel oor die ratel: *Rough & Tough – Honey Badgers*. Die dier wat klaarblyklik vir die dood van Frank Wolhuter verantwoordelik is, dieselfde een waarmee Cobie de Villiers homself geassosieer het.

Ek lees. *To be described in the Guinness Book of Records as “the most fearless animal in the world” is no mean feat, especially when the animal stands a mere 30 centimetres tall and weighs 14 kilograms at most.*

'n Man wat gaan wegkruip as hy van moord verdink word, is nie noodwendig “fearless” nie.

The badger’s appetite for snake seemed insatiable; we once watched a 12-kilogram male eat 10 metres of snake over a period of just three days. En dan vertel die skrywer van 'n ratel wat 'n pofadder gevang het, raak gepik is en binne drie uur weer op die been was om sy prooi te verober.

Jammer daar was nie eergisteraand 'n ratel hier rond nie.

Ek hoor vir Emma.

Ek sit die tydskrif neer en luister om seker te maak. Sagte snikke uit haar slaapkamer.

Wat doen 'n lyfwag?

Ek sit.

Huilgeluide wat die snikke afwissel, 'n noot van absolute hartgebrokenheid.

Ek staan op en loop tot in die deur, loer versigtig om. Sy lê daar, die lyfie wat ruk.

“Emma ...”

Sy hoor my nie.

Ek sê haar naam weer, harder, versigtiger. Sy reageer nie. Ek loop stadig na haar toe, buk of en sit my hand op haar skouer. “Emma ...”

“Ek is jammer,” sê sy deur die snikke.

“Jy moenie jammer wees nie.” My palm tik teen haar skouer en dit lyk of dit so 'n bietjie help.

“Niks maak sin nie, Lemmer.”

Twee uur gelede was sy 'n tierwyfie. “Toemaar,” sê ek, maar dit help nie.

“Niks,” herhaal sy en vee met 'n papnat snesie oor haar neus.

“Toemaar, toemaar.” Dit is al woord waaraan ek kan dink. Dit het geen effek nie. Ek gaan sit op die bed langs haar en sy beweeg, kom regop, sit haar arms om my. Dan trek sy los en sy huil met volkome oorgawe.

* * *

Dit neem haar seker vyftien minute om te bedaar, om uit te huil teen my bors. Sy klou aanvanklik aan my, ’n reddingsboei, terwyl ek steeds onbeholpe met my palm teen haar rug troos en nie die vaagste benul het wat om te sê nie. Maar sy raak rustiger, die snikke sagter, haar lyf ontspan.

Sy raak aan die slaap. Ek kom dit nie dadelik agter nie, want ek is te bewus van die ongemak in my bene, my woordonvermoë, die warmte van haar lyf hier teen my, haar reuk, die natheid van haar trane teen my hemp ... Dan besef ek, eindelijk, dat haar asemhaling diep en stadig is en ek kyk en ek sien haar oë is toe.

Ek lê haar saggies teen die kussing neer. Die lugversorging is koel. Ek trek die deken oor, sluip uit en gaan sit in my stoel.

Ek sal my opinie moet heroorweeg. Miskien is sy net ’n mooi jong vrou wat so verskriklik graag haar oorlede broer wil terughê. Miskien het dié hoop met elke nuwe brokkie inligting vervaag, maar sy het daaraan vasgehou, sy het bly glo aan die moontlikhede van komplotte en geheime. Tot vanoggend. Sy is nou vasgevang tussen twee ewe onaanvaarbare moontlikhede: Cobie de Villiers is haar broer – en ’n moordenaar. Of hy is niks van haar nie. Miskien is dit soos om hom weer van voor af te verloor.

En miskien moet ek versigtig wees. Miskien moet Lemmer se Wet oor Klein Vroue herskryf word, sodat dit lees: Moenie jouself vertrou nie.

Ek kan nie op die tydskrif konsentreer nie. My hand onthou die kontoere van Emma se rug. My hart onthou die hulpeloosheid, die verlorenheid.

Ek is net die lyfwag. Ek is net die een wat beskikbaar is. Sy sou op enigiemand se skouer gehuil het.

Sy is ’n gegradueerde, intelligente, sosiaal aangepaste, skatryk, mooi jong vrou. En ek is Lemmer van Seepunt en Loxton. Ek moet dit nie vergeet nie.

Dit is die tweede keer in vier-en-twintig uur dat ek Emma le Roux in die bed sit. Miskien kan ek vir ’n bonus vra.

18

Laatmiddag bestee Emma 'n uur in die badkamer. Wanneer sy uitkom en sê: “Sal ons gaan eet?” kan 'n mens nie meer sien sy het gehuil nie. Sy het vir die eerste keer 'n rok aan, wit met fyn rooi blommetjies, haar skouers oop, haar voete in wit sandale. Sy lyk jonger, maar haar oë is oud.

Ons loop in stilte in die skemer. In die weste het die son agter dramatiese donderwolktorings weggeglip. Weerlig flonker in die spierwit cumulus, die humiditeit is ondraaglik, die hitte is verskriklik, sodat selfs die voëls en die insekte stil is. Asof die natuur asem ophou.

Sue-zin van Ontvangs, die Boere-blondine wat net Engels praat, onderskep ons op pad restaurant toe vir aandete. “Oh, Miss le Roux, how are you? I heard about the mamba, we are all so sorry. Is your suite O.K. now?”

“It’s fine, thank you very much,” antwoord Emma gedemp, die depressie nog duidelik.

“Wonderful. Enjoy your dinner ...”

As ons sit, sê Emma: “Ek moet met haar Afrikaans praat ...”

“Ja,” sê ek, voor ek dink.

“Is jy 'n taalbul, Lemmer?” vra sy sonder oordadige belangstelling, asof sy weet ek gaan die vraag ontduik. Of miskien is dit net deel van die nuwe neerslagtigheid.

“Soort van.”

Sy knik afwesig, trek die wynlys nader. Sy staar daarna, kyk dan op na my. “Ek ...” sê sy sag. “Ek is partykeer ook maar simpel ...”

Ek sien daar is skaduwees onder haar oë wat die ligte grimering nie heeltemal kan wegsteek nie. Sy probeer glimlag, maar sy sukkel: “As ek met haar Afrikaans praat, gaan daar hierdie oomblik wees. Sy gaan sê: ‘O, is julle Afrikaans?’ en maak of sy verras is en ons gaan almal weet sy het geweet en dan’s daar hierdie ongemaklikheid ...” Sy probeer glimlag, maar

dit is nie 'n sukses nie. “En dis tipies Afrikaner – ons wil tog net nie ongemaklik wees nie.”

Voor ek aan 'n reaksie kan dink, fokus sy weer op die wynlys en sê met 'n vae vasberadenheid: “Vanaand gaan ons wyn drink ... waarvan hou jy?”

“Ek ... is op diens, dankie.”

“Nee, nie vanaand nie. Wit of rooi?”

“Ek is nie eintlik 'n wyndrinker nie.”

“'n Bier?”

“'n Rooi Grapetiser sal lekker wees, dankie.”

“Drink jy glad nie?”

“Nie alkohol nie.” Ek maak daarop staat dat sy nie verder sal vra nie, want soos met die Afrikaans-kwessie, behoort daar genoeg moontlike ongemaklike antwoorde op 'n hoekom-vraag te wees. Ek is verkeerd, soos meestal in my voorspellings oor Emma.

“Is dit 'n beginselsaak?” vra sy baie versigtig.

“Nie regtig nie.”

Emma skud haar kop.

“Wat?” vra ek.

Sy wag voor sy antwoord, asof sy eers energie moet bymekaarskraap. “Jy is 'n enigma, Lemmer. Ek het nog altyd gewonder wat dit beteken as ek lees van iemand wat 'n enigma is, maar nou weet ek.”

Miskien omdat sy na my verwys het as “stil en stupid”. Miskien net omdat ek haar wil opbeur, sê ek: “Verduidelik vir my wat so lekker is aan alkohol, want ek verstaan dit nie.”

“Moenie vir my sê dis 'n uitnodiging tot 'n regte, egte gesprek met jou nie, Lemmer.”

“Jy het gesê ek is ‘af’ vanaand.”

“Aaa.” Sy sit die wynlys neer. “Nou goed.” Sy kyk op, na die kandelaar bo ons, trek haar asem in en praat dan, eers stadig, asof sy wil seker maak sy gebruik die regte woorde. “Ek hou van rooiwyn. Ek hou van die name. Shiraz. Cabernet. Merlot. Pinotage. Dit kom lekker van 'n mens se tong af, dit klink so ... geheimsinnig. En ek hou van die ingewikkelde reuk daarvan. Daar is 'n mistiek aan die geur ...”

En dan vinniger, stelselmatig vloeiender, asof sy loskom van iets: “Dit is soos 'n handelsroete wat verby eilande van vrugte en speserye loop – jy kan nooit die eilande sien nie, maar aan die reuke wat oor die water aankom, kan jy raai hoe dit daar lyk – eksoties, helder kleure, digte woude, mooi

mense wat by vuurlik dans ... Ek hou van die kleur. En die manier hoe dit anders lyk in sonlig en in kerslig. Ek hou van die smaak, want dit dwing my om te proe, om vir 'n oomblik daarop te konsentreer, my tong daaroor te rol op soek na die lekker. En ek hou van dit wat rooiwyn verteenwoordig, 'n ... gemoedelikheid, 'n geselligheid. Dit is 'n soort sosiale simbool wat sê ons is gemaklik genoeg met mekaar dat ons 'n glas wyn saam kan geniet. Dit laat my beskaafd voel ... en dankbaar dat ek die voorreg het om iets te geniet wat met soveel sorg en kennis en vaardigheid gemaak is. Sê jy vir my wat is nie lekker dááran nie.”

Ek skud my kop, deels omdat ek van haar wil verskil, deels omdat ek nie kan glo waarmee ek besig is nie. “Wyn smaak nie lekker nie. Punt. Dit is nie so sleg soos whisky nie, maar slegter as bier. Dit is nie naastenby so lekker soos druiwesap nie. Maar druiwesap is nie gekultiveerd nie, al lyk dit anders in sonlig as by kerslig. Soetwyn is die uitsondering, maar niemand drink dit in goeie geselskap nie, nie eens 'n goeie laatoes nie. Hoekom nie? Want dit geniet eenvoudig nie dieselfde status nie. En daar lê die hele antwoord. Status. Dis 'n ou ding. Ons beskawing het in Mesopotamië ontstaan, maar druiwe het nie daar geaard nie. Die Mesopotamiërs het bier uit graan gemaak, dit was wat almal gedrink het. Maar die rykes wil nie drink wat almal drink nie. Toe voer hulle wyn in uit die hooglande van Iran. Omdat dit meer gekos het, omdat die gepeupel dit nie kon bekostig nie, het dit status gehad, maak nie saak hoe dit gesmaak het nie. Toe skep hulle die mite – wyn is vir die gekultiveerde tong, vir die vermoënde smaak. En agtduisend jaar later glo ons dit nog steeds.”

Ek hou van die manier waarop sy vir my kyk terwyl ek praat, geboei en verras. As ek klaar is, lag sy, 'n kort, blymoedige geluid, soos iemand wat 'n toegedraaide geskenk oopgemaak het. Sy wil iets sê, maar dan is die wynkelner daar en sy fokus op hom, wys op die spyskaart en sê: “Ek soek hierdie bottel merlot en ek soek die beste rooi druiwesap wat julle het en bring vir ons nog twee glase, asseblief.”

Die kelner maak sy aantekeninge en as hy weg is, leun sy terug in haar stoel en sê: “Waar het jy weggekruip, Lemmer?” Sy hou haar klein hand in die lug en voeg by: “Dit maak nie saak nie, ek's net bly jy is hier. Is jy 'n leser? Hoe weet jy dié goed?”

Vier jaar in die tronk, Emma le Roux, gee vir 'n mens baie tyd. “Ek lees 'n bietjie.”

“'n Bietjie? Wat lees jy?”

“Niefiksie.”

“Soos wat?”

“Enigiets.”

“Komaan. Vertel my van iets wat jy onlangs gelees het.”

Ek dink vir ’n oomblik na. “Het jy geweet Suid-Afrika se geskiedenis is bepaal deur grassade?”

Sy lig ’n wenkbrou, haar mondhoeke reg om te lag.

“Nee ...”

“Ja, dis waar. Tweeduisend jaar gelede was hier net Khoi- en Sanmense. Hulle was swerwers, nie boere nie. En toe kom die Bantoemense van Oos-Afrika af in met beeste en sorghum en hulle verdring die Khoi en die San tot die westelike deel van Suid-Afrika. Hoekom daar? Want die Bantoe se sorghumsaad was ’n somergewas en ons westelike dele is winterreënval. Dis hoekom die Xhosa nie verder as die Visrivier gevestig het nie. Hulle het somerreën nodig gehad. Vierhonderd jaar gelede kom die Europeërs by die Kaap aan met wintergraan. Die Khoi kon hulle nie keer nie – die verskil in tegnologie was net te groot. Kan jy dink, as die Xhosa en die Zoeloe wintergewasse gehad het, hoe anders die geskiedenis sou verloop het, hoe moeilik dit vir die Hollanders sou gewees het om ’n halfwegstasie in die Kaap te vestig?”

“Ongelooflik.”

“Dit is.”

“Waar het jy dit gelees?”

“’n Boek. Populêre wetenskap.”

“En die taalding?”

“Wat van die taalding?”

“Jy’t gesê jy’s soort van ’n taalbul ...”

Soort van ...”

“O?”

“Kom ons vat vir Soe-zin. Sy het geweet ons is Afrikaans. Sy kon dit aan jou naam en van sien, sy kon dit hoor. Maar sy praat Engels met ons. Hoekom?”

“Sê vir my.”

“Want sy werk hier hoofsaaklik met buitelanders en vir hulle wil sy nie ’n Afrikaanse meisie wees nie, want daar is te veel bagasie. Sy wil hê die mense moet van haar hou, hulle moet dink sy is oulik. Sy wil nie op grond van die taal se geskiedenis beoordeel en geëtiketteer word nie.”

“Sy hou nie van die posisionering van Afrikaanses as handelsmerk nie.”

“Presies. Maar wat ek nie kan verstaan nie, is waarom sy ... ons almal, nie iets aan daardie posisionering doen nie. Die oplossing is nie om weg te hardloop nie. Die oplossing is om persepsies oor die handelsmerk te verander.”

“Is dit moontlik?”

“Soos wat ek verstaan, is dit waaroor jou werk gaan.”

“Dit is, maar ’n taal is ’n bietjie moeiliker as ’n tamatiesous.”

“Die verskil is dat almal wat omgee vir die tamatiesous, sal saamwerk om die persepsie te verander. By die Boere sal dit nooit gebeur nie.”

Emma lag. “Dis waar.”

Die kelner bring die bottel merlot, ’n bottel druiwesap en twee ekstra glase. Hy wil skink, maar Emma sê dankie, sy gaan dit self doen. Sy stoot ’n ekstra wynglas oor na my toe. “Proe net een mondvul,” sê sy. “Net ’n klein bietjie, dan sê jy vir my heeltemal eerlik dit is nie lekker nie.”

Sy skink vir my. Ek vat die glas.

“Wag,” sê sy. “Ruik eers.” Sy skink vir haarself, ’n halwe glas en draai dit in haar hand, hou dit onder haar neus. Ek doen dieselfde. Daar is aangename geure, maar daar is ook iets anders ...

“Wat ruik jy?” vra sy.

Hoe kan ek dit vir haar sê? Dat my geskiedenis daar iewers in die wyn se geur opgesluit is, herinneringe van waar ek vandaan kom, van wie ek is. Ek haal net my skouers op.

“Komaan, Lemmer, wees objektief. Ruik jy die naeltjies? En die bessies. Dit is subtiel, ek weet, maar dit is daar.”

“Dit is daar,” lieg ek.

“Nou goed, proe nou,” sê sy en neem self ’n slukkie, rol die wyn in haar mond rond, kyk met afwagting na my. Ek teug aan die wyn. Dit het ’n donker smaak, soos ’n smeulende vuur se rook. Sy sluk. “Nou sê jy vir my dit smaak sleg.”

Ek sluk. “Dit smaak sleg.”

Sy lag weer. “Regtig, Lemmer? Regtig?”

“Proe aan die druiwesap. Objektief en eerlik.” Ek skink vir ons in die ekstra glase. “Jy hoef nie eens te ruik nie. Proe net.”

“O.K.,” sê sy geamuseerd.

“Kraakvars,” sê ek. “Proe die subtiële vrugtegeur, onmiskenbaar druif. Jonk, verfrissend, pure lewensvreugde.”

Sy lag. Ek hou daarvan.

“Voel hoe die borrels op jou tong dans, klein ontploffings van ekstatiëse, onverbloemde eerlikheid, gestroop van pretensie. Die edele vog hoef nie voor te gee nie, hoef nie op die rug van agtduisend jaar se handelsmerkposisionering te ry nie. Dit is hier, sap alleen, onmiddellik smaaklik, loutere drinkgenot ...”

Sy lag hard, verstik amper, haar oë toe, haar mooi mond oop. Koppe in die restaurant draai na die vrolike note toe, mense wat glimlag oor die onweerstaanbaarheid daarvan. Weerlig flits deur die vensters, ’n donderslag klink buite, naby, rammelend en rollend, van noord na suid, soos ’n lokomotief buite beheer.

* * *

Net voor ons nagereg bestel, op die ingewing van die oomblik, onverklaarbaar, sê ek: “My vriendin wat gebel het, by die lughawe ...”

“Antjie,” antwoord Emma met ’n sekere ondeundheid en haar geheue verras my.

“Sy is amper sewentig jaar oud.”

“Wonderlik,” sê Emma. Ek wens ek weet wat sy bedoel.

* * *

Teen die tyd dat ons by die restaurant uitstap, is sy ’n bietjie dronk. Sy moet aan my arm vashou. Dit reën buite, ’n dik gordyn van vet donderstormdruppels. Ek huiwer op die drumpel. Sy trek haar sandale uit en neem my arm. “Kom.”

Ons loop uit, is dadelik nat, sopnat, die reën warm, die lug nog nie afgekoel nie. Haar hand hou my terug, sodat ons nie haastig kan loop nie. Ek kyk vir haar. Sy het haar gesig na bo gedraai, haar oë toe, sodat die water daaroor spat, haar maskara word swart trane. Sy laat haar lei, soos ’n blinde. Die wit rok kleef aan haar. Ek sien die lyne van haar lyf. Water stroom oor my gesig, in my oë. Die reën raas op die paadjie en in die veld en die bome en die grasdakke, dit is die nag se enigste klank, selfs my deurdrenkte skoene se geplas in die poele onhoorbaar.

Ons loop só deur die reën.

By die Bateleur-suite los sy my arm, gooi haar sandale met ’n boog tot op die stoep en bly staan. Ek gaan onder die dak in, sluit die deur oop, gaan sit op een van die stoele, trek my skoene en kouse uit. Sy staan daar buite, haar gesig weer na bo, haar arms uitgestrek na die hemel. Asof dit die

uitnodiging aanvaar, neem die reën in intensiteit toe. Blink strome in die stoep se lig.

Tot die weerlig skerp flits en die donder hier by ons oorverdowend klap, en sy iets skree en met 'n helder lag die trappies ophardloop, verby my, by die deur in.

Ek trek my hemp uit, drapeer dit oor 'n stoel se armleuning. Draai my skoene om sodat die water kan uitloop, hang my kouse op langs die hemp.

Ek loop by die skuifdeur in, trek dit agter my toe en sluit. Die sitvertrek is donker, 'n baan van lig uit haar kamer, op die vloer is 'n waterspoor van hier tot daar. Ek wil gaan stort. Ek gee een tree en dan sien ek die weerkaatsing in die glas van die muurportret.

Emma.

Sy het uitgetrek. Sy staan langs die dubbelbed, effens vooroor, wit handdoek in haar hare.

Ek staan. Ek haal nie asem nie. Ek kyk deur die sameswering van weerkaatsende glas en perfekte hoeke en die halfoop deur na haar, na die goud van haar lyf, haar plat maag, haar vroulike heupe, haar slanke bene, die digte donker bos van haar skaamdeel. Haar borste wat met elke beweging van die handdoek wip, die tepels styf en lank en regop. 'n Ewigheid, te kort, te gou is sy klaar, draai half weg om die handdoek oor iets te gooi sodat ek die ronding van haar roomwit boude kan sien, en dan loop sy, onbewus en grasieus soos 'n vroulike roofdier of 'n steenbok uit die baan van die portret en in haar badkamer in.

* * *

Ek lê in my bed in die donker wanneer sy inkom. Die reën het opgehou, dit is oorverdowend stil. Ek lê, toe-oë, dwing my asemhaling om stadig en diep te wees. Sy moet dink ek slaap, want ek kan nie my stem nou vertrou nie.

Ek hoor haar sagte voeteval wat hier reg langs my tot stilstand kom. Ek kan haar nabyheid voel, die hitte wat sy uitstraal. Ek wonder wat het sy nou aan. Ek weet hoe sy lyk, ek kan haar hart hoor klop.

Ek moet die laken ooptrek sodat sy by my kan kom lê. Ek moet haar aanraak, vir haar net een teken gee.

Sy staan hier by my. Hier by my. Ek kan nie, ek mag nie, ek moet, en wanneer ek my hand uitsteek, het sy reeds weggedraai. Die ander enkelbed kraak en die linne ritsel en dan hoor ek hoe sy sug en ek sal nooit weet wat dit beteken nie.

OceanofPDF.com

19

Die dag begin so goed ...

Ons slaap laat. Ek is voor haar op, gaan maak koffie. Ons drink dit op die stoep. Die oggend is blink en nuut en koel. Sy sê haar kop is 'n bietjie seer en dan lag sy vir haarself. Daar is 'n gemaklikheid in ons stilte.

Later bel sy Mogale toe, hoor of ons vir Donnie Branca kan kom sien. Hulle kry hom nie in die hande nie, sê hy sal terugbel. Ons gaan eet ontbyt. *Dick. Senior Game Ranger* gewaar ons op pad. "This evening the game drive will be awesome," sê hy vir haar.

"We might not be here this evening," sê sy. "We might be going home."

"You *have* to stay another day. There's nothing like the Bushveld after the first real summer rain. The animals go wild. Once in a lifetime experience. Totally awesome."

Ek kan hoor dit is een van sy gunstelingwoorde. Hy praat uitsluitlik met haar.

"We'll see ..."

"For you, I'll delay the drive until six. Or seven," flanker hy.

"You will?" Sy hou daarvan.

"Absolutely."

"Then we'll do our best, Lemmer and I."

"Awesome," sê hy, maar effens afgehaal omdat sy my ingesluit het. "Have a great day."

"You too." Sy glimlag vir hom.

Die oproep kom as ons reeds aan die ontbyttafel sit. Sy antwoord haar selfoon, luister en sê "Meneer Branca," en "My innigste simpatie ..."

Sy sê vir hom sy weet dit is 'n moeilike tyd vir Mogale, maar Frank Wolhuter het vir haar 'n boodskap gelos. Sy vertel hom daarvan en dan luister sy lank en aandagtig. "Dit sal ... Elfuur is doodreg, baie dankie."

Sy sit die foon af en sê opgewonde vir my: “Hy sê hy weet Frank het deur Cobie se goed gegaan toe ons weg is, vir die eerste keer. Frank het niks vir hom gesê nie, maar hy weet waar hy iets sou gebêre het. Ons kan hom elfuur sien.” Sy kyk op haar horlosie. “Ons sal moet roer.”

En dan kom Soe-zin na ons tafel toe aangestap en sê: “Oh, Miss le Roux, someone just left a message for you at the gate.”

“Wie?” vra Emma.

“The gate official says it was a little boy.”

“’n Kind?”

“Shall I ask someone to get the message for you?”

“Nee, nee, ons is op pad, ons sal dit daar kry, dankie, Susan.” Soe-san.

“O.K.,” sê Susan en daar is ’n klein oomblik van ongemak voor sy met ’n swaai van haar lang blonde hare omdraai.

* * *

Die boodskap is op ’n vel papier wat uit iets soos ’n skooloefeningboek geskeur is – fyn blou skryflyne en ’n rooi vertikale kantlyn. Dit is nie in ’n koevert nie, net twee keer gevou, met *Miss Emma le Roux* in blou pen daarop geskryf.

Ons staan by die hek, langs die geboutjie waar die hekwag sit. Dit is *Edwin. Security Official*, die een met die wyerandhoed en die breë, skitterwit glimlag. Emma vou die boodskap oop en lees dit. Dan gee sy dit vir my aan.

Miss Emma

Jy moet huis toe gaan dadelik. Dit is nie veiligheid hier nie.

A Friend.

* * *

“Wie het dit gebring?” vra Emma vir Edwin.

“A boy.” Versigtig, asof hy weet hier is iewers moeilikheid.

“Do you know him?”

“Maybe.”

“Please, Edwin, I need your help. This is very important.”

“There are many boys here in the villages. I think he is one of them.”

“Which village?”

“I will try to find out.”

“Wait,” sê Emma en loop terug na die BMW toe, kom met ’n honderdrandnoot terug. “Edwin, all I want to know is who gave the

message to the boy. He is not in trouble. I will pay him if he can tell me. And this is for you. If you can find him, I will pay you more.”

“Madam, thank you, madam,” sê hy en laat die noot in ’n sak verdwyn. “Maybe I can find the boy.”

“Thank you very much.” Sy kyk op haar horlosie. “Ons is laat,” sê sy.

* * *

Sy sit met die briefie in haar hande as ons ry, staar lank daarna.

“Miss Emma,” sê sy. “Dit is wat die man my genoem het wat gebel het, na my huis toe.” Sy kyk na my, dan weer na die brief. “Dit het soos ’n swart man geklink oor die telefoon, Lemmer, en dié lees soos iemand wat nie Afrikaans is nie.”

Ek gaan nie reageer nie. Gelukkig lui haar selfoon weer en sy antwoord en sê: “Carel!” Hy moet haar vra hoe dit gaan, want sy sê: “As jy my gister gevra het, sou ek gesê het ‘sleg’, maar ek dink ek het iets gekry, Carel. Ons is nou op pad. En onthou jy daardie oproep wat ek gekry het waar ek nie kon hoor wat die ou sê nie? Ek het my nie verbeel nie.”

My vriend Carel die Grote van Hermanus. Hy wil skynbaar ’n uitgebreide verslag hê, want sy vertel vir hom, al die pad na Mogale toe, die volle verhaal.

* * *

’n Mooi, jong Nederlandse vrywilliger met ’n bosveldhoed en lang bene in ’n kortbroek neem ons na Donnie Branca toe, waar hy in Frank Wolhuter se kantoor sit. Emma probeer met die Nederlander Afrikaans praat, maar sy antwoord uitsluitlik in Engels. Sy sê hulle is nog in skok, die werklikheid van “mister Wolhuter” se dood het nog nie ingesink nie.

Branca stoot dokumente op die lessenaar rond. Hy is somber, praat gedemp. As die Nederlander weg is, sê hy: “It wasn’t an accident. Kan nie wees nie. Die ratel het al daar ingegaan, maar dan skiet ons vir Simba met ’n dart. Dis wat Frank sou gedoen het. Maar die dart gun staan in die stoor. En hy sou dit nooit alleen gedoen het nie. Phatudi sê daar is nie bewyse nie, maar ek het netnou iets gekry. Kom kyk.”

Hy loop voor, by die binnendeur van die kantoor uit. Agter is Wolhuter se woonkwartiere. In die slaapkamer staan ’n boekrak oop soos ’n deur. Dit skarnier aan die muur vas. Daaragter, in die muur, is ’n geweerkluis, die swaar staaldeur oop. Branca gaan staan voor die kluis.

“Kyk hier.” Hy wys met sy vinger.

Die kluis is twee meter hoog en 'n halwe meter breed. Dit het twee vlakke – onder is ruim plek vir ses wapens. Daar staan nou net twee jaggewere. Aan die stofpatrone is dit duidelik iemand het baie onlangs die ander vier verwyder. Op die boonste rak is dokumente en 'n paar stapeltjies geldnote, dalk drieduisend rand, 'n pakkie dollars, 'n pakkie euro's, miskien 'n duisend elk. Daar is 'n roesrooi streep op die kosyn van die kluis, op die vlak van die dokumentrak. Dit lyk asof iemand dit per ongeluk daar gesmeer het.

“Bloed,” sê Branca.

Emma leun nader om te kyk. Sy sê niks.

“Daar is twee kluisse. Almal weet van die een in die stoor, waar ons die ander wapens bêre. Net ek en Frank het geweet van dié een. As hy iets vir jou gehad het, sou hy dit hier kom bêre het. Dis hoekom ek hier kom kyk het vanoggend, nadat jy gebel het. Toe kry ek dit.”

“Dink jy ...” Sy bly stil, die moontlikhede wat haar ontstel.

“Het jy nog Frank se boodskap?”

Sy knik, haal haar selfoon uit haar handsak. Sy druk die instrument se sleutels en hou dit uit na hom. Van anderkant die graf sê Wolhuter weer: “Emma, dit is Frank Wolhuter. Ek dink jy was reg, ek het iets gekry. Bel my asseblief as jy die boodskap kry.”

Branca se gesig is stroef as hy die selfoon vir haar teruggee. “Nadat julle eergister hier weg is, het Frank Cobie se kamer gaan oopsluit. Hy was die hele middag daar besig. Ek het hom daar gaan groet, ek het vir my meisie gaan kuier op Graskop ... Dit was die laaste keer dat ek hom gesien het.”

Emma staar na die bloedstreep. “Daardie aand ... Maar het niemand ...?”

Branca skud sy kop. “Dis net ek en Frank en Cobie wat hier gebly het. Die workers quarters is bo teen die berg en die volunteers bly twee kilo's weg in die dormitories. Toe ek terugkom, ná twaalf, toe is dit stil. Ek het gedink Frank slaap al, hy was early to bed and early to rise. En toe kry Mogoboya hom by Simba, die volgende oggend.”

Branca haal 'n sakdoek uit en stoot die kluis se deur daarmee toe. “Ek sal vir Phatudi moet laat kom ...” Hy maak aanstaldes deur toe. “Ek het nog nie na Cobie se kamer gekyk nie. Wil julle saamkom?”

“Asseblief.”

Hy gaan haal 'n bos sleutels uit Wolhuter se kantoor en dan stap ons saam met hom na die klein geboutjie aan die rand van die sentrum,

halfweggesteek tussen mopaniebome. Branca wys na een van die vensters, wat stukkend is. “Dit is waar hulle wou inbreek, verlede week ...”

“Wie?” vra Emma.

“Who knows. Ons dink dit was Phatudi-hulle. Maar in die nag kan jy nie die burglar bars sien nie. En Frank het die glas gehoor breek, toe sit hy die ligte aan ...”

Hy sluit die deur oop, eers die deurslot, dan die Yale. Ek wonder of hulle almal so sekuriteitsbewus is. Die huisie is donker binne, die gordyne toe. Branca sit ’n lig aan.

Spartaans is die woord. ’n Enkelbed teen die muur, dennehout-bedkassie, twee verslete gemakstoele, en ’n lang ingeboude kas van verbleikte wit melamien. Die mure is kaal, op die vloer is ’n ou, geweefde tapyt met ’n Afrika-blokkiesmotief. Twee deure – een na ’n kombuisie, waar ’n vierkantige donkerhouttafel met drie houtstoele, ’n ou elektriese stofie en ’n boekrak sigbaar is, en een na die badkamer toe. Alles is relatief netjies en skoon vir ’n vrygesel se woonkwartiere. Daar hang ’n denim oor die een gemakstoel se leuning. Emma vryf die materiaal tussen haar vingers terwyl sy rondkyk. Branca loop na die enkelbed toe, waarop iets lê, dalk ’n boek.

Hy tel dit op, maak dit oop.

“Foto’s,” sê hy.

Emma gaan staan langs hom. Dit lyk na ’n klein fotoalbum, net groot genoeg om kiekies van die gewone grootte te hou.

“Dis Melanie Posthumus,” sê Emma. “Dit is Cobie se foto’s.”

“Who’s Melanie? The girlfriend?”

“Yes.”

“Twee, drie, vier foto’s. He must have liked her a lot.”

“En dit is Stef Moller,” sê Emma.

Branca blaai om en wys met sy vinger: “And here’s Frank. And me. En hierdie was ’n Swedish volunteer. Sy het baie van Cobie gehou. Ons het gedink ...”

“Wat?”

“Maybe, you know ...”

“Wat?”

“Well, ons het haar by Cobie se huisie sien uitkom, een oggend vroeg ... But she left. Like they all do.”

Branca het tot agter geblaai. “That’s it.”

“Wag,” sê Emma en neem die album by hom. Sy maak dit voor oop. “Kyk hier.” Sy wys dit na my kant toe. “Hier is twee foto’s weg. Aan die begin.”

Ek kyk. Aan weerskante van ’n bladsy is daar net die deursigtige plastiek met ’n wit agtergrond en die vae buitelyn van waar twee poskaartgrootte foto’s was.

“Mmmm,” sê Branca.

“Die kamer ... Dis presies soos Frank dit gelos het?” vra Emma.

“Must be. Hier was niemand anders in nie.”

“Daar is nie skoonmakers nie?” Sy loop deur na die kombuis toe.

“Ek en Frank het iemand wat skoonmaak, maar ons is slob. Cobie het alles self gedoen.”

Die kombuis is nie groot genoeg vir ons almal nie. Ek en Branca staan in die deur. Emma kyk na die boekrak.

“So dit kan Frank wees wat die album op die bed gelos het?”

“Could be.”

Sy draai om. “Miskien het hy die foto’s uitgehaal om vir my te wys.”

“Miskien.”

“Het jy gekyk in die kluis? Of daar iets is?”

Natuurlik het hy gekyk in die kluis, net nadat hy die vier gewere uitgehaal het.

“Nee. When I saw the blood ... I did not want to interfere with possible evidence.”

Hy lieg. En hy doen dit goed.

“Kan ons gaan kyk? Ons kan versigtig wees.”

“O.K.,” sê hy.

Hulle loop deur se kant toe. Ek kyk vinnig na die boekrak in die kombuis. Tydskrifte op die onderste rak, die geel rugbande van *National Geographic*, ’n reeks *Africa Geographies*. Die res is boeke oor diere, wild- en veldbestuur. Volgepak. Geen gapings waar ’n fotoalbum kon gestaan het nie.

* * *

Die foto’s is nie in die kluis nie. Daar is titelaktes en skenkingsrekords en finansiële state en die kontant.

“Waarvoor is die geld?” vra Emma.

“Dis die cash float. Vir incidentals, vir emergencies ...”

“Daar is nie ’n ander plek waar hy die foto’s sou gebêre het nie?”

“Ek sal kyk. Miskien in sy kamer, ek weet nie. Maar dit gaan tyd vat. There is so much to do now. I don’t know what’s going to happen. Maar as ek iets kry, sal ek vir jou bel.”

“Baie dankie.”

Ons groet en ry, want Emma wil die swart kind gaan opspoor wat haar boodskap aangedra het.

Sy haal weer die briefie uit, lees dit en vou dit op. Hou dit in haar hand. Wanneer ons in die teerpad indraai, is daar geen lede van die polisie wat ons wil beskerm nie. Ek doen ’n deeglike bestekopname van moontlike agtervolgers. Wonder waarom ek ’n ongemak in my het. Ek konsentreer op die pad. Ek probeer my gewete ignoreer, wat fluister dat ek vir Emma moet sê Branca steek iets weg. Dit werk nie. Ek rasionaliseer: Dit is nie my besigheid nie. Dit sal nie ’n verskil maak nie. Dit het bes moontlik niks te doene met haar soeke na Jacobus le Roux nie.

Maar die brief in haar hande bekommer my. Dit maak nie sin nie. Dit pas nie in by my oorspronklike vermoedens nie.

“Hoekom het hy nou eers die brief gestuur?” wonder Emma hardop. “Ons is al drie dae hier.”

Dit is ’n baie goeie vraag. Ek kry nie kans om daaroor te dink nie. Want by Klaserie, net anderkant die spoorlyn, flits iets in die veld, links van ons, onvanpas, waar dit nie hoort nie. Ek is besig om spoed te verminder vir die R351 se aansluiting by die R40. Uit die hoek van my oog sien ek die son wat vir ’n oomblik op metaal blink. Ek wil my kop draai, maar dan sien ek die gehawende blou Nissan-bakkie op die linkerskouer van die pad, net voor die stopteken, die twee figure wat daarin sit, die deure wat gesinchroniseerd oopgaan.

Balaklawas op die koppe, vuurwapens in die hande.

“Hou vas,” sê ek vir Emma en trap die versneller, kyk na regs vir verkeer wat op die R40 aankom, want ek wil die draai na links vinnig vat. Net hier wegkom.

“Wat?” sê sy en hou aan die deurhandvatsel vas, haar stem skielik benoud.

Voor ek haar kan antwoord, bars die linkervoorband met ’n dowwe, skuddende slag.

20

Adrenalien laat alles stadiger voel.

Die BMW se voorkant sink net vir 'n oomblik as die band disintegreer. Ek baklei met die stuurwiel, kry nie die reaksie wat ek verwag nie, wil terugkyk, waar is die twee van die Nissan? Trap die versneller, die krag en die agterwielaandrywing skop in, dit hou vir 'n oomblik die draai se lyn, maar ek is te vinnig en die traksie voor nou te min. Die gat swaai uit, oor die R40, na die grondsoom se kant toe. Ek probeer dit terugbring.

“Lemmer!”

Die bande skree, die BMW swaai 180 grade, die neus kyk terug na die stopstraat toe, die Nissan-twee kom aan, balaklawakoppe, bonkige vuurwapens. Handskoene?

Ek probeer die kar omgedraai kry.

Iets klap teen die kar. Donk!

Ek sien periferaal iets flits in die veld. Son op 'n geweerloop? Ek draai die stuurwiel, my hande sweet, trap die versneller.

Donk! Nog 'n band, regs agter, is weg. BMW wieg en stotter, kom net weg.

“Lemmer!”

“Kalm!” Ek draai en versnel, die neus kom om, weg van die balaklawakoppe af, wys noord, die rigting waarheen ons moet ry. Daar kom 'n kar van voor af, sy toeter blaas desperaat, hy swaai net betyds uit, 'n paniekerige gesig flits verby. Ek sit my voet neer, die agterband spring heeltemal af, velling se metaal op die teer, 'n skril geluid, ons ruk vorentoe, weg van hulle af, dertig, veertig, vyftig meter.

Dit raas en ruk, maar die kar hou sy lyn, in die middel van die pad. Ons tel spoed op, verkeer kom daar ver aan.

Hulle skiet nog 'n band uit, links agter. Die BMW is nou heeltemal onbeheerbaar. Ek sal moet stadig. Of ons moet uit. Stadig gaan nie werk

nie, ek sien hulle in die spieëltjie aangehardloop kom. Mik vir die veld, ry in die lang gras in, kry nog afstand, soveel moontlik, laaste versnelling, tagtig, negentig meter, soom, grond, gras...

Die kar breek deur die heining, grensdrade wat skiet met 'n sjoergeluid. Ek trap hard op die remme, laaste swaai van die kar, skeef in die gras, die enjin stol en skielik is dit stil.

“Uit!”

Sy maak die deur oop, kan nie uitkom nie. Ek klik my veiligheidsgordel los, draai na haar toe.

“Jy is nog vas hier.” Ek probeer my stem reëlmatig hou, knip haar gordel los.

“Uit. Nou.” Maak my deur oop, spring uit, hardloop om, sy is al buite, gryp haar hand, ek trek haar.

“Wag,” skree sy, haar gesig bang, maar sy draai om, duik in die BMW in, gryp haar handsak, reik na my hand.

'n Trein se fluit. Noordwes van ons. Ek trek haar en ons hardloop.

“Hou jou kop af.” Ek skree vir haar. Die gras is nie so lank soos langs die pad nie. Mopaniebome en doringbosse bied skuiling. 'n Skoot klap van agter af. Dis 'n pistool. Die koeël brom regs van my verby.

Die sluipskutter met die geweer, die een wat die bande uitgeskiet het, is iewers, wes, suidwes, ek sien hom nie. Twee balaklawas agter ons. Drie in totaal?

Handskoene? In dié hitte?

Nog twee skote. Wild. Hulle weet nie presies waar ons is nie.

Trein se gerammel, nou reg noord van ons. Die spoorlyn hier voor. Maar waar? Ek kan dit nog nie sien nie. Ek versnel, trek vir Emma. Erdvarkgat. Ek spring. Emma val, haar hand uit myne geruk. Ek draai om, sy lê uitgestrek, hande wat probeer keer het, haar kop het iets getref, 'n klip, 'n stomp, dit bloei, tweesentimeterwond op haar wangbeen, langs haar oog.

Ek tel haar op.

“Kom,” sê ek. Haar oë is dof. Ek kyk terug. Hulle beweeg daar agter tussen gras en bosse, hulle hardloop na ons toe.

“Lemmer ...”

Ek trek haar aan haar hand. “Ons moet hardloop.”

“Ek het iets ...” sy hou haar hand teen haar ribbes, uitasem, “seergemaak.”

“Later, Emma, ons moet wegkom.” Haar mond is oop, haar asemhaling hard, haar wangbeen bloei. Ons is nou te stadig.

Die trein.

Die geluid vul my ore, dit is naby, ek sien dit. Diesellokomotief, goederewaens, donderende bruin wurm. Te vinnig, dit beweeg te vinnig. Daar is doringdraad tussen ons en die spoorwegdienspad, dan ’n meter se helling na die spoor.

Ek trek haar daarnatoe, daar is nie tyd om deur die draad te klim nie, ek gryp haar, al twee hande om haar bors.

“Nee,” sê sy, snak vir die pyn in haar ribbes, ek tel haar oor die heining, sy val anderkant. Ek hardloop, spring drie meter verder oor. Sy lê, probeer opstaan. Ek kyk terug. Daar kom hulle. Sewentig meter. Of sestig. *Twee*. Hulle gaan staan. Swaai hulle arms vir iemand. Dan sien ek hom, reg suid. Die een met die geweer. Groot man, wit, kamoefleerdrag, bofbalpet. Hy val plat. Balaklawakoppe kyk vir ons, begin weer hardloop.

Ek is by Emma, sy is gebukkend, vooroor. “Lemmer,” sê haar lippe maar die trein verdoof alles. Sy lyk sleg, bloed teen haar wang af, tot in haar nek, die sny is diep, maar haar hand is op haar ribbes.

Daar is nie tyd nie.

Ek skree: “Dit gaan seer wees!” My linkerhand agter haar rug, ek gryp haar vas, storm teen die wal op. Haar handsak bly agter in die gras. Dit maak nie saak nie, ons hardloop langs die trein. Dit ry te vinnig, dit is die enigste uitweg, enigste kans, ek steek my regterhand uit, wag vir die volgende vragwa. Ek gryp, metaal tref my hand. Pyn. Ek hardloop, wag vir die volgende een. Gryp weer, kry ’n stang beet, momentum ruk ons. Ek klou aan haar, swaai haar op, te veel gewig op my arm, senings en spiere skree, tussen die twee waens op. Ons tref die metaal, my kop slaan teen die kant, ’n oomblik duiselig, ek klou aan Emma. My voete kry vastrapplek, balans, ek trek haar in, druk haar teen my vas, haar hande klou aan my skouers. Sy skree iets, onhoorbaar.

Ons gaan dit maak.

Ek kyk veld toe. Die balaklawas staan stil, hou ons dop as ons saam met die trein wegbeweeg, al hoe vinniger.

Geweerman lê daar, op sy maag, wapen voor hom, driepoot, teleskoop, iets vreemds, eienaardig, anders. Die geweer se loop beweeg, volg die trein se beweging, volg ons.

Rokie pof uit die wapen. Dan is hy weg, buite sig, maar Emma ruk in my arms en sy val, haar lyf slap en los, sy val weg van my af, ek gryp, kry die dun materiaal van haar T-hemp in my vingers. Ek klou daaraan vas, 'n strooihalm.

Dit skeur. Ek sien die bloed op haar bors, die uitskietwond. Hy het vir Emma geskiet. Woede ontplof in my. Die materiaal skeur, sy val weg, in stadige aksie, haar oë toe, 'n lappop. En dan is sy weg, net die stuk T-hemp in my hand.

Ek spring weg van die trein af. Te lank in die lug, klip en gras flits verby. Ek tref die grond, my skouer tref hard, 'n hamerslag van pyn. My wind is uit. Ek rol. Iets steek my sy, skerp en skielik, rol, tref nog iets, rol, rol. Kom tot stiltstand. Ek kan nie op nie. Het nie asem nie. Ek moet by Emma kom. Dink my skouer is uit potjie, regterarm sit hier langs my, voor my, seer. Kan nie asem kry nie, probeer opstaan, oopmond, forseer die wind na binne, my skouer is seer, ek bulk soos 'n bees, moet asem kry. Ek struikel, ek loop en val. Kom orent. Daar lê sy. Doodstil.

Emma. Die woord wil nie vorm nie, die asem is nie genoeg nie.

Sy lê op haar maag. Daar is bloed aan haar kop. Agter. Te veel bloed. Bloed agter haar rug. Dis die koeëlwond. Ek rol haar om met my linkerhand. Sy is weg, haar lyf slap, Here, asseblief, ek druk my bors teen haar bors, druk my linkerhand agter haar rug in, druk haar teen my vas, staan op, sy hang oor my skouer, sonder lewe. Haal sy asem?

Die trein is verby.

Hulle kom.

Ek moet hardloop.

Strompel. Hoe kom ek oor die draad? Hardloop anderkant van die spoorlyn af, weg van hulle. Ek moet oor die draad. Ek kan nie. Te seer, te swaar, net een arm.

Daar's 'n hek. Soos 'n plaashek. Ingang van die dienspad. Ons sal daar moet oor. Ek sal op die hek moet druk, oorswaai-en-spring. Ek hardloop, strompelend, struikelend. Ek sal my regterarm moet gebruik, maar sal dit hou? Ek druk met my hand op die hek se dwarspaal, swaai my bene en Emma oor. 'n Onmoontlike oomblik bo-op, die arm gaan nie hou nie. Dit gee mee, fokken seer, my regterheup tref die hek se bokant, ons val oor, op my rug, Emma bo-op, goddank. Ek moet opstaan, Emma is nou swaar, ek kom op my knieë, my linkerhand is glad van die bloed op haar rug.

Ek kom op my voete, my bene wankel.

Hardloop. Bome, daar's bome, die soom twintig meter weg, die trein se gerammel verdoof, ek hoor hulle skree agter my, ek kan nie nou omkyk nie, ons moet bome toe. My knieë kla, my skouer is moer toe, die pyn is 'n golf wat wil breek. Jy moet leef, Emma le Roux, jy moet leef.

Tussen die bome in. Voetpaadjie, bokpaadjie, ek draf slingerend deur die mopanies voor ons. Moet dit nie volg nie. Hulle sal. Ek draai af, swaai regs. Ek ruik rook, hout wat brand. Is hier mense naby?

Kyk waar jy trap, moenie raas nie, dieper die bosse in. Ek het nie meer asem nie, my bors brand, bene lam, skouer is uitgehaak.

Die bosse maak oop en skielik staan die hutte daar, gehuggies, vyf vroue by 'n vuur. Drie kinders in die stof, een vasgemaak op 'n vrou se rug. Kospotte, hulle staan gebukkend daarby. Die vroue hoor my, kyk op, hulle oë groot. Die waansinnige wit man, die bebloede vrou oor die skouer.

Ek hoor balaklawas wat roep agter my.

Te naby. Ons gaan dit nie maak nie.

Ek hardloop na 'n hut in die middel, die deur wat effens oopstaan, hardloop in, druk die deur met my heup toe.

Twee matrasse op die grond. Tafeljie met radio op. Lê vir Emma neer, draai om.

As die eerste een deur die deur kom, sal ek sy wapen moet afvat. Met een hand. Gaan nie werk nie. Dis al opsie.

Ek probeer luister, doodse stilte. Daar is 'n skrefie by die deur, ek kyk na buite. Hulle kom, uit die bosse uit, net so verras deur die gehuggie, steek vas, sien die vroue, swaai die wapens. Sê iets in 'n swart taal. Geen reaksie nie. Ek kan nie die vroue by die vuur sien nie. Balaklawas skree weer iets, dreigend en gebiedend. 'n Vrouestem antwoord hom met vrees in haar stem. Hulle staar vir 'n oomblik na haar en dan hardloop hulle. Weg, uit my gesigsveld uit.

Ek luister. Kind wat huil. Dan nog een. Vrouestemme wat troos. Weggestuur? Het die vroue hulle weggestuur, in 'n verkeerde rigting?

Ek loop na die matras toe. Emma lê te stil. Ek hou my oor by haar mond. Sy haal asem. Rukkerig, hortend. Nie goed nie. Te veel bloed op haar bors. In haar hare, haar nek, haar wang. Ek moet haar by 'n hospitaal kry. Nou. Nou.

Die deur gaan oop. Die vrou staan daar, versigtig.

"Is hulle weg?"

Geen reaksie nie.

“Are they gone?”

Sy sê iets wat ek nie verstaan nie. Sy kyk na Emma.

“Dokter,” sê ek.

“Doctor,” sê sy en knik.

“Quickly.”

Weer ’n knik. “Quickly.”

Sy draai om en sy roep na iemand, dringendheid in haar stem.

Die golf breek.

OceanofPDF.com

21

Sy naam is Goodwill en hy jaag soos 'n besetene.

Hy lyk te jonk om 'n lisensie te hê. Die Toyota HiAce is vier jaar oud en dit het 257 000 km op die klok, en eers stry hy met my. "The clinic in Hoedspruit is shit, we must go to Nelspruit. To the hospital."

"There is no time."

"No, there will be time, I will drive fast."

"No, please ..."

"No doctor in Hoedspruit, just nurses. They know nothing." Hy draai regs by die stopstraat waar ons netnou aangeval is. "Trust me."

Ek huiwer vir 'n oomblik. "Dan moet jy jaag."

"Watch my." Hy jaag.

En ek hou Emma se lyf in my arms vas op die middelste sitplek en Goodwill ry met sy gevaarligte wat tik-tok en sy bande wat fluit en sy toeter wat blêr en ek voel hoe sy ruk, voel die klein spasmas van haar lyf soos die lewe stadig uitsyfer en ek sê vir haar: "Emma, jy mag nie doodgaan nie. Asseblief, Emma, jy mag nie doodgaan nie."

* * *

Die dokter ruk my arm terug in sy potjie en ek wil hom bliksem, net daar, want dit is 'n intense pyn en dan is dit weg en hy staan terug en hy sê: "Jissie, swaer, ek het gedink jy gaan my pot." Hy's in sy vyftigs en so rond soos 'n balie.

"Fok, dok, ek hét amper."

Hy lag.

"Bel, dok. Ek moet weet."

"Ek het jou gesê ..."

"Jy't gesê ons moet die arm terugkry, dan kan ons bel."

"Later."

"Nou."

“Dit gaan nie help nie. Sy’s in die teater.”

“Waar’s die teater?”

“Kom, ek wil vir jou ’n anti-inflammatories gee,” sê hy en haal ’n spuitnaald uit ’n laai. “En iets vir die pyn. En iets op daardie sny sit.”

“Watter sny?”

“Die een in jou regterbisepts.”

“Dok, waar’s die teater?”

“Kom sit.”

“Nee, dok ...”

Hy vererg hom. “Nou moet jy my mooi verstaan, swaer. As jy my wil pot, is dit nou die tyd, want ek gaan hardhandig raak. Kyk na jouself. Jy bewe soos ’n riet, jy hiperventileer, jou liggaam is in skok, jy bloei en jy’s vuil soos ’n vark. Nou wil jy gaan staan en neuk by ’n teater. Hulle gooi vir jou uit, ek sê nou vir jou. Kom sit jou gat op die stoel hier dat ek vir jou kan inspuit en daardie wond skoonmaak. Dan gaan jy ’n pil drink dat jy kan kalmeer. En dan gaan jy jouself eers skoonmaak en dan gaan jy wag tot hulle daar uitkom en vir ons sê wat aangaan.”

Ek staan daar en ek kyk vir hom.

“Jou gat op die stoel.”

Ek loop na die stoel toe. Ek sit.

“Sit vorentoe. En maak jou belt los.”

Ek doen wat hy sê.

“Nog vorentoe, swaer, ek moet by jou boud uitkom.”

Hy gaan staan agter my, trek my broek af en vee met ’n watte en alkohol.

“Is sy jou vrou?” vra hy en druk dan die naald in. Onnodig hardhandig.

“Nee.”

“Wag. Sit stil. Nog een vir die pyn. Is sy jou meisie?”

“Nee.”

“Familie?” Hy trek ’n nuwe spuitnaald nader.

“Nee. Sy’s my kliënt.” Voel hoe die naald ingaan.

“Jou kliënt?” Hy gooi die spuitnaald in ’n asdrom en maak ’n laai oop.

Hy haal ’n plastiekblikkie pille uit. “As ek kyk hoe jy te kere gaan, gee jy onnatuurlik baie om vir jou kliënte, swaer. Hier’s ’n pil. Gaan maak skoon, dan drink jy dit.”

* * *

My selfoon is weg. My beursie was in die BMW. Ek vra die ronde dokter of ek by hom geld kan leen vir die publieke foon.

“Kom bel hier,” sê hy en neem my na sy kantoor toe. Daar’s ’n foto van ’n vrou op sy lessenaar, in ’n silwer raam. Elegant, mooi, slank. Lang rooi hare met grys daarin.

“Hoe kry ek ’n lyn?”

“Druk nul,” sê hy en maak die deur agter hom toe as hy uitgaan. Ek bel. Jolene Freylinck, die gemanikuurde ontvangsdame, antwoord op die tweede lui in haar diep, sexy stem.

“Body Armour, good morning, how may we be of assistance?”

“Jolene, dis Lemmer.”

“Haai, Lemmer, hoe gaan dit?”

“Ek moet met Jeanette praat.”

Sonder huiwering: “Ek sit jou deur.”

Telefoonmusiek, “My Way” – Jeanette se keuse – terwyl ek wag. Net twee frases, daardie deel waar Frank sê hy het meer afgebyt as wat hy kan kou, en dan sê Jeanette: “Jy het moeilikheid.” Ek vertel haar.

“En hoe is sy?” vra sy as ek klaar is.

“Kritiek.”

“En dis al wat hulle wil sê.”

“Dis al.”

“Lemmer, jy klink nie lekker nie. Hoe voel jy?”

“Ek makeer niks.”

“Ek is nie so seker nie.”

“Jeanette, ek makeer niks.”

“Wat gaan jy doen?”

“Ek gaan eers by haar bly.”

Sy bly vir vyf sekondes stil, dan sê sy: “Ek bel jou.”

“My selfoon is weg.”

“Wat is jou nommer daar?”

* * *

Ek weet nie hoe lank ek by die ronde dokter se lessenaar sit met my kop in my hande nie. Miskien tien minute. Of ’n halfuur. Ek probeer dink, maar my kop wil nie saamwerk nie. Die deur gaan oop en ’n man en ’n vrou kom in. Hy het silwer hare en ’n duur grys pak. “Grundling,” sê hy en steek sy hand uit. Hy glimlag. Sy tande is skerp. Hy lyk soos ’n widdoodhaai. “Ek is

die hospitaalbestuurder en dit is Maggie Padayachee, ons kliëntediensbestuurder. Ons is hier om ons hulp aan te bied.”

Maggie se grys pakkie is donkerder. Haar swart hare is in ’n bolla. Haar tande is minder skerp.

“Emma ...”

“Ek kan u verseker dat juffrou Le Roux die beste mediese behandeling denkbaar kry. Maar ons besturende direkteur het nou net uit Johannesburg geskakel en gevra dat ons u ook sal bystaan.”

“In any way we can,” sê Maggie.

Jeanette Louw. Wat die regte mense ken. Sy het gewoeker. “Ek moet by die teater uitkom.”

Hulle ignoreer dit. “We have a hospitality suite we would like to offer you. And you obviously need a change of clothing,” sê Maggie.

“Ek gaan u in mevrou Padayachee se bekwame hande laat, mnr. Lemmer. Maar u moet weet, ons is heelyd tot u diens.”

“Ek moet met Emma ... juffrou Le Roux se dokter praat. Asseblief.”

“Natuurlik.” Strelende, paaiende stem. “Maar hulle is nog in die teater. Kom ons kry eers vir u gemaklik. Is daar bagasie wat ons kan laat kom?”

* * *

Die “hospitality suite” het ’n sitkamer, ’n slaapkamer en ’n badkamer met ’n stort. Luuks. Lugversorging. Oorspronklike skilderye. Kelims.

Op die bed is ’n stel hospitaalslaapklere en ’n kamerjas uitgestal. Op die vloer is pantoffels. In die badkamer is ’n tandeborsel, tandepasta, skeermes, skeerroom en deodorant uitgepak. Ek wonder wat Jeanette Louw vir die besturende direkteur van SouthMed gesê het.

Ek trek my hemp uit. Emma se bloed. So baie daarvan, nou droog en donkerrooi. Soos wyn.

My bolyf lyk soos ’n abstrakte skildery in somber skakerings van rooi, swart en pers. My kop sing. My hart klop. Die pyn is vaag, danksy die inspuiting. Ek trek uit en klim in die stort. Ek kry koud. Ek draai die krane vol en warm oop, draai my rug op die stroom. My lyf bewe.

Emma moenie doodgaan nie.

Sy mag nie.

Ek het nog nooit ’n bewaakte verloor nie.

Wat het ek verkeerd gedoen? Die trein. Ek moes nie op die trein gespring het nie. Daar was nie ’n ander uitweg nie.

Ek moes haar nie gewantrou het nie. Ek moes haar geglo het. Drie mans. Balaklawas. Dieselfde as die aanval in die Kaap. Hoekom? Hoekom hulle koppe bedek? Hoekom het die skerpskutter nie 'n balaklawas aangehad nie? En handskoene? Waarom die handskoene?

Ek moes die skerpskutter vroeër gesien het. Ek moes dieper tussen die twee trokke ingeklim het. Ek moes Emma agter my gehou het. Ek moes die skoot gevat het. Ek moes haar stywer vasgehou het.

Sy kan nie doodgaan nie. Ek moet klaarmaak. Hulle gaan weer kom. Sy is dood, ek weet dit. Want ek was nie goed genoeg nie.

Ek moet haar gaan oppas.

* * *

Ek bel van die foon in die sitkamer af. “Ek wil weet wat juffrou Le Roux se toestand is, asseblief.”

“Wie praat nou?”

“Lemmer. Hoe kry ek die teater?”

“U skakel van die VIP-suite af?”

“Dis reg.”

“Ek skakel u nou terug.”

Hulle is vinnig daar, klop aan die deur. Ek maak oop in die hospitaalklere en japon. Maggie en die ronde dokter staan daar. “Dr Taljaard is a bit worried about you.”

“I’m fine.”

“‘Fine’ se gat,” sê Taljaard. “Ek wil weet of jy die pil gedrink het.”

“Dr Taljaard ...” sê Maggie tereg wysend.

“Don’t ‘Doctor Taljaard’ me. Het jy die pil gedrink?”

“Nee, dok.”

“Ek het so gedink. My naam is Koos. Ek hou nie van ‘dok’ nie. Kom, ek gaan jou inspuit. Lê op die bed. Maggie, wait outside.”

“Dr Taljaard, he is a VIP.”

“Dis jóú probleem. Mýne is daai oë van hom, wilder as die wildduin. Kom lê, swaer. As jy nie wil hoor nie, moet jy voel.”

“Dok, asseblief, ek wil nie ...”

“Hei! Het jy ore?” Dreigend. Hy maak die deur toe. “Swaer, kom ons wees nou redelik.” Hy praat sagter, rustig. “Ek weet nie wat gebeur het nie, maar jy’t trauma, en dis nie net fisiek nie. En op hierdie oomblik werk jou kop nie lekker nie en jy gaan ’n gat van jouself maak en later gaan jy baie

spyt wees. Kom ons kry jou net so 'n bietjie kalmer. Ek kom nou net van die teater af. Daar is nog nie nuus nie. Maar die feit dat hulle nog besig is, behoort vir jou goeie nuus te wees.”

“Ek moet haar oppas.”

Hy stuur my met 'n ferm hand bed se kant toe. Hy hou nie op met praat nie.

“Niks wat jy nou kan doen nie. Kom lê. Op jou maag. Dis hy. Net so 'n vinnige inspuiting, ons gebruik dié keer die regterboud, linkerboud is al 'n bietjie oorbenut, kom ons kry die japon op. Dis mooi. Daar gaan hy, net so 'n prikkie. Daar's hy, maklik soos dit. Nee, moenie dadelik opstaan nie. Lê net vir 'n oomblik. Gee die goed kans om in te skop. Sal jou rustig maak. So bietjie vaak ook. Dalk nie 'n slegte idee om 'n uiltjie te knip nie. Hoe dink jy? So 'n blaaskans, net om jou asem terug te kry.”

Dit voel of 'n groot gewig op my kom sit.

“Kom ons trek die pantoffels uit, dis in elk geval lelike goed. Ons kry jou hier onder die komberse in, wag, skuif net 'n bietjie, nog so bietjie, daar is hy. Slaaptyd, swaer. Slaaptyd.”

22

Die pyn bring my uit die slaap uit. Pyn in my skouer, in my arm, my regterheup, my linkerknie. Vir 'n oomblik weet ek nie waar ek is nie. Die japon is om my gedraai, ongemaklik. Die venster agter die gordyn is donker. Die lig in die sitkamer is aan, die slaapkamer se deur op 'n skreef oop.

Daar is iemand in die sitkamer. Ek hoor 'n sagte, diep stem.

Ek staan op. My bene is onseker. Ek trek die kamerjas reg. Kyk op my horlosie. 19:41. Amper ses uur geslaap. Waar is Emma? Ek maak die deur oop. Inspekteur Jack Phatudi sit daar. Hy praat op sy selfoon, kyk fronsend op na my. "I have to go," sê hy en vou die foon toe.

"Martin Fitzroy Lemmer," sê hy vir my.

Ek loop na die foon toe, tel dit op. Ek sien my swart sportsak staan langs Phatudi se stoel. Het hy dit gebring?

"Sy is critical, Martin. Sy is in 'n koma en hulle weet nie of sy dit gaan maak nie. Hulle sal jou nie meer as dit kan sê nie."

Ek sit die foon neer. "Sy het bewaking nodig."

"Ek het twee mense by die deur van die ICU."

"Dieselfde twee?"

"Ja. Dieselfde twee. Kom sit. Ons moet praat."

"Wat is jou maatreëls vir toegang by haar? Weet hulle wat hulle doen?"

"Dink jy ons is swape net omdat ons swart is, Martin?"

"Nee, Jack, ek dink julle is swape omdat julle soos swape optree. Buitendien: Een van jou swape is wit. Wat is die maatreëls?"

"Daar is 'n lys van twee dokters en vier verpleegsters. Dis die enigste mense wat by haar toegelaat word."

"Ek moet ook op die lys kom."

"Hoekom? Is jy nou skielik 'n dokter?"

"Sy is my kliënt."

“Kliënt? Sê my, watse diens gee Martin Fitzroy Lemmer, wat vier jaar van ’n six-year sentence in Brandvlei gedoen het vir manslaughter, aan ’n ryk jong vrou soos Emma le Roux?”

Ek sê niks. Hy het sy huiswerk gedoen.

“Wat het vandag gebeur? Weer road rage gehad, Martin? Vertel vir my.”

My kop is dik. My lyf is seer.

“Kom sit.”

Ek staan.

“Ons het jou vingerafdrukke van die R5 af gekry.”

“Baie geluk.”

“Wat soek jy by Emma le Roux?” Sy stemtoon is redelik.

“Ek is ’n werknemer van Body Armour, ’n maatskappy wat beskermingsdienste bied. Sy het ons gehuur.”

“Nie baie goeie beskermingsdienste nie, Martin.”

Hy wil my uitlok. Hy sê my voornaam om my te irriteer. “Dit was ’n lokval, Jack. Hulle het die bande met ’n geweer uitgeskiet. Hoe beskerm jy daarteen?”

“Wie?”

“Ek weet nie.”

“Jy lieg.”

“Jy’s die een wat mense gestuur het omdat jy bekommerd was oor ons veiligheid. Sê jy vir my wie dit was.”

“Die mense waaroor ek geworry het, maak nie traps met high-velocity rifles nie. Wat het gebeur?”

“Ons was op pad terug van Mogale af. Toe lê hulle ons voor. Skiet die bande uit. Ek kon nie die kar beheer nie. Toe hardloop ons. Daar was ’n trein. Ons het daarop gespring, toe skiet hulle vir Emma.”

“Hoeveel van hulle?”

“Drie.”

“Beskryf hulle.”

“Hulle was te ver.”

“Dis nie goed genoeg nie.”

“Hulle het balaklawas gedra. Dit was mans, dit kan ek vir jou sê. Hulle was nooit nader as vyftig, sestig meter nie.”

“En toe kom julle weg? Met juffrou le Roux wat geskiet is en jou skouer wat dislocated is?”

“Ons was gelukkig.”

“Gelukkig? Vertel dit vir haar.”

“Fok jou, Jack.”

“Gaan jy my nou aanrand, Martin? Gaan jy my nou probeer doodslaen soos wat jy ’n 23-jarige article clerk doodgeslaen het?”

“Hy het drie pêle gehad, Jack. Dit was selfverdediging.”

“Dis nie wat die hof gesê het nie. Jy’t ’n anger management problem. Ek kon dit gister sien.”

“Jy het Emma gister fisiek bedreig. Sy het jou gevra om haar te los. Dit is polisiebrutaliteit.”

“Waar was julle oral?”

“Wat?”

“Waar was jy en juffrou Le Roux oral vandat julle hier aangekom het?”

“By Mogale, Badplaas en Warmbad.”

“Wat het julle in Badplaas en Warmbad gedoen?”

“Sy het met Cobie de Villiers se voormalige werkgewer en verloofde gaan praat.”

“En?”

“En niks. Hulle weet niks.”

“Wat nog?”

“Wat bedoel jy ‘wat nog’?”

“Iets moes gebeur het. Iemand is kwaad vir julle.”

“Jy was die enigste een wat kwaad was vir ons, Jack. Dit is wat my laat wonder.”

“Wat van die boodskap?”

“Watter boodskap?”

“Jy weet waarvan ek praat.”

“Ek het geen idee nie.”

“Die vrou by Mohlolobe se reception sê iemand het vir julle ’n boodskap by die hek gelos. Die gate guard sê hy het die boodskap vir Emma le Roux gegee. Wat was in die boodskap?”

“Ek weet nie. Sy het nie gesê nie.”

Hy sit vooroor, hand op die ken, soos Die Denker.

“Ek wil gaan stort, Jack.”

Hy neem ’n ruk voor hy reageer. “Why did she need you, Martin?”

“Wat?”

“Hoekom het sy ’n bodyguard gaan huur om na haar broer te kom soek? Dit is nie só gevaarlik in die Laeveld nie.”

“Vra haar.”

“Ek vra vir jou.”

“Ek weet nie.”

Hy staan stadig op en kom staan reg voor my. “Ek dink jy lieg.”

“Bewys dit.”

“Ek ken ouens soos jy, Martin. Trouble magnets. Ons soek nie nóg trouble hier by ons nie. Ons het genoeg. Ek gaan jou watch.”

“Jissie, inspekteur, jy laat my so veilig voel.”

Hy kyk na my met sy frons en sy groot skouers en draai dan om, loop deur toe. Hy maak dit oop en sê: “Volgende keer is dit nie net vier jaar in nie, Martin. I’ll put you away for a *long time*.”

* * *

Eers wanneer ek klaar gestort het, sien ek die koevert op die bedkassie. Dit was ’n miernes hier terwyl ek geslaap het.

Ek skeur dit oop. Netjies getik, onder die briefhoof van SouthMed Clinics.

Dear Mr Lemmer

We have brought your luggage, which you will find in the lounge. Miss le Roux’s bags are in safekeeping. Should you need it, please contact me.

You are welcome to use our restaurant facilities on the ground floor at your leisure. Also, a Ms Jeanette Louw called, and asked that you call her back once you feel up to it.

Dr Koos Taljaard, who has been treating you, is at your disposal. His telephone number is 092 449 9090. The surgeon in charge of Ms Le Roux’s care is Dr Eleanor Taljaard, and you can reach her on extension 4142.

Should you need any assistance, please do not hesitate to call me on 092 701 3869.

Very best wishes

Maggie T Padayachee

Client Services Manager

* * *

Ek herken die trauma-geneesheer dadelik. Sy is die vrou op die foto in die silwer raam op dr. Koos Taljaard se lessenaar.

“Ek is Eleanor,” sê sy, haar stem mooi en gemoduleer. Sy is langer as ek.

“Hoe gaan dit met Emma?”

“U is meneer Lemmer?”

“Ekskuus. Ja. Ek ...”

“Dis te verstane. Juffrou Le Roux is u kliënt?”

“Dis reg.”

“Sal u ons kan help om naasbestaandes in die hande te kry?”

“Nee, ek ... daar is nie.”

“Niemand nie?”

“Haar ouers en haar broer is oorlede. Daar is niemand anders nie.”

“Liewe aarde. ’n Werkgewer? Kollegas?”

“Sy was op haar eie, as konsultant.”

“O.”

“Dokter, sê my asseblief, hoe gaan dit met haar?”

“Kom sit, meneer Lemmer.” Sy stuur my aan my elmboog na ’n kantoor toe. Op haar lessenaar is ’n foto van dr. Koos. In ’n silwer raam. Hy lyk rond.

Sy gaan sit en ek neem oorkant haar plaas.

“Al wat ek vir u op die oomblik kan sê, is dat haar toestand baie ernstig is. Dit is die breinbesering wat dit vir ons die moeilikste maak ...”

“Die breinbesering?”

“Daar was ’n direkte trauma aan die brein, meneer Lemmer, tipiese coup-contrecoup. Die probleem is, sy is nog nie stabiel genoeg dat ons kan skandeer nie, want ek vermoed epidurale hematoma. Dalk breinweefselsskade. Kan u vir my sê hoe die besering gebeur het?”

“Dok ...”

“Eleanor.”

“Sy het geval. Haar oog het gebloei ... hier ...” Ek druk my vingers teen my wangbeen.

“Nee. Die sigomatiese wond is oppervlakkig. Ek verwys na die pariëtale trauma ...” Sy dink ek verstaan nie die mediese terme nie, sy weet nie ek het voorkennis nie. Sy laat haar kop sak en wys met haar hand, links agter, op haar skedel. “Hier, die pariëtale been van die kranium. Dit beskerm die pariëtale lob van die brein. Die impak moes baie erg gewees het.”

“Ons was op ’n trein. Toe skiet hulle haar, en toe val sy. Van die trein af. Dit het vinnig beweeg.”

“Liewe aarde ...”

“Ek het nie gesien hoe sy geval het nie.”

“Wie op aarde ...”

“Ek weet nie.”

Sy wil nog vrae vra, ek kan dit sien. Maar sy bedink haar, kry haar gedagtes bymekaar. “Meneer Lemmer ...”

“Hulle noem my net Lemmer.”

“Wanneer hierdie soort besering plaasvind, is die impak so erg dat die brein letterlik heen en weer teen die kante van die kranium bots. Die eerste impak noem ons die coup, die tweede is die contrecoup, wanneer die teenoorgestelde kant van die brein teen die kranium terugbons. Die besering is gewoonlik aan die serebrale korteks. Dit is die buitenste laag van die serebrum, tussen een komma vyf en vyf millimeter dik. Die kneusing wissel na gelang van die impak. Die prosesse staan algemeen bekend as harsingskudding, want dit is presies wat gebeur. Jy verstaan sover?”

“Ek verstaan.”

“Harsingskudding kom in verskillende grade voor, ook die simptome. Ligte harsingskudding kan jou vir ’n oomblik duiselig laat voel, ernstige skudding kan bewusteloosheid veroorsaak. Juffrou Le Roux se besering is ernstig. Sy het ’n verlies aan bewussyn, wat nie ’n goeie teken is nie. Met dié soort besering, waar die brein nie deur ’n voorwerp of ’n skedelfragment geopenetreer is nie, is bewusteloosheid gewoonlik ’n teken van breinskade. Nie altyd nie, maar meestal.”

“Dok ...”

“Moet my asseblief nie ‘dok’ noem nie. My naam is Eleanor. Jy moet mooi verstaan, Lemmer, dit is onmoontlik om nou al te sê of daar permanente breinskade is, of wat die aard van die breinskade gaan wees, as daar is. Dit word bepaal deur die area van die brein wat skade opgedoen het. Juffrou Le Roux is in ’n koma, en die beste aanduiding van die erns van moontlike skade is hoe lank sy in die koma gaan bly. Maar ek kan vir jou sê daar is twee goeie tekens. Sy het nie bilaterale dilatering van haar pupille nie. Dit beteken haar oogpupille reageer links en regs op lig – die pupille vernou as ons ’n lig daarin skyn. Die statistieke sê vir ons net twintig persent van breintraumapasiënte met normale pupilêre reaksie sterf. So daar is hoop, maar ek wil herhaal: Ons weet nog nie of daar epidurale hematoma is nie. Dit is, eenvoudig gestel, bloeding op die brein. As sy stabiel genoeg is, sal ons ’n CT-skandering kan doen.”

“En die tweede goeie teken?”

“In gevalle soos hierdie gebruik ons die Glasgow-komaskaal. Die skaal strek van drie, wat baie sleg is, na 15, wat normaal is. ’n Pasiënt se posisie

op die skaal word bepaal deur haar beste reaksie in die eerste 24 uur ná die besering. Ons werk nie hier met 'n eksakte wetenskap nie, maar die goeie nuus is dat juffrou Le Roux buite die drie tot vier sone is. Sy is op die oomblik ses op die skaal en ons hoop sy sal in die volgende twaalf uur 'n verbetering toon. Die Glasgow-skaal bepaal dat vier-en-dertig persent van pasiënte wat tussen vyf en sewe registreer, sal oorleef, met of sonder matige gebrek.”

Vier-en-dertig persent.

“Daar is een stukkie inligting wat vir ons kan help, Lemmer. Hoe lank nadat sy geval het, het jy by haar uitgekom?”

“Ek sal moet dink.”

“'n Minuut? Twee, vier, vyf?”

Ek maak my oë toe. Ek sien die skerpskutter in die gras lê, die wapen se visier wat ons volg, die skoot onhoorbaar bo die lawaai van die trein, net die wit damp uit die loop, soos die wasem van jou asem op 'n koue oggend. Emma wat ruk in my arms ...

“Die skietwond, Eleanor? Wat van die skietwond?”

“Vertel my van die trajek.”

“Omtrent dertig grade, onder na bo.”

“Dit is wat haar gered het. Die koeël het die longe en slagare gemis. Maar die skietwond is nie ons primêre probleem nie.”

Hoe lank vandat sy geval het tot ek by haar was?

Hoe lank het ek gehuiwer nadat sy van my weggeval het, nadat die T-hemp geskeur het?

Ek spring weer, die trein hier links van my 'n roesbruin waas, die gras, die dwarslêers, die gruis langs die spoor flits verby, ek hang in die lug. En tref. Skouer teen die grond, harde impak, skielike pyn, kop in die gras, my wind uit, iets sny my arm. Ek rol en rol en dan lê ek in die gras, die bruin grond voor my oë. Hoe lank lê ek só? Ek weet nie. Hoe lank voor ek kan opstaan?

Hoeveel afstand was daar op daardie oomblik tussen my en die balaklawas? Die trein se beweging het ons van hulle of weggevat – honderd, tweehonderd meter? Meer? Die skerpskutter is die baken. Dit moet meer as driehonderd wees. En toe ek hulle weer sien, was hulle naby. Hoe lank het hulle gestaan?

“Ek weet nie,” sê ek. “Miskien twee minute voor ek by haar gekom het. Miskien meer.”

“En toe jy by haar kom, was sy bewusteloos?”

“Ek dink so. Hoekom?”

“Daar is ’n algemene reël by pasiënte in ’n koma – hoe korter die tyd tussen trauma en koma, hoe ernstiger is die toestand.”

“So dis slegte nuus.”

“Ja, Lemmer, dit is slegte nuus.”

* * *

Sy laat my nie toe om vir Emma te sien nie. Sy sê ek moet wag tot môre. En haar man wil my weer sien voor hy huis toe gaan. Sy bel hom. Dr. Koos kom in en soen sy vrou op haar voorkop.

“Ek weet wat jy dink, swaer,” sê hy vir my. “Jy sit en wonder hoe ’n ou soos ek só ’n sexy diërasie vir ’n vrou kon gekry het.”

“Nee, dok ...”

“Sê hy vir jou ook ‘dok’?” vra hy vir sy vrou.

“Die hele tyd.”

“Ek sal hom inspuit tot hy regkom.”

“Dankie, my lief.”

“Ons het name. Sy’s Leonora en ek is Koos. Sê agter my aan ...”

“Hoe het ’n lelike ou soos jy só ’n vrou gekry, Koos?”

“Dis beter. En die antwoord is: Ek het geen idee nie. Hoe voel jy? Oë is darem nie meer so wild nie.”

“Hy luister as ek praat. Dis hoekom ek met hom getrou het,” sê sy.

“Dis omdat ek so lekker soen. En so ...”

“Los maar die ‘en so’. Hier’s ’n pasiënt.”

“Toe, swaer, jy’s seker lekker seer?”

“Ek sal oorleef.”

“Tawwe Tienie. Dit werk nie met vrouens nie.”

“Net partykeer,” sê sy.

“Maar ’n goeie vry ...”

“Koos!”

Hy grinnik en haal ’n plastiekhouer met pille uit sy wit jas se sak en plaas dit op die tafel voor my. “Drink twee vanaand, voor jy gaan slaap, en van môre af een ná elke ete. Dit sal help vir die pyn en dit sal jou goed laat rus ook. Maar nie meer as drie op ’n dag nie en as jy nie meer seer het nie, dan gooi jy die goed weg.”

“Goed, dok.”

“Hy’s nie baie slim nie. Miskien is dit omdat hy verlief is. Dit neuk met jou kop.”

“Dink jy hy’s verlief?”

“Ek is seker daarvan.”

* * *

“Jy klink beter,” sê Jeanette Louw oor die telefoon. Ek kan hoor sy het ’n Gauloise tussen haar lippe.

“Hulle het my ingespuut. Ek het vir ses uur geslaap.”

“Ek weet. Ek het vir hulle gesê hulle moet iets doen. Jy moes jouself gehoor het. Hoe is sy, Lemmer?”

Ek vertel haar.

“Dit klink nie goed nie.”

“Ek weet.”

“Dis nie jou skuld nie, Lemmer.”

“Ek is nie so seker daarvan nie.”

“Moet nou nie in my ore kom staan en kak praat nie. Wat kon jy gedoen het?”

“Ek moes haar bedreiging ernstig opgeneem het. Ek moes haar geglo het.”

“Wat sou jy dan anders gedoen het?”

Ek weet nie. Ek wil nie nou daaraan dink nie. “Ek het goed nodig.”

“Wat?”

“Twee onsigbares. ’n Kar. Geld. En ’n vuurwapen.”

Dit neem haar nie lank om twee en twee bymekaar te tel nie. “Jy gaan hulle soek.”

“Ek gaan.”

Weer ’n stilte. Ek hoor hoe sy aan die sigaret trek en die rook uitblaas, tweeduisend kilometer ver.

“Sal tienduisend genoeg wees?”

DEEL II

OceanofPDF.com

23

Die wagte by die intensiewesorgeenheid is nat-agter-die-ore uniformkonstabels wat ek nie ken nie. Phatudi se lummels doen seker dagskof, maar dié twee lyk nie veel behendiger nie. Pistole op die heup sit hulle vir my en kyk tot ek by hulle is. Een staan op.

“No entry.” Sy oë is rooi van die nagdiens.

“My naam is op die lys.”

“Wie is jy?”

“Lemmer.”

Hy haal ’n opgevoude papier uit sy bosak uit, vou dit oop. “Martin Fitzroy?”

“Ja.”

“Jy moet hier wag.”

Die balaklawas sou hulle in min of meer vier sekondes kon elimineer.

Ek wag. Teen kwart oor sewe kom dr. Leonora Taljaard by Emma uit. Sy lyk moeg. Ek wonder wanneer laas sy geslaap het. Sy sê daar is “positiewe tekens”. “Sy is nog steeds in ’n koma, maar sy reageer sterker op eksterne stimuli. Haar Glasgow-indeks is nou agt.”

“Hoeveel verbeter dit haar kanse?”

“Vra my weer as ons vanaand die CT-skandering gedoen het.”

“Min of meer?”

“Dis raaiwerk, Lemmer ...”

“Ek verstaan.”

“Ek sou sê beter as vyftig persent.”

“Dit is ’n verbetering op gister se vier-en-dertig.”

“Dit is. Maar laat ons nie opgewonde raak nie. Daar is nog baie werk wat ons moet doen. En jy kan help.”

“Ek?”

“Ons moet haar stimuleer, Lemmer. Jy’s die enigste een wie se stem sy ken. Ek wil hê jy moet met haar gaan praat.”

“Gaan praat?”

“Dis reg. Ek wil hê jy moet in daardie stoel langs haar bed gaan sit en met haar gesels.”

“Vir hoe lank?”

“So lank moontlik. Jy het die hele dag ...”

“Die hele dag?”

“Jy kan natuurlik gaan eet en drink wanneer jy dit nodig het, maar hoe langer jy met haar kan gesels, hoe beter.”

“Wat sê ek vir haar?”

“Net wat jy wil. Hou jou stem egalig, praat net hard genoeg dat sy jou kan hoor. Gesels met haar.”

Die blinde sambok.

Leonora sien my opgewondenheid.

“Komaan, Lemmer, sy sal nie verstaan wat jy sê nie. Kry ’n boek en lees vir haar. Of vertel vir haar die storie van ’n flik wat jy gesien het. Enigiets. Sy het jou nodig.”

* * *

Sy lyk leweloos en breekbaar, bleek en verwese. Hulle het haar hare afgeskeer, daar is verbande aan haar kop en bors, daar is drade aan haar gekoppel, ’n drup in haar arm, monitors en masjiene, sagte elektroniese geluide. Haar linkerhand is bo-op die beddegoed, doodstil. Ek wil uitstrek en daaraan vat.

Ek gaan sit langs haar bed. Ek wil nie vir haar kyk nie. Ek kyk na die glas oorkant haar. Leonora Taljaard staan daar buite en hou my dop. Sy knik vir my, en ek vir haar. Ek kyk na Emma.

“Ek is jammer.” Dit is te sag, sy sal my nie kan hoor nie. Ek maak keel skoon. “Ek is jammer, Emma.”

Net die elektronika van haar lewensfunksies antwoord my. Wat sê ek vir haar?

“Ek ... die dokter sê jy kan my hoor.”

Die hele dag? Dit gaan nie werk nie. Waar kan ek ’n boek kry? Of ’n tydskrif? ’n Vrouetydskrif, miskien is dit die oplossing.

“Hulle sê jy is vanoggend beter. Hulle sê daar is nou ’n baie goeie kans dat jy gaan herstel. Jy moet net vasbyt ...”

Watse fokken woord is “vasbyt”? Hoe kan jy vir ’n mens in ’n koma sê sy moet vasbyt? Ek is ’n moroon.

“Emma, hulle het gesê ek moet met jou praat. Want jy ken my stem.”

Sê vir haar wat gesê moet word.

“Dit was my skuld, Emma. Ek moes jou geglo het. Dit was die fout wat ek gemaak het. Ek is verskriklik jammer. Ek het gedink ek is slim. Gedink ek ken mense, gedink ek ken vir jou. Ek was verkeerd.”

Sy lê net daar.

“Ek sal dit regmaak. Dit belowe ek jou. Ek sal dit regmaak.”

Hoe?

“Ek weet nog nie hoe nie, Emma.”

En dan sit ek terug en bly stil.

Ek kyk op na die glas. Ek wil net vra of ek gou kan uitgaan. Dr. Taljaard is nie meer daar nie. Dis nou net ek en Emma. Ek kan die stadige beweging van haar bors sien, asem in en uit. Haar hand so vreeslik stil.

Ek orden my gedagtes stadig en versigtig en ek sê: “Ek moet aanhou praat. Jy weet ek is nie goed daarmee nie. Die ding is, ek weet nie wat om nog vir jou te sê nie. Hulle het my nie tyd gegee om te dink nie. Ek hoop jy verstaan dit. Ek sal netnou ’n tydskrif gaan koop. Ek wonder wat lees jy? Daar is deesdae so baie ... Dit het weer gereën, vanoggend. Nie die donderstorms van nou die dag nie, die reën was sagter. Ek was netnou buite. Die eerste keer vandat ons ... Dit is nie so warm nie.”

Mag ek uitgaan om ’n tydskrif te gaan koop?

“Dr. Leonora Taljaard lyk of sy weet wat sy doen. Sy is omtrent vyftig. Haar man werk ook hier. Sy naam is Koos. Hulle is ’n interessante paar. Hy is korter as sy. Dit lyk of hulle baie ... of hulle baie goed klaarkom.”

Sê iets.

“Ek sal vir Jeanette Louw sê sy moet jou geld teruggee.”

Moenie oor die besering praat nie.

Waarvan hou vrouens?

“Onthou jy toe ek gesê het ek is ’n bouer? Daar by Wolhuter-hulle? Ek het probeer slim wees, maar dit was nie heeltemal ’n leuen nie. Ek is besig om my huis reg te maak. Op Loxton.”

Dit is die regte onderwerp.

“Dit is ’n ou huis. Niemand is seker presies wanneer dit gebou is nie. Ek dink dit is so tussen negentig en ’n honderd jaar oud. Dit is die laaste huis op linkerkant soos jy uitry na die dorpsdam toe. Die vorige eienaar was ’n

Moslem. Hy was die elektrisiën op die dorp, vir 'n jaar of twee. Toe noem die mense op die dorp dit die Al-Kaïdahuis. Vir die grap. Maar daar was nie genoeg werk nie, toe's hy weg. Of miskien het hy net gevoel hy is nie tussen sy eie mense nie. Nou praat hulle van Lemmer se huis. Dit is vir my nogal ironies, want dit is my eerste huis. Ek het 'n woonstel in Seepunt gehad voor ek voor ek daar weg is, maar voor dit het ek altyd gehuur, want ons was ses maande in Pretoria en ses maande in die Kaap toe ek nog vir die minister gewerk het.

“In elk geval, ek is besig om die huis reg te maak. Dit was nie in 'n baie slegte toestand nie. 'n Paar krake in die mure en die tuin was baie verwaarloos, want die Moslem was al twee jaar weg toe ek ingetrek het. Maar die uitleg is snaaks. Al die ou huise op Loxton is so gebou: Die kombuis en die badkamer is agter, langs mekaar. Jy moet van die slaapkamer in die gang af loop, deur die kombuis, om te gaan stort. Of bad. Want daar was nie storte in die ou huise nie. Ek weet nie hoekom nie. In die Karoo is water skaars, maar die ou mense het net baddens gebou.

“Wat ek nou doen, ek is besig om die muur tussen die kombuis en die badkamer af te breek, want ek het een van die kleiner slaapkamers in 'n badkamer verander. Dit was 'n helse werk, want ek moes al die waterpype en die riolering verlê, dit het my omtrent 'n jaar gevat, want tussenin moes ek gaan werk vir Jeanette. Maar ek dink die nuwe badkamer lyk nou goed. Ek het kleiteëls op die vloer en 'n groot stort en 'n wasbak en 'n toilet agter 'n muurtjie wat ek gebou het.

“Ek het in die ... ek het voor dit messelwerk geleer. Miskien moet ek vir jou

“Miskien later. Maar ek moes daardie muurtjie drie keer afbreek voor dit reg was.

“En toe die nuwe badkamer klaar is, toe begin ek met die muur tussen die kombuis en die badkamer. Ek wil dit een groot vertrek maak, saam met die kleiner slaapkamer langs die kombuis. 'n Soort leefvertrek, vir eet en kuier en kosmaak. Nie dat ek eintlik kan kosmaak nie ... Of vreeslik kuier nie. Maar Loxton ... Dit is ander mense daardie. Hulle kom klop aan die deur en dan sê hulle: ‘Ons kom koffie drink.’ En dan kuier hulle ...

“Daar is 'n ou Aga-koolstoof in die kombuis. In die winter is dit lekker warm. As ek klaar gebreek het, gaan dit een groot leefvertrek wees, rondom die stoof.

“Daar is ’n bruin vrou wat my so bietjie leer kosmaak. Haar naam is Agatha. Sy sê die stoof is in haar naam. Sy kom twee keer per week om skoon te maak en te was en te stryk en dan wys sy my hoe om te maak met ’n boud of ’n ribbetjie in die oond. Dan kom die vleis uit daardie Aga uit en dit smelt in jou mond en die reuk hang deur die hele huis.

“Partykeer bring sy haar kleinseun saam. Hy’s drie. Sy naam is Ryno. Sy sê hy is vernoem na die karakter in *7de Laan*. Ek het dit saam met Agatha begin kyk. Sy leef haar baie in die storie in.

“Ek verveel jou seker vreeslik.

“Toe ek vir die staat gewerk het, was daar nooit baie tyd vir TV kyk nie. Nou het ek ’n skottel. Eers was dit vir die rugby. Maar jy weet hoe gaan dit met ons rugby ...

“My lewe is vervelig wanneer ek op Loxton is. Maar dit is hoe ek dit wil hê. Dit is hoekom ek daar gaan bly het. Maar dit is weer ’n ander storie. Miskien ...

“In elk geval, die ou sitkamer heel voor is nou my slaapkamer, met die nuwe badkamer langsaan. Die huis het ’n stoep, aan die straat se kant. Oorkant my is nie huise nie. Net die meent. Karooveld. Koppies. Die meent is tienduisend hektaar. Kan jy dit glo? Daar is mense wat skape op die meent aanhou. Oom Joe van Wyk sê ek moet vir my ook ’n paar skape kry. Hy sê ek moet my nie bekommer oor die slag nie, daar is vir die eerste keer in sewe jaar weer ’n slagter op die dorp. En ’n restaurant en ’n koffiewinkel ... Die Rooi Granaat. Jy moet die vyelikeur proe wat tannie Nita maak, Emma. Dis lekkerder as enige wyn.

“Ek het die tuin ook al aan die gang gekry. Daar is nog leiwatër op Loxton. My leibeurt is Dinsdae, drie-uur. As ek nie daar is nie, lei Agatha of Antjie Barnard die water. Daar is ’n ou peerboom in die tuin. Ek het dit teruggesnoei en dit dra goed. Ek het ’n soutbosheining geplant, al met die grensdraad langs, en drie perskebome en ’n appelkoosboom. Agatha het gesê ek moet vyebome plant, want dit aard die beste in die Karoo en sy kan konfyt kook. Ek het vier net langs die kombuis ingesit. Die res is maar grasperk en ’n paar blombeddings.

“Ek hou nogal van die tuinwerk.”

Ek kyk na my horlosie. Kwart voor agt in die môre.

Die hele dag.

Ek kyk vir haar hand. Die vorm van die slanke pols en die vingers.

“Emma, ek weet nie wat om nog vir jou te sê nie.”

Buite, agter die glas, loop 'n verpleegster verby.

“Ek wil 'n kruietuin ook begin. En 'n groentetuin. Die grond is goed. Oom Wessel van der Walt het 'n groentetuin op al twee sy erwe en die erwe op Loxton is groot, nie sommer kleiner as 'n duisend vierkante meter nie. Oom Wessel het destyds twee erwe langs mekaar gekoop, en toe hy aftree, bou hy net op die een. Baie mense op die dorp is afgetree, maar daar is al hoe meer wat van Kaapstad of Johannesburg af kom. Om weg te kom. Van iets af. Hulle het gastehuse kom oopmaak, en 'n restaurant. Daar is 'n paartjie wat vryskutwerk doen vir tydskrifte en daar is 'n ou wat webwerwe ontwerp. En 'n paar naweekhuise.”

Die deur gaan oop. 'n Verpleegster kom in, 'n jong swart vrou. Sy glimlag vir my.

“Goeiemôre,” sê sy en loop na Emma toe.

“Goeiemôre,” sê ek.

Sy neem lesings en teken dit op 'n kaart aan.

“Gaan net aan,” sê sy. “Ek is nou klaar.”

“Dink jy sy verstaan wat ek vir haar sê?”

“Nee.”

“Dink jy sy sal enigiets onthou?”

“Nee.” En dan sê sy, ondeund: “So as jy vir haar iets belangriks wil sê, sal jy moet wag tot sy wakker is.”

Ek wonder wat dr. Koos vir die personeel loop en vertel.

“Kan ek uitgaan om 'n tydskrif te gaan koop? Om vir haar te lees.”

‘Jy kan ... Maar weet jy watter een om te koop?’

“Nee, ek sal 'n vrouetydskrif kry.”

“Maar watter een?”

“'n Afrikaanse een.”

“Watter Afrikaanse een?”

“Maak dit saak?”

Sy kyk na my met afgryse. “Natúúrlik maak dit saak.”

“Hoekom?”

“Shame,” sê sy. “Jy’s nie goed met vrouens nie, is jy?”

24

“As ek jou moet vertel hoekom ek op Loxton gaan bly het, sal ek vir jou alles moet vertel. Van die begin af.”

En as sy wakker word en Phatudi kom praat met haar, sal sy in elk geval uitvind wie ek regtig is.

En sy verstaan nie en sy sal nie onthou nie.

Vertel haar.

“Ek was in die tronk, Emma.”

Sy lê net daar.

“Vier jaar lank.”

Ek leun terug in die stoel en ek maak my oë toe.

“Toe ek uitkom, wou ek nie weer in die stad gaan bly nie. Die stad het ’n plek geword wat die slegste in ons na vore bring. Ek soek nie verskonings nie. Ek het keuses gehad en ek het verkeerd gekies. Maar ’n mens moet jou swakhede ken en jy moet jouself daarteen beskerm. Ek het ’n plek gaan soek wat my kan beskerm. Ek het net gery. Met die agterpaaie, van die Kaap af, Ceres toe. Toe Sutherland en Merweville en Fraserburg en Loxton.

“Het jy geweet daar is bergpasse in die Karoo? Het jy geweet daar is plekke waar jy kan stilhou en uitklim en jy kan ’n honderd kilometer ver sien? Daar’s grondpaaie wat deur riviere loop waar die water heeljaar lê. In die Karoo.

“Ek het dit nie geweet nie.

“Op Loxton het ek petrol ingegooi by die koöperasie, toe kom praat ’n oom met my. Die pompe by die koöperasie is agter, jy moet inry by die hek. Ek het uitgeklim, om bene te rek, toe kom hy aangestap. Steek sy hand uit en sê hy is Joe van Wyk en hoeveel kilo’s het die Isuzu op, want hy het net met Isuzu’s geboer en sy laaste een het sewe jaar en vierhonderdduisend kilometer gehou. En nou boer die kinders, en hy en sy vrou bly op die dorp

en hy ry nog steeds 'n Isuzu, maar die Frontier, want daar moet plek wees vir die kleinkinders. En wie is ek en waar kom ek vandaan?

“Dit is hoe dit moet wees. Toe jy nou die dag gepraat het oor die ding dat mense mekaar nie meer hoor nie ... Ek wou vir jou gesê het ek is anders, ek wou vir jou gesê het ek wil nie gehoor word nie, mense moet my uitlos. Ek dink hel is ander mense. Soos Jean-Paul Sartre gesê het. Maar ek sou gelieg het. Dit is nie wat ek regtig glo nie.

“Wat ek vir jou moes gesê het, was dat jy verkeerd is. Ek wil nie gehoor word nie, Emma. Ek wil gesien word. Aan die een kant is dit iets wat my bang maak. Om gesien te word. En aan die ander kant is dit wat ek die graagste wil hê. Want dit het nog nooit gebeur nie. Die stad is een van die redes. Mense sien mekaar nie in die stad nie.

“Op Loxton het iemand my gesien. Maar dit is nie hoekom ek daar gaan bly het nie. Nie die groot rede nie. Ek wou op 'n plek wees waar dit veilig is, waar niemand my sou ...

“Ek het 'n probleem met my humeur. Dis my moeilikheid, Emma. Ek moes 'n plek kry waar ek nie uitgelok word nie.

“Maar daar's ander redes ook ...

“Ek dink 'n mens moet iewers behoort. Ek dink dit is in ons bloed. Die antropoloë ...

“In die tronk het ek weer probeer studeer. Dit was nie die eerste keer nie. Ek dink ek is die langste ingeskrewe student in Unisa se geskiedenis. Ek het al elf vakke klaargemaak, maar nie almal vir dieselfde kwalifikasie nie. Dis so half ... Ek begin met 'n kursus en dan 'n jaar of so later, dan wil ek weer iets anders doen. Toe ek in die tronk was ... Ek dink ek het gelees en studeer om te probeer verstaan wat met my aangaan. En dit het nie gehelp nie. Jy is wat jy is. Die antwoorde is nie in boeke nie. Dit is in jouself.

“Maar daar was sekere goed in die boeke wat my laat wonder het. Soos die drang om deel te wees van iets. Al weet jy jy kan nie regtig nie. Hulle sê in die antieke tyd het ons as stamgroepe geleef. En later stamme. Mense wat familie is van mekaar. Iewers het ek gelees as twee mense in Nieu-Guinee mekaar in die woude raakloop, sal hulle ure aanmekaar probeer familie uitlê om verwantskap te probeer bewys. Sodat hulle mekaar nie hoef dood te maak nie.

“Dit is hoe ons is. As ons familie is van mekaar, as ons aan dieselfde stam behoort, as ons iets gemeen het, dan sien ons mekaar. Dan is daar

vrede en orde. Maar in die stede is ons niks van mekaar nie. Dis elkeen vir homself.

“In Seepunt, toe ek klein was, was daar stamme. Jode en Grieke en Italianers. Almal het aan ’n stam behoort. Maar nie ek nie.

“My pa was ’n Afrikaner in Seepunt. Gerhardus Lodewikus Lemmer. Gert. Gert, die mechanic. By Ford in Main Road. Dit is waar hy my ma ontmoet het. Sy was Engels. Beverly Anne Simmons of the Spares Department.

“Sy was ’n skraal, fyn vroutjie.

“Haar pa was Martin Fitzroy Simmons. My Engelse oupa. Ek het hom nooit geken nie, maar ek het sy name gekry.

“Toe jy jou ouers se storie vertel het ... Jou pa, wat al hierdie dinge gedoen het. My pa was anders. My ma het dertien jaar lank vir hom gesê hy moet sy eie besigheid begin en hy wou nie. ‘You’re a good mechanic. You can make a fortune.’ Hy het gesê hy gaan werk toe en hy gaan huis toe en die moeilikheid is die Engelsman s’n, die ou wat die handelaar besit het. Maar as jy jou eie besigheid het, is die moeilikheid joune. En hy wil dit nie hê nie. En dan het my ma vir hom gesê hy is net poor white Afrikaner trash, sy het nie met hom getrou om die res van haar lewe in ’n tweeslaapkamer-woonstel in Seepunt te bly nie.

“Hulle was seker lief vir mekaar. Aan die begin. Ek weet hý was lief vir háár. Dit kon ek sien.

“Ek het nog net een keer met iemand gepraat oor hulle, Emma. Dit is vir my moeilik. Ek wil nie. Daar is tye dat ek nie eens aan hulle wil dink nie. Hulle was al twee ewe sleg. Elkeen op sy eie manier. My ma was ’n manipuleerder en ’n slet en my pa was ’n lafaard en ’n gewelddadige man. Wat doen jy as jou ouers só is? Wat doen jy as ander mense van hulle ouers praat en jy sit net daar en jy het hierdie haat in jou? Vir wat hulle aan mekaar gedoen het. En aan jou. Hulle was soos twee verskillende chemiese stowwe wat op hulle eie onskadelik was, maar as kombinasie was hulle ploffbaar.

“Engels was vir my die taal van huismoles. Van argumente en uitlokking en skree en vloek op mekaar. Want dit is wat hulle met mekaar gepraat het. Engels. My ma wou nie Afrikaans praat nie. ‘It’s such a common language,’ het sy gesê en dan het my pa net Afrikaans met my gepraat en dan het sy met hom daaroor óók baklei. Aan die ander kant, hulle het oor álles baklei. Oor geld, oor werk, oor sy gedrink en haar ontrouheid, oor sy gebrek aan

ambisie en haar drang na status. Oor die kos wat sy gemaak het en die huistake wat hy nie gedoen het nie. Oor haar spandabelrigheid en sy suinigheid, oor elke denkbare ding.

“Ek het gedink dit is normaal. Ek het niks anders geken nie. Vyf uit die sewe weksdae het hulle saans geargumenteer, gekibbel, gestry. Dit was ’n proses, elke aand, van skote op mekaar wat in die algemeen gemik was, tot iets iemand tref en dan word dit die onderwerp, die twispunt waarop hulle toesak tot hulle begin skree en vloek en verwyf.

“Ek weet nie hoe oud ek was toe ek begin rondloop het nie. Miskien sewe. As dit tyd word vir hulle om huis toe te kom, het ek in die strate gaan dwaal of by die see gaan sit. Maar dan kom ek by die huis en sy vra: ‘Where were you?’ en hy sê: ‘Leave my son alone,’ en dan word ek die twispunt.

“En as ek deur Seepunt geloop het, het ek ander mense gesien. Stamme en groepe wat op sypaadjes en in binnetuine en op balkonne sit en lag en gesels. En dan het ek daar gestaan, soos ’n kind sonder geld buite ’n lekkergoedwinkel se venster.

“Hy het my die eerste keer geslaan toe ek nege was. Miskien was dit soos ’n damwal, ’n dyk wat gebreek het.

“Hy het haar altyd verdink, het lank sy vermoedens gehad. Hy het geskimp en beskuldig, maar hy het nooit bewyse gehad nie. Sy was te slinks. Maar daardie aand was sy roekeloos. En hy was dronk. Hy het by die venster gestaan en gesien hoe een van die Bardini-broers, wat die roomyswinkel op Main gehad het, haar onder in die straat met sy motorfiets kom aflaai. Hoe sy die man soen voor sy wegloop, hoe hy haar boude vashou terwyl hulle soen. Hoe sy in die wegstap terugkyk na die Italianer en vir hom lag. Toe weet my pa wat sy gedoen het, en toe sy inkom, sê hy: ‘And now you’re fucking the Dagos?’

“En sy sê: ‘At least they know how to fuck,’ en hy noem haar ’n hoer en sy gooi hom met ’n asbak wat teen die muur breek en hy wil haar slaan, hy gaan loop tot teenaan haar en hy lig sy hand en sy sê: ‘Don’t you dare,’ en toe draai hy om en hy slaan my teen my kop en sy skree: ‘What are you doing?’ en hy sê: ‘Will you do it again?’ en sy sê: ‘Fuck you, what are you doing?’ en hy slaan my weer en hy skree vir haar: ‘Not *me!* *You!* *You* are doing this.’”

Ek weet nie hoe ek by dié goed uitgekom het nie.

“Ek is jammer, Emma.”

Ek skuif in die stoel, sit vooroor. Ek wonder of ek aan haar hand mag vat.
“Ek het nie bedoel om dit alles ...”

Dit is asof haar vel deurskynend geword het. Ek kan die fyn diepblou van haar are sien.

“Maar dit is wie ek is.”

Met elke biep van ’n masjien stuur haar hart bloed deur die are, na haar brein, waar hulle nog nie weet hoeveel skade gedoen is nie.

“Ek dink ek verstaan vandag. Hoe die goed inmekaar steek. My pa het my geslaan, van daardie dag af. Baie. En hard. En die probleem met geweld is dat dit nóg geweld kweek. In mense. In gemeenskappe, in lande. Dis soos ’n ding wat jy loslaat, jy kry hom nie weer terug in die hok nie. Maar dit help nie jy gaan staan in die beskuldigdebank en jy sê vir die landdros dit is jou pa wat jou só gemaak het nie.”

Ek vat aan die soom van die hospitaalbed se linne. Dit is sagter as wat ek vermoed het.

“Die ding wat ek nooit kon verstaan nie, is hoekom hy nie vir Bardini gaan slaan het nie? Hoekom het hy nie roomyswinkel toe geloop en die man daar uitgeruk en vir hom gebliksem nie? En die antwoord is dat my pa lafhartig was. En dit is een ding wat ek gesweer het ek nooit sal wees nie.

“My pa se taktiek het gewerk, vir ’n ruk. Hy het vir haar gesê, as sy nie wil hê hy moet my slaan nie, moet sy ophou hoereer. Dan is sy vir twee, drie maande ordentlik, maar ek dink sy kon nie sonder mans se aandag klaarkom nie.

“Ek het eers as grootmens haar storie vir myself probeer vertel. Ek het dit uit foto’s bymekaar gesit, van haar as kind, later dié waarop my pa ook is. En uit wat sy oor haar jeug gesê het, wanneer sy besig was om my pa te verwyt. ‘Daddy loved me, Daddy adored me.’ Só het sy van haar pa gepraat, die middelklas-Engelsman van laer Rosebank. Hy was ’n klerk in die Provinsiale Administrasie. En sy was ’n mooi kind. Klein, met blonde haartjies en groot ogies. Op elke kiekie het sy parmantig vir die kamera geglimlag, altyd bewus van haarself. En selftevrede.

“Hulle het mekaar by die motorhawe ontmoet. My pa was twintig, met ’n swart kuif en broeiende oë en hy het ’n meisie in Parow gehad, ’n ernstige verhouding, daar was al sprake van ’n verlowing. Dit, dink ek, was waar die moeilikheid begin het. Want my ma het ál die mans se aandag gesoek en hier was een wie s’n sy nie kon kry nie. Toe hou sy aan, tot sy dit kry.

“Toe ek my verstand kry, was sy nie meer oulik en jonk nie. Ek weet nie of dit die swangerskap was nie, of net die jare wat aangestap het. Dalk die suur van hulle huwelik. Teen dertig was sy moeg. Afgeleef. Dit het gewys, op haar gesig, op haar lyf en sy het dit geweet. Sy het met grimering en haarkleur en stywe klere probeer om die verlore aandag van mans te herwin. Die kers vir haar mot. Dit was vir haar onweerstandbaar, ’n onvermydelike gevolg, soos ’n been wat spring as die kniespier geslaan word.

“En so het ons deur die siklusse gegaan. Sy was getrou en dan is daar redelike kalmte en dan begin hulle baklei en sy gaan soek aandag, tot ’n man meer wou hê en dan het sy ingegee en iewers saam met hulle geslaap. In ons woonstel ook. Ek het een oggend van die skool of gekom ... ek weet nie meer nie, miskien het ek siek geword. Ek het ’n sleutel gehad en ek het ingegaan en hulle gehoor. Sy en Phil Robinson, die ryk Brit wat die hotel op die seefront gehad het. ’n Honderd hotelkamers, maar hulle moes na ons woonstel toe kom ...

“Toe sien sy my en sy skree: ‘Jesus Christ, oh, Jesus Christ, Marty, go away, go away!’ maar ek het net daar gestaan tot sy van hom afgeklim en die deur kom toemaak het. En later, toe Robinson weg is, het sy vir my gesmeek om nie vir my pa te sê nie. ‘He’ll just hit you again.’

“My geskiedenis, Emma. ‘Poor white Afrikaner trash,’ soos my ma gesê het.

“My pa was ’n wynsuiper. Dit is waaraan die reuk van wyn my regtig herinner. Aan sy suur asem wanneer hy halfdronk vir my geslaan het omdat my ma weg is.

“Toe ek dertien was, het sy weggeloop. Toe slaan my pa my omdat sy nie daar was nie. En omdat hy my wou ‘hard maak, sodat jy die lewe en al sy kak kan vat’.

“En ek het.

“Ek het al baie daaroor gedink. Wat dit aan my gedoen het. En die grootste ding is, dit vat die vrees weg. Om seer te kry. En om seer te maak. Dis die belangrike een. Want seerkry ... Jy raak gewoond daaraan. Maar seermáák ... dis soos ’n ding in jou wat moet uit.

“Daar was ’n karateklub in Seepunt, in die Anglikaanse kerk se saal. My pa het my soontoe gestuur. En my probleem was die beheer. Ek kon nie verstaan hoekom ons moet terughou nie, hoekom ons nie die ander ou mag tref nie.

“Ek het gaan moeilikheid soek. By die skool, in die strate. Ek het dit gekry. Ek het daarvan gehou. Om te gee. Om vir die eerste keer uit te deel, om seer te maak. Pyn te veroorsaak. Bloed te trek. Om te breek. Dit is soos om buite jouself te wees. Of binne iets anders, ’n ander wêreld, ’n ander staat. Waar tyd stilstaan. Waar alles verdwyn, jy hoor niks en jy sien net ’n grysrooi mis. En hierdie ding hier voor jou wat jy wil verwoes met alles wat jy in jou het.

“En toe ek in matriek was, het ek die eerste keer my pa gebliksem. Vir ’n ruk het dit beter gegaan.

“Toe wil ek uitkom. Weg van hom af en van Seepunt af. My karate-sensei was ’n poliesman. Hy wou my hê vir die polisie se karatespan. Ek het aangesluit, want jy moes Pretoria toe. Dit was ver genoeg. En toe sien hulle my raak en hulle werf my en toe word ek ’n lyfwag. Vir tien jaar lank. ’n Jaar vir die Minister van Vervoer. Toe tree hy uit. Toe agt jaar vir die wit Minister van Landbou. Die laaste jaar vir die swart Minister van Onderwys.

“My eerste jaar ... Die Minister van Vervoer was ’n ongelooflike man. Hy het my gesien. Hy het almal gesien. Miskien het hy te veel gesien – en gevoel. Miskien is dit hoekom hy homself geskiet het. Maar ek het so baie kere gedink: Hoekom kon iemand soos hy nie my pa gewees het nie?”

25

Ek praat met Emma le Roux. Vier uur lank, tot dr. Leonora Taljaard vir my kom sê ek moet gaan eet.

Ek vertel Emma nie alles nie. Ek vertel haar nie van Mona nie. Ek wil. Ek het die woorde in my mond.

Dit is 'n eienaardige ding, dié skielike loslaat van al die monsters in my kop. Dit is soos 'n sneeubal teen 'n berg af, dit rol al hoe vinniger, dit versamel al hoe meer stukkies.

Maar met Mona was daar nie genoeg momentum nie, was die berg se helling skielik plat. Mona van Pretoria. Mona van Muckleneuk. Vier sentimeter langer as ek, 'n vol vrou.

Ek het haar in die somer van 1987 ontmoet, een jaar nadat ek lyfwag geword het. Sy het in 'n salon in Sunnyside gewerk en ek moes my hare laat sny. Sy het gesê: “Hoekom laat groei jy dit nie 'n bietjie nie?”

Ek het gesê: “Dit sal nie 'n verskil maak nie.”

En toe sit ek en sy klik die nommereen-kam aan die knipper en sy trek dit heen en weer oor my kop, sonder om 'n woord te sê. Ek het vir haar gekyk. Dik bruin hare en 'n mooi gesig met rosige wange. Haar vel glad en gesond. En haar lyf: Sy het 'n los rok aangehad, maar sy kon nie daardie rondheid van haar borste en haar heupe wegsteek nie. En haar ringvinger was kaal.

Sy het weggestap van my af om iets te gaan haal. 'n Kollega het iets gesê, ek kon nie hoor wat dit was nie. En Mona het gelag. Dit was 'n wonderlike geluid, musikaal, helder, eg, van diep binne haar lyf. Met oorgawe. Ek het in die rigting van die klank gekyk en gesien hoe die lag haar liggaam oorrompel, asof dit te groot en te diep en te lekker was daarvoor.

En toe sy klaar was en my afgepoeier en afgekwass het, het ek vir haar gevra wat haar naam is en sy het gesê: “Mona.”

“Kan ek Vrydagaand vir jou 'n pizza koop, Mona?”

“Wie’s jy?”

“Ek is Lemmer.”

Sy het twee hartkloppe lank vir my gekyk en toe sê sy: “Jy kan.”

Ek het haar by haar woonstel in Bereastraat gaan oplaai en ons het in Esselenstraat gaan eet. Nie ek of sy was behendige geselsers nie, maar dit was ’n gemaklike samesyn, asof ons mekaar geken het. Enkel-stadskinders wat nooit grootgeword het nie.

Ek onthou sy het my gevra: “Hoekom is jy so maer as jy so baie eet?”

“Oefening.”

“Watse oefening?”

“Vyftig pull-ups, sit-ups en push-ups in die oggend, dieselfde in die aand. En vyftig kilometer per week.”

“Hoekom?”

“Vir my werk.”

Skud haar kop, stadig. “Dan’s ek liever ’n hairdresser.”

Ek wou weer haar lag hoor. Meer nog: Ek wou dit uit haar optower, ek wou die rede wees vir die speel van dié melodie, want dit was die klank van geluk, van tevredenheid, van alles wat goed en reg was in die wêreld.

Ek het haar daardie aand na haar woonstel toe teruggevat en sy het my ingenooi en ek het nege jaar lank gebly. Ek moes werk om die lag te hoor. Ek moes in myself gaan soek vir ’n humorsin, gaan plek maak vir iemand wat soms laf en ligsinnig kan wees, wat regstaan vir terg, met ’n kwinkslag, want bowenal was Mona se lag nie programmeerbaar nie, dit was ontwykend en onvoorspelbaar, soos die nommers in ’n lotery. Maar wanneer ek die boerpot geslaan het, was die beloning altyd ruim – om te sien hoe sy kragteloos word van vreugde.

Daarom het Mona my verander sonder dat sy dit geweet het. Daar is net soveel plek in ons vir bagasie. As jy humor en lighartigheid wil inbring, moet jy wrewel en swaarmoedigheid afgooi. En dan reis jy ligter, gemakliker.

Daar was ander lesse ook. Mona het haar eie swakhede met soveel gelatenheid aanvaar. Sy was die een wat my probeer leer het dat wroeg nie help nie, dat ons is wat ons is en dat daar geen sin in die wegsteek daarvan was nie. Ek sou die raad eers veel later bemeester.

Daar was gemak in ons verhouding, want sy het nie aansprake gemaak en eise gestel nie. Sy het net geleef vir elke dag. Wanneer ek gesê het ek gaan

drie of vier dae saam met die minister weg wees, het sy met opregtheid gesê: “Ek sal jou mis.”

En wanneer ek terugkom, was haar glimlag eg en het sy haar arms vir my oopgehou en klokhelder gelag wanneer ek haar met moeite na haar massiewe dubbelbed dra. Dan het ek haar uitgetrek en haar wonderlike lyf sentimeter vir sentimeter geliefkoos, sodat die lus stadig in haar opstaan, soos ’n grotdier wat uit hibernasie kom, en sy eindelijk vibreer en haar liggaam vir my oopmaak soos die deure na ’n wonderwêreld. En as ek in haar ingaan, het haar gesig haar intense genot gewys, sonder skaamte. En ook hieraan het ek verslaaf geraak, soos aan haar lag.

Met Mona was niks konvensioneel nie.

Toe ek die volgende Februarie vir ses maande saam met die minister moes Kaap toe, het sy gesê: “Ek moet iets vir jou sê.”

“Wat?”

“Jy kan doen wat jy wil daar onder.”

“Wat bedoel jy?”

Sy het by die venster uitgekyk en gesê: “Lemmer, ek kan nie ...”

“Kan nie wat nie?”

“Ek kan nie só lank sonder seks bly nie.”

“Ek sal kom kuier.”

Toe sê sy dit maak nie saak nie. As ek iemand in die Kaap kry, dan is dit goed so. Sy wil net nie daarvan weet nie. As ek oor ses maande terugkom en ek wil weer by haar intrek, sal sy hier wees. En as ek nie wil nie, dan is dit ook goed. Maar sy kan nie trou belowe nie. Nie wanneer ek so ver is nie.

“Hoekom nie?”

“Daar’s ’n soort man vir wie ek nie kan ‘nee’ sê nie.”

“Watter soort?”

“Jou soort.”

“Watse soort is dit?”

Sy het net haar kop geskud en niks gesê nie.

“Kom saam met my Kaap toe.”

“Dit is my plek. Hier.”

Nege jaar lank was sy my somervrou. My huis en my hawe in Pretoria. Ons het nooit baklei nie. Ons het nooit gepraat oor die ses maande wat ons mekaar nie gesien het nie. En toe vat ek ’n pakket en ek weet ek sal moet Kaap toe, Seepunt toe. Ek sal moet gaan soek. Na myself.

Toe sê ek weer vir haar: “Kom saam.”

Toe sê sy weer sy kan nie.

Drie jaar nadat ek by haar weg is, het sy my gebel, die aand voor my skuldigbevinding, toe die koerante vol was daarvan. En toe sê sy: “Nou weet jy.”

“Nou weet ek wat?”

“Watter soort man ek bedoel het.”

* * *

Ek vertel vir Emma van hoe ek weg is by die staat.

“In 1998 het hulle gesê hulle sal die swart lyfwagte moet vermeerder. Ons kan kies: ’n Skeidingspakket, of ’n oorplasing. ’n Oorplasing waarheen? Hulle kon nog nie sê nie. Toe vat ek die pakket.

“Ek het vir my ’n woonstel gekoop in ’n blok tussen Fort- en Marinestraat in Seepunt, net ’n kilometer van waar ek grootgeword het.

“Ek het my pa gaan soek. Ek kon hom nie kry nie. Niemand het meer geweet van hom nie. Die Ford-handelaar was nog steeds daar, met dieselfde naam. Nuwe mense. Die hele Seepunt was vol nuwe mense. Die Italianers was weg, en die Grieke. Van die Jode was nog net die vroue oor, bejaarde dames wat alleen of in groepies langs die see gaan stap en wag dat hul kinders moet kom kuier. Daar was Nigeriërs en Somali’s, Russe en Roemene, Bosniërs, Sjinese, Irakkese. Nuwe stamme waarvan ek nie deel kon wees nie.

“Ek het ’n karateklub begin by die Virgin Active in Groenpunt. In die oggend vir Engelse en Afrikaanse vroue selfverdediging geleer, in die laatmiddag JKA-karate vir kinders – Suid-Afrikaners en al die ander stamme van Seepunt. Vir amper twee jaar lank. Dit was ’n bestaan. By die gim het die vroue my ‘Lemmer’ genoem en kinders het vir my ‘sensei’ gesê. Ek was nie gelukkig of ongelukkig nie.

“Maar ek het dinge begin sien. Met ’n nuwe perspektief, want ek was vir die eerste keer in meer as dertien jaar weer ’n burgerlike. ’n Man op straat.

“Ek het die nuwe welvaart gesien. En die kooplus, die verbete verbruik agter handelsmerke aan, en status en net-omdat-ek-dit-wil-hê. Van almal. Wit en swart en bruin. Asof mense die verlede agter ’n muur van besittings wil wegsteek. Of miskien die hede.

“Die grootste verrassing was die nuwe stedelike aggressie, ’n ingesteldheid van ‘ek sal vat wat ek wil hê’, van ‘moet nie in my pad staan nie’. Ek het dit die eerste keer op die paaie gesien, die gebrek aan

bedagsaamheid. Die afwesigheid van galantheid, mededeelsaamheid, gemeensaamheid. Die wetteloosheid ook, asof daar nie meer reëls was nie. Of dat die reëls nie vir almal geld nie. Die oorry nadat die lig reeds na rooi verander het. Die stadig ry in die regterbaan – of vinnig in die linkerbaan. Selfoon teen die oor op die snelweg, en dan gee hulle jou daardie kyk van ‘sê net iets’. Asof hierdie land ’n plek geword het waar jy doen soos jy wil, waar jy moet vat wat jy kan voor die bom bars. Of voor die ander een dit kry.

“En die gekla en geweën en gekners van die tande. Almal is ongelukkig, oor kleurgrense heen. Met die regering, met mekaar, met hulself. Almal wys vingers, blameer, murmureer.

“Ek kon dit nie verstaan nie. Die Russe en die Roemene en die Bosniërs kom haal hulle kinders in die aand by die karateklas en dan sê hulle: ‘This is a wonderful country. This is the land of milk and honey.’ Maar die Suid-Afrikaners kla. Hulle ry blink karre, hulle bly in groot huise en seefrontwoonstelle, hulle eet in restaurante en koop groot platskerm-TV’s en ontwerpersklere en niemand is gelukkig nie en dit is altyd iemand anders se skuld.

“Die wittes kla oor regstellende aksie en korrupsie, maar hulle vergeet dat hulle vyftig, sestig jaar gelede voordeel uit dieselfde goed getrek het. Die swartes gee apartheid die skuld. Maar dit was toe al ses jaar wat ons dit nie meer het nie.

“En die eensaamheid. Saans loop ek in die gang van my woonstelblok af na my deur toe, al agter die pizzaman, wat bokse aflewer vir eensame vet vrouens wat die deur met bang oë oopmaak en dan al etende op televisie na vriendskap soek. Soggens is daar soms ’n mammie wat ná selfverdedigingsklas vra of ek nie wil koffie drink nie. En dan sit hulle en vertel my van die eensaamheid in hul huwelik. Soms was ék eensaam genoeg om hul nood te verlig. Maar dan kom hulle nie meer nie. Toe formuleer ek Lemmer se Eerste Wet oor Eensame Mammies.

“Ek het geweet iets gaan gebeur. Nie ’n bewuste wete nie, net ’n vae, vormlose voorgevoel. Want die stad is ’n plek wat jou stelselmatig insuig, wat jou verander, wat jou druk en slyp, sodat jy soos die ander word. Eensaam en aggressief en selfsugtig. En jy is op ’n sekere vlak bewus van wie jy is, van die dinge wat binne-in jou lê, sluimerend. Die goed waartoe jy in staat is, die dinge wat lyfwag wees vir die staat gekanaliseer en help

onderdruk het. Maar jy dink nie daaroor nie, jy praat nie daaroor nie, jy is net bewus van 'n spanning, 'n ongemaklikheid wat groei.

“Jy sal dink ek rasionaliseer, Emma. Jy sal dink ek probeer verskonings soek. Wat ek gedoen het, het ek gedoen, ek kan dit nie ontken nie. Ek het oorkant my prokureur gesit, 'n groot man met die naam van Gustav Kemp, en ek het vir hom probeer verduidelik hoekom dit nie my skuld was nie, en hy het gesê: ‘Kak, man. Jy speel die hand wat die lewe vir jou uitdeel en dan vat jy jou pak soos 'n man.’ Toe gee hy my 'n dag kans en as ek nóg dink ek is onskuldig, dan reël hy vir my ander regsverteenvoordiging.

“Hy het my prokureur gebly.

“Wat gebeur het, moes gebeur. Die een of ander tyd. In die tronk het ek baie gedink oor daardie aand, hoe ek dit moes sien kom het, want die tekens was daar. In my. In ander mense se oë as jy teen hulle vasloop op 'n sypaadjie of 'n vingerteken gee in die verkeer.

“Maar terugkyk is altyd makliker. Want ons is soos die padda in die water wat al hoe warmer word.

“Daardie aand ... Ek moes Bellville toe, vir 'n JKA-graderings-vergadering. Ná die karateklas was ek haastig. Ek het gestort en aangetrek en by Virgin Active se trappies afgedraf na my kar toe. Toe is vier van hulle besig met Demetru Niculescu, een van my studente. Roemeens, vyftien jaar oud met swaar aknee en 'n lang kuif. Hulle was tussen twee-en-twintig en vyf-en-twintig, daardie slim ouderdom wanneer jy niks is nie, maar alles weet. Vier wittes met gimspiere en 'n groepsmentaliteit wat besig was om vir Demetru te spot.

“‘Show us some moves, karate kid.’

“‘Hey, nice pimples, dude. Grow them in the dark like mushrooms?’

“En toe Demetru sy mond oopmaak, het hulle op sy aksent toegesak.

“‘Where the fuck are you from?’

“‘Sea Point.’

“‘Bullshit, dude. What’s your nationality?’

“‘South African.’

“‘Your daddy in the Russian Mafia?’

“Dit was al wat ek gehoor het. Toe sê ek: ‘Leave the kid alone.’

“‘Whoo, it’s the karate master. Now I’m scared.’

“‘Go home, Demetru,’ het ek gesê. Toe loop hy, verlig.

“Die grootste een het my aksent gehoor. ‘Hey, Dutchman, are you going to show us some moves?’

“Ek het weggeloop. Hy het agter my aangeloop. ‘I’m talking to you, Dutchman.’ Die ander het geroep: ‘Chickening out? We won’t hurt you, Chop Suey.’

“Ek het die grote se voetstappe agter my gehoor. Ek het geweet, as hy aan my vat, gaan daar moeilikheid wees. Tot in die parkeerterrein. Toe voel ek sy hand op my skouer en ek draai om en hy is hier by my, langer en groter, en ek is reg, heeltemal reg.

“Ek sê vir hom: ‘I will kill you,’ en ek weet en hy weet dit is waar.

“Iets gebeur in sy oë, ek sien vir ’n oomblik vrees. Dit is wat my gekeer het, op daardie oomblik. Ek het dit nie verwag nie. Maar ek dink dit was ook wat hom agter my laat aanry het, daardie oomblik toe hy aansien verloor het.

“Toe draai ek om en klim in my kar en ry. Nie eens teruggekyk nie.

“Ek wou deur die Waterfront om tyd te spaar. By die BMW-pawiljoen se sirkel was daar verkeer, ’n lang tou. Toe voel ek ’n ander kar wat my van agter af stamp. Nie hard nie. Net ’n stootjie. Toe sien ek hulle in die spieëltjie, in ’n Volkswagen Golf GTi, hulle skree en beduie. Toe klim ek uit.

“Ek moes nie uitgeklim het nie, Emma. Ek moes aangehou het met ry.

“Hulle het ook uitgeklim.

“‘We’re talking to you, asshole.’

“‘Who the fuck you think you are?’

“‘Fucking hairyback cunt.’

“Die grote was die bestuurder van die Golf. Vincent Michael Kelly. Vince. Vier-en-twintig jaar oud, ’n leerklerek by KPMG. Een-komma-agt-nege meter, vyf-en-negentig kilogram. Dit alles sou ek uitvind tydens die verhoor.

“Ek het na die agterkant van my kar gekyk. Daar was nie skade nie.

“‘Hey, he’s talking to you.’

“Al vier het nader gestaan. Vince het tot by my geloop. ‘Got a hearing problem, rock spider?’ En hy stamp my teen die bors. Nou net bravade in sy oë.

“Daar was sprake van steroïede tydens die hofspraak, maar ons kon niks bewys nie. Ek dink dit was omdat hulle vier was, omdat hulle jonk en fiks en sterk was. Omdat ek korter en skraler was as hulle. Dit skep ’n visuele illusie. Maar ek dink dit was ook omdat Vince by die gim vir ’n oomblik nie

die man was wat hy geglo het hy is nie. Ek dink hy was daar sodat hy nie met daardie oomblik hoef saam te leef nie.

“Toe stamp hy my, en ek slaan hom. Nie hard nie. Net genoeg om hom tot besinning te probeer bring. Maar dit het nie. Toe kom die ander. Ek het probeer, Emma. Daar was ’n deel van my wat geweet het wat sal gebeur as ek alles sou loslaat. Ek het probeer. Maar ons is wat ons is. Dit het ek daardie aand geleer. Maak nie saak wat hulle sê nie, maak nie saak hoe hard die tronksielkundiges probeer het nie, ons is wat ons is.

“Dit is hoekom ek Loxton toe is, Emma. Dit is hoekom ek ’n stam gaan soek het. Sodat ek dié situasies kan vermy. Die moontlikheid van moeilikheid kan beperk. Want as ek weer in daardie straat by daardie sirkel moet gaan staan, as hulle weer vir my kom, sal ek dieselfde doen, na dieselfde plek toe gaan, daardie ander wêreld.

“As dit net een ou was, sou ek nie ... buite myself geraak het nie. Nie eens daardie aand nie. Maar daar is iets aan twee of drie of vier wat vir jou regverdiging gee, in jou eie kop. Wat die waarskuwingsligte afskakel. En dan was daar hierdie frustrasie in my ook, van wie ek is en waar ek vandaan kom en dertien jaar se onderdrukking daarvan.

“Toe laat ek dit alles los.

“Die groot een, Vincent. Hy ...”

Al kan sy nie hoor nie, al sal sy nie onthou nie, bly ek stil en tel my woorde. Dan sê ek: “Hy is dood. Toe kla hulle my aan van strafbare manslag. Met versagtende omstandighede. Ses jaar gevangenisstraf. Ek het vier jaar gedoen.”

Ek sit lank daar langs haar bed sonder om ’n woord te sê. Tien, dalk twintig minute. Bewus van wat onvertel gebly het.

Vince, wat met sy kop teen die Golf geval het. Ek het hom geslaan, in woede en in haat, met alles wat ek in my gehad het. Drie, vier, vyf keer. Hy het agteroor gesweepslag en sy agterkop het die regtervoerpunt van die kar getref. Ek kan die geluid daarvan nog hoor, die hol, harde, helder klank.

Hy was vier dae lank in ’n koma. Breinbesering. Kemp, wat woorde soos pariëtaal en epidurale hematoma met groot misnoeë gebruik het. En toe is Vince dood.

En die ander ding. Wat ek nie vir Kemp, die prokureur, gesê het nie, nie vir die regter nie, vir niemand nie.

Daardie aand was soet.

Daardie oomblikke, daardie minute toe ek myself kon laat los, toe ek kon skop en slaan, kon seermaak, kon breek en bliksem, was ek op die plek waar ek hoort. Dit was asof die heelal se tuimelaars net reg gaan lê het, asof ek één gevoel het met die wêreld, heel en volkome en goed en reg. Dit is 'n verskriklike ding. Dit maak jou dronk. Dit is verslawend.

En so verskriklik soet.

OceanofPDF.com

26

Dr. Leonora Taljaard kom jaag my net ná twaalf uit. Sy lyk uitgerus en professioneel. “Ek het werk hier en dit is etenstyd. Koos wag vir jou in die restaurant. En Maggie het ’n boodskap gelos. Dit is in jou kamer. Jy kan twee-uur terugkom.”

“Goed, Leonora.”

“Jy het goed gedoen.”

Het ek?

Die restaurant is vol. “Sondae,” sê dr. Koos Taljaard. “Gewetedag. Dan kom besoek hulle die siekes.”

Oor smaaklose hoenderschnitzel met kaassous vertel hy my dat hulle al sestien jaar op Nelspruit is – eers by die provinsiale hospitaal, later by die SouthMed-kliniek.

“En in al die jare was hier nog nooit ’n pasiënt wat as gevolg van ’n koeëlwond van ’n goederetrein afgeval het nie.”

Ek kyk net kouend na hom.

“Wat het gebeur?” vra hy.

“Iemand was kwaad vir ons.”

“Maar hoekom? Wat kan iemand só kwaad maak?”

“Ek weet nie.” Hy kyk ongelowig na my. “Dis die waarheid,” sê ek.

“Ons is nie almal só nie,” sê hy.

“Ek weet.” Die vraag is: Wie is só? En waarom?

In my kamer lê nog ’n getikte briefie van Maggie T. Padayachee. En ’n motorsleutel.

Dear Mr Lemmer

Budget Car Rental has delivered a silver Audi A4 in your name. It is parked near the gate.

Also, a Ms Jeanette Louw has called, and requested that you kindly return her call at your convenience – on her cellular phone.

*Very best wishes
Maggie T Padayachee
Client Services Manager*

Ek bel vir Jeanette.

“Dankie vir die kar.”

“Dis ’n plesier. Hulle sê vir my haar toestand het verbeter.”

“Dis wat hulle sê.”

“En jy? Hoe voel jy vandag?”

“Ek makeer niks.”

“Die vlugte is vol, Lemmer. Die hele land vlieg om Nuwejaar iewers te wees. Ons kan eers môre kom.”

“Ons?”

“Ek bring vir Fikter en Minnaar.”

“O.” Ongewoon dat sy saamkom.

Sy lei my verbasing af. “Jy weet hoe die Kaap in die vakansie is. Gautengers en uitlanders. Ek was lanklaas in die Laeveld.”

“Hoe laat kom julle?”

“Ons sal teen middagete daar wees. En ek bring jou Kersgeskenkie. Ek hoop dit is wat jy wou gehad het.”

“Baie dankie.”

“Dis die minste wat ek kan doen.”

* * *

“Sy’s bestendig genoeg dat ons vanmiddag die skanderings kan doen,” sê Leonora Taljaard wanneer ek teen twee-uur terug is by die intensiewesorgeenheid. “Jy’s op diens tot vieruur.”

Ek gaan sit. Emma is nog net so klein en bleek en stil onder die beddegoed.

“Hallo, Emma.”

Hulle het die sakkie vloeistof vervang wat in haar are drup. Dit hang bolrond en deurskynend bo haar bed.

“Ek het gaan eet. Hoenderschnitzel. Dit was ... nie Mohlolobe se kos nie. En toe bel ek vir Jeanette Louw. Hulle kom môre, sy en twee lyfwagte. Hulle sal jou hier oppas, Emma. Tot ek klaar is.”

Klaar is. Met wat? Ek het geen idee waar om te begin nie. Ek sit hier langs ’n vrou wat ek skaars ken, met ’n drang om iemand se kop te gaan inmekaar slaan en ek weet hoegenaamd nie hoe om daarby uit te kom nie

Ek wil op my bed gaan lê en my oë toemaak en dink. Oor waar ek en Emma was, oor elke ding wat gebeur het. Ek het haar nie geglo toe ek moes nie. Nie geluister nie, nie gekyk nie, nie gefokus nie. Nou is daar goed in my kop, dinge wat nie heeltemal sin maak het nie. Soos seep in die bad, dit glip weg uit my greep wanneer ek my hand toemaak. Ek moet gaan dink. Want die hele ding maak nie sin nie. Nie genoeg dat hulle vir Emma le Roux wil doodmaak nie. Wat het sy gedoen om dit te veroorsaak? Aan watter onheil het sy kom krap?

Handskoene? In die somer? In die Laeveld? Handskoene en balaklawas, maar die sluipskutter het niks.

In die Kaap, het sy gesê, was daar drie, maar toe was hulle al drie bedek. Het hulle toe ook handskoene aangehad? Dit is te verstane, hulle wou nie afdrukke los nie. Maar in die veld?

Hoekom eers gister? Hoekom het hulle gewag? Moes hulle eers van die Kaap af kom?

Ek probeer 'n tydskedule in my kop maak. Emma het gesê die nuusberig oor Cobie de Villiers was twee dae voor hulle haar in die Kaap aangeval het. Dus drie dae voor Kersfees. Saterdag, 22 Desember.

Twee dae. Waarom die tydsverloop tussen haar oproep na Phatudi en die aanval in die Kaap? Wat sê dit?

Ons het op 26 Desember hier aangekom. Een, twee, drie, vier dae voor die lokval.

Beteken dit iets?

Ek moet met Emma praat. Ek kan nie hier sit en dink nie. Sy moet my stem hoor.

Waar was ek laas? Jeanette. Wat op pad is.

“Jeanette ...” sê ek.

“Ek was twee maande op Loxton, toe lui die telefoon en dit is Jeanette Louw wat vra of ek werk soek.

“Ek het nie veel in die bank gehad nie. Die woonstel in Seepunt het ek vir 'n groot wins verkoop, maar ná my regskoste en die koop van die Al-Kaïda-huis ... Toe vra ek ‘watse werk’ en sy verduidelik vir my.

“En ek sê: ‘Hoe weet jy van my?’ en sy sê: ‘Daar is een of twee van jou oudkollegas wat met lof van jou praat.’

“‘Ek kom nou net uit die tronk uit.’

“‘Ek wil nie met jou trou nie, ek wil jou werk aanbied.’ Toe sê sy my hoe dit werk, hoeveel sy betaal en: ‘Jy moet weet, ek is lesbies en ek vat kak

van niemand nie. As ek bel, dan kom jy. Dadelik. As jy aanjaag, fire ek jou gat. Dadelik. Maar ek drop nooit my mense nie. Stel jy belang?’

“Toe sê ek ‘ja’, want ek het in my huis rondgekyk en ek het geweet hoe baie daar was wat gedoen moet word. Ek het nog nie eens begin bou en breek nie. Die plek was nog leeg. Ek het ’n bed gehad en ’n tafel in die kombuis met twee stoele. Ek het die tafel op Victoria-Wes by ’n veiling gekoop en die twee stoele by Antjie present gekry.

“Antjie. Sy is ’n karakter. Antjie Barnard, wat aan my Loxton-huis se deur kom klop het, vieruur op ’n Sondagmiddag. In haar groot stapstewels en ’n breërandhoed. Toe sê sy: ‘My naam is Antjie Barnard en ek wil weet wie jý is.’ Sy was toe sewe-en-sestig jaar oud en ’n mens kon sien sy was ’n mooi vrou, miskien beeldskoon toe sy jonk was, groen oë, ’n eienaardige skakering, soos die see by die suidpool. Sy het haar hand uitgesteek en ek het dit geskud en gesê: ‘Lemmer,’ en: ‘Aangename kennis, tannie.’”

““Tannie? Tannie? Is ek met jou oom getroud?’ het sy gesê en haar wandelstaf opgelig, reg om my te neuk. ‘My naam is Antjie.’

““Antjie.’

““Dis reg. Wat noem ek jou?’

““Lemmer.’

““Toe, toe, Lemmer, staan so dat ek kan inkom. Jy het darem seker koffie.’

“Ek het vir haar gesê ek het nie stoele nie.

““Dan sit ons op die vloer.’

“En ons het, koffiebekers in die hand en sy het ’n pakkie lang sigarette uitgehaal, een vir my aangebied, en gevra: ‘Wat kom maak ’n man soos jy op Loxton?’

““Dankie, ek rook nie.’

““Dan drink jy darem seker?’ het sy gevra en met ’n slanke elektroniese aansteker vir haarself ’n sigaret aangesteek.

““Nie eintlik nie.’

““Nie eintlik nie?’

““Ek drink glad nie.’

““Seks?’

““Ek hou van seks.’

““Goddank. ’n Mens moet sondes hê. Nie slegte sondes nie, Lemmer. Goeie sondes. Anders leef jy nie. En die lewe is te kort.’

““Wat is goeie sondes?’

“‘Jy weet ... Skinder. Eet. Rook. Drink. Vry. Waar gooi ek die as?’

“‘Ek het vir haar ’n piering gaan haal en toe ek weer kom sit, toe vra sy vir my: ‘Was dit goeie sondes wat jou Loxton toe laat kom het?’

“‘Nee.’

“‘Was daar ’n vrou of kinders betrokke?’

“‘Nee.’

“‘Dan maak dit nie saak nie. Ons het almal ons geheime en dit is goed so.’

“‘Ek het gewonder wat h re was.

“‘Twee weke later het sy weer kom klop, op ’n Dinsdag, laatmiddag. ‘Bring jou bakkie, ek het stoele vir jou tafel.’ Ons het na haar huis toe gery, ’n perfek gerestoureerde Victoriaanse Karoohuis met wit mure en ’n groen dak. Binne was die meubels smaakvol antiek. In die gang was ’n ry swart-wit-foto’s van Antjie Barnard en haar lewe. Ek het gekyk en sy het ges : ‘Ek was ’n tjellis.’ ’n Eufemisme, want die beelde in die rame het ’n storie vertel van ’n internasionale loopbaan.

“‘Ons het dieselfde middag die stoele in my kombuis ingewy, met koffie – en ’n sigaret vir haar.

“‘En die asbak, Lemmer? Het jy begin rook?’

“‘Nee.’

“‘Jy’t dit vir my gekoop.’

“‘Ek het.’

“‘Dis my probleem.’

“‘Wat?’

“‘Mans. Wat my nie kan uitlos nie.’

“‘Ek het gelag. Toe sien ek sy is ernstig.

“‘Sy het met daardie helder, deurdringende o  na my gekyk en gevra: ‘Kan jy ’n geheim hou, Lemmer?’

“‘Ek kan.’

“‘Weer het die o  my gemeet.

“‘Weet jy hoekom ek hier is? Op Loxton?’

“‘Nee.’

“‘Seks.’

“‘Hier?’

“‘Nee, jou swaap. Nie hi r nie.’ En toe vertel sy my hoe sy op Bethlehem in die Vrystaat grootgeword het in ’n tipiese konserwatiewe Afrikanerhuis, hoe haar musiektalente vroeg al vir meer gevra het as die onderrig wat op

dié dorp beskikbaar was. Toe is sy na die Oranje Meisieskool in Bloemfontein sodat sy by die universiteit se mense kan gaan tjello leer. Op sewentien het sy 'n internasionale beurs gewen en in Wene gaan studeer. Op twintig was sy getroud met 'n Oostenryker, op agt-en-twintig met 'n Italianer, op ses-en-dertig met 'n Duitser, maar die konsertreise was nie bevorderlik vir 'n huwelik nie.

“‘En mans het te veel van my gehou, en ek te veel van mans.’

“Op vyf-en-vyftig het sy genoeg gehad. Genoeg geld, genoeg herinneringe, genoeg vreemde stede en hotelkamers en onsekere vriende. Toe kom sy terug en koop vir haar 'n huis in die Vrystaat, op Rosendal naby Bethlehem.

“‘Toe ontmoet ek vir Willem van Wonderkop. 'n Plaasboer. Sestig jaar oud, getroud, maar 'n Man met 'n hoofletter-M. Kon ons hande nie van mekaar afhou nie. En op 'n Woensdagaand toe sê hy vir sy vrou hy moet kerkraadsvergadering toe gaan, maar hy kom kuier by my en ons vry soos twee twintigjariges, wild en wakker en ons neuk van die bed af en ek breek my arm en hy breek sy heup en daar lê ons, kaal en skuldig en diep in die sop.

“‘Wat kon ek doen? Ek kon hom nie dra nie, en hy kon nie opgestaan kry nie. Toe moet ek hulp laat kom. Ek moes kies tussen die dominee en die twee gays wat die koffiewinkel bedryf en na enige kant toe was ek in my moer in, want niemand skinder soos predikante en gay mans nie. Toe kies ek maar die gays, om hom darem sy plek op die kerkraad te spaar.’

“Toe haar arm uit gips uit kom, het sy in haar kar geklim en gery, op soek na 'n plek waar die mense nie die storie sou ken nie. En dit is hoe sy op Loxton beland het.”

* * *

“Sy het my nooit uitgevra oor my verlede nie. Ek het haar vertel ek was 'n lyfwag vir die staat. Ek het vir haar, soos vir die ander mense wat ek daar ken, vertel waarheen ek gaan as ek vir een of twee of drie weke nie op die dorp is nie. Hulle sê dit nie, maar daar is 'n soort trots dat iemand van Loxton belangrike en beroemde mense gaan oppas, gaan beskerm teen die onheile van die wêreld.

“Maar ek is nog nie regtig een van hulle nie. Daar is hoop. Paasnaweek hierdie jaar toe drink ek tee by oom Joe-hulle en al sy kinders en

kleinkinders is daar en Antjie kom ook in. En oom Joe stel haar voor aan sy kinders en hy sê: ‘En dis nou onse Antjie Barnard.’

“Miskien, oor vier of vyf jaar, as niemand uitvind ek was tronk toe nie, sal hulle my voorstel as ‘onse Lemmer’.”

OceanofPDF.com

Ná vier, wanneer hulle vir Emma kom haal vir die skanderings, gaan haal ek die Audi se sleutel en loop uit om die kar te gaan soek.

Die parkeerterrein is stampvol, maar ek sien geen belangstellendes nie, kry die kar naby die ingang, soos Maggie T. belowe het. Dit is 'n tweeliter-handratsedan, silwer, met satellietnavigasie. Jeanette was nie suinig nie. Ek klim in en ry, Klaserie toe.

Ek vat ompaaie, draai onverwags om, hou skielik stil, versnel, memoriseer elke voertuig voor en agter, maar niemand agtervolg my nie.

Die BMW staan nie meer langs die R40 nie. Net die diep spore is daar in die lang gras, nou modderig na die reën. Ek sluit die Audi en loop die vierhonderd meter terug na die T-aansluiting toe. Ek kan die pyne in my lyf voel. Van die stopstraat af stap ek wes, na die treinbrug, waar die spoorlyn oor die R351 loop. As ek hier 'n hinderlaag moes opstel, hoe sou ek maak?

Die twee teerpaaie maak 'n driehoek met die spoorlyn. In die middel van die driehoek is 'n hoogtetjie, rotse en bome. Dit is waar ek my sluipskutter sal plaas, want hy kan die aansluiting by die stopstraat sien. Ek klim oor die draad en loop die veld in, teen die helling op.

Hoe het hulle geweet ons gaan hier verbykom?

Hoe het hulle geweet ons gaan Mohlolobe toe – en nie Hoedspruit toe nie? Omdat ons elke dag dié pad gery het? Omdat die westelike roete Hoedspruit toe omtrent net so ver is?

Of het hulle al twee moontlikhede gedek?

Ek staan op die hoogte en kyk af. Perfekte uitsig. Jy kan die verkeer vir twee kilometer ver op die R351 sien. En minstens vir 'n kilometer op die R41 noord. Twee-honderd-en-vyftig meter van die T af, dieselfde afstand van al twee die paaie. Hanteerbare afstand vir 'n sluipskutter, wind gaan nie 'n groot invloed hê nie, helling is dalk twintig grade.

Maar jy sal nog steeds jou storie moet ken. Bewegende voertuig, buiteband is nie 'n groot teiken nie.

Probleem is, hier is honderde van hulle. Manne wat kan skiet, wat 'n wandelende steenbok op driehonderd meter met 'n teleskoop sal kan plattrek – trofeeskoot, net waar hy hom wil hê.

Maar hoe het hulle geweet ons gaan links draai by die stopstraat, noorde toe? Hoe het hulle geweet ons gaan Mohlolobe toe – en nie Nelspruit se kant toe nie? Want as ek regs gedraai het, sou hy nie sy tweede en derde skote ingekry het nie. Sou ons nie ...

Te veel vrae. Te veel moontlikhede. Te min inligting.

Waar sou hy gelê het? Ek soek tussen die bome en rotse vir die beste plek – spasie om op jou maag te lê, onbelemmerde uitsig, ruimte om die geweer deur negentig grade te laat swaai. Genoeg skuiling.

Ek het iets sien blink in daardie oomblikke voor hy geskiet het. Ek trek 'n lyn van waar ons min of meer op die R351 was, soek die logiese plek.

Dáár. Ek spring van 'n rots af tot in die holte waar hy kon gewees het. Geen spore nie, daarvoor het die reën gesorg. Grashalms gebuig, 'n paar gebreek. Ek gaan lê, hou 'n denkbeeldige geweer in my hande. Dié plek sal werk, skiet hom daar, hou hom dop, sien hy hou nie stil nie, volg hom deur die teleskoop, om die draai, wag tot die BMW stabiliseer, trek nog 'n skoot af, nog een, sien hoe die BMW van die pad af loop. Nadat ons uit die kar geklim het, kon hy ons nie skiet nie, want daar is bome wat sy uitsiglyn breek, lang gras. Hy sou ons vordering hier en daar kon volg. As hy 'n radio by hom gehad het, sou hy die ander twee aanwysings kon gee, maar hy sou nie kon skiet nie. Sou moes ontstaan ook, want 'n rots hier reg links van hom sou sy gesigsveld belemmer het.

Hy staan op. Kyk met die blote oog. Sien ons hardloop, sien vir Emma neerslaan, daar, sien die ander twee wat na ons toe hardloop. Hy sal self moet begin aanstalles maak. Radio in een hand, geweer in die ander?

Hy het net die geweer in sy hande gehad toe ek hom gesien het.

Het hy die doppies opgetel? Was daar tyd?

Die doppies sou na regs uitgeskiet het. Diékant toe. Klippe en gras. Hy sou vinnig moes soek. Drie bande. Maar daar was meer skote. Een het net die kar getref. Minstens vier. Dalk meer? Vier doppies wat hy moet soek, maar hy is haastig, hy moet ons dophou, hy moet ons skiet, dit is sy taak, sy opdrag.

Ek verdeel die potensiele vyf vierkante meter in kwadrante en soek, sentimeter vir sentimeter deur die gras, tussen die groot rooibruin klippe, begin by die mees waarskynlike kwadrant. Niks. Ook nie die tweede of die derde nie.

Die laaste kwadrant, regs en effens agter die sluipskutter. Niks. En dan sien ek dit, net buite die denkbeeldige lyn wat ek getrek het. Die doppie lê halfbedek deur die gras, tussen twee rotse, diep in die skeur.

Ek breek 'n takkie van 'n boom af, druk dit in die skeur in, lig die doppie uit, laat die stokkie by die bek ingly.

Nuut en blink, sewe-komma-ses-twee, die langer NAVO-geweerkaliber, standaarddoppie, plaaslik massavervaardig.

Ek draai die stokkie sodat die doppie in my hemsak val.

Wat was eienaardig aan die geweer?

Ek het dit net vir 'n oomblik gesien, daardie verskriklike sekonde of twee, agter Emma, hy het in die veld gelê op sy maag. Groot man met 'n bofbalpet en die geweer en die driepoot en die teleskoop.

Dit was nie groot nie. Is dit wat snaaks was? Kleinerige skerpskutterswapen?

Kan wees. Maar daar was iets anders. Dit wil nie kom nie. Hy was te ver.

Driepoot beteken dit was nie 'n jagter se geweer nie.

In die kluis wat Donnie Branca oopgemaak het, was daar vuurwapens wat onlangs verwyder is. Is daar 'n verband?

Ek sal moet uitvind.

Ek loop af teen die helling, na die plek waar die BMW in die gras tot stilstand gekom het. Die draad is steeds stukkend. Verkeer ry verby op die twee teerpaaie. Die son begin sak, Mariepskop se kant toe, my skaduwee is lank in die groen soetgras.

Dan probeer ek die roete volg wat ek en Emma gehardloop het. Ek kom by die erdvarkgat waar sy geval het. Toe is ons daardie kant toe, treinspoor toe. My oë soek in die gras vir my selfoon. Die kanse is skraal dat ek dit sal kry.

Hier het ek haar oor die draad gehelp, net voor die treinspoor. Hier gestaan, opgekyk, gesien hoe die twee balaklawas hul arms vir die sluipskutter swaai. Toe val hy plat.

Om op ons aan te lê? In dié lang gras? Kan nie wees nie.

Hoekom het hy platgeval? Neergeslaan, dalk gestruikel? Nee, dit was nie so nie, dit was doelbewus. Vir wat?

Ek klim dié keer deur die draad. Ons het toe suid gehardloop, al langs die trein af. Emma se handsak moes hier geval het. Net hier.

Dit lê in die gras, nie opvallend nie, maar maklik genoeg om te sien. As Phatudi en sy mense tot hier was, sou hulle dit gekry het. Hulle was dus nie hier by die treinspoor nie.

Ek tel haar handsak op, maak dit oop.

Ek ruik vir Emma.

Dit lyk of al haar goed nog daarin is. Selfoon ook.

Ek maak die handsak toe en loop terug na die Audi.

* * *

“Dit lyk nie of daar bloeding is nie,” sê dr. Leonora Taljaard in haar kantoor. “En daar is geen bewys dat die skedelfraktur haar breinweefsel direk beskadig het nie. Ek is optimisties.”

Ek kan my verligting nie wegsteek nie.

“Maar die wa is nog nie deur die drif nie, Lemmer. Dit moet jy mooi verstaan.”

“Ek verstaan.”

Sy wil nog iets sê. Ek kan sien sy huiwer, bedink haar.

“Wat is dit, Leonora?”

“Jy moet net realisties bly, Lemmer. Komapasiënte ... Oorlewing is altyd ons eerste prioriteit, en haar prognose lyk goed ...”

“Maar?”

“Ja, daar is altyd die ‘maar’. Sy kan oorleef, maar sy kan in ’n koma bly. Vir ’n onbepaalde tyd. Maande. Jare. Of sy kan môre wakker word en ...”

“En wat?”

“Sy is dalk nie meer dieselfde nie.”

“O.”

“Ek wil net nie vir jou valse hoop gee nie.”

“Ek verstaan.”

“Jy kan maar weer met haar gaan gesels, vanaand. As jy wil.”

“Ek sal.

En dan loop ek na my VIP-suite toe en gaan sit op die bed met Emma se handsak. Ek het haar notas nodig, wat sy sporadies gehou het vandat ons hier aangekom het.

Ek rits die handsak oop. Die reuk van Emma le Roux. Wat dalk nie gaan wakker word nie. Of nie weer dieselfde gaan wees nie. Die aroma toe ek

haar by die suite ingedra het, haar lyf warm, haar gesig teen my nek. “Die ander kamer,” het sy gefluister. En daardie lag nadat ek haar neergelê het, die een wat gesê het: “Kyk wat het ek vir stil, stupid Lemmer laat doen.”

Dit is tien maande sedert ek ’n vrou teen my vasgehou het.

Laat ek my by die handsak bepaal.

Ek kyk daarin, sien nie haar notapapier dadelik nie. Ek sal van die goed moet uitpak.

Dit is nie ’n groot sak nie, maar die inhoud is indrukwekkend:

1 Selfoon. Ek sit dit op die bed neer.

1 Foto van Jacobus le Roux.

1 Afrikaanse storieboek: *Equatoria* deur Tom Dreyer.

1 Brief van onbekende oorsprong – die een wat ons by Mohlolobe se hekwag gekry het.

1 Swart toeritssakkie. Ek rits dit oop. Grimering. Ek rits dit toe.

1 Selfoonherlaaier.

1 Beursie. Paar honderd rand kontant. Plastiekkaarte. Emma se eie visitekaartjies.

1 Vel papier, ’n web-uitdrukstuk met ’n padkaart om Mohlolobe te kry. Agterop is aantekeninge van Emma. Ek sit dit eenkant.

Is daar nog iets in die donker dieptes van die sak wat my sal kan help?

’n Mens krap nie in ’n vrou se handsak nie. Maar sê nou maar ...

1 Brilkassie met donkerbril.

1 Plastiek-tamponhouer.

1 Klein swart adresboekie, ietwat gehawend, die inskrywings van name en telefoonnommers, hier en daar ’n adres en ’n verjaardagdatum, lyk nie onlangs nie.

1 Pakkie Kleenex Softique White 3-ply snesies. *Care on the move*.

2 Bankstrokies. Ek kyk nie daarna nie. Niks met my uit te waai nie.

2 Ou inkopielysies, kort en kripties, vir kruideniersware.

9 Visitekaartjies. Jeanette Louw s’n is een daarvan. Die ander is onbekende reklame- en bemarkingsbestuurders.

7 Kontantstrokies. Drie van Woolworths Food, een van Diesel Jeans, twee van Pick ’n Pay, een van die Calitzdorp Gastehuis. Agterop is ’n resep geskryf. *Calitzdorp Appelert*.

1 Nota wat sy by die Badplaas-oordbestuurder gekry het met Melanie Posthumus se telefoonnommers daarop.

1 Bluetooth-oorstuk vir die selfoon.

- 1 Pakkie voorbehoedpille.
- 1 Pakkie Disprins, die soort van jy kan kou. Onooggemaak.
- 1 Klein ronde plastiekblikkie. Mac Lip Balm.
- 1 Plat rivierklippie.
- 1 Swart Mont Blanc-pen.
- 1 Bic-balpuntpen.
- 1 Pakkie vuurhoutjies van die Sandton Holiday Inn.
- 1 Halfgebruikte potlood.
- 3 Verdwaalde papierknippies.

En dit is die somtotaal. Ek pak alles terug behalwe die notas, die foto en die selfoon. Dan druk ek die selfoon se knoppie. Die skerm verlig. *YOU HAVE FOUR MISSED CALLS.*

Ek manipuleer die sleutels. *MISSED CALLS. CAREL (3). UNKNOWN (1).*

YOU HAVE 1 NEW VOICE MESSAGE. PLEASE DIAL 121.

Ek skakel.

“Emma, dit is Carel. Wou net hoor hoe dit gaan. Bel as jy ’n kans het.”

Ek bewaar die boodskap, sit die selfoon af en plaas dit terug in die handsak.

Moet ek vir Carel bel? Vir hom sê wat gebeur het?

Ek weet wat sy reaksie gaan wees. “Was jy nie veronderstel om haar te beskerm nie?”

Nee. Laat Jeanette dit doen.

Dan vat ek die vel papier met die notas op. Daar is baie minder as wat ek gedink het. Net enkele inskrywings in Emma se klein, netjiese hand:

Augustus 1997: Jacobus weg. Heuningklip.

22 Augustus 1997: Jacobus weg by Melanie.

27 Augustus 1997: Pa en Ma in ongeluk

Begin by Mogale werk in 2000?

Vyf dae nadat Cobie de Villiers verdwyn het, is Jacobus le Roux se ouers in ’n motorongeluk dood.

Vyf dae.

Toeval? Dalk. Maar Emma het nie so gedink nie. Sy het dié inskrywing twee keer onderstreep. En my geloof in die toeval het die afgelope twee dae ’n lelike knou gekry.

En as dit nie toevallig was nie, wat het Cobie se verdwyning met die motorongeluk te doene?

Waarheen was hy toe hy by Heuningklip weg is? Wat het Melanie Posthumus gesê? *Voor ons kon trou was daar eers iets wat hy moes gaan doen. Hy het gesê hy gaan vir twee weke weg wees en dan gaan hy vir my 'n ring bring.* So iets. En toe sy hom vra wat hy moet gaan doen, wou hy nie vir haar sê nie. Behalwe dat dit die regte ding is en dat hy haar eendag sal vertel.

Die regte ding.

Wat beteken dit alles? Wat het Emma gedink?

Te min inligting. Net genoeg vir wilde afleidings en onwaarskynlike teorieë.

Ek kry 'n idee. Ek krap die pen uit Emma se handsak, neem die vel papier en trek 'n tabel met al die datums en gebeure wat ek kan onthou.

1986: Jacobus verdwyn in Wildtuin. Ouderdom +/- 19?

1994: Cobie begin by Heuningklip. 27?

22/8/1997: Cobie verdwyn. 29?

27/8/1997: Ouers oorlede.

2000: Cobie kom aan by Mogale. 32?

21/12/2006: Cobie verdwyn ná sangoma-moord. 38?

22/12/2006: Emma bel na Hoedspruit.

24/12/2006: Aanval op Emma in Kaap.

26/12/2006: Na Laeveld.

29/12/2006: Emma geskiet.

Ses jaar tussen Jacobus le Roux se verdwyning en Cobie de Villiers se aanstelling by Heuningklip. Kom ons sê dit is dieselfde mens. Al sê Phatudi en Wolhuter en Moller en Melanie die foto van Jacobus lyk nie na Cobie nie. Kan 'n mens só baie verander in ses jaar? Ek trek die foto nader. Jacobus, nog meer seun as man. Maar verander 'n mens regtig so baie tussen die ouderdomme van negentien en sewe-en-twintig, toe Moller en Melanie hom leer ken het? Moeilik om te glo. Tog: Emma het ooreenkomste gesien.

Ses jaar nadat hy in 'n skietery met wilddiewe in Krugerpark vermis raak, verskyn hy weer. En net 200 kilometer van waar hy weggeraak het. Sê vir Melanie hy het in Swaziland grootgeword. Kruger is nie ver van Swaziland af nie. Minder as 'n honderd kilometer. Beteken dit iets?

Ses jaar.

Hoekom ses jaar? Hoekom negentien-vier-en-negentig? Die Jaar van die Nuwe Suid-Afrika. Hy werk drie jaar vir Moller en dan is hy weer weg,

skoonveld, vir nog amper drie jaar, verskyn dan by Mogale. Hoekom? Hoekom nie in Namibië of Durban of Zanzibar nie? As Jacobus en Cobie dieselfde mens is en hy het rede om te verdwyn, hoekom neuk hy al met dieselfde streek? Wat hou hom hier?

Ses jaar by Mogale se Rehabilitasiesentrum en dan gebeur die ding met die aasvoëls. Wat is die storie met die ses jaar, drie, drie, ses? Toeval?

Wilddiewe. Twee keer verdwyn hy omdat daar op wilddiewe geskiet is. In 1986 skiet hy op ivoorstroppers, in 2006 word hy verdink van 'n skietmoord op aasvoëlstroppers. Twintig jaar tussen die twee voorvalle, maar die ooreenkomste staan.

Wat de fok beteken dit?

Ek weet nie.

Ek vat die boek wat in Emma se handsak was en ek loop om vir haar te gaan lees.

* * *

Die verbande aan haar kop en skouer is vars, kleiner as die vorige. Maar sy lyk nog net so weerloos.

“Hallo, Emma.

“Ek het jou handsak gekry. Alles is nog daarin. Jou selfoon en jou beursie ook. Ek het na jou notas gekyk. Ek dink ek verstaan nou beter. Maar daar is ... Niks maak sin nie. Waaroor ek die meeste wonder, Emma, is hoekom hy so anders gelyk het. Hoekom het sy gesig so baie verander tussen ses-en-tagtig en vier-en-negentig? Dis die een ding wat my nog laat wonder of dit dieselfde mens is. Ek weet jy het anders gedink. Jy het geglo. Miskien was dit die telefoonoproep wat jy gekry het. En toe jy sien hy is weg by Heuningklip net voor jou ouers ... Miskien was daar nog iets, iets anders, wat jy nie vir my gesê het nie ...”

Sy lê daar, die vrou wie se kaal lyf ek twee dae tevore in 'n portret se weerkaatsing gesien het. So perfek, so vol lewe.

Ek kyk na die boek in my hande. Dit het 'n groen omslag, 'n nabyfoto van 'n blaar. Daar is 'n boekmerk in. Ek maak dit daar oop. “Ek het gedink ek sal vir jou lees, Emma.”

En dan begin ek.

Willis laat hom nie van stryk bring nie. Hy bring die afbeeldinkie nader aan sy oë. “Jagters het die woude van Kastilië, Indië en selfs Afrika deurkruis, maar selde meer as 'n flits in die verte gewaar. Die eenhoring was te slim

vir hul strikke, en te vinnig vir hul honde. En op die rare geleentheid wat 'n jagter wel op een afgekom het, het hy gewoonlik meer gekry as waarvoor hy gehoop het. Die eenhoring sou sy horing laat sak – daardie slanke spies waarmee hy, soos 'n gemsbok, enige projektiel kan wegkap – en die jagter sou die een word wat deur die oerwoud vlug.”

OceanofPDF.com

Jeanette Louw het vir die grootste deel van haar volwasse lewe uniform gedra. Ek vermoed sy kan nie daarsonder nie. Daarom het sy 'n soort uniform vir haar nuwe rol as eienaar en besturende direkteur van Body Armour ontwikkel: Manspakke – duur ontwerpersuitrustings van die een of ander winkel in die Kaapse Waterkant, met stemmige hemde en veelkleurige dasse. En in kantoorure is die groot blonde hare vasgebind met iets wat by die das pas.

Ek sien haar deur die glas van die hospitaalvoor deur aangestap kom. Die pak is vandag swart, die hemp 'n roomkleur, die das is geel met 'n blou kolmotief. Kort, wit Gauloise tussen die vingers, wat sy met 'n vonkboog in 'n paar struik inskiet voor sy inkom.

'n Paar tree agter haar is B.J. (BeeJay) Fikter en Barry Minnaar, vaal, skraal mans, onopvallend, elkeen met 'n swart sportsak in die hand.

Ek staan op as hulle inkom.

“Jy makeer niks,” sê sy, swetend.

“Jy moet die wonde sien as ek kaal is.”

“Here behoede. Hoe gaan dit met haar?”

“Stabiel.”

Ek skud Fikter en Minnaar se hande.

“Waar kan ons praat?”

“My VIP-suite.”

“Dis nou óns VIP-suite,” sê B.J.

“Maar julle is nie VIP's soos ek nie.”

“Natuurlik nie. Dit staan vir Very Insane Person.”

“Very Important Poephhol,” sê Barry Minnaar.

“Jaloesie,” sê ek. “Lelike ding.”

B.J. raak meegevoer: “Very Insecure Poe ...”

“O.K.!” sê Jeanette Louw. Sy skud haar kop. “Fokken mans.” Ons loop in die hospitaal in.

* * *

Ek vertel hulle alles. As ek klaar is, vra Jeanette: “Hoe gaan ons haar beskerming hanteer?”

“Ek sal nagdiens doen,” sê B.J. Fikter. “Barry kan die dagskof kry.”

“Het julle vuurwapens?” vra ek.

Hulle knik. “Het die polisie nog mense by haar deur?” wil Jeanette weet.

“Ja. En hulle gaan nie van ons teenwoordigheid hou nie.”

“Fok hulle,” sê Jeanette. “Ek het ’n betalende kliënt.”

“Goeie argument.”

Jeanette kyk vir Fikter en Minnaar, sê dan: “Julle bel my as julle moeilikheid het.”

Weer ’n woordelose “ja”.

“Waar gaan jy wees?” vra ek.

“Ek gaan nou terug Kaap toe. Dis te fokken warm en bedompig hier.” Sy staan op. “Kom, Lemmer, stap saam met my. Ek het ’n pakkie vir jou.”

Sy groet vir Fikter en Minnaar en ons loop uit, deur die hospitaal se gange, na haar gehuurde motor toe. Die hitte is vandag soos dit was toe ek hier aangekom het: onhoudbaar.

My oë vee instinktief oor die parkeerterrein, van regs, verby die uitgang in die middel, na links. Dit is net halfvol op die stil Maandag. Voëls sing iewers.

“Hierdie hitte,” sê Jeanette en vee haar voorkop af.

“Nie vir Kaapse sissies nie.”

“Loxton is ook in die Kaap.”

“Noord-Kaap,” sê ek meerderwaardig. Dan sien ek die swart Jeep Grand Cherokee, ses rye links van die uitgang, twee mense in die voorste sitplek, tweehonderd meter noordoos van ons. Twee mans, dink ek. Hoekom sit hulle net daar?

“Gatkant van die aarde.” Skielik ernstig: “Lemmer, sê vir my: Hoe voel jy?”

“’n Paar kneusings, Jeanette. Môre, oormôre is alles reg.”

“Is jy seker?”

“Ek is.”

“En jou kop? Saterdag het jy bomskok gehad ...”

Die twee in die Jeep sit net. Miskien is dit niks. Net twee mense wat vir iemand wag. Miskien nie. Dit lyk of hulle vir ons kyk.

“Saterdag was ’n rowwe dag. Ek makeer niks.”

“Nou goed ...”

“Moenie links kyk nie. Ek dink ons het gaste.”

Sy’s ’n ou hand. Sy kyk vir my. “Hoe wil jy dit hanteer?”

“Kan dalk niks wees nie, maar ek wil net seker maak. Waar is jou kar?”

“Daardie kant toe.” Sy knik regterkant toe, noordwes.

“Dis goed. Jy het ’n vuurwapen gebring?”

“Ek het.” Ons hou aan met stap, op die oog af rustig, geselsend.

“Wat het jy gesien?”

Ek kyk doelbewus in ’n ander rigting. “Swart Jeep Grand Cherokee, nie die nuwe model nie, die vorige een. Staan met sy neus na ons toe, op elfuur van ons af, honderd meter, dalk ’n bietjie minder. Twee, voor in, te ver om meer te sê.”

“Polisie gebruik nie Jeeps nie.”

“Dis reg.”

“Die pistool is in my bagasie, agterin. Dis die Glock 37, tien .45-GAP-rondtes in die magasyn. Ek het gister ’n tweesentimeter-groepering op vyf-en-twintig meter geskiet, op vyftien meter was dit minder as ’n sentimeter. Hy skop baie min en hou van snelvuur. Ek het vir jou twee magasyns en ’n honderd rondtes gebring. Jy sal eers die magasyn moet insit as jy dit nou wil gebruik.”

“Ek wil.”

“Wat kan ek doen?”

“Sit die magasyn in sonder dat hulle sien en gee die Glock vir my. Dan klim jy in die kar. Hou die enjin aan die loop en wag vir my.”

“Goed.” Doodkalm. Geen verwyte dat ek nou skielik kan praat nie.

Ons kom by haar gehuurde motor, ’n wit Mercedes C180. Sy druk die afstandbeheer en die kar biep en flikker sy ligte.

“Civvies,” sê Jeanette en knik in die rigting van ’n bejaarde man en vrou wat in ’n Corolla klim, tussen ons en die Jeep.

“Ek sien.”

Dan maak sy die Mercedes se katebak oop en begin haar tas oopmaak. “Die Glock se nommers is afgeveyl, maar jy’t paroolvoorwaardes ...”

“Ek weet.”

“Ek sit dit langs die tas neer. Veiligheidsknip is nog aan.”

Sy staan terug. Ek buk en tel die Glock op, hou my lyf tussen die pistool en die Jeep, trek my hemp uit my broek, druk dit onder die hemp in my gordel in.

“Sien jou.” Ek draai om en begin aanstap na die Jeep toe, nie te vinnig nie, nie te stadig nie. Kyk anderpad. Hoop hulle sal dink ek soek my kar. Sou liever die Glock agter my rug wou gehad het, makliker om by te kom, uit te haal.

Vyf-en-sewentig meter. Kyk periferaal na die Jeep. Te ver vir detail, maar hulle sit steeds.

Agter my kry die omie sy Corolla aan die gang.

Sestig meter.

Ek hoor die Jeep se enjin aangaan. Petrolenjin, V8 se grom, onmiskenbaar. Lig my hemp op, sit my hand op die pistool se kolf en ek begin hardloop.

Die Jeep skiet uit die parkeerplek, draai links. Hy wil uitgang se kant toe. Ek hardloop om dit te probeer afsny, kan nog nie die Glock uithaal nie, daar's burgerlikes, wil nie hê iemand moet die polisie bel nie. Kyk na die Jeep. Hulle sal vyftig meter na my kant toe moet ry voor hulle uitgang toe kan draai. Ek kan dit dalk maak, ek hardloop. My knie kla, my ribbes ook nie mal oor die idee nie.

Die Jeep versnel, die bestuurder naaste aan my, ek kan nie veel uitmaak nie, lyk na 'n wit man. Passasier? Waar's die passasier? Hy kruip weg, sy kop ver afgebuk, ek is nog twintig meter weg wanneer hulle met skreeuende bande weer links draai om na die uitgang te ry. Ek gaan dit nie maak nie, ek is te ver. Fokus op bestuurder, ek sien hom, dan die nommerplaat. TWS 519 GP. Draai om, hardloop na Jeanette. Die Corolla kom aan, die omie is nie haastig nie, hy en die tannie kyk vir my wat hardloop in die parkeerterrein, bekommerde gesigte, wat gaan aan?

Ek sien Jeanette kom na my toe met die Mercedes. Ek kyk om, die Jeep is al naby die uitgang. Kom, Jeanette, kom. Dan is die Corolla in haar pad, sy wil verby, maar die omie draai hek toe, reg voor haar in. Jeanette trap rem, die Mercedes se ABS skop in, sy mis hulle net-net. Ek is by die Merc, ruk die deur oop, spring in.

“Oupa en fokken ouma,” sê sy en gee vet, Gauloise tussen die vingers, swaai om die Corolla, jaag hek toe. Die oom en tannie se oë is groot. Die Jeep is weg.

“Het jy gesien watter kant toe hulle gedraai het?”

“Nee. Ek het gekyk hoe jy vir oupa gebriek het. Maar ek het die registrasienommer.”

“Ek sal so hoop.”

Sy hou by die hek stil. Ons kan net links of regs, in die pad af. Geen teken van die Jeep nie.

“Fok,” sê sy.

“Nie voor die kinders nie.”

Agter ons blaas die omie op sy toeter. Jeanette Louw verstyf vir ’n oombik. En dan lag sy, haar klipharde blaf, en skud haar kop. “Nou’s oupa haastig. Wat wil jy doen?”

“Niks wat ons kan doen nie. Buitendien, ek het gekry wat ek wou hê: ’n Gesig en ’n nommer. Kom ons gaan terug.”

Oupa blaas weer sy toeter, skerp en humeurig. Jeanette ry, maak ’n U-draai terug na die parkeerterrein.

“Niks soos ’n bietjie adrenalien om die middag mee op te kikker nie,” sê Jeanette. “Het die gesig bekend gelyk?”

“Nee, maar ek ken hom nou. Wat ek wil weet, is hoekom hulle nie gister hier was nie?”

“Seker nie geweet waar julle is nie.”

“Of hulle wou eers weet of Emma dit gaan maak.”

“Jy sal vir B.J. en Barry moet sê.”

“Ek sal.”

Sy parkeer. Ek haal die koevert uit waarin een van Maggie T. se briefies was. “Daar’s ’n koeëldoppie in die koevert. Ken jy iemand wat daarna kan kyk? Enigiets. Vingerafdrukke, soort geweer ...”

“Miskien. Gee my die Jeep se registrasienommer ook.” Sy diep ’n pen uit haar baadjiesak uit, ek sê die nommer en sy skryf dit op die koevert neer. Dan klim sy uit. Ek ook. Ek kyk weer baie goed rond. Niks. Jeanette loop om na die kattebak. Sy maak dit oop, vroetel agterin en draai dan na my toe met ’n wit-en-blou supermarkplastieksak.

“Ekstra magasyn, honderd rondtes, skouersak. Ek neem aan jou selfoon is nog weg.”

“Ja.”

“Hier’s ’n nuwe een in, want ek wil weet wat aangaan. Pay as you go met vierhonderd rand se lugtyd op. En die geld. Tienduisend in honderdrandnote. Dis ’n kakhuis vol geld, Lemmer – ek soek kwitansies.”

“Ek sal my bes doen.”

Sy gee die sak amptelik vir my.

“Dankie, Jeanette.”

“Niks te danke nie. Luister nou net mooi vir my. Jy kry hierdie fokkers, maak nie saak wat dit vat nie. Maar jy bly uit die moeilikheid uit met die polisie. Vang hulle jou met die Glock, gaan jy terug tronk toe. Jy weet dit.”

“Ja, Ma.”

“Lemmer, ek is ernstig.”

“Ek weet.”

“Nou toe,” sê sy en draai om.

“Jeanette ...”

Sy steek geïrriteerd vas, vee weer sweet weg. “Wat?”

“As sy so skatryk is, hoekom het sy die goedkoopste opsie gevat?”

“Wie? Emma?”

“Ja.”

“Jy dink jy’s die goedkoopste opsie?”

“Ek weet ek is.”

Sy skud haar kop. “Jy weet niks. Sy’t daar ingekom en gesê sy soek die beste, maak nie saak wat dit kos nie.”

Ek wag dat sy moet lag, wys dis ’n grap. Dit gebeur nie. Sy sien my verstomming. “Ek is ernstig, Lemmer.”

“Toe gee jy my die job?”

“Toe gee ek jou die job.”

“Jy trek my been.”

“In dié hitte?”

Sy staan vir ’n oomblik en dan maak sy die deur oop. “Koebaai, Lemmer. En Happy New Year.”

“Vandag kry ek nie ’n soentjie en ’n drukkie nie?”

“Fokkof, Lemmer,” sê sy en klim in die Merc, maar sy kan nie die glimlag wegsteek nie. Dan ry sy, sonder om eers om te kyk.

* * *

Ek loop eers na die hospitaal se ontvangstoonbank toe en vra wat hul telefoonnommer is. Ek druk die nommer in my nuwe selfoon in. Dan na die intensiewesorgeenheid, waar Barry Minnaar al sit, oorkant die twee polisiemanne. “Te veel verlang?” sê hy as ek aangestap kom.

Ek knik in die rigting van die gereg. “Het die SAPS iets gesê?”

“Baie. Hulle het hulle baas gebel.”

“Phatudi?”

“Dis hy.”

“Hy sal raas en blaas, maar sy blaf is erger as sy byt.”

Barry haal ’n toegevoede dokument uit sy hemsak uit. “Afskrif van le Roux se kontrak. Phatudi kan maar blaf.”

“Ons het vriende in die parkeerterrein ontmoet. Swart Jeep Grand Cherokee, TWS 519 GP. Bestuurder is wit, kort donkerbruin hare, middeldertigs. Passasier het sy kop weggesteek.”

“Kon julle darem groet?”

“Hulle het nie tyd gehad nie. Ek dink die vriendskap is verby.”

“Goed jy sê my.”

“Ek soek julle nommers, Barry,” sê ek, my selfoon gereed.

Hy gee dit vir my. Dan gaan haal ek my goed uit die VIP-suite.

29

Die hekwag by Mohlolobe is 'n nuwe een. *Sidney. Security Official.* Ek vra wanneer Edwin weer op diens sal wees.

“Edwin is gone.”

“Gone?”

“Yes, sir.”

“What do you mean?”

“Nobody knows where he is.”

Ek ry in, ontvangs toe. Dit neem 'n halfuur, want ek moet eers wag vir 'n trop olifante om oor die pad te stap. Vier bulle, agt koeie en vier kalfies en hulle is nie haastig nie. Kyk na die Audi sonder enige respek vir vorsprung durch technik.

Sue-zin is op haar pos, besig met 'n middeljarige Amerikaner wat sy rekening vereffen. Sy gooi die blonde hare geoefen oor die skouer, glimlag met haar perfekte tande terwyl sy “of course, Mr Bradley, it's a pleasure, Mr Bradley”. As hy wegstap, kyk sy op, sien my, en die glimlag gaan oor in 'n besorgde frons.

“Meneer Lemmer!” Afrikaans, nogal. Sy kom agter haar toonbank uit.

“Hallo, Susan.”

“Ons was so geskok om te hoor van juffrou Le Roux ...” Sy kom staan hier by my.

“O. Wie het vir julle laat weet?”

“Inspekteur Phatudi was hier.”

“Natuurlik.”

“Hoe gaan dit met haar?”

“So 'n bietjie beter.”

“Gaan sy O.K. wees?”

“Ek ... Dis nog te vroeg om te sê.”

Sy sit 'n hand teen my arm. “En jy, meneer Lemmer, is jy O.K.?”

Diepe besorgdheid. Sy's goed, dit moet ek haar toegee.

"Ek is doodreg."

"Ons weet nie eens wat gebeur het nie."

"Hulle wou die kar skaak."

Haar hand gaan van my arm na haar mond. "'n Car-jack. Hier by ons ..."

"Susan, ek soek na Edwin, die ou wat by die hek was."

Sy huiwer vir 'n oomblik en dan sê sy, ietwat meer formeel: "Jy sal met Greg moet praat."

"Waar kry ek hom in die hande?"

Sy lei my na die kantoor van *Greg. Hospitality Manager*, die ronde een met die yl blonde hare en rooi gelaat.

"Hy's daar binne," sê sy. "Ons sien later?"

"Dankie, Susan."

Sy stap weg, die boudjies mooi en rond in die kakiebroek. Sy weet dit.

Greg is nie opreg bly om my te sien nie en daar is 'n senuagtigheid aan hom, sy hande wat sy lessenaar sonder ophou herrangskik. Hy maak aanvanklik simpatieke geluide oor "the accident", maar sy hart is nie in die ding nie. Geen wonder hulle hou hom in 'n kantoor nie. Ek vra hom waar ek vir Edwin in die hande kan kry. Sy hande raak nog besiger.

"The police are also looking for him, but he's gone."

"Gone where?"

"Nobody knows. He didn't turn up for work yesterday, so I sent someone to go find him, but he's not at home either. Maybe it's just New Year. Sometimes staff ... when you need them the most."

"Where does Edwin live?"

"I'm sorry, I can't divulge that information. Company policy."

"I might be able to locate him for you."

"I'm sorry. I can't."

"O.K.," sê ek en draai om.

"Mr Lemmer ..."

"Yes."

"I'm really sorry ... but there is the matter of Miss le Roux's account ..."

"I'm sure she'll settle it once she has recovered."

"I see ... But with all due respect, we hear that her condition is very serious"

"It is."

"So what am I to do?"

“I’m sure company policy will cover it, Greg. Happy New Year,” sê ek en loop uit.

Die gang buite is leeg. Ek staan vir ’n oomblik, net buite sy deur. Ek hoor hy sê “Shit” en dan tel hy die telefoon op en skakel ’n nommer.

“Inspector Phatudi, please.”

Ek wag nie om te hoor wat hy rapporteer nie.

* * *

Op die grondpad terug hek toe is die stof agter die Audi so dig dat ek eers bewus raak van ’n voertuig agter my wanneer hy dringend op sy toeter blaas. Ek kyk in die spieëltjie. Deur die stofwolk sien ek vaagweg kopligte flits. Ek hou stil en klim uit, die Glock agter my rug. ’n Kortas Land Rover stop agter my. *Dick. Senior Game Ranger.* Die Orlando Bloom-kloon. Hy klim uit en kom aangestap, groot glimlag op die gesig.

Ek druk die Glock agter in my gordel in.

“Hey, man,” hou hy sy hand uit, asof ons ou vriende is.

“Hi, Dick.”

Ons skud blad. “How you doin’?”

“I’m O.K. How are you?”

“Mind if we get in?” Hy swaai sy arm. “Lion country, you know.”

Ek het gedink ’n senior game ranger skrik nie vir ’n leeu nie, maar ek sê: “Sure,” en ons klim in die Audi. Hy sien nie hoe ek die Glock uithaal en dit tussen die sitplek en die deur laat sak nie.

Dick haal sy hoed van sy kop af en hou dit op sy skoot. Sy vingers torring aan die rand. “I heard about the whole thing, man. Hectic. How is Emma?”

“She’s stable, they say.” Het hy agter my aangejaag om te vra hoe dit met Emma gaan?

“Terrible, man. Terrible thing. And now Susan tells me it was a car-hijacking?”

“Yes.”

“Hectic.”

“Dick, jy het my nie ingejaag om te hoor hoe dit met Emma gaan nie.”

“Well, sort of ...”

“Wat kan ek vir jou doen?”

“My Afrikaans is maar ... kak.” Ek wonder net weer waarom die Engelse so van dié vloekwoord hou. Miskien is dit die krag van alliterasie.

“Ek sal dit nie teen jou hou nie.”

Hy grinnik. “It’s just ... she’s a cool chick, you know. Emma ...”

“Sy is.”

“You, like, work for her?”

“Yes.”

“What’s your job?”

“I’m a bodyguard.”

Hy kyk na my met nuwe belangstelling. “Awesome, man.” En dan: “I just wanted to make sure that you two, you know ... that you’re not, like, a couple.”

“Ons is nie.”

“Is she involved, or anything? You know ...”

“Nie sover ek weet nie.”

“You think I can go visit? At the hospital?”

“Sy’s in ’n koma, Dick.”

“I heard. But I mean, when she’s better ...”

Dick. Senior Game Ranger. het ’n ding oor Emma le Roux. “Ek is seker sy sal dit baie waardeer.”

“You know Sue-zin really likes you?”

Ek onderdruk die impuls om te lag – my ribbes is nog te seer.

Dick het alles uitgewerk. Hy en Emma, ek en Sue-zin, almal gelukkig. “She’s a nice girl,” sê ek.

“She’s *hot*, man.”

Het hy eerstehandse ervaring?

“I’m sure.”

Hy hoor my nie, sy kop al weer by Emma. Hy tuur uit, na die veld en die mopanies. “It’s funny, you know, with Emma ... I just thought there was this, like, connection, you know ...”

“Oh?”

“Man, she’s just, like, radical, like, really beautiful. You know? And there, man, you know what I mean, she’s, like, really *there*. You get a lot of chicks that good-looking, they’re, like, way out there. But Emma. She’s *there* ...”

En dan val iets anders hom by. “Why would she need a bodyguard? Is she famous or something?” vra hy bekommerd, asof dit sy kanse gaan knou.

Dit neem my ’n rukkie om te besef daar is nut in Dick se groot belangstelling.

“Nee, net versigtig. Weet jy hoekom sy hier was, Dick?”

“No.”

“Sy het na haar broer kom soek.”

“Hectic, man. Did she find him?”

“Nee. Maar ek gaan probeer. En jy kan help.”

“Just say the word, bru’.”

Ek is opgegradeer. Van “man” na “bru”.

“Ken jy vir Edwin, die hekwag?” vra ek.

“Ek ken hom.”

“Weet jy waar hy bly?”

“Sure. About a half a kay from the Acornhoek train station. It’s about twenty kays from here. You take the Nelspruit Road until you see the sign. I can show you, but I’m on duty. But you can’t miss it. Turn left just past the Acornhoek Station, and he’s on the left. In front of the house, he’s got this low concrete wall with, like, half a cartwheel motif and he’s painted it pink. Radical, bru’.”

“Ek sal hom kry. Weet jy wat sy van is?”

Hy dink hard. “No. I know I should, but ...”

“Dit maak nie saak nie. Die ander ding wat ek jou wil vra: Daar’s ’n moontlikheid dat Emma se broer by Mogale gewerk het. Die rehabilitasiesentrum. Ek soek inligting oor die plek ...”

Hy skud sy kop. “That’s the funny farm, bru’ ...”

“Oh?”

“Bunch of weird dudes, let me tell you.”

“Tell me.”

“Radical, man. They’re radical.”

Soos ’n pienk betonheining? Of Emma se skoonheid?

“In what sense of the word, Dick?”

“Like cuckoo, bru’, like hectic radical, you know.”

Ek weet nie. Dick praat ’n taal wat ’n rukkie gaan vat om te ontsyfer.

“Can you be a little more specific?”

“I don’t have, like, proof, bru’. But you hear stuff ...”

“Like what?”

“Like ... well, let me tell you.”

Dick sê twee jaar gelede, net 'n paar maande nadat hy by Mohlolobe begin het, was daar vir hom 'n boodskap by ontvangs van 'n man met die naam van Domingo Branca. Die inhoud was informeel en vriendelik: Wil jy ander jongmense in die distrik ontmoet? Kom drink Saterdagmiddag 'n bier by die Warthog Bush Pub, 'n plaaslike kuierplek by die vliegveld langs die Guernsey-grondpad.

Daar was vier van hulle. Donnie Branca en Cobie de Villiers van Mogale, David Baumberger van Molomahlapi Private Game Reserve en Boetie Strydom van die Makutswi Wildlife Ranch. Dit was aanvanklik 'n hartlike aand. Hulle het hom in die Laeveld verwelkom, uitgevra oor sy agtergrond, geskinder oor hul onderskeie werkgewers, stories uitgeruil oor die seksuele geleenthede wat toeriste bied, die eienaardigste plekke en omstandighede waar hulle hierdie soort dienste al gelewer het, die skandalige stand van rugby in die land.

Jou gewone gesprek tussen jong, ongetroude mans.

Branca was die leier van die groep, dit was van die begin af duidelik. Baumberger was die grapjas, Strydom die ervare een wat in die omgewing grootgeword het en De Villiers het omtrent nie 'n woord gesê nie.

'n Hele paar uur en biere later het Branca die gesprek in 'n ander rigting begin stuur. Dick het eers meer as 'n jaar later, toe hy die ander stories gehoor het, besef hoe behendig dit was: Van skinder, seks en rugby na dierestories, na bewaring, na bekommernis oor die voortdurende ontwikkeling, die baie wildplase, die mededinging, die swak bestuur van die Nasionale en Provinsiale Parke, die grondeise, groeiende gevaar vir die ekosisteem ... Versigtig, geen radikale uitsprake nie, geen direkte vingerwysings of politieke inkorrekte uitlatings nie. Net 'n hoflike toetsing van die waters: Waar staan Dick teenoor al dié kwessies?

En Dick het nie juis gestaan nie. Hy's maar net 'n verloopte branderplankryer van Port Elizabeth wat 'n beroep en 'n betrekking gekry het wat sy verkose leefstyl soos 'n handskoен pas: Hy's heeldag buite, hy dink die natuur is "cool" en hy hou van die manier waarop toeriste aan sy lippe hang as hy die inligting deel wat hy oor die jare so half per ongeluk geassimileer het.

"I went back to the pub the next weekend, but they weren't there. And later, I sort of clicked – it was, like, I flunked a test, you know. And they never invited me again."

In die maande daarna het hy die gerugte begin hoor. Niks konkreet nie, 'n stukkie hier en 'n brokkie daar, uiteenlopende bronne en oorde: Eers net naamlose briewe van waarskuwing aan boere, gemeenskappe en ondernemings oor die skade wat hulle aan die natuur aanrig. Wat later dreigbriewe geword het. Altyd onderteken met die letters H.B.

Toe meer as briewe.

Foto's wat by Krugerpark se bestuur afgelewer is oor swart wildebewaarders wat 'n wildsbok op 'n vuur gaarmaak. Dinge wat in die nag gebeur. 'n Hele gemeenskap se honde wat vergiftig is by Ga-Sekororo tussen die Legalameetse-natuurreservaat en die Makutsi-bewaringsgebied. Intimiderende skote in die nag by die stamgronde van 'n groep wat 'n grondeis teen 'n vername wildplaas gehad het.

Niemand het geweet wie verantwoordelik was nie. Daar was, soos altyd, teorieë en beskuldigings, vingerwysings en ontkenninge. Die letters H.B. het vir die meeste bespiegeling gesorg. Die piesangboer Hendrik Bester se lewe is só vergal dat hy dit oorweeg het om sy plaas te verkoop. Mense het gestry of dit 'n Latynse, Afrikaanse, Engelse, sePedi- of Venda-afkorting was.

Die insidente het begin eskaleer. Luiperdslagysters wat twee vermeende wilddiewe se bene afgeruk het op voetpaadjies wat die inwoners van Tlhavekisa gebruik naby die Manyeleti-wildtuin. 'n Saagmeule wat 'n vleiland buite Graskop besoedel het, se geboue is afgebrand. Twee mans van Dumfries is erg aangerand en aan die rooibokke vasgebind wat hulle in die Sabi Sand Game Reserve gesteel het. Honde is in die veld doodgeskiet. 'n Man en vrou wat hulle toegespits het op die slag van diere vir tradisionele medisinale gebruik is erg aangerand. Hulle het, net soos die rooibokdiewe, vertel van die verskriklike stilte en doeltreffendheid van die nagtelike aanvalle. Nie 'n woord is aan hulle gesê nie. En die aanvallers

was gemasker. Die twee maniere waarop mense in hierdie wêreld geïdentifiseer kon word, taaldialek en velkleur, is doeltreffend uitgeskakel.

Nie genoeg voorvalle om vrees of histerie te ontketen nie. Dit was sporadies, oor maande, versprei oor twee provinsies en duisende vierkante kilometer, stories wat tyd geneem het om die tonge los te kry en die bespiegeling aan te blaas. En die enigste leidraad was die afkorting.

H.B.

Die hardnekkigste gerug is dat dit vir “honey badger” staan. Die ratel. Of ratels, omdat dit ’n groep is. Wie dit die eerste keer as teorie aangebied het, is onbekend.

Daar was soveel gerugte oor wie agter die H.B.-front skuil dat Mogale en sy mense in die gedruis verlore geraak het. En ander kere weer na vore gekom het. Miskien omdat die rehabilitasiesentrum se personeel geen geheim gemaak het van hul teenkating tot ontwikkeling, habitatbeskadiging en informele wildstropery nie. Miskien omdat hulle nooit hul stemme by die koor gevoeg het wat die H.B.-aktiwiteite veroordeel het nie. Dalk selfs omdat hul mak ratel die bekendste in die provinsie is. Maar vandat Cobie de Villiers deur ooggetuies geëien is as die helder-oordag-moordenaar van drie aasvoëlvergiftigers en ’n sangoma, is die fokus van agterdog geheel en al op Mogale. Frank Wolhuter se dood het ’n hele nuwe reeks gerugte tot gevolg gehad. Dat Frank die brein van H.B. was, maar koue voete gekry het en deur sy volgelinge vermoor is. Dat ’n teenreaksiegroep uit die swart gemeenskap hom om die lewe gebring het. Dat ’n vertakking van die staat se intelligensiedienste vir sy teregstelling verantwoordelik was.

“It’s crazy, bru’, the shit that’s flying around.”

“Why hasn’t ‘the shit’ hit the newspapers?”

“Some of the local rags had stuff, but nobody really knows what the fuck is going on.”

“Why ‘honey badger’?”

“Dunno, bru’. Your guess is as good as mine. Maybe ... Honey badgers are these tough little dudes, take shit from nobody and nothin’. Move around sort of on their own, invisible, in the undergrowth, take care of scary stuff like snakes. And they’re, like, survivors ... Awesome symbol, don’t you think?”

“Awesome,” beaam ek dit. Ek wonder wat hy sal sê as ek hom vertel dat die ratel Cobie de Villiers se gunstelingdier is. “Maar jy het gesê die aand in

die bush pub was daar ander mense ook, wat nie van Mogale was nie.”

“I think it’s a network, bru’. Like a society. But Mogale runs it. Not that I have proof ... But that Cobie guy is a fuckin’ fruitcake.”

“Oh?”

“Dude never says a word, but you look into his eyes, like, and it’s ... radical, bru’. Fruitcake.”

“En jy het geen simpatie vir hulle saak nie?”

“I’m not sure I follow you.”

“You don’t support their cause in the least?”

“Fuck, no, bru’. I mean, look around you. We’re in the middle of a nature reserve right next to the biggest fuckin’ game park on the globe, thirty-five thousand square kays when the whole cross-border Limpopo Park thing is all wrapped, bigger than Holland, dude, 147 mammal and 507 bird species, does it look like we need shit like shooting people?”

“I get your point. Maar die vraag is, hoekom sien hulle dit nie só nie?”

“No offence, bru’, but that’s the way you are.”

“Me?”

“No, the Afrikaners. Always one or two radicals who must have a secret society in this country. Do you know how many are out there? You guys have, like, a predisposition ... Have you heard of these fucks calling themselves the Verbondsvolk? And the Dogters van Sion?” Sy uitspraak is krom.

“No.”

“It’s all over the place, bru’. They have this dead prophet dude who saw the future, they tore out all the chapters of Paul from the Bible and they believe they are the chosen chinas. Fuckin’ predisposition, that what you have.”

“Dis seker waar.”

“Did you know there is a Boeremafia in Nelspruit?”

“No.”

“They control everything, man. You can’t develop a single hectare if they don’t get their cut.”

“Ek dog die ANC beheer die stadsraad in Nelspruit.”

“It’s money, bru’, that makes the world go round. It buys anything.”

Een ding maak nie sin nie. “Dick, as dit Afrikaners is wat agter alles is, hoekom gebruik hulle ’n Engelse begrip?”

“You’ve lost me, bru’.”

“If the H.B. is an abbreviation for ‘honey badger’.”

Hy skud net sy kop in verwondering. “Radical, man, totally radical.”

Ek dink Dick het ’n nuwe gunstelingwoord.

* * *

Ek ry daar weg en ek dink oor die maniere waarop mense jou verras.

Eers Jeanette Louw. Voormalige sersant-majoor, hard en reguit, vat-my-soos-ek-is, sal nie ’n eufemisme of ’n empatieke woord oor haar lippe loslaat nie. Maar toe ek vir ’n kar vra, kry ek ’n duur Audi A4 – sy kon vir my ’n Nissan Almera of ’n Toyota Corolla laat kry het.

Ek vra vir ’n vuurwapen en sy kry vir my ’n swartmark-Glock waarvan die nommers afgevyd is, sy gaan toets dit op ’n skietbaan en sy bring dit self, persoonlik. Sy kon dit saam met B.J. en Barry gestuur het. “Jy makeer niks,” het sy gesê toe sy my sien. Maar in die parkeerterrein het sy my, op haar gebruikelike despotiese manier, beveel: “Lemmer, sê vir my: Hoe voel jy?” Met ’n besorgdheid in haar oë wat aan moederlikheid grens.

Jeanette wat gesê het: “Sy’t daar ingekom en gesê sy soek die beste. Maak nie saak wat dit kos nie. Toe gee ek jou die job.”

Ek glo dit nie.

En dan is daar Dick. My aanvanklike indruk was van ’n arrogante, irriterende klein Engelse doos. En toe jaag hy my van agter af in omdat hy ’n ding het vir Emma le Roux en hy wys sy ware kleure: Skadeloos en ... naïef is dalk die regte woord.

Sy aangetrokkenheid teenoor Emma verbaas my nie. Hy’s haar soort en hy het seker ’n instinktiewe aanvoeling daarvoor. Sy belangstelling was al duidelik vandat hy haar die eerste keer gesien het. Ek het net nie verwag dat hy soveel moeite sal doen nie. Selfs vir Sue-zin gaan pols of sy beskikbaar sal wees om my besig te hou terwyl hy na Emma vry. Is die moontlikhede vir ’n aantreklike blondine in dié hoek van die Laeveld só beperk dat sy in Lemmer van Loxton sou belangstel?

En natuurlik die heerlike ironie: Terwyl Dick vir my die Susan-moontlikheid uitstippel, kan ek aan niks anders dink as die swart mamba van jaloesie wat ek in my boesem vertroetel nie. Van die drang om vir hom aan sy kakie-en-groen-hempie se kraag te gryp en vir hom te sê: “Hou jou senior game ranger-handjies van Emma af.”

Mense. Wat jou verras.

Soos Donnie Branca wat op sy verhogie gestaan het en met soveel passie en kennis gepraat het oor die oorlewingstryd van Afrika se aasvoëls. En nou is hy dalk 'n ekoterroris wat wilddiewe in die nag gaan voorlê, sy velkleur en gelaatstrekke bedek om sy ras en identiteit weg te steek, om hulle aan te rand. Was hy een van die aanvallers by die trein? Is dit hoekom hulle balaklawas én handskoene gedra het? Om ook hul etnisiteit weg te steek?

Baie moontlik.

Maar Branca was nie een van hulle nie. Ek het hom fyn bekyk. Ek ken sy bewegings, sy loop, sy houding, sy afmetings. Hy's atleties, soepel, fiks. Die balaklawadraers was al twee korter, hul bewegings minder seker van voet. Nie lomp nie, maar daar was tog 'n sweem van ontuisheid in die veld, asof dit nie hulle natuurlike habitat was nie.

Branca kon hulle gestuur het. Hulle kan deel wees van die netwerk waarvan Dick gepraat het.

Maar hoekom sou Emma le Roux vir hulle 'n bedreiging inhou? Waarom sal die H.B.-groep drie van sy gemaskerde wonders Kaap toe stuur omdat 'n klein, fyn vroultjie 'n telefoonoproep na inspekteur Jack Phatudi toe gemaak het? Hoe sou hulle van die oproep geweet het? Wat wou hulle aan haar gaan doen? Om watter rede?

Die moontlikhede is verlamrend. Die Kaapse aanval en die treininsident was twee verskillende groepe. Of dieselfde groep. Elke opsie met sy eie vrae en implikasies. Jack Phatudi is deel van iets, of glad nie. Of deel van iets anders. Cobie de Villiers is Jacobus le Roux. Of nie. Frank Wolhuter se dood was 'n ongeluk. Of nie. Die Jeep het 'n Gauteng-nommerplaat gehad. Wat vals kan wees. Of nie.

Niks maak sin nie. En die padpredikant na Acornhoek verhoed my om verder daarmee te worstel.

* * *

Ek draai links net ná die spoorwegstasie, soos Dick beduie het, en dan is dit net polisievoertuie en die stofstraatjie is te nou om 'n U-draai in te maak.

Vyf SAPS-bakkies en 'n horde blou uniforms wat in groepies rondstaan. Die Audi is so opsigtelik soos 'n non by 'n seksterapie-werkswinkel. Hulle kyk na my met agterdogtige oë. Die pienk betonheining is 'n skrilte baken en dan sien ek vir Jack Phatudi voor die nederige baksteenhuisie staan. Hy skree iets, beduie met sy arms en 'n uniform draf voor my in en hou 'n bevelende hand uit: Hou stil.

Ek trek van die pad af en klim uit. Die hitte is verswelgend, nie 'n boom naby vir koelte nie. Phatudi kom afgemete aangestap deur die hekkie in die betonmuur.

“Martin,” sê hy met diepe afkeer.

“Jack.”

“Wat kom soek jy?” Baie aggressief.

“Ek het na jou kom soek.”

“Na my?”

“Ek wou vir jou 'n paar vrae vra.”

“Wie't vir jou gesê ek is hier?”

“Jou kantoor,” lieg ek. “Wat gaan hier aan?”

“Edwin Dibakwane is dood.”

“Die hekwag?”

“Ja, die hekwag.”

“Wat het gebeur?”

“Weet jy nie?”

“Hoe sal ek weet, Jack? Ek kom nou net van Mohlolobe af.”

“Wat het jy daar gaan maak?”

“Ons rekening was nog nie betaal nie. Wat het met Edwin gebeur?”

“Jy weet.”

“Ek weet nie.”

“Natuurlik weet jy, Martin. Dis vir julle wat hy 'n boodskap gegee het.” Hy loop nader aan my. “Wat het gebeur? Wou hy nie sê waar die brief vandaan kom nie?” Phatudi kom staan hier teenaan my. Daar is woede in hom. Of is dit haat? “Toe trek jy sy naels uit? Is dit wat jy gedoen het? Omdat hy nie wou sê nie? Toe martel jy hom en jy skiet hom en jy gooi hom weg daar by Green Valley se plantation.”

Die swart konstabels staan nader, 'n kordon van agterdog.

“Iemand het sy naels uitgetrek?”

“Het jy dit geniet, Martin?”

Ek moet kalm bly. Hulle is 'n oormag. “Dink jy nie jy moet net eers by die SouthMed-kliniek gaan hoor of ek dalk 'n alibi het nie, Jack?”

Hy lig sy arms en vir 'n oomblik dink ek hy gaan slaan en ek is reg vir hom. Maar sy beweging word 'n gebaar van frustrasie. “Julle ... Vir wat? Trouble. Julle is net trouble. Jy en daardie vrou. Van julle hier aangekom het. Wolhuter ... Le Roux in die hospitaal. En nou dit. Dis julle wat die trouble kom maak het.”

“Ons, Jack?” Mag nie nou kwaad word nie. Ek haal diep asem. “Sê my, hoekom het jy nie vir Emma vertel van die gemaskerde mans wat honde doodskiet en mense aan dooie rooibokke vasbind nie? Hoekom het jy nie eergister vir my iets van die Honey Badgers gesê toe ek vir jou vertel die ouens wat vir Emma geskiet het, was in balaklawas nie? Moenie vir my sê jy het nie die konneksie gemaak nie, Jack. Jy het al trouble gehad lank voor ons hier aangekom het.”

As ek gedink het ek gaan hom paai daarmee, het ek my ietwat misgis. Hy swel op soos ’n brulpadda, in sy woede sukkel hy om die woorde goed gevorm te kry. “Daardie is niks. Niks. Edwin Dibakwane ... Hy’t kinders. Hy ... Julle ... Wie doen dit? Wie doen dit aan ’n man? Al wat hy ... ’n brief, dis al wat hy gedoen het. Julle ...”

Ek het nie veel opsies nie. Ek is bewus van die antagonisme van die polisie hier om my. Phatudi se redenasie dat ek en Emma se teenwoordigheid verantwoordelik is vir Edwin se dood is nie heeltemal sinneloos nie. Daarom sê ek niks.

Hy kyk na my met absolute walging. “Julle ...” sê hy weer en dan byt hy sy woorde af en skud sy kop. Sy groot hande maak oop en toe. Hy draai om en loop na die huisie se kant toe, steek vas, staar na my. “Jy ...” sê hy, kom weer nader, wys ’n vinger na my, sit sy hande op sy heupe en kyk in die pad af, stasie se kant toe. Hy sê iets in ’n swart taal, twee, drie galbrakende sinne en dan wend hy hom weer tot my. “Order,” sê hy. “That is my job. To keep the order. To fight the chaos. Maar dié land ...”

Nou fokus hy weer op my.

“Ek het vir julle gesê. Julle weet nie hoe dit hier is nie. Ons het troubles. Big troubles. Dié plek. Dit is soos die veld in die droogte. Hy’s reg om te brand. Maar ons maak die vure dood. Ons hardloop van die een vuur na die ander vuur en ons slaan dit dood en dan kom julle hier in en julle wil alles aan die brand steek. Ek sê nou vir jou, Martin, as ons nie keer nie, gaan die vuur so groot en so vinnig en so ver loop dat hy alles gaan verbrand. Alles en almal. Niemand sal dit kan stop nie.”

Van die polisiemanne om ons brom beamend, koppe wat knik. Vir ’n oomblik is ek bereid om sy standpunt in te sien. Maar dan raak hy persoonlik.

“Julle moet loop. Jy en daardie vrou.” Hy spoeg die woorde uit.

Met haat. Ek moet nie reageer nie. Mag nie. “Julle het julle moeilikheid hiernatoe gebring.” Sy wysvinger is ’n wapen. “Ons soek dit nie. Vat dit en

gaan weg.”

Ek hoor die humeur wat in my eie stem opstyg. “Dit is julle moeilikheid wat na haar toe gekom het. Sy het dit nie gesoek nie. Dit het háár kom haal.”

“Kom haal? Sy het ’n foto op die TV gesien.”

“En toe bel sy jou, en twee dae later toe breek drie mans in balaklawas haar voordeur af om haar dood te maak. Wat moes sy doen, Jack? Sê jy vir my wat sy moes doen.”

Hy kom weer nader. “Toe bel sy my?”

“Dieselfde aand van die nuus op TV het sy jou gebel en gevra of die man wat jy soek dalk Jacobus le Roux kan wees. Kan jy dit onthou?”

“Baie mense het gebel. Baie.”

“Maar sy’s die enigste een wat aangeval is omdat sy gebel het, Jack.”

“I don’t believe you.” Arrogant, tartend. Hy wil hê ek moet kwaad word, beheer verloor.

Ek ruk my nuwe selfoon uit my sak uit en bied dit vir hom aan. “Bel jou kollegas in Kaapstad, Jack. Vra vir hulle of daar so ’n dossier bestaan. Maandag, 24 Desember. Aanval by die huis van Emma le Roux, tienuur in die oggend. Bel hulle.”

Hy ignoreer die selfoon.

“Kom, Jack, vat die fokken foon en bel.”

Phatudi se diep frons is terug. “Why did she not tell me?”

“Want sy het nie gedink sy hoef nie. Sy het gedink deur ordentlik vir hulp te kom vra, sou genoeg wees.”

“Al wat sy gevra het, was oor die foto’s.”

“Sy het jou ook gevra oor die aasvoëlmoorde.”

“Dit was sub judice.”

“Sub judice? Vir wat? Om jou gat te beskerm?”

“Wat?” Hy kom nog nader.

“Dink mooi, want hier’s getuies, Jack. Sy sien die TV-nuus. 22 Desember. Sy bel vir jou. Jy sê Cobie de Villiers kan nie Le Roux wees nie, want almal ken hom en hy is al sy hele lewe lank hier. Dis genoeg vir haar. Sy los die hele ding, praat met niemand daaroor nie. Op 24 Desember breek hulle by haar huis in, maar sy’s gelukkig en sy kom weg. Daardie middag bel iemand haar en sê iets van ‘Jacobus’. Die lyn is sleg, sy kan nie mooi hoor nie. Sy gaan huur vir haar ’n lyfwag en kom hiernatoe. Jy weet wat hier gebeur het.”

“So?”

“So die enigste verband met die aanval op haar is jy, Jack, Die oproep wat sy na jou toe gemaak het.”

“Masepa.”

“Wat?”

“Bullshit.”

“Bullshit?”

“Ek kan nie eers onthou sy’t gebel nie, Martin.” Maar hy is op die verdediging.

“Wie was by jou?”

“Nobody.”

“Is die oproepe opgeneem?”

“Ons is die polisie, nie die secret service nie.”

“En jy het vir niemand gesê van haar oproep nie?”

“Ek sê jou, ek kan nie onthou sy het gebel nie. Daar was ... I don’t know, fifty, sixty ... En die meeste is nonsense calls.”

“Hoekom het jy nie vir haar vertel van die Honey Badgers nie? Nou die dag, by Mogale?”

“Hoekom moes ek?”

“Hoekom nie?”

“What are you saying, Martin? Jy wil hê ek moet skuld vat vir iets?”

“Ja, Jack. Ek weet nog nie wat nie, maar jy is deel van die gemors en ek gaan uitvind. En dan kom ek vir jou.”

“Jy? Jy? Jy’s tronkvoëlgemors. Jy praat nie só met my nie.” Hy loop tot teenaan my en ons staan soos twee kapokhane, bors teen bors. Ek wil hom slaan, al my frustasie en woede laat oorkook, dit uithaal op die man hier voor my. Ek wil na die land toe gaan waar tyd stilstaan, die kamer van die grysrooi mis. Die deur hier voor my is wawyd oop, verwelkomend.

Agterna sal ek wonder wat dit was wat my weerhou het. Was dit die oormag polisie? Bes moontlik. Ek is nie ’n moroon nie. Dalk getemper deur die een ding wat tronkvoëlgemors leer: Dat jy weer anderkant moet uit, terug na die werklikheid toe, waar jy duur betaal vir jou vreugdes? En dat ek nie kan bekostig om wéér te betaal nie? Of was dit die skaduwee van ’n vrou wat met haar gesig in die reën gestaan het, haar arms uitgestrek na die hemel?

Ek tree terug van die afgrond – en van Phatudi. Klein, doelbewuste, trae, teësinnige treetjies.

Dan draai ek om.

OceanofPDF.com

31

Phatudi se troepe lag vir my terwyl ek na die Audi toe loop.

As ek inklim, sien ek hom daar staan, breëbors met 'n selftevrede grynsag.

Ek draai die sleutel en ek ry.

Verby die stasie laat ek my humeur oorkook en ek stamp die kar in 'n laer rat, trap die versneller in en ek laat die gatkant om die grondpaddraai te vergly, baklei met die stuurwiel, bring dit terug, gee weer vet, die bande tol, soek vastrapplek, skiet die Audi vorentoe, toere te hoog, deur die ratte, wil die petrol deur die vloer trap, honderd-en-fokken-sestig en dan is die R40 se aansluiting hier voor my en ek moet rem en die kar sidder en vir 'n oomblik weet ek nie of ek dit gaan maak nie en dan staan ek stil in 'n stofwolk en ek sien my kneukels is wit op die stuurwiel en ek wil iets sê, iets skree, maar ek kry nie die regte woord nie.

Ek maak die deur oop en klim uit. 'n Vragmotor en treiler donder op die R40 verby, massiewe houtstompe hoog gelaai. Ek skree iets vir hom, net 'n betekenislose geluid.

Minibustaxi in die ander rigting, vol swart gesigte wat na my staar, na die besete wit man langs die pad.

Ek weet nie waarheen nie. Dit is my probleem. Dit is die primêre bron van my frustrasie en my woede.

Phatudi het my uitgelok en getart en verneder, maar dit is nie onhanteerbaar nie. Ek kan wag vir hom, vir die regte tyd en die regte plek. Maar waaraan ek niks kan doen nie, is die feit dat hy my moontlikhede verminder het tot niks.

Op pad na die huis met die pienk beton het ek drie gehad: Edwin Dibakwane en die brief. Jack Phatudi en die oproep. Donnie Branca en Mogale. En nou is daar nul. Edwin Dibakwane is dood. Iemand het hom

gemartel en geskiet en in 'n plantasie gelos. Die band tussen die briefie en sy skrywer is verbreek. Skrap opsie 1.

Nee, nie heeltemal nie. Dibakwane sou vir die mense wat sy vingernaels uitgetrek het, vertel het waar die brief vandaan kom. Iemand weet. Maar ek weet nie wie nie. Dit help my steeds niks.

Phatudi het die waarheid gepraat. Ondanks alles was sy verbasing eg. Oor die aanval op Emma en die verband met haar oproep na hom. Skrap opsie 2.

Wat my laat met die Mogale-rehabilitasiesentrum.

Die drang om nou daarnatoe te ry en vir Donnie Branca te bliksem tot hy vir my sê wat aangaan, is verterend. Omdat ek iemand wil straf. Namens Emma.

Ek wil iemand se skedel oor en oor teen 'n muur of 'n klip of 'n kleivloer gaan stamp, sodat die brein heen en weer teen die kante van die kranium bots, coup en fokken contrecoup, tot sy serebrale korteks 'n bloederige pappery is, dit is wat ek wil gaan doen. Ek wil die twee gemaskerde wonders van die treinspoor se arms uit hul potjies gaan draai tot jy die senings hoor breek en die bene hoor splinter. Ek wil daardie sluipskutter kry, ek wil sy geweer vat en dit deur sy tande by sy bek instamp en my vinger op die sneller sit en hom in die oë kyk en sê: "Voel hoe dit voel, fokker," en dan wil ek sy serebrum oor die muur uitblaas.

Maar wie? Waar?

Branca is my laaste hoop en wat doen ek as hy nie praat nie? Wat is oor as ek hom klaar geslaan het en hy het nog steeds nie iets gesê nie? Want hy kan dit nie waag nie, die hele ding het nou te ver geëskaleer – 'n vrou in 'n koma, 'n hekwag gemartel en vermoor, 'n man in 'n leeuhoek dood, en mal Cobie de Villiers kan nie vir dit alles pa staan nie. Dis een ding om dreigbriefies vir boere te stuur, om honde te skiet en geboue af te brand. Dis 'n ander storie as jy lewenslank kan gaan sit.

Skrapping opsie 3.

Ek loop in die pad af, weg van die Audi af. En ek loop terug. Ek weet nog steeds nie wat om te doen nie.

Ek maak die kar se deur oop en klim in. Sit aan. Draai regs op die teerpad, in die algemene rigting van Hoedspruit en Mogale en Mochlolohe.

Ek ry net. Want ek het niks anders om te doen nie.

Verby die afdraai na die Krugerwildtuin, die R351. Ek sien weer die handgemaakte advertensiebord: *Warthog Bush Pub. Cold Beer!!!!*

Aircon!!! Open! Vir die eerste keer het dit betekenis. Ek oordink dit vir 'n kilometer, verminder spoed, hou stil. Wag vir aankomende verkeer om verby te kom en dan draai ek om.

Laat ek gaan dink. En afkoel. Laat ek gaan kyk waar hulle vir Dick-the-dude probeer werf het.

* * *

Dit is nie 'n plek vir die internasionale toeris nie. Een groot struktuur, ses of sewe kleineres tussen mopaniebome en stof. Wit gekalkte mure, verdroogde grys grasdakke wat om onderhoud vra. Drie goed gebruikte Land Cruiser-bakkies, 'n ou Toyota-4x4-enkelkajuit, twee groot, dekade oue Mercedes-sedans, 'n nuwe Nissan-dubbelkajuit en 'n Land Rover Defender van onbekende ouderdom. Drie Mpumalanga-nommerplate, die res Limpopo-provinsie.

Plaaslike kuierplek.

Aan die grootste gebou hang 'n gekraakte paneel effens skeef, donker hout waarop iemand sonder noemenswaardige kunstalent 'n leeftyd gelede 'n vlakvark-karikatuur en die woord *Warthog* uitgekerf het. 'n Bordjie in die vorm van 'n motor se nommerplaat is daaronder vasgeskroef: *Bush Pub*. 'n Wit geverfde plank, mooi haaks teen die muur, waarop rooi letters beloftes maak van *Pub lunches! A la carte dinner! Genuine Game Dishes! Try our mixed grill! Warthog burgers!*

In die venster langs die groot houtdeur is 'n verbleikte klein advertensie met kleefband vasgeplak, soos 'n nagedagtenis. *Chalets available*. Ek maak die deur oop. Die lugversorger werk. Daar is 'n lang kroeg, die hele lengte van die gebou. Houttafels en -banke vul die res van die vertrek, almal gedek. 'n Silwer banier hang van die oop dakbalke. *Happy New Year!!!!!!* Die bestuur is duidelik uitroepteken-mense.

Die verbleikte muur is tot barstens vol van graffiti. *Jamie & Susan were here. Eddie the German. Morgan and the Gang. Oloff Johannsen. Save the Whale, harpoon a fat chick. Free Mandela – with every box of Rice Krispies. Semper Fi. Naas Botha was hier. Seker omdat Morné nie kom nie. Make Love, Not War = Steek, Maar Nie Met 'n Mes Nie*. Spotprente, onleesbare handtekeninge.

By vyf tafels is daar mense in groepe van agt of meer. Aan die volume van die gesprek lei ek af hulle het al met hul Nuwejaarsvieringe begin.

Agter die kroeg is 'n vrou wat glase uit 'n plastiekkraat pak. As ek by die lang toonbank gaan sit, kom sy nader.

“What would you like?”

“Dry Lemon en ys, asseblief.”

“Op Oujaarsdag?” Geamuseerde lagplooitjies. Sy is aan die verkeerde kant van veertig, maar nie onaantreklik nie, haar neus en mond werk goed saam, haar oë is lig, nader aan grys as aan groen, haar hare lank, krullende bruin kartels tot op haar skouers. Oorbelle in die vorm van die maan en sterre. 'n Moulose T-hemp, uitgewaste oranje, oor groot borste, blou denim met 'n dramatiese gordelgespe, rye Afrika-krale om die nek, 'n kaskade van armbande, mooi hande met te veel ringe. Lang, groen geverfde naels.

“Ja dankie.”

Sy loop na 'n oopskuif-yskas toe. Sy lyk goed in die denim. Agter, op haar skouer, is 'n tatoeëermerk, 'n Oosterse letter of teken. Sy haal 'n blikkie koeldrank uit – 'n kleintjie.

“Twee van daardie, asseblief.”

Sy haal nog een uit, sit die twee blikkies langs mekaar, vat 'n bierglas en skep dit vol ys. Dan bring sy alles na my toe.

“Wil jy 'n tab run?”

“Asseblief.”

Sy klik die blikkies oop. Ek sien die honderde visitekaartjies wat agter haar, op die drankrakke, in lang rye vasgesteek is. Teen die dak hang bofbalpette. Trekker- en motorfabrikate, Curriebeker-spanne. Net nóg 'n plattelandse kroeg op soek na atmosfeer.

“Tersia,” sê sy en steek 'n beringde hand uit. Dit is nie 'n naam wat by haar pas nie.

“Lemmer,” sê ek en skud haar hand. Dit is koud van die blikkies. Daar is nuuskierigheid in haar oë.

“Jy lyk nie na 'n toeris nie.”

“Hoe lyk 'n toeris?”

“Dit hang af. Die uitlanders dra safarikleertjies. Die Gautengers kom in saam met vroutjie en die kinders. Sit heel eerste die selfoon op die toonbank neer, langs die dik beursie. Wil bietjie afshow en tog net nie 'n oproep mis nie.”

Ek skink die Dry Lemon oor die ys.

Sy gaan staan met haar boude teen die lang kas agter haar en vou haar arms onder haar borste. “Jy's nie 'n verkoopsman nie, jy's nie 'n boer nie,

jy's nie 'n Vrystater nie.”

“Voor die hand liggend,” sê ek en drink diep en lank.

“Jou hare is te kort vir Durban, jou klere is te ... ek weet nie, onduidelik vir 'n Kapenaar.”

“Onduidelik?”

“Kapenaars trek aan sonder om te dink. Jy't gedink, maar ek weet nie wát jy gedink het nie.”

“Jy hou nie van my uitrusting nie?”

“Jou uitrusting het niks met my te doene nie. Dis 'n observasie, nie 'n oordeel nie.”

“Jy observeer goed.”

“Jy ook.”

“Hoe weet jy?”

Sy leun oor en trek 'n pakkie Cartier-sigarette en 'n wit weggooi-aansteker nader. Sy het 'n sekere bewustheid van haar borste. “Ek het jou gesien toe jy inkom.” Sy haal 'n sigaret met die groen naels uit. “Die meeste mense is selfbewus as hulle inkom. Jy was net bewus.”

Sy wys die sigarette. “Ek sou vir jou aangebied het, maar jy rook nie.” Sy steek haar sigaret aan en trek die rook diep in.

“Jy het 'n talent. Jy kan geld maak.”

Sy blaas die rook uit met versluiserde oë. “Honderd rand sê ek kan raai wat jy doen.”

“En as jy verkeerd is?”

“Dan's die Dry Lemon op die huis.”

“Laat ek hoor.”

“Wat is jou sterreteken?”

“Aries.”

“Mmm ... Draai jou hande om.”

Ek vat 'n sluk koeldrank, sit die glas neer en wys vir haar my palms. Sy leun vorentoe, met haar elmboë op die toonbank, sodat sy beter kan sien – en my uitsig in die T-hemp se kraag af kan verbeter.

Trek aan die sigaret. Die kooltjie gloei. “O.K. Nie getroud nie. Werk nie met jou hande nie. Draai hulle weer om.” Sy kyk na my kneukels en staan weer terug. “Jy't al baklei, Lemmer. Stout seun.”

Ek reageer nie.

“Die skouers, die nek ... jy's fiks, maar jy werk nie in die son nie. Twee-, drie-en-veertig jaar oud. Poliesman is 'n moontlikheid. Die hare, die ...

Nee, nee, glad nie polisie nie. Verkeerde drank. En jy's te ... vaartbelyn. Laat ek sien. Tien jaar gelede sou ek dalk gedink het 'Weermag'. Offisier in 'n kantoor. Miskien was jy, maar nie meer nie. So iets ... Veiligheid, sekuriteit, militêr, jy werk vir jouself. Wat van Lugmag? Vlieënier. Nee, dan sou jy 'n donkerbril hier kom neersit het. Wat maak jy hier? Die Laeveld. Mosambiek. Zim. Nie met vakansie nie. Jy't kom werk. Jy't hier ingekom met 'n doel. Wag vir iemand? Miskien, die manier hoe jy rondgekyk het."

En dan kyk sy my in die oë. "Huursoldaat."

Ek weet wat sy doen. Sy wag vir die knip van my oë, vir die vernouing, die afkyk. Ek wys niks. Sy probeer weer. "Konsultant. Militêre konsultant." Niks. "Smokkelaar."

En dan weet sy sy gaan dit nie kry nie en sy teug aan die sigaret. "O.K.," sê sy teësinning. "Die cooldrink is op die huis."

"Nie sleg nie," sê ek en drink die glas leeg.

"Hoe naby was ek?"

"Louwarm."

"Jy dink jy kan beter, dis wat jy dink."

"Kan ek nog een kry?" vra ek en skuif die glas na haar toe.

"Komaan, wys my wat jy het." Sy sit die sigaret in 'n asbak, lig haar van die kas af weg en gaan haal nog twee blikkies.

"Het jy biltong? Of neute of iets?"

"Miskien." Sy sit die koeldrank voor my neer. "As jy beter kan doen as ek."

"Ters," roep iemand van 'n tafel af. "Nog wyn." 'n Koor van soortgelyke versoeke klink op.

"Ek kom," sê sy vir hulle en dan, sagter, vir my. "Dit gaan 'n lang nag wees."

Sy sit die blikkies voor my neer en dan dra sy vir hulle drank aan. Ek skink weer vir myself. Kyk na die behendigheid van haar bewegings. Sy het 'n jonger vrou se lyf en sy weet dit. Nog 'n groep kom by die deur in, twaalf wit mense, ses mans, ses vroue, laatdertigs tot middelvyftigs, almal ietwat tot goed oorgewig, uitgedos in partytjeklere. Hulle groet oor en weer. Daar is 'n feestelikheid in die lug, 'n afwagting.

Tersia kom haal 'n bestellingsboekie en gaan staan langs die nuwe tafel. Sy lag saam met hulle, vat hier aan 'n man se skouer, daar aan 'n vrou se uitgestrekte hand. Bekendes, maar iets in haar liggaamstaal is verdedigend,

'n onbewuste stelling van “ek hoort nie regtig hier nie”. 'n Outlander, sou Melanie Posthumus gesê het.

Ek dink oor die speletjie wat Tersia wil speel. Wonder hoeveel honderdrandnote sy al by reisende verkoopsmanne daarmee gewen het. Dit is maklik, as jy genoeg menservaring het en weet hoe om jou vrae te vra en jou stellings te maak. Ek sal beter kan doen as sy, want ek ken hulle. Ek het hulle ontmoet, in die Kaap, vroue soos sy, wanneer die Parlement gesit en ek gaan rondloop het in Langstraat en St. Georges Mall en Groentemarkplein. Almal met dieselfde basiese storie. Ek het 'n Wet geformuleer. Lemmer se Eennag-wet vir Kwasi-kunstige Vroue. Want meer as een nag, en jy is soos 'n insek in 'n spinnerak.

Dit is een rede waarom ek nie die spel met Tersia kan speel nie. Ek het 'n onregverdige voordeel – voorkennis. Die ander is dat sy nie sal hou van wat ek sê nie. Want die dele van haar storie wat saak maak, maak seer.

Sy kom van die platteland af, bes moontlik binne tweehonderd kilometer van hier af. Laer Afrikaner-middelklas. Intelligent. Rebels op skool, haar pa was 'n swak vaderfiguur. Sy is die oudste van drie of meer kinders. Haar ma was te besig en moeg om baie aandag te gee. Gemiddelde skolastiese prestasies. Die lyf sou ná puberteit al hoe meer aandag begin trek. Groot liefdesteleurstelling in standerd agt. Sy sou al op skool in kuns presteer het, haar enigste groot talent, maar nie groot genoeg om uit te styg nie.

Na skool met 'n euforiese gevoel stad toe, bes moontlik Pretoria, om haar ouerhuis en haar stand te ontvlug, onwetend dat sy dit met haar saamdra. Klein eenvrouwoonstel iewers naby die middestad, 'n klerklike betrekking by 'n groot maatskappy, net tydelik, want sy koester vae idees van in die kunste gaan studeer. Sy begin Oosterse filosofie lees, astrologie bestudeer, vind uit watter sterretekens die man is wat haar op 'n afspraak uitvra.

Ontmoet 'n groot man met 'n welige baard wat in 'n koffiekroeg kitaar speel. Haar sielsgenoot. Hy trek binne 'n maand by haar in. Sy dra hom twee jaar lank – en met moeite – finansiële, want hy glo hy gaan die een of ander tyd die CD gemaak kry en dan gaan hy ryk wees en vir hulle al twee sorg. Hulle praat nagte om oor die esoteriese en die metafisiese. Hy leer haar die geheimenisse van perfekte fellatio, hul seks is tydsame marathonsessies van eksperimentering. Hy vra vir haar of hy 'n derde party na hul bed toe kan nooi uit sy groepie vroulike koffiekroeg-aanhangers. Sy stem eindelijk in, maar kan dit nie deurvoer nie toe die ander meisie besope en onaantreklik is. Kort daarna begin die verhouding versuur, want sy

belangstelling in haar taan, hy drink al hoe meer en sing al hoe minder. Sy skop hom uit.

Neem haar lewe in heroorweging, bestudeer elke Sondag die koerante vir beter betrekkings, blameer die Groot Maatskappy vir haar werksfrustrasie, hulle is blind vir haar eintlike talente. Sy doen sonder sukses aansoek vir ander poste, want haar kwalifikasies is nie goed genoeg nie. Skryf in by Unisa vir 'n BA in die Kunste. Of Letterkunde. Dit is harder werk as wat sy vermoed het en ná vier maande hou sy op om werkstukke in te stuur. Raak op kantoor betrokke by 'n getroude man wie se vrou hom nie verstaan nie. Dit loop ook skeef.

Nóg 'n groot selfondersoek. Bedank haar werk, laai haar Volkswagen Kewer en ry Kaap toe. Hulle almal gaan die een of ander tyd Kaap toe ... Trek by 'n kommune in Obs of Houtbaai in en maak kwasi-kunstige goed wat op Groentemarkplein verkwansel word, dra los rokke, sandale en helder bande in haar hare. Noem haarself Olga of Natasha of Alexandra. Rook 'n bietjie dagga, slaap 'n bietjie rond. Dit vervul haar nie.

Trek Greyton toe, werk by 'n klein hotelletjie, raak passievol oor stap in die berge, een wees met die natuur en die Gaia-teorie. Sy wys twee aanbiedinge van die hand om by ouer vroue in te trek en stel liefde as ononderhandelbare voorwaarde wanneer sy wel by 'n man slaap. Dit gebeur nie baie nie. Binne 'n maand verwys sy na die permanente inwoners as “ons” en die naweekbesoekers as “hulle”. Tot die dorp te “kommersieel” raak, dan trek sy na die volgende nuwe “in”-plek, Darling aan die Weskus of Clarens in die Vrystaat of iewers in die Natalse Middellande. In dié jare sal sy net Engels praat as 'n finale poging om te omvorm, te transformeer – tot sy ná veertig, ontnugter en leeg, 'n pelgrimstog na haar wortels toe onderneem, terug na die Laeveld. Want hulle kom altyd weer terug ... 'n finale bestekopname, 'n laaste wanhoopsoging om die verlore jare te herwin, nuwe lewe in ou drome te blaas. Miskien wag die ontwykende sielsgenoot toe al die tyd waar dit alles begin het.

En die een of ander tyd in die jare wat kom, sal sy haar standarde verlaag en “ja” sê vir die kort, middeljarige kleinsakeman of boepenspiesangboer wat al so lank en so hoflik vra. Sodat sy nie alleen hoef oud te word nie.

Tersia vra my nie weer om oor haar te raai nie, want die restaurant raak voller en die bestellings stroom in. Iemand draai die musiek harder. Popmusiek uit die sewentigs. Sy plaas in die verbygaan 'n bakkie grondbone voor my en skree: "Ons sal môreaand weer moet probeer." Met 'n knipoog. Tien minute later kom 'n tweede kroegdame op diens, seker tien jaar jonger as Tersia, maar ek vermoed haar lewensverhaal verskil nie drasties nie. Rooi hare en sproete, die borste kleiner. Sy kompenseer deur nie 'n bra te dra nie. Die oorbelle groter. Hulle werk goed saam, nooit in mekaar se pad nie.

Ek skuif na die hoek toe om plek te maak vir die samedromming. Ek kyk na die mense. Die doelgerigtheid waarmee hulle drink, die verbetering van hul plesier. Ek kon nog nooit dié toewyding aan die Oujaar verstaan nie, maar miskien is dit omdat ek dit vir so lank op my eie of saam met Mona deurgebring het. Of net nie die feestelikheid van die geleentheid kon verstaan nie. Nog 'n middelmatige jaar daarmee heen. Weg, verlore. Nog een wat voorlê.

Ek wil uit, ek kan nie hier dink nie.

Ek besef ek het nie slaapplek nie.

Tersia bring ongevraagd vir my 'n bord kos. Ek sê dankie en vra vir haar hoe ek moet maak om 'n chalet te huur vir die nag. Sy hoor nie. Sy moet haar oor hier by my mond hou. Ek vra weer. Haar vel blink en ek ruik haar sweet en sigarette. Sy lag en frons terselfdertyd. "Op Oujaarsaand?" vra sy en gaan lewer vier biere af by 'n tafel.

Ek eet aan die spitgebraaide skaapvleis, aartappelslaai, drieboneslaai, kaasbrood en druiwekonfyt. Die rumoer styg steeds. Sy kom weer verby en plak 'n sleutel voor my neer. Die sleutelhouer is 'n silwer dolfyn met 'n blou kraaloog. Sy leun oor die kroegtoonbank, haar mond teen my oor.

“Reg af met die pad, verby die motorhuise. Dis die laaste plek op die linkerkant, met die blou deur. Vat die slaapkamer met die enkelbed.”

En dan is sy weer weg.

* * *

Ek sluit die blou deur oop, my swart sportsak in my hand.

’n Lawalamp brand in die hoek, ’n oranje lig wat lang skaduwees oor die sitkamertjie gooi. Dit is ’n besige vertrek. Van die dak af swiep donkerblou en -groen gaasmateriaal met fyn, goue Indiese patrone na die muur toe, wat dig behang is met skilderye, etse en tekeninge. Mitiese en fantasiefigure, eenhorings en dwerge. Prinsesse met onmoontlike lang hare. Elkeen is onderteken, in groot, ronde letters: *Sasha*.

Ek was verkeerd oor die pottebakkerie of juwele. Sy is ’n skilder, nie ’n briljante een nie, ook nie sleg nie. Iewers in die kloof tussenin.

Swaar gordyne wat dig togetrek is. ’n Diep tapyt. ’n Boekrak teen ’n ander muur. Rusbank en twee sitkamerstoele, ’n koffietafel in die middel waarop ’n groot asbak, drie boeke en ’n klein geweefde mandjie staan. In die mandjie is nog dolfyne met blou kraaloë soos die een aan die sleutel.

Die hele vertrek ruik na wierook.

Na links is die twee slaapkamers, na regs ’n kombuisie en ’n badkamer.

Die slaapkamer met die enkelbed is ietwat meer Spartaans. Die duvet het groot, veelkleurige blokke, daar is net een skildery teen die muur: ’n Maanligtoneel, ’n langhaar-prinses wat met haar rug na die waarnemer staan, haar hand uitgestrek na ’n eenhoringvul. Ek sit my sportsak op die bed neer, rits dit oop en haal die Glock uit, sit dit op die bedkassie neer. Trek my skoene en kouse uit, kry my wassakkie, plaas dit op die bed. Vat die selfoon en bel die SouthMed-kliniek. Dit neem ’n paar minute voor ek ’n verpleegster by intensiewesorg op die lyn kan kry. Sy sê daar is geen verandering in Emma se toestand nie. “Maar ons leef in die hoop, meneer Lemmer.”

Ek bel B.J. se nommer, want hy is op nagskof.

“Als rustig,” sê hy.

Jeanette Louw antwoord op die tweede lui. “Suidooster waai ons weg,” sê sy. Ek kan die wind hoor waai. Daar is stemme op die agtergrond, die vae gedruis van die see. Ek wonder waar en saam met wie sy op die Oujaar kuier. “En jou Jeep het ’n vals nommerplaat. Waar is jy?”

“Jy wil nie weet nie.”

“Vorder jy?”

“Nee, maar ek werk daaraan.”

“Sal seker tyd vat,” sê sy.

Ek vat my wassak en loop badkamer toe. Wanneer ek die lig aanklik, is dit blou. Elke wit teel is kleurvol met die hand versier, patrone, visse, dolfyne, skulpe, seewier. Op die toiletbak is daar veertien kerse. Net ’n bad, geen stort nie. Langs die bad se rand teen die muur af staan die bottels: olies, rome, sjampoe en kruiebadmengsels.

Ek draai die krane oop en trek uit. Oorweeg dit vir ’n oomblik om te eksperimenteer met ’n skuimbad. Lag vir myself.

Dan klim ek in en lê in die warm water.

In die verte hoor ek die bas van die musiek – en nou en dan mense wat jubelend gil. Ek kyk na my horlosie. Nog twee uur tot middernag.

Ek maak my oë toe en ek begin van voor af dink.

Vergeet van die frustrasie. Los die drang om te dóén. Dink oor wat ek wéét. Objektief. Koud. Ek rangskik die feite stadig en versigtig langs mekaar, ’n ry domino’s. Wat het die eerste een laat val, wat het die hele ketting van gebeure aan die gang gesit? Maak nie saak hoe ek daarna kyk nie, ek kom elke keer terug na een oorsaak: Emma se oproep na Phatudi.

Vat dit stap vir stap van daar af. Vier sleutelgebeurtenisse. Die aanval op Emma. Die moord op Wolhuter. Die aanval op ons. Die moord op Edwin Dibakwane.

Die dinkproses bring ’n nuwe perspektief: Eers was daar net aksies van ekoterreur wat klein, binne die wet en relatief onskadelik begin het. Dan volg ’n stelselmatige proses van eskalasie na strafbare oortredings soos brandstigting en aanranding. En skielik die groot sprong na moord, die ys gebreek deur Cobie de Villiers, met poging tot moord op Emma en die dood van Wolhuter en Dibakwane wat kort daarna volg.

Hoekom? Wat was die katalisator? Hoekom so skielik?

Ek weet nie, moenie daaroor tob nie.

Wat het die groot domino’s laat val? Eerste een was ’n telefoonoproep. Tweede een was ... ’n telefoonoproep, en ek sit regop in die bad en ek druk met my palms teen my slape. Dink nou mooi. Derde een? Vierde een? Nee, geen telefoonoproep nie. Of was daar? Hoe het die dag verloop, die dag nadat Emma in die reën gestaan het?

Ons het koffie gedrink op die stoep. Haar kop was ’n bietjie seer, haar selfspottende glimlag was beeldskoon. Sy het Mogale toe gebel. Branca het

teruggebel. Twee oproepe. Maar toe het ons nog nie van die briefie by die hek geweet nie. Dick het kom flikkers gooi, Sue-zin het kom sê van die boodskap. Ons sien vir Edwin by die hek. En toe ry ons Mogale toe. Kyk saam met Branca deur Cobie se huisie, kyk na die bloedsmeer in die kluis, ry. En toe kom die aanval.

Wat kyk ek mis?

Hoe het hulle geweet van Edwin en die boodskap? Hoe het hulle geweet waar ons is om ons voor te lê?

Gaan weer terug na daardie oggend. Ons kry die briefie by Edwin. Emma vra hom uit. Gee hom geld.

Kon iemand ons sien terwyl ons daar by die hek van Mohlolobe met Edwin gepraat het? Was daar iewers oë wat die oorhandiging van die brief gesien het?

Wilddraad, die hoë heinings, die digte bosse aan al twee kante van die pad. Geen motors wat op 'n afstand staan nie. Ek sou hulle gesien het. Maar selfs as daar iewers 'n onsigbare toeskouer was met 'n verkyker – hulle kon nie weet van die brief se inhoud nie.

Ons ry daar weg. Emma staar na die brief. Lees dit oor en oor. Spekuleer oor die skryfstyl.

En dan lui haar selfoon.

Daar was 'n oproep. Carel die Grote. En sy het vir hom vertel. Alles. Van die brief ook ...

En dan weet ek hoe hulle dit doen. Ek slaan die badwater met my vuig, die water spat teen die visse en die seewier. 'n Dolfyn grinnik vir my met 'n oop bek en ek grinnik terug, want ek weet.

Hulle luister af. Die fokkers luister na telefone en selfone, ek weet nie hoe nie, ek weet nie wie nie, maar ek weet hulle doen dit.

Emma se foon. Op die een of ander manier kan hulle haar oproepe hoor, en haar boodskappe. Phatudi s'n ook? Miskien. Maar definitief Emma se foon.

Baie vrae. Hoe het hulle geweet hulle moet haar oproepe monitor? Hoe lank doen hulle dit al? Was hulle net gelukkig? Wat verg dit om 'n selfoon af te luister? Het 'n klomp kakiedraende hasie-omhelsers in die Laeveld toegang tot sulke tegnologie? Of is hulle deel van iets groters, iets meer gesofistikeerds?

Moenie jou bekommer oor wat jy nie weet nie. Fokus op wat jy weet. Hulle luister, ek is seker daarvan. Dit gee my 'n voorsprong. Hoe gebruik

ek dit tot my voordeel?

Ek soek seep om te was. Daar is nie 'n tradisionele koekie nie. Ek laat my vingers teen die bottels afloop. Heel voor is twee met seep wat uit spuituite kom. Ek druk uit in my palm en was.

Hoe gebruik ek die nuwe kennis?

Hoe kry ek hulle? Hoe spoor ek hulle op?

Daar is een manier. As ek my kaarte reg speel. As ek slim is, as ek dit mooi deurdink. Ek moet môre Emma se selfoon gaan haal. Dit lê in haar handsak, in die VIP-suite by die hospitaal.

Moet hulle nie gaan soek nie. Laat hulle na my toe kom.

* * *

Ek gaan trek my kortbroek aan en lê op die enkelbed met my arms agter my kop, en ek dink vir veertig minute, tot ek alles beplan het.

Dan staan ek op, want ek weet ek sal nie nou kan slaap nie. My kop is te besig. Ek loop tot in die sitkamer. Tersia se slaapkamerdeur staan halfoop. Of is sy Sasha as sy hier is? Ek leun teen die kosyn en kyk in. Groot, dramatiese hemelbed, nog Indiese materiaal daaroor gedrapeer, 'n horde kussings. Van die dak af hang 'n raamwerk van silwer voëls in vlug. Skilderye teen die muur, 'n esel en verfgoed in die hoek, swaar gordyne, 'n spieëlkas vol botteltjies en blikkies. 'n Bedkassie met boeke, 'n oefenapparaat, een van daardie wat hulle soggens op televisie adverteer. Om die lyf mee in stand te hou, jonk te hou.

Hoe lyk Emma le Roux se slaapkamer? Hoe lyk haar huis binne? Ek gaan sit in die oranje lawalamp-skemerte van die sitkamer. Emma se blyplek sal anders wees as Tersia/Sasha s'n. Veel subtieler.

Oop en skoon en lig, haar kleure sal wit en room wees, haar meubels Oregon, met 'n bietjie glas en chroom. Haar gordyne weggetrek, die lig wat bedags instroom. Saans sal die lampe helder wees. Die verskille tussen mense.

Die dinge wat van ons maak wat ons is.

Ek staan op en loop oor na Sasha se boekrak. Slapbandboeke, van hoek tot kant. Oor en oor gelees, of dalk tweedehands gekoop? *The Four Agreements: A Practical Guide to Personal Freedom. Ask and It Is Given: Learning to Manifest your Desires. The Power of Now: A Guide to Spiritual Enlightenment.*

Soekende Sasha.

Your Immortal Reality: How to Break the Cycle of Birth and Death. Earth Angels: A Pocket Guide for Incarnated Angels, Elementals, Starpeople, Walk-Ins and Wizards.

Glo sy regtig in dié soort van ding? Regtig? Of is dit ook 'n soort speletjie, 'n manier om nou en dan aan die werklikheid te ontsnap, 'n vorm van fantasie?

The Unicorn Treasury: Stories, Poems and Unicorn Lore. Dragons and Unicorns: A Natural History. Man, Myth and Magic: The Illustrated Encyclopedia of Mythology, Religion and the Unknown.

En dan Linda Goodman se *Love Signs: A New Approach to the Human Heart*. En *Sexual Astrology: Sensual Compatibility*.

Ek trek die laaste boek uit en maak dit oop. Wat is Emma se sterreteken? Sy het gesê sy het 'n verjaardag met 'n hele land gedeel, in die ou Suid-Afrika. 6 April. 'n Aries, net soos ek. Ek soek in die indeks, kry die verwysing. *Aries and Aries. An excellent match, with an intense sexual attraction and mutual erotic satisfaction, but it is a high-maintenance sensual relationship: both man and woman demand lots of sexual attention. Potential for a long-term relationship is far above average.* 'n Klomp twak.

Ek gaan soek wat die boek sê oor die Aries-vrou: *Turn off the lights, and she will become a tiger, anywhere, anytime. But be warned, she is more focused on her own pleasure than on yours.*

Ek maak die boek toe en sit dit terug. Ek loop badkamer toe, urineer en gaan na my enkelbedkamer. Ek maak die deur toe, skuif die venster oop in die hoop dat die nag sal afkoel, sit die lig af. Ek moet slaap. Môre gaan 'n interessante dag wees.

* * *

Om middernag word ek wakker van die rumoer. Ek raak weer aan die slaap. Nie diep nie. Onrustig.

Om eenuur hoor ek dronk stemme en 'n gesukkel met die sleutel by die deur van die chalet langsaan.

Halftwee hoor ek die blou deur oopgaan. Na 'n rukkie is daar krane wat loop in die badkamer. Tussen slaap en wakker, ek hou nie tred met tyd nie. Ek ruik die soet reuk van dagga, hoor haar in die sitkamer. 'n Laaste zol voor slapenstyd. Vir die nuwe jaar.

Hoor die deur van my kamer wat oopgemaak word, saggies.

En dan niks. Lig my ooglede net 'n fraksie, sodat ek deur skreefoë kan kyk.

Sasha staan in die deur, haar skouer teen die kosyn, hand op 'n geknakte heup. Agter haar naaktheid is 'n sagte, vae lig. Nie die oranje van die sitkamer nie. Iets anders. Kerse. Sy staan vir my en kyk. Haar gesig is 'n diep skaduwee, onleesbaar.

“Lemmer.” Baie sag, amper onhoorbaar.

Ek hou nie van my van nie. Dit rym met gemmer. Dit sinspeel op mesgevegte in agterstrate. Danksy Herman Charles Bosman het dit 'n sekere agterlike konnotasie wat in my geval te naby aan die waarheid lê. Maar dit is beter as “Martin”. Of “Fitz” of “Fitzroy”.

My asemhaling is kunsmatig diep. 'n Bekende spel. Nuwe redes. Ek maak my oë heeltemal toe.

Vir 'n lang ruk staan sy. Sê nog een keer: “Lemmer,” en as my asemhaling nie verander nie, klik sy haar tong en ek hoor haar voeteval wegbeweeg.

Langsaan kraak haar bed.

Soekende Sasha.

'n Week gelede sou ek dié aanbod met dank aanvaar het.

Ironies. Ek wil lag. Vir myself. Vir mense, vir die lewe. Ek was te bang om my arm na Emma toe uit te steek. Te bang vir verwerping, te bang dat sy met geweld en verontwaardiging sou terugruk en sê: “Wat doen jy, Lemmer?” Te bewus van my status, die kloof tussen ons, die gevolge van 'n berekeningsfout.

Emma het by my kom staan. Hoekom het sy so teenaan my bed kom staan? Omdat sy 'n bietjie dronk was? Omdat sy die omhelsing onthou het toe ek haar getroos het? Omdat sy eensaam was, omdat sy weer vasgehou wou word, omdat ek beskikbaar was? Of het sy net diep ingedagte en per abuis juis daar tot stilstand gekom? Want ek is nie haar tipe nie. Nie my herkoms, nie my voorkoms nie.

Ek weet daardie oomblik sal in my kop bly. Ek sal dit keer op keer herleef as ek in die stilte van 'n Loxton-nag in my huis op my bed lê. My enkelbed.

Uit Tersia se kamer hoor ek 'n fyn skuurgeluid, soos vae voetstappe.

Met haar in my deur was daar geen twyfel nie, geen vrae nie, geen verskil in stand nie. Ek was nie bang nie. Net onbeskikbaar. Ironies.

Die ritmiese geritsel uit haar slaapvertrek is eers negeerbaar, verklaarbaar. Stadig en sag. Maar dit hou aan. Verby die tydsduur van logiese moontlikhede.

Ek spits my ore. Is sy op haar oefenapparaat? Nee. Subtieler, sagter, skelmer.

Tot die kennis van wat sy doen soos 'n blom in my brein oopmaak. Dit is die klank van matras en katel wat saggies wieg.

Aanhoudend.

Sonder haas. Rustig, die tempo wat langamerhand onwillekeurig versnel.

'n Geluid wat bykom. Nie haar stem nie, haar asemhaling, wat pers deur haar keel of haar neus of haar tande, wat maat hou met groeiende geesdrif.

My lyf reageer.

Vinniger.

Warm in my kamer.

Harder.

Liewe Here.

Verbete. My geestesoog wys haar vir my.

Ek lê en luister, geboei, gevange. Wat sy doen, is gemeen en briljant.

Ek wil my hande teen my ore druk. Ek wil 'n geluid van my eie maak om dit uit te doof. Ek doen niks. Ek lê en ek luister.

En ek visualiseer. Vir hoe lank, weet ek nie. Vier minute? Agt? Tien?

Eindelik is sy 'n masjien, jagend, snel, dolle, dringende vaart.

As ek nou daar ingaan – ek weet hoe dit sal wees. Luid sal sy my aanmoedig, sy sal haar vreugdes uitroep, sy sal behendig beweeg, haar heupe sal met groot vaardigheid rol, sy sal omdraai en haar aanbied vir 'n nuwe sensasie, sy sal bo-op my klim, sy sal weet wanneer om te onttrek sodat dit langer kan hou, sodat die tyd kan rek, sodat sy nie alleen hoef te wees nie.

Soos al die ander. Desperaasie en eensaam en niksseggend.

Dit sê my kop vir my. Dit is nie die moeite werd nie. Want as dit alles verby is, sal my gewete Emma se naam roep, maar Tersia sal vasgehou wil wees, sy sal 'n sigaret wil aansteek en praat. Oor môre.

Ek staan op. In een beweging. Dit is net vier vloeiende tree tot by haar deur. Ek sien haar op haar bed. Kers op die bedtafeltjie. Sy lê op haar rug, haar knieë opgetrek, haar bene wyd oop, haar beringde vinger wat vinnig vryf, die flikkerende lig oor haar sidderende, swetende lyf.

Sy sien my. Sy het geweet ek sal kom. Net haar oë wys dit. Haar gesig is stroef van inspanning en genot.

Sy vat haar vinger weg net voor ek my met geweld in haar instamp.

“Ja,” sê sy. “Naai my.”

OceanofPDF.com

DEEL III

OceanofPDF.com

33

Twintig voor vyf is ek op.

Ek dink nie. Ek was nie. Ek vat my goed en ek sluip uit soos 'n lafaard terwyl sy diep slaap onder die Indiese sterreheemel. Ek loop na die Audi toe en ek sluit die deur saggies oop, gooi die swart sak in en ek ry.

Die son kom op anderkant Hazyview, die eerste dag van die nuwe jaar.

Ek hou by 'n vulstasie stil en gebruik die ruskamer. Ek kan haar aan my ruik wanneer ek my gulp oopmaak om te pis. Ek was my geslagsdeel in die wasbak met die pienk vloeibare seep se skerp, soet reuk. Ek skeer, borsel my tande en was my gesig. Ek voel nie skoon nie.

Ek ry na die hospitaal waar Emma lê. Ek dink aan wat ek moet doen, maar my kop wil ander paaie loop.

Ek het bo-op en binne-in haar gelê en in die versengende hitte van die oomblik het ek “Sasha” gesê en daar het iets op haar gesig gebeur, 'n vlietende oomblik van intense vreugde, asof sy ontdek is, soos 'n eiland.

Sy is gesien.

“Ja!” het sy geantwoord met gloeiende groen oë.

Ek onthou die eerste keer toe iemand my gesien het.

My eerste jaar as lyfwag, vir die Minister van Vervoer. 'n Someroggend op sy plaas. Ek wou teen dagbreek gaan draf op die grondpaadjies tussen die mielielande. Hy het met 'n breërandhoed en 'n wandelstaf by die opstal uitgekom.

“Kom loop saam met my, Lemmer,” het hy gesê en ons het in stilte gestap na die koppie van waar hy sy hele eiendom kon sien.

Hy was 'n roker. Heel bo het hy op 'n rots gaan sit, sy pyp rustig opgesteek en gevra: “Waar kom jy vandaan?” En toe vertel ek hom die hooftrekke, maar hy was nie tevrede nie. Hy het 'n manier gehad met mense. Hy het my laat oopmaak, sodat ek eindelijk, terwyl die son agter ons rûe opkom, alles vir hom vertel het. Van my pa en my ma en my Seepunt-

jare. En toe ek klaar was, het hy lank gedink. En toe sê hy: “Jy is hierdie land.”

Ek, twintig jaar oud, nat agter die ore, het gesê: “Meneer?”

“Weet jy wat hierdie land gemaak wat hy is?”

“Nee, meneer?”

“Die Afrikaner en die Engelsman. En jy is al twee.”

Ek het nie geantwoord nie. Hy het in die verte getuur en toe sê hy: “Maar jy het keuses, ou seun.”

Ou seun.

“Ek weet nie of die land meer keuses het nie. Die Afrikaner se engtevrees en aggressie en die Engelsman se slinksheid. Dit is wat ons tot hier gebring het. En dit werk nie in Afrika nie.”

Ek was dronkgeslaan. Hy was immers ’n lid van die Nasionale Party se kabinet.

Hy het sy pyp teen ’n klip uitgeklop en vir my gesê: “*Umntungumuntu ngabantu*. Weet jy wat dit beteken?”

“Nee, meneer.”

“Dit is Zoeloe. Dit is waar die woord ‘ubuntu’ vandaan kom. Dit beteken baie dinge: Ons kan net ’n mens wees deur ander mense. Ons is deel van ’n geheel, van ’n groter groep. Onlosmaaklik. Die groep is die individu. Dit beteken ons is nooit alleen nie, maar dit beteken ook skade aan ’n ander is skade aan jou. Dit beteken meelewing en respek en broederliefde en deernis en empatie.”

En toe kyk hy vir my van agter sy dik bril en hy sê: “Dit is wat die wit man in Afrika moet soek. En as hy dit nie kry nie, gaan hy altyd ’n vreemdeling in hierdie land wees.”

Ek was te jonk en te dom om te verstaan wat hy vir my sê. Maar ek het daaroor getob, deur die jare. Ek het myself en ander mense bestudeer, bedink, bevraagteken. Ek het die talente ontwikkel om na hul voorkoms en hul optrede te kyk vir tekens van bedreigende gedrag, maar ook om hul lewensverhale te raai en my af te vra: Hoe is ek ’n mens deur hulle?

Ek het gewonder oor my onvermoë om deel te wees van ’n geheel. Die samelewing is ’n primitiewe eensellige organisme met ’n selektief deurlaatbare membraan en ek kan nie geselekteer word nie, my vorm is te vreemd.

Toe ek later meer perspektief gehad het, het ek gewens ek kon weer met die minister praat, daar op die koppie. En vir hom sê Afrika is die bron van

ubuntu, dit is waar. In baie mense se oë sien jy die sagtheid, die meelewing, die welwillendheid, die verskriklike smagting na vrede en liefde.

Maar dié kontinent het 'n teenkant, 'n yang tot die yin van ubuntu. Dit is 'n teelaarde van geweld. Ek wou vir hom sê dit wat ek geword het, danksy my gene en my pa se meedoënlose afrigting, kan ek eindelijk ook in ander herken: Daardie afwesigheid in die oë, asof iets binne dood is, van die man wat nie meer omgee om pyn te voel nie en 'n sekere drukking ervaar om dit uit te deel, om dit toe te dien.

En nêrens het ek dit meer dikwels gesien as in Afrika nie. In my omswerwinge saam met die Nasionale Party- en ANC-ministers het ek die wêreld gesien – Europa, die Midde- en Verre Ooste en my tuiskontinent. En hier, in die wieg van die mensdom, in die oë van diktators en politici, polisiemanne, soldate en lyfwagte en eindelijk medetronkvoëls, het ek die meeste van my bloedbroeders herken. In die Kongo en Nigerië, Mosambiek en Zimbabwe, Angola en Uganda en Kenia en Tanzanië en Brandvlei. Mense wat deur geweld geskep is en wat dit verder uitdra, soos 'n evangelie.

Soms voel ek die diepe begeerte om anders te wees. Om te kan behoort aan die broederskap van respek en deernis en empatie, die verstommende onderskraging en onbaatsugtigheid. Dit is die genetiese eggo van my voorvaders wat te lank gelede Afrika verlaat het, die sein is te dof, die afstand is te groot.

Ek wroeg nie daaroor nie. Dit is hoe dit is. Ek is wat ek is. 'n Wit man op die kontinent van ubuntu.

* * *

In die VIP-suite sê B.J. Fikter vir my sy nag was sonder voorval. Hy maak reg om te slaap. Ek neem net Emma se selfoon en herlaaier en gaan soek vir dr. Leonora Taljaard.

Sy sê dit is slegte nuus dat Emma nog in 'n koma is. “Daar was die laaste 72 uur geen verandering nie, Lemmer. Dit is die probleem. Hoe langer hulle in die koma bly, hoe swakker raak die prognose.”

Ek wil haar vra of daar niks is wat hulle kan doen nie, maar ek weet wat die antwoord gaan wees.

“Leonora, ek soek 'n plek om te huur vir 'n paar dae, miskien 'n week, in Klaserie se omgewing. Maar nie 'n toeristeplek nie. Iets afgesonderds. Op 'n plaas of 'n hoewe ...”

“By Klaserie?”

Ek knik.

“Hoekom daar?”

“Moenie vra nie.”

Sy skud haar kop. “Die polisie bewaak haar. Jou mense bewaak haar. Wat gaan aan? Is sy in gevaar?”

“Sy is veilig hiér. Ek wil net gaan seker maak sy is veilig wanneer sy hier uitkom.”

Die dokter se uitdrukking is onpeilbaar, dan gooi sy haar vrae af met ’n klein beweging van haar skouers en sê: “Laat ek by Koos hoor.”

Sy bel haar man en dra my versoek aan hom oor.

“Koos se dis Nuwejaarsdag. Dis net dokters en verliefde mense wat werk.”

“Sê vir hom dis dringend, asseblief.”

Sy herlei my woorde, maak notas op ’n skryfblok met ’n medisyne se logo boaan. Sy vra my selfoonnommer en sê dit vir Koos. Wanneer sy die telefoon neersit, skeur sy die vel papier af en sê: “Koos sê hy sal dat Nadine Bekker jou bel. Sy’s in eiendom. Maar gee hom net eers kans, hy wil ’n bietjie ... druk toepas. Hy’s goed daarmee.”

“Baie dankie.” Ek staan op.

“Lemmer ...” sê sy. “Ek neem aan jy weet wat jy doen.”

“Ons sal maar moet sien,” sê ek.

* * *

Al wat oop is vir ontbyt is ’n Wimpy. Ek bestel die Double-Up Breakfast en drink die eerste van twee groot koffies wanneer Nadine Bekker my bel. Haar stem is hoog en sy praat vinnig, soos iemand wat uitasem en laat is. “Dr. Koos Taljaard sê jy het ’n noodgeval, maar ek moet vir jou sê dit gaan ’n uitdaging wees om te kry waarna jy soek. Die mense wil nie korttermyn verhuur nie.”

“Ek sal vir ’n maand betaal.”

“Dit kan help. Gee my ’n rukkie, dis Nuwejaar, ek weet nie of ek die mense in die hande gaan kry nie. Ek bel jou nou.”

’n Kelner met rooi oë bring my ontbyt. Die kok was by dieselfde partytjie – die eiers is rubber, die varkworsies droog. Ek moet eet. Ek bestel nog koffie om dit mee af te sluk. Ek kyk na die handjievul ander mense in die restaurant. Hulle sit alleen, of twee mense by ’n tafel wat met geboë skouers

en hoofde gedempte gesprekke voer. Lyk ek ook só? Ietwat verlore, vaagweg eensaam, semiselfbewus dat 'n Wimpy-ontbyt die beste ding is wat ons op die feesdagoggend kan doen.

Ek het 'n sinnelose skuldgevoel wat ek nie afgeskud kry nie. Dit het te doen met Emma, 'n deel daarvan is haar toestand en my werksetiek – hoe kan ek, wat veronderstel is om te werk, vleeslike plesier najaag terwyl sy in 'n koma lê? Dit is 'n makliker een om te deurdink, om af te skud. Die ander deel is moeiliker, want die kern daarvan is hoe ek oor haar ... Hoeveel het sy my gemanipuleer om van haar te hou, om met haar te simpatiseer, om my steun aan haar saak toe te sê? Hoeveel was doelbewus? Hoeveel van my ongemak het te doene met die feit dat ek haar nie kon beskerm nie, dat sy die eerste een is met wie ek professioneel gefaal het? Dit is 'n mynveld van die gewete.

En buitendien, ek het nie gaan soek vir iets nie. Dit het net gebeur. En dit is tien maande sedert ek by 'n vrou was. Dit is waarom laas nag so intens was. Dit sal gebeur, soms sal jy 'n vrou ontmoet met dieselfde honger, dieselfde kwaad, dieselfde ...

My selfoon lui. Dit is Nadine Bekker. “Ek het twee moontlikhede vir jou, daar is nog 'n paar ander, maar die mense antwoord nie hulle telefone nie; as ek meer tyd het, sal ek dalk iets kan laat gebeur. Wil jy gaan kyk?”

* * *

Sy is 'n buksie in haar vyftigs, 'n besige vrou met kort, gekleurde blonde hare en 'n oordadige trouwing aan 'n poffervinger. Sy is aangetrek asof sy kerk toe gaan, haar hoë hakke klik-klak haastig oor die teerpad as sy na my kar toe aangestap kom.

“Wag, moenie uitklim nie, haai, ek is Nadine, aangename kennis, ry sommer agter my aan, dan wys ek jou die eerste plek, dit is net hier voor.”

Dit kan nie te sleg gaan in die Laeveldse eiendomsbedryf nie, want sy ry met 'n wit Toyota Prado, maar nie so vinnig soos wat sy praat nie.

Die eerste huis is naby Dingleydale, oos van die R40, omtrent tien kilometer van Edwin Dibakwane se huis met die pienk beton. Dit sit reg langs die grondpad en daar is 'n gehuggie van plaaslike inwoners binne sigafstand.

Ek hou agter haar stil en klim uit. “Dit sal ongelukkig nie werk nie.”

“Ek is jammer, ek weet nie mooi waarna jy soek nie, ons doen gewoonlik eers die behoeftevorm, Koos het net gesê 'n huis op 'n plaas of 'n hoewe.”

“Ek soek iets meer afgesonderds.”

“Die ander een is wel, maar dit is ’n bietjie verwaarloos, as jy nie omgee vir verwaarloos nie, en daar is nie elektrisiteit nie, net gas, dit behoort aan ’n prokureur in Pretoria, hy het ’n paar plekke, maar niemand bly in daardie een nie, hy’t dit vir ’n belegging gekoop. Die uitsig is darem baie mooi op die berg en daar’s ’n rivier.”

“Ek gee nie om vir verwaarloos nie.”

“Kom ons gaan kyk, miskien is dit net wat jy wil hê, en die huur is ’n bietjie minder ook, maar jy sal dit vir die hele maand moet vat, maar jy sê jy’s O.K. daarmee?”

“Ek is.”

En dan ry ons weer, noord met die R40 en dan links op ’n grondpad by Green Valley. Mariepskop lê reg voor ons, sy hange dig begroei.

Ná vyftien kilometer se stowwerige kronkels hou sy by ’n plaashek stil en spring uit, wys vir my ek moet wag. Sy vroetel met ’n bos sleutels en dan stoot sy die hek oop en roep: “Los sommer oop, ons kom mos nou weer uit.”

Daar is ’n verroeste paal langs die hek met ’n amper onleesbaar verbleikte naambord met ses koeëlgate in. *Motlasedi*.

Ons ry met ’n rowwe tweespoorpaadjie, afdraand. Ek bekommer my oor die Audi se grondvryhoogte. Naby die hek is dit grasveld, maar binne tweehonderd meter raak die bos dig. Ons ry in ’n boomtonnel, die Prado se dak skuur teen die takke en blare.

Die huis sit meer as ’n kilometer van die groot grondpad af, ’n ou struktuur, sestig jaar oud, dalk meer, sinkdak, vergeelde kalkmure, ’n groot skoorsteen. Die stoep kyk uit oor ’n waterlopie, meer ’n spruit as die rivier wat sy belowe het. Reg wes oordonder Mariepskop se kranse die horison.

Nie perfek nie, maar werkbaar. Die werf is groot en oop genoeg dat jy iemand ’n honderd meter ver sal kan sien aankom. Die nadeel is dat die digte bos verderaan skuiling sal bied. Maar dit is ook moeilik begaanbaar. En sover ek kan sien, is daar net een werkbare toegangsroete, danksy die toringende berg en die oerwoud anderkant die spruit.

Sy klim uit en wag vir my.

“Wat beteken Motlasedi?” vra ek.

“Ek weet nie, maar ek sal uitvind. Kom ons gaan kyk binne, ek weet nie hoe dit gaan wees nie, die plek het lank toegestaan, maar daar’s darem ’n meubeltjie of twee; wat wil jy kom doen, hier, so ver van alles af?” Sy loop

behendig met haar hakskoene by die stoep se drie trappies op en rinkel met haar bos sleutels voor sy die regte een kry om die deur mee oop te sluit.

“Ek soek net ’n bietjie stilte,” sê ek.

“Mens het stilte ook nodig, dis die sitkamer, hier’s darem iets om op te sit, die kombuis is diékant toe, gasstoof en gasoond en gasyskas, jy sal dit net aan die gang moet kry, ek sien hier’s ’n bietjie stof, ek kan dit vir jou eers laat skoonmaak as jy wil, maar dit gaan ’n dag vat, kom, die slaapkamers is diékant toe, daar’s darem gaas voor die vensters vir die muskiete, maar jy sal maar moet spuitgoed en smeergoed kry; hierdie tyd van die jaar kan hulle lastig wees so naby aan die water, ongelukkig net een badkamer, hier’s natuurlik nie beddegoed nie, maar in dié hitte het ’n mens nie veel nodig nie ...” Sy hou die monoloog reg deur die huis aan die gang teen dieselfde pas as haar kort, vinnige voetstappe op die kaal vloere, ignoreer die drie groot kakkerlakke wat voor ons wegskarrel, en dan vra sy, eindelijk en uitasem: “Is dít meer wat jy soek?”

“Dit is.”

“Nou kom ons gaan teken die kontrak, dis ’n deposito van eenduisend agthonderd en ’n maand se huur vooruit, dis drieduisend seshonderd in totaal, is dit reg so?”

Ek haal my en Emma se selfone uit en kyk of daar ontvangs is. Een strepie, ’n tweede wat kom en gaan.

“Dis reg so, dankie.”

Tien oor twee is ek terug by Motlasedi. Ek dra die week se voorrade in Pick 'n Pay-sakkies na die kombuis toe, steek die yskas se gasvlam aan en pak die Energade-bottels daarin. Ek bring die besem, emmer, lappe en skoonmaakgoed uit die kar en begin in die kombuis. Dan doen ek die sitkamer, badkamer en slaapkamer. Ek sweet in strome.

Wanneer ek besig is om vier kannetjies insekdoder deur die huis leeg te spuit, lui een van die selfone. Myne. Dit is Nadine Bekker.

“Motlasedi beteken ‘plek van die groot geveg’,” sê sy as ek antwoord. “Wil jy die storie hoor?”

“Asseblief.”

Sy lees vir my voor uit die een of ander bron, in Engels, oorhaastig en sonder respek vir leestekens, sodat ek my oë in konsentrasie moet toemaak om haar te kan volg.

Sy sê 'n plaaslike stam, die Mapulana, is in 1864 hier aangeval deur koning Mswati van die Swazi's. Die Mapulana het teruggeval teen Mariepskop uit en daar, amper 2 000 m bo die vlakte van die Laeveld, hulself voorberei vir die veldslag wat sou volg. Die Mapulana het rotse nader gerol en die enkele voetpad teen die berg op bewaak.

Die Swazi-soldate het gewag vir die digte mis wat soms op 'n somernag teen die berg se hange voorkom voor hulle teen die voetpad uit is. Die mis was dié nag so dig dat elke kryger met 'n hand op die skouer van die een voor hom moes klim.

Bo het die Mapulana in doodse stilte gesit – en tot op die laaste oomblik gewag voor hulle hul rotsmissiele teen die voetpad begin afrol het. Die strategie was dodelik. Die Swazi's se verliese was groot en dit het hul aanval in chaos gedompel. Eindelik het die Mapulana teen die berg afgeswiep, alle teenstand voor hulle weggegee en die laaste Swazi's by die riviértjie suid van Mariepskop uitgewis.

Hier onderbreek Nadine haar voorlesing en sê: “Dit moet net daar wees waar jy bly, hulle sê ’n mens kan nog die beendere van die Swazi’s sien as jy weet waar om te kyk en dit is hoekom die rivier se naam ook Motlasedi is, plek van die groot geveg, en hoekom die Mapulana die berg Mogologolo genoem het, dit beteken ‘berg van die wind’, want die Swazi’s het net die wind van die vallende rotse gehoor voor hulle dood is. Is jy al daar? Is jy happy? Jy moet maar bel as daar iets is, ek moet hardloop.”

Daar is nie ’n stort in die badkamer nie. Ek tap ’n koue bad en was en voel vir die eerste keer skoon.

Ek stel die selfoon se wekker vir 16:30 en gaan lê op die kaal matras. Ek slaap onrustig, vir net langer as ’n uur. Dan staan ek op, gaan was my gesig met koue water, vat Emma se selfoon en haal ’n bottel Energade uit die yskas.

Ek gaan sit op die stoep wat uitkyk oor die spruit. Die gesis van insekte is ’n klankkometers. Voëls roep in die digte bos oorkant die bruin, kabbelende water. ’n Kommando blouape trek deur die boomtoppe soos skimme. ’n Groot grys ibis kom land langs die water en begin sy lang snawel dadelik doelgerig in die kort gras indruk.

Ek deurdink een laaste keer wat ek gaan doen. Bevestig die tyd op my horlosie: 16:43.

Ek bel navrae om drie nommers te kry. Ek skryf dit met ’n potlood op Emma se papier.

Ek bel dadelik die eerste een – na die Mogale-rehabilitasiesentrum.

Een van die vrywilligers antwoord met ’n Skandinawiese aksent. Ek vra om met Donnie Branca te praat. Sy sê ek moet aanhou. Ek hoor hoe hulle roep na hom.

“Please hold, he is coming.”

En dan sê hy: “This is Donnie.”

“Dis Lemmer, Donnie. Wat saam met Emma le Roux daar was.”

“O. Ek is baie jammer . Ons het gehoor van die ongeluk.”

“Dit was nie ’n ongeluk nie en jy weet dit.”

“I’m not sure what you ...”

“Donnie, ek dink dit is tyd dat ons al die kakpraat los. Ek wil hê jy moet mooi luister wat ek nou vir jou gaan sê ...”

“I don’t like your ...”

“Bly stil en luister, Donnie.”

Hy bly stil. Ek het lank gedink wat ek vir hom wil sê. Dit is alles gebaseer op berekende raaiwerk, maar die oordrag is die sleutel. Ek moet dit met aggressie en met selfvertroue sê. Ek kan nie bekostig dat hy weet waar die leemtes in my kennis is nie.

“Ek is op ’n plaas met die naam van Motlasedi, op die grondpad tussen Green Valley en Mariepskop. En ek gee vir julle 48 uur om vir my te sê waar Cobie de Villiers is. As ek nie binne daardie tyd van julle hoor nie, gaan ek alles wat ek weet vir die koerante en die Kommissaris van Polisie in Limpopo gee.”

Ek gee hom ’n oomblik sodat dit kan insink.

“Ek weet wat jy dink, Donnie. Jy sit en wonder wat ek weet. Kom ek sê vir jou: Ek weet alles. Ek weet van julle nagtelike eskapades, ek weet van die vuurwapens wat julle vir die polisie wegsteek, ek weet wat Frank Wolhuter in Cobie se huis gekry het – en dit was nie in die boekrak nie, Donnie ...”

En dan vat ek die grootste kans, die een waaroor ek die langste getob het: “En ek weet H.B. staan nie vir Honey Badger nie. Agt-en-veertig uur, Donnie. Moenie my kontak oor enigiets anders nie. Jy weet wat ek wil hê.”

Ek druk die knoppie met die rooi gehoorstukikoon daarop om die oproep te beëindig en vee die sweet van my voorkop af. Ek laat my asem stadig uit.

Die volgende oproep is na Carel die Grote. Hy het seker haar naam op sy selfoonskerm gesien, want hy sê: “Ek het al begin bekommerd raak oor jou, Emma.”

“Dis Lemmer. Ek het nie goeie nuus nie.”

“Waar’s Emma?” Dis meer van ’n bevel as ’n besorgde vraag.

“Sy is in die hospitaal, Carel. Daar was ’n voorval. Ons is ...”

“’n Voorval? Watse voorval? Wat maak sy in die hospitaal?”

“Carel, as jy stilbly, kan ek klaar praat.”

Hy is nie gewoond aan só ’n stemtoon nie. Die verstomming hou hom lank genoeg stil.

“Ons is Saterdag aangeval deur drie gewapende mans. Emma is gewond en sy het ’n kopbesering opgedoen. Sy is in die intensiewesorgeenheid van die SouthMed-kliniek op Nelspruit. Haar dokter se naam is Leonora Taljaard. Bel haar as jy besonderhede oor Emma se toestand wil hê. Al wat ek vir jou wil sê ...”

Hy kan dit nie langer hou nie. “Saterdag!” skree hy vir my. “Saterdag? En jy bel my nou eers?”

“Carel, bly ...”

“Dis drie dae. Hoe kan jy my nou eers bel? Hoe ernstig is Emma?”

“Carel, laat ons mekaar baie mooi verstaan. Ek skuld jou niks. Ek bel jou uit hoflikheid. Ek weet wie ons aangeval het. Ek gaan hulle kry, élkeen van hulle. Nie vir jou nie. Vir Emma. Ek is op ’n plaas met die naam van Motlasedi, op die grondpad tussen Green Valley en Mariepskop en dit is net ’n kwessie van tyd voor ek hulle kry.”

Ek hoop hy sal die regte vraag vra. Hy stel my nie teleur nie: “Wie? Wie was dit?”

“Dis ’n lang storie en ek het nie nou tyd nie. Ek sal jou vertel as alles klaar is. En dit is nie meer lank nie. Ek gaan die hele vrot spul ontbloot ...”

“Jy moes haar beskerm het, dit was jou ...”

“Totsiens, Carel.”

Hy sal dadelik terugbel, dit weet ek. Ek kyk na my horlosie. Negentien sekondes en Emma se selfoon lui. *CAREL*, sê die paneel. Ek druk die oproep dood. Wag weer. Dié keer is dit twintig sekondes. Druk dood. Weer negentien en dit lui weer. My geld was op drie keer, maar Carel is ’n vasbeslote Ryk Afrikaner. Hy bel ses keer voor hy moed opgee. Ek kan hom sien in sy “den”, kwaad en verontwaardig, sigaar tussen die vingers, hy sal op en af loop en probeer onthou wat ek van die hospitaal en die dokter gesê het, en dan sal hy eers soontoe bel.

Tyd vir my om ’n derde oproep te maak. Ek druk die nommer in.

“Serious and Violent Crimes Unit, how may I help you?”

“May I speak to Inspector Jack Phatudi, please?”

“Hold on.”

Sy sit my deur na ’n uitbreiding wat lui en lui en lui. Eindelik gaan die oproep terug na haar toe. “You are holding for ...?”

“Inspector Jack Phatudi.”

“The Inspector is not in. Is there a message?”

“Yes, please tell him that Lemmer called. And tell him ...”

“Who?”

“Lemmer.” Ek spel my van vir haar.

“O.K. What is the message?”

Ek lieg blatant: “Please tell him I know who gave the note to Edwin Dibakwane.”

“Edwin Dibakwane?”

“Yes.”

“I will tell him. How can he contact you?”

“He has my number.”

“O.K.”

Om doodseker te maak, bel ek ook die SAPS-kantoor op Hoedspruit om vir hom dieselfde boodskap te los, maar tot my verbasing sê hulle: “Please hold for Inspector Phatudi,” en dan antwoord hy met ’n onvriendelike “Yes?”

“Jack, dis Lemmer.”

’n Paar oomblikke van stilte. “Wat wil jy hê?”

“Ek weet wie die brief vir Edwin Dibakwane gegee het.”

“Wie?”

“Kan jou nog nie sê nie, Jack. Jy moet my eers om verskoning vra oor gister. Jou maniere laat veel te wense oor. Ek hoop nie jou ma weet hoe jy te kere gaan nie.”

Hy verloor onmiddellik sy humeur. “My ma?”

“Ja, Jack, jou ma. Ek is seker sy het jou beter grootgemaak as dit. Gaan jy ’n verskoning aanbied?”

Hy sê iets in sePedi wat ek nie verstaan nie, maar ek kan uit sy stemtoon aflei dit is nie ’n verskoning nie.

“Dan groet ek maar weer, Jack,” sê ek, knip die oproep kort en sit Emma se selfoon af.

* * *

My probleem is die breë strook digte bos tussen die plaas se ingang en die opstal. Die goeie nuus is dat ek onsigbaar daarin gaan wees, die slegte nuus is dat ek nie die moontlike toegangsroetes en die huis sal kan dophou nie.

Ek kies ’n wegkruipplek net verder as tien meter van die soom van die boombos af, van waar ek die hek, meer as ’n kilometer van die ingangspaadjie en ’n groot deel van die grensdraad kan sien – sonder om gesien te word. Daar was nie winkels in Nelspruit oop wat verkykers verkoop nie. Ek sal moet doen wat ek kan.

Ek verwyder klippe en takkies sodat ek gemaklik teen die stam van ’n boom kan sit. Ek plaas die Glock binne gemaklike grypafstand. Ek maak die boks van tien Twinkies oop, haal die inhoud uit die plastiek en rangskik dit op die omgekeerde kakielaphoed wat ek by Pick ’n Pay gekoop het: Eetgoed wat nie kraak en raas nie. Ek sit die vier bottels Energade langs die Twinkies neer en maak een oop. Nie yskoud nie, maar goed genoeg.

Ek kyk na my horlosie. Net minder as 'n uur vandat ek vir Donnie gebel het. Teoreties kan hulle nou enige oomblik opdaag. Maar ek dink nie so nie. Hy sal eers die ander gemaskerde wonders laat kom. Hulle sal hul wapens regkry en strategie bespreek. Hulle was tot nou toe nagvoëls met hul eskapades. Geen rede waarom hulle dit sal wil verander nie. My voorspelling is eers hier teen middernag. Miskien later. Intussen sal ek moet sit. Vir ingeval.

Ek eet 'n Twinkie. Drink Energade.

Ek lees op die boks daar word jaarliks meer as 500 miljoen van dié gebak verkoop. Twinkies het sedert 1930 kultusstatus verwerf. President Clinton het een in 'n tyd kapsule geplaas. Die Amerikaanse Vereniging van Mediafotograwe het onlangs 'n uitstalling van foto's gehou met Twinkies as onderwerp. Mense maak selfs troukoeke van Twinkies.

Ek sit die boks neer. Ek wonder hoekom Clinton nie 'n sigaar in die tyd kapsule gesit het nie. Dit sou Carel die Ontstelde gepaai het. Die oop stuk veld daar buite is skielik in skadu gehul.

Die son het agter Mariepskop verdwyn. Dit gaan 'n lang nag wees.

35

As jy wegkruip, moet jy stilsit.

Ek is nie goed met sit nie. Ondanks my beste pogings om die holte teen die boom gemaklik te maak, raak dit ná 'n uur vol irritasies. Wanneer ek my lyf skuif, doen ek dit stadig en doelbewus, sodat my bewegings nie aandag trek nie.

Maar ek weet niemand hou my al dop nie. Dit was 'n les wat ek vroeg in my loopbaan as lyfwag geleer het – dat mense kan aanvoel wanneer iemand vir hulle kyk. Ek was die een wat gewoonlik bespied het, in 'n konstante oogsoektog na moontlike risiko, en nege uit die tien keer het die waargeneemde daarvan bewus geword. Dit is 'n oerding, 'n instink, maar dit bestaan. Sommige mense reageer vinnig, die aanvoeling goed ontwikkel, die reaksie vinnig en aggressief. Vir ander is dit 'n stadiger proses, 'n stelselmatige bewuswording wat eers onseker en versigtig bevestiging soek. Ek het geleer om meer subtiel te kyk. Ek het geëksperimenteer met die sydelingse blik, die hoek-van-die-oog en besef dit maak nie 'n groot verskil nie. Die waargeneemde voel die belangstelling aan, nie die fokus van die oë nie.

In die bos om my begin die naglewe ontwaak. Dit is 'n hele reeks nuwe klanke van insekte en voëls en onidentifiseerbare diere, van takke en blare wat ritsel. Muggies en muskiete wat belangstel, maar die insekweerder wat ek oordadig aangesmeer het, doen sy werk.

Ek staan twee keer stadig op om ledemate te rek en bloedvloei aan te moedig. Ek eet en ek drink, ek kyk en ek luister. En ek dink, nou met meer rustigheid, want die slag is gelewer, die volgende reeks domino's is opgestel. Wat sal die eerste een laat val?

Ek dink aan Emma. Aan hoe verkeerd ek haar gelees het, hoe bevooroordeeld ek was. Ek hou nie van rykes nie. Dit is deels afguns – laat ek nie daaroor lieg nie – maar dit is ook deels uit ervaring, want die

afgelope agtien jaar neem ek hulle waar. Eers as die welgestelde invloedrykes wat die oor van die minister soek, meer onlangs as my “kliënte”, soos Jeanette na hulle verwys. En die oorgrote meerderheid rykes is eintlik maar dose, selfbelangrik, selfbehep.

Veral die Ryk Afrikaner.

My pa het ’n klomp vergeelde foto’s in sy klerekas se boonste rak bewaar, in ’n ou, plat teeblik. Twee daarvan was kiekies van ons voorsate: my oupagrootjie en sy drie broers, vier bebaarde mans in wit hemde en baadjies. Volgens my pa is dit geneem teen die draai van die vorige eeu, ná die verlies van die familieplaas, toe die Afrikaner niks gehad het nie. Aan snit en eenvoud van die vier Lemmers se klere kan jy die armoede duidelik sien. Maar daar was iets in hul oë, ’n trots, ’n vasberadenheid, ’n waardigheid.

Ek het jare daarna weer aan die foto gedink toe ek in 1999 Calvinia toe gery het vir die Vleisfees. Ek was een jaar uit die staatsdiens. Ek wou uit Seepunt wegkom vir ’n naweek, het ’n berig oor die fees gelees en die Saterdagoggend impulsief besluit om die pad te vat. Ek was die aand weer terug by die huis, want ek het nie gehou van wat ek gesien het nie: Welgestelde Afrikaners uit die stad, met hul blink nutsvoertuie, wat sit en suip, wat drie-uur in die middag hul middeljarige, dronk lywe laat ruk op die maat van oorverdowende musiek, terwyl hul tienerkinders hul eenkant sit en skaam. Ek het daar gestaan en aan die foto’s in my pa se teeblik gedink en geweet armoede pas die Afrikaner beter.

Ek erken dus my vooroordeel teenoor die rykes, en teenoor Emma.

Maar vooroordele is beskermingsmeganismes. Daar is dié wat ingebore is, ons instinktiewe soeke na ons dam se eende, ons naaste genetiese broeders en susters, soos die stamme van Nieu-Guinee se voortdurende familie-uitleg. Dit is ook die onwillekeurige oorsprong van al die -ismes, polities so vreeslik inkorrekt, maar dit is menslike natuur.

Ander vooroordele is aangeleer. Dié wat uit ervaring spruit, is net so ingestel op beskerming. Soos ’n kind wat leer dat die betowerende vlam kan brand, so leer ons met elke menslike interaksie, maak ons dinkpatrone van oorsaak en gevolg, kategoriseer en etiketteer ons sodat ons die pynlike kan vermy. Wette kan uitvaardig.

Klein vroue is gelyk aan moeilikheid. Nie net my ma nie, die sinapse is nie só maklik programmeerbaar nie. Daar was ander ook, meisies op skool, vroue wat ek in persoonlike of professionele hoedanigheid kon dophou,

sodat ek 'n verwysingsraamwerk kon saamstel wat dikteer dat as sy fraai en klein is, sy moeilikheid is.

Ek rasionaliseer net soveel soos die volgende ou, maar met Emma moet dit dien as versagtende omstandighede. Ek het nie geweet sy is anders nie. Daar was geen aanvanklike getuienis tot die teendeel nie. Ryk en fraai en klein, hoekom sou sy die uitsondering wees? En dit is net nie slim om betrokke te raak, om die professionele afstand te verklein nie.

En nou? Nou sit ek in die diep donker van 'n Laeveldse oerwoud en die grense tussen persoonlike en professionele betrokkenheid het verdwyn. Ek wil my beskermingsplig as die lyfwag tot op die laaste nakom, maar die primêre dryfveer is om die aanval op my Emma te wreek, om eindelijk die antwoorde op haar vrae aan haar voete te gaan lê in 'n soeke na vergifnis en as 'n offer van ... aangetrokkenheid.

My Emma.

En gisteraand het ek by 'n vreemde vrou geslaap.

Emma, vir wie ek slapend ingedra het, vir wie ek getroos het, vir wie ek aan etenstafel 'n deel van myself gewys het wat nog net Mona gesien het, vir wie ek bloeiend en stukkend teen my vasgehou het in 'n minibustaxi met die verskriklike wete dat as sy doodgaan, dit soveel meer as net my professionele reputasie sou wees wat daarmee heen is. Koos Taljaard is reg. Ek is verlief op Emma. Nie halsoorkop en dringend nie, maar vaag en verlangend. Miskien is ek verlief op die idee van 'n Emma, wat is wie sy is, ondanks haar skoonheid en haar rykdom. Wat ten spyte van haar stand en haar intellek kon vra: "Wie is jy, Lemmer?" met 'n opregte belangstelling en nuuskierigheid. Wat ná die Kaapse aanval die moed gehad het om hier te kom soek, wat deur dit alles bly glo het Cobie is Jacobus, haar broer, haar bloed.

My Emma, aan wie ek laasnag ontrou was.

Ek moes dit sien kom het. Dit is wat my die meeste teleurstel in myself. Ek moes die gevaar én die geleentheid al gesien het toe Tersia sê: "Jy't al baklei, Lemmer. Stout seun." Daar was 'n flikkering in haar, die waarneming het iewers in haar onderbewuste 'n primitiewe skakelaar met 'n spookhand gaan aansit. Vroue vrees geweld. Hulle haat dit. Maar daar is iets in hulle, of in 'n groot persentasie van hulle, wat 'n swak het vir die potensiaal van geweld in 'n man, vir die vermoë om sy voortplantingsregte af te dwing, of om haar en haar kroos teen gevare te beskerm. Mona het dit gehad. Daar was tydens my hofsak 'n paar vroue wat elke dag kom luister

het, wat stip na my gesit en kyk het, wat die getuienis van die geveg intens gevolg het.

En Tersia. Sasha.

Ek moes die sleutel met die blouoogdolfyn vir haar teruggeskuif het oor die kroegtoonbank. Ek moes gedink het, ek moes die somme van haar geskiedenis beter gemaak het, haar swakhede, haar doelbewuste selfbedrog van sterrewiggelary en eenhorings. Dié fantasieë stuit my teen die bors, dit bots direk met my eie filosofie dat jy nie die werklikheid kan ontken of daaraan kan ontkom nie.

Ek moes geweet het ek sou eindelijk nie die versoeking kon weerstaan nie. Want ek sou kon voorspel dat sy die vermoë sou hê om seksueel inhibisieloos te wees.

Vir my, vir mans, is dié potensiaal die uiterste fantasie, die dodelikste valstrik: Die vrou wat haar ekstase skril en luid en rukkend uitleef, met wilde oë wat alles wys, wat nóg wil hê en wat dit nie vra nie, maar vat, met byna demoniese doelgerigtheid.

Tersia wou my hê omdat ek nie ooglopend belanggestel het nie. Vir haar is dit 'n bevestiging dat sy nog kán, al stap die jare aan, al verg dit langer, harder ure om die lieflike lyf van haar fleur in stand te hou. Soos my ma. En miskien was dit ook 'n ander manier van ontsnapping aan Tersia se saai bestaan. Dalk net 'n hunkering om 'n lyf vas te hou op Oujaarsaand. Of wou sy net nog een keer dans met die duiwel van potensiele geweld, die man wat kan baklei, die huursoldaat of militêre konsultant of smokkelaar.

Toe sy in die deur gestaan het, borste en heupe uitgestal, het ek gewonder hoe lank ek geweet het dit sal gebeur. Hoe vroeg was ek al daarvan bewus dat ek sal opstaan en na haar toe gaan? Hoeveel van my huiwering was net 'n paai van die gewete? Want ek wou dit hê, ek was honger daarvoor. Vir die intensiteit en die verrukking en my eie drang om die woede uit my uit te steek, woede oor onbereikbare Emma, woede oor my swakheid en my voorspelbaarheid en my onbeholpenheid. Lemmer en Sasha. In teenstelling met Martin en Tersia. In 'n sekere opsig voëls van eenderse vere, wat met verbeterheid op 'n onwaarskynlike bed vir twee uur lank soos diere paar. Die hitte, dit sal ek die langste onthou. Die hitte van die nag, van haar lyf, van in haar wees, van my drif en haar drang. Hoe sy na Bo geroep het, uit dank óf uit vrees, oor en oor. "O God, o God, o God."

En dan word my gedagtegang verbreek deur ligte by die hek, ek ruk in die donker van skrik vir die skielike terugkeer na hiér, in die bos, en die

eerste domino wat wankel.

Ek vat die Glock, gaan lê op my maag en ek kyk.

Iemand klim uit, dit lyk na 'n bakkie, en maak die hek oop. Die afstand is te groot om hom te identifiseer.

Die bakkie ry deur die oop hek, ligte op helder, en wag vir die hekoopmaker om toe te maak en terug te klim. Dan kom dit aangery in die tweespoorpaadjie.

Ek vermy die helder lig, ek moet my nagsig behou, maar ek wil weet wie in die bakkie is.

Ek het dit nie verwag nie. Nie dié direkte aanslag nie. Oop en bloot.

Daar moet nog wees, hierdie is 'n afleiding, 'n aandagtrekker, die ander sal deur die nag gesluip kom in donker klere en balaklawas en met nagsig-teleskope op sluipskutterwapens. Ek draai my kop weg van die bakkie af, my oë en ore wat soek na hulle. Laat die bakkie aanry na die leë huis, hulle sal niks daar kry nie.

Die voertuig kom nader, die binnekant is donker. Ek kyk vinnig. Kan nie sien wie binne-in is nie. Hulle ry verby, by die boomtonnel in, die ligte nou net flitse deur die bos.

Die ander sal nie by die hek inkom nie. Hulle sal oor 'n draad klim, dalk verder oos, dalk verder wes. Vyf, tien, vyftien minute later.

Ek moet net wag, stil lê en wag. Ek kyk na die groen fosfor van my horlosie se wysers. 20:38. Hoekom so vroeg? Hoekom nie wag tot ek in die klein ure van die oggend veg teen die slaap nie?

Omdat hulle vermoed ek is alleen? Hulle sal vol selfvertroue wees, nagsluipers met ervaring, jagters van die vermoedelik onverhoedse prooi.

Die bakkie se enjin is amper onhoorbaar, dan raak dit heeltemal stil. Hulle moes by die opstal gestop het. Moenie gaan kyk nie, moenie jou daaroor bekommer nie, wag net hier. Wag hulle in.

Vaag hoor ek hulle roep by die huis. "Lemmer!" Die laaste woordgreep word uitgerek. Drie keer roep hulle. Dan is dit weer stil.

20:43. Niks. Net die naggeluide.

My nagsig is weer normaal. Ek kyk stadig op en af teen die front, hou my asem in sodat ek alles kan hoor.

Niks.

20:51.

Ek verstaan nie hul strategie nie. Hoekom die bakkie instuur vir enigiets anders as 'n afleiding? Het daar nog drie of vier agterop die bak gelê, 'n

Trojaanse boerperd? Maak nie sin nie. Jy trek aandag af sodat jy op 'n ander plek, uit 'n ander rigting, kan verras, maar as die tydsberekening verkeerd is, val dit alles plat. Jy moet die aandag behou by punt A en infiltreer deur punt B. As die aandag skuif, is die strategie 'n mislukking.

21:02. Ek moet die drang begin onderdruk om op te staan, om te begin sluip na waar ek die opstal kan sien. Wat doen hulle daar? Hoekom is hulle stil?

Kyk hulle die terrein deur? Tweerigtingradio's wat vir die ander instruksies gaan gee? *Ons kan nou sien daar is net een pad in, julle moet sus en so maak.*

Ek moet net wag. Daar is geen ander moontlikheid nie. Maar ek raak al hoe minder seker daarvan. Nee, dit is wat hulle wil hê. Onsekerheid. Want dit laat jou foute maak. Ek het die hef in die hand. Ek moet dit so hou.

Ek hoor hulle skielik weer roep, om 21:08. My naam en iets anders, wat ek nie kan hoor nie. Ek ignoreer dit. Die Glock se greep is sweterig in my hand, die klippe en boomwortels druk ongemaklik teen my bene en my bors.

Stilte.

Teen 21:12 is hulle al 'n halfuur hier en daar was nie 'n enkele beweging, geen geluid van die grensdraad of die pad se kant af nie. Drie minute later hoor ek weer die bakkie se enjin, eers weer sag, dan al hoe harder. Hulle ry terug. Dan sien ek die ligte deur die bos. Die ligte is suiwer idioties. Dit ontnem hulle van sig, hulle sal blind wees in die donker, hoekom doen hulle dit?

Hulle hou stil, in die middel van die bos, sit die ligte af, dan die enjin.

“Lemmer!”

Dit is Branca se stem.

“Is jy daar?”

Die bos is nou stil, die naglewe geïntimideer.

“Lemmer!”

Hy wag vir reaksie.

“Dis Donnie Branca. Ons wil met jou praat. Ons is net twee.” Ek kyk nie vir hulle nie, ek fokus op die sigbare niemandsland. Daar is niks.

“Lemmer, jy maak 'n fout. Dit was nie ons nie. Ons sal nooit vir Emma le Roux kwaad doen nie.”

Natuurlik nie. Julle is onskuldige diererehabiliteerdertjies. “Ons kan jou help.”

Dan praat hulle met mekaar, nie sag nie, maar ek kan nie hoor wat hulle sê nie.

Die geluid van bakkiedeure wat oopmaak en toegedruk word.

“Lemmer, ons het uitgeklim. Ons gaan net hier by die bakkie staan. As jy ons kan sien, sal jy weet ons is nie gewapen nie. Jy kan maar eers kyk. Ons gaan net hier staan.”

Nou is die tyd vir die ander om te kom, noudat hulle glo hulle het my aandag. Ek swaai die loop van die Glock van links na regs, my oë daarmee saam, dan weer terug. Geen beweging, geen voeteval, geen takkie wat kraak of breek nie, net die stilte en die insekte.

“Ons kan verstaan dat jy ons verdink. Ons kan dit verstaan, ons kan sien hoe dit moet lyk, maar ek sweer voor die Here dit was nie ons nie.”

O, sweer voor die Here? Nee, dan glo ek julle. Dink hulle ek is ’n totale moroon?

Maar waar is die ander? Of was daar iemand agterop die bakkie? Is hulle nou besig om deur die bos te sluip, van agter af? Ek draai stadig en versigtig om. Dit sal moeiliker wees om hulle te hoor en te sien. Dit sou briljant wees – hou sy aandag en bekruip hom uit die rigting wat hy die minste verwag.

Ek hoor weer hul stemme soos hulle iets bespreek, maar ek gee al my aandag aan die ruigtes om my. Die front is nou 360 grade, dit raak moeiliker, maar hulle weet nie waar ek is nie, hulle weet nie eens of ek regtig hier is nie.

“H.B. staan vir ‘hemoglobien’.” ’n Ander stem, bekend, ek weet nie dadelik wie dit is nie. Dan eien ek hom aan die stadige, afgemete trant: Stef Knipoog Moller van Heuningklip.

Stef? Hier?

Daar is ’n lang stilte. Ek draai in die rondte, die Glock voor my. Daar is niks om te sien nie, net die stilte van die bos.

Hulle brom weer iets vir mekaar. Donnie Branca roep: “Dan ry ons maar weer,” met ’n sekere teleurstelling en ek hoor hoe een ’n deur oopmaak en ek skree: “Wag!” en gaan staan met my bors teenaan die groot boomstam om die moontlikhede met 180 grade te verminder.

36

“Gaan lê voor die bakkie op die grond,” sê ek vir hulle en ek beweeg dadelik noord, in die rigting van die opstal, dan oos, nader aan hulle. Kry weer ’n boom as gedeeltelike skuiling.

“Ons lê.”

Ek beweeg weer skielik, ek wil die bakkie van agter af benader, ek wil seker maak daar is niemand agterop nie.

“Ek kom,” roep ek, hardloop deur die bosse, swenkend, ’n moeilike teiken. Ek sien die bakkie. Toyota, enkelkajuit. Ek staan weer vir ’n oomblik, swaai die Glock deur wes na noord en dan hardloop ek vir die agterkant van die bakkie, rig die pistool daarop. As hulle nou opstaan, sal ek hulle kan blaas, minstens twee, voor hulle my kry. Ek is by die voertuig, daar is niemand nie, die bak is leeg, ek hou aan met hardloop tot waar hulle voor die bakkie lê, Stef Moller links, Donnie Branca regs. Ek druk die loop teen Moller se bors en sê: “Die idee is dat jy op jou maag moet lê, Stef. Kyk jy nie televisie nie?” Hy se: “Û, o nee, nie eintlik nie, ekskuus ...” en hy draai om en ek wil lag, in daardie oomblik, adrenalien en antiklimaks wat mekaar ontmoet.

Ek sit my knie in Moller se rug en die Glock teen sy agterkop en ek sê: “Waar is die ander?”

“There’s no-one, dis net ons,” sê Branca.

“Ons sal sien,” sê ek. “Sit jou hande waar ek hulle kan sien.”

Hy skuif sy hande ver vooruit. “You’ve got it wrong, Lemmer. Dit was nie ons wat vir julle aangeval het nie.”

Ek begin Moller deursoek vir wapens. Ek kry niks. “Gister het jy gepraat van ’n ongeluk, nou is dit skielik ’n aanval.”

“I wanted to express sympathy yesterday, it was just a word. My Afrikaans ...”

Ek tree oor na Branca toe, druk waar ek dink hy 'n vuurwapen kan wegsteek. "Jou Afrikaans is goed genoeg wanneer dit jou pas. Sit jou hande agter jou kop en draai om dat ek kan sien of jy gewapen is."

Hy maak soos ek sê. "Ons het nie wapens nie. Ons is hier om te praat."

Ek maak eers seker, maar hy praat die waarheid.

"Lê weer op jou maag." Ek gaan sit met my rug teen die bakkie se voorkant, tussen hulle.

"Nou toe, praat."

"Wat wil jy weet?" vra Branca.

"Alles."

"Maar jy het gesê jy weet alles."

"Vertel my in elk geval."

Dit is Stef Moller wat begin. "Die sangoma en die aasvoëlstropers was 'n fout," sê hy.

"'n Fout?"

"Ons het reëls. Beginsels. En moord is nie deel daarvan nie."

"Ons?"

"Hb. Hoofletter 'H', kleinletter 'b', sonder punte tussenin. *Die Laevelder* het dit verkeerd gehad."

"Wat is *Die Laevelder*?"

"Die koerantjie in Nelspruit. Hulle het die hoofletter 'H', punt, hoofletter 'B', punt gehad. Dit is hoekom hulle praat van Honey Badgers."

"En Hb staan vir hemoglobien."

"Ja."

"Hoekom?"

"Baie redes. Hemoglobien is in ons bloed, in diere s'n. Dit dra suurstof. Ons het dit nodig, die planeet het dit nodig, dit is die teenoorgestelde van koolstofdioksied. Dit is onsigbaar vir die oog. Dit het vier onderdele. Ons ook."

"En hulle is?"

"Bewaring, bestyding, kommunikasie en organisasie."

"Julle klink soos die Voortrekkerbeweging. Of die Broederbond."

"Dit maak nie saak nie."

"Hoekom vertel jy my dit alles, Stef?"

"Jy het gesê jy weet alles ..." Met groot geduld. "Nou weet jy ons sal nie vir jou lieg nie."

"Die sangoma-ding. Dit was tog julle."

“Dit was Cobie.”

“Cobie is deel van julle.”

“Cobie het meegevoer geraak. Hy is ... onstabiel. Ons het dit te laat besef.”

“Jy het vir Emma gelieg oor Jacobus. Julle al twee.”

“Nie oor alles nie.”

“Vertel my van die begin af, Stef, sodat ek kan verstaan oor watter dele julle gelieg het.”

“Kan ek sit?”

Ek dink daaroor en dan sê ek: “Julle kan al twee sit, maar daar. En ek wil julle hande sien.”

Hulle skuif twee meter van my weg en sit, hande op die knieë.

“Vertel,” sê ek.

Moller se oë gaan aan die knip agter die dik brillense. “Hy het by my begin werk in 1994, net soos ek vir Emma gesê het.”

“Ja?”

“Ek ... Ons – ek en Cobie – het dieselfde ... kommer gedeel. Oor die ekologie, oor bewaring, oor die bedreigings ...”

“Wag, nie so vinnig nie. Waar het hy vandaan gekom?”

“Van Swaziland af.”

“Maar hy is nie daar gebore nie. Hy het nie daar grootgeword nie.”

“Dis wat hy gesê het.”

“Jy lieg, Stef.”

“Cobie de Villiers is nie Emma se broer nie.”

“Jy lieg.”

“Ek sweer.”

“Voor die Here,” sê ek sarkasties, maar dit gaan by Moller verby.

“Ja,” sê hy plegtig. “Voor die Here.”

“Gaan aan.”

“Toe Cobie vir my gewerk het ... Dit was meer as drie jaar dat ons elke dag gepraat het. Oor die omgewing. Partykeer nagte deur. Iemand moes iets doen, Lemmer. Die ekologie ... Ek wil hê jy moet een ding mooi verstaan – ons is nie polities nie, ons is nie rassisties nie, ons staan in diens van net een ding. Ons natuurerfenis ...”

“Spaar my die propaganda, Stef. Vertel my van Cobie.”

“Dis wat ek doen. Hb is Cobus. Dit is waarvoor hy leef. Dit is al waarvoor hy leef. Dit moet jy verstaan. Toe hulle daardie aasvoëls vergiftig

het ... Dit was asof iemand Cobie se familie doodgemaak het.”

Hy sien ek skud my kop en hy sê: “Ek keur nie Cobie se optrede goed nie, ek probeer net verduidelik. Sy bedoeling was goed. Ek en hy het met Hb begin. Stadig en versigtig. Aan die begin was ons net sewe of so, vyf in Mpumalanga, twee in Limpopo. Informeel, dit was eintlik net kommunikasie, idees uitruil. Dit is ’n snaakse ding, Lemmer, maar soort soek soort, elke maand het nog een bygekom. En almal het begin sê, praat gaan nie meer help nie. Iemand sal iets moet begin doen, want ons leef in ’n wêreld waar die mens alles is, die natuur niks. Niemand praat oor die natuur se regte nie. Alles gaan agteruit. Dis hoe dit begin het. En toe verdwyn Cobie net. Net toe ons aan die gang kom en georganiseerd begin raak. Ek kon dit nie verstaan nie. Hy was die een wat ... Hy was meer gedrewe as ek, hy het sterker gevoel, hy het meer energie ingesit en toe is hy skielik net weg. Ek weet nou nog nie waar hy was nie. Toe hy drie jaar later by Mogale ... Miskien moet Donnie vir jou vertel ...”

“Toe Cobie by jou weg is, het jy aangegaan met die ding, met Hb?”

“Dit is groter as ’n individu. Toe Cobie verdwyn het, was ons al meer as dertig. Deur die land. In die Kalahari, KwaZulu, die Karoo ... Maar ons was net op bewaring ingestel, en die kommunikasie en organisasie. Die bestryding het eers in 2001 begin, toe ons besef ons het nie ’n keuse nie.”

“Maar dit gebeur alles, Stef. Sonder geheime organisasies. Wat van die WWF en Greenpeace? Hoekom het julle nie net by Greenpeace aangesluit nie?”

Hy sug diep. “Jy weet niks,” sê hy.

Branca kan nie stilbly nie. “Ons het vir jou vertel, ek en Frank. Dis chaos ...”

“’n Paar grondeise en ’n gholflandgoed klink nie vir my na chaos nie.”

Branca maak ’n gebaar van hulpeloosheid. Stef Moller sug en sê: “Dis net die oortjies van die seekoei. ’n Miljoen spesies, Lemmer. Weet jy hoeveel is dit, weet jy hoeveel diere en plante dit verteenwoordig, het jy ’n idee? Dit is wat gaan uitsterf in die volgende veertig jaar, net van aardverwarming.”

Ek het dié ouvroustorie al gehoor. Ek skud my kop in ongeloof.

“Jy kan maar jou kop skud. Jy is net soos die res van die mensdom. Julle wil nie glo nie. Maar iemand sal moet, want dit is ’n feit.”

“En julle gaan aardverwarming keer deur briefies te stuur en honde te skiet?”

“Nee. Ons kan maar net doen wat ons kan. Hiér. Ons kan maar net probeer voorberei vir die gemors wat gaan kom. Wat sál kom.”

“Vertel my van Cobie. In 2000, toe verskyn hy skielik weer. By Mogale. By Wolhuter.”

“Ja.”

“Waar was hy?”

“Ek weet nie. Hy wil nie sê nie.”

“Stef, ek glo julle nie.”

“Truth is stranger than fiction, Lemmer,” sê Donnie Branca. “We’re not lying. Cobie het by Frank begin werk, en ek en hy het gepraat en dit het amper ses maande gevat, he was very careful, it took six months before he started to recruit me for Hb. And only then did he ask me to take a message to Stef. And he asked me to tell Stef that he can’t talk about where he was, that he was sorry, but he had to protect Hb, that was why he went back to Swaziland.”

“Maar Frank Wolhuter wou nie deel wees van Hb nie.”

“Ons het ... Frank was old school. Hy was a game ranger in Natal, he worked in the system, he did not see the necessity of ... let’s call it alternative steps. Ons het probeer, maar Frank het gedink wat ons doen by Mogale is goed genoeg. We never told him directly about Hb, because we could sense that he ... he wouldn’t condone it.”

“Ek het so gedink. Kom ek vertel vir jou wat gebeur het, Donnie, toe Emma vir jou en Frank Wolhuter die foto van Cobie gaan wys het. Twee goed. Jy’t geskrik. Jy het daar in Frank se kantoor gesit en jou bekommer oor watter bedreiging dit vir Hb inhou, want jy het nie geweet of Emma se storie waar is nie. Wie is sy regtig? Wat wil sy hê? Toe stuur jy ons in Stef se rigting sodat hy kan help om haar deur te kyk. Sodat hy ’n besluit kan maak. Jy’t hom gebel ná ons weg is. Jy’t vir Stef gewaarsku ons kom. Is ek reg?”

“Soort van ...”

“Die tweede ding wat gebeur het, was dat Emma se foto en haar storie vir Frank nog meer agterdogtig gemaak het. Ek dink hy het in elk geval sy vermoedens gehad. Oor julle. Oor Cobus. Al het hy vir ons gesit en vertel dat Cobie nie die aasvoëlmoorde gepleeg het nie, was hy nie seker nie. En toe Emma opdaag, toe moes hy iets doen. Toe gaan sluit hy Cobie se huisie oop en deursoek die plek. En toe kry hy goed. Die foto’s. En ander

bewysstukke, oor Hb, ek weet nie wat dit is nie, maar ek weet dit was nie in die boekrak in die kombuis nie, was dit?”

“Nee.”

“Waar het Cobie dit weggesteek?”

“In die plafon.”

“Toe bel hy vir Emma en los vir haar die boodskap, maar voor sy kon terugbel, toe konfronteer hy vir jou. Vir julle. Oor die Hb-ding. Hy het nie daarvan gehou nie. Hy het julle gedreig dat hy polisie toe sal gaan, of iets. En toe gooi julle vir Frank in die leeuhoek.”

“No! Frank was my friend.” Driftig, met swaaiende arms. “Ek sal nooit ... Ek het nie geweet wat gebeur het nie, dit sweer ek vir jou. Ek het eers die dag ná Frank se dood in die safe gaan kyk ...”

“Want jy moes die gewere wegsteek, die wapens waarmee julle die honde geskiet het.”

“Yes. O.K. I had no choice. I had to protect ... But when I opened the safe, I saw the blood. And I found Cobie’s documents. And those photos I showed Emma. I took the album to Cobie’s house and I put it on the bed, and then I searched the place to make sure there was nothing else. There was this box in his ceiling, but it was empty. I can only assume ... you know, that Frank found it there, and took the contents, and put it in the safe.”

“Jy het vir ons gesê Frank se dood was nie ’n ongeluk nie. En julle het motief gehad, Donnie.”

“Jesus, Lemmer, how can you think that? I loved the man ... I respected him more than any other. It wasn’t me.”

“Wie, Donnie? Wie?”

“Someone who didn’t want Emma to see the photo.”

“Watter foto?”

“Die een wat weg was uit die album.”

Ek kyk na hulle, na Stef Moller en Domingo Branca, met hul opregte fronse, die erns diep op hul gesigte gekeep in die lig van die halwe maan. Ek skud my kop stadig.

“Nee wat, julle lieg. Môre gaan ek *Beeld* toe met alles. Dan kan julle probeer om vir die joernaliste die storie te spin.”

Branca begin iets sê, maar Stef Moller maak hom stil met ’n hand in die lug. “Lemmer, asseblief. Wat kan ek doen om jou te oortuig?” vra hy sag en afgemete.

“Die waarheid, Stef.”

“Dit is al wat ons nog heeltyd praat.”

“Nee, dit is nie. Cobie is Emma se broer. Donnie het self gesê die foto wat weg is – iemand wou nie gehad het Emma moet dit sien nie. Nou hoekom dink julle moet Emma dit nie sien nie? Hoekom dink julle Frank het vir Emma daaroor gebel? Hoekom hou julle aan met sê hy is nie haar broer nie?”

“Want ons het hom gevra,” sê Stef.

“Wanneer?”

“Drie dae gelede. Saterdag. En Cobie de Villiers sê hy het nog nooit in sy lewe van haar gehoor nie.”

OceanofPDF.com

Ek moet my inhou. Ek wil opstaan en vir Stef aan die nek gryp en hom skud en sê: “Nou hoekom lieg julle vir my oor waar Cobie is,” maar hy moes geweet het dat dit my reaksie sou wees.

“Ons weet nie waar hy is nie, Lemmer. Hy het gebel, uit die bloute uit. Hy het gesê hy hoor Frank Wolhuter is dood en ons moet baie versigtig wees, want die mense wat dit gedoen het, is baie gevaarlik, ons moet voorsorg tref, ons moet onself bewapen en ons moet sorg dat ons nooit alleen is nie. Toe vra ek hom waar hy is en hy sê dit maak nie saak nie. Toe vra ek hom van Emma, en hy sê hy het nie familie nie, hy ken nie so iemand nie.”

“Het jy hom gevra of hy daardie mense geskiet het?”

“Dit was nie nodig nie. Ons weet dit was hy.”

“Maar Frank en Donnie het hoog en laag gesweer dit was nie Cobie nie.”

Donnie Branca kom halforent in verontwaardiging. “What did you expect, Lemmer? Be realistic, for Christ’s sake. Frank did not believe it was Cobus. What did you want me to do? Go tell everybody: ‘Yes, Cobie shot them in cold blood, the bastard.’ I mean, Jesus ...”

“Sit op jou gat, Donnie,” sê ek. Maar dit help nie. Hy is kwaad. Hy staan op, loop ’n draai in die donker en kom staan hier voor my.

“Fuck you, Lemmer. What are you going to do? Shoot me? I’m sick and tired of you. If there is something that proves Cobie is Emma’s brother, it’s not our business. The stupid fuck went and shot innocent people and put twelve years’ work at risk. Twelve fucking years. That’s how long Stef has worked to get Hb going, to make it work. You shake your fucking head when we talk about the threat against nature. You’re just like everybody. The media, the government, the fucking public, everybody is in denial. You have no idea what is happening, Lemmer. Everywhere. It’s a fucking mess. I dare you, go do your homework. Go look at the facts. Go read the

scientific material. All of it. Not just climate change. Everything. Loss of habitat, deforestation, population growth, pollution, land abuse, urban sprawl, development, poaching, smuggling, poverty, desperation, globalisation ... And then come back and tell me there is no crisis. Go to the media. Expose us. See if you can stop it. Do you really think ...”

“Donnie ...” sê Stef Moller, paaiend.

“Jesus, Stef, I’ve had enough of this fucking fool. Read my lips, Lemmer. We didn’t touch Frank or Emma. And if you don’t believe that, you can go fuck yourself.” Hy loop na die bakkie se deur toe, maak dit oop en sê: “Come on, Stef, let’s go,” slaan die deur toe en sit die enjin aan.

Stef Moller staan stadig op en loop verby my. “Hy’s reg,” is al wat hy sê. Dan klim hy ook in en ek moet uit die pad uit beweeg, want dit lyk nie of Branca vir my sal stilhou nie.

* * *

Ek het gedink Emma lieg vir my en ek was verkeerd. My vertroue in my ingeboude leuenverklikker het ’n knou gekry. Ek staan in die donker en kyk hoe die rooi ligte van die Toyota in die verte verdwyn en ek dink Donnie Branca praat die waarheid en Stef Moller steek nog steeds iets weg.

As jy wil weet of iemand lieg, kyk na sy oë. Maar met Moller is dit moeilik – die dik brillense, die konstante knip-knip. Vanaand kon ek nie sy gesig in die donker sien nie, ek moes na sy stem luister, na die ritme en die intonasie. Hy praat nie die volle waarheid nie.

Of verbeel ek my?

Ek loop terug na my nes toe.

Lang Stef Moller met sy bleskop en sy bril en sy stadige, opregte manier van praat. Ek het gedink hy is onskadelik, daardie dag toe ek en Emma daar was. Al het iets my gepla in die stoor, iets wat ek misgekyk het.

Lang, besadigde mans is nie hoog op ’n lyfwag se lys van bedregings nie. Die sluipmoordenaars van die geskiedenis is kort, klein besige mannetjies. Lee Harvey Oswald, Dimitri Tsafendas, John Hinckley, Mark David Chapman ...

Ek het nie vir Moller vanaand hier verwag nie. Dit was sy stem wat my laat besluit het om uit die onsigbaarheid van die bos te kom, om vir hulle te roep om te wag, want ek kan hom nie vereenselwig met koelbloedige aanvalle en geweld nie. Dit is nie net ’n instink nie. Stef Moller het iets van die onderdrukte en gekwetste aan hom.

Al weet ek hy lieg. Oor iets.

Wat het my gepla in die stoor?

Branca was nie betrokke by die aanval op my en Emma nie. Ek glo hom.

Wie dan?

Waaroor lieg Moller? Het hy iemand anders gestuur? Vertrou hy nie vir Branca genoeg nie, is daar ander Hb-troepe wat bereid is om vuilwerk te doen?

Die mense wat dit gedoen het, is baie gevaarlik, ons moet voorsorg tref, ons moet onself bewapen en ons moet sorg dat ons nooit alleen is nie ...

Met ontsag in sy stem. Of 'n klein bietjie vrees? En tog: Hulle het nie vanaand wapens by hulle gehad nie. Of was dit in die bakkie versteek?

Wat het ek in Moller se stoor gesien?

Ek gaan sit by my Twinkies en my Energade. Ek mag nie ontspan nie, ek moet gereed bly, waaksaam.

Die stoor was effens donker, net lig wat deur die oop dubbeldeur inkom. Daar was staalrakke teen die mure, groot dromme vir diesel of olie, daar was werksbanke, besaai met onderdele en olielappe en blikkies en kannetjies, moere en boutte en gereedskap en ...

Ek trek 'n bottel Energade nader en neem 'n sluk. Ek maak my oë toe en ek konsentreer.

Op die werksbank net twee meter van Moller af het 'n vergasser gelê en die omhulsel van 'n kar se lugfilter en die stukkende lugfilter daar langsaan en ...

Daar was 'n skinkbord.

'n Gehawende bruinrooi skinkbord met 'n kurkbodem en daar was 'n suikerpot en koffiebekers, dit is wat my aandag getrek het.

Die koffiebekers.

Hoekom?

Want daar was drie. Drie koffiebekers, twee heeltemal leeg, die ander een halfvol.

Ek staan regop in die donker bos, bottel in een hand, Glock in die ander.

Dis net ek en Septimus, hier's nie ander arbeid nie. Dit is wat Stef Moller gesê het, maar daar was drie lelike, kakiebruin koffiebekers met die teelepels wat regop daarin staan en een was nie leeggedrink nie. Twee mense, drie bekers, dit is wat nie sin gemaak het nie. Daar was iemand anders in daardie stoor toe Emma van die hek af gebel het. Iemand wat nie gesien wou word nie.

Ek maak my goed bymekaar en ek begin drafstap na die opstal toe, want ek het 'n vermoede wie die derde persoon was.

En ek dink hy is nog steeds op Heuningklip. Dít is waaroor Stef Moller gelieg het.

* * *

Dit vat my amper drie ure om die tweehonderd-en-vyftig kilometer Heuningklip toe te ry. Swaar vragmotors in die bergpasse, skerp, onsigbare draaie in die nag teen die platorand op.

Ek ry deur Nelspruit en ek wonder hoe dit met Emma gaan, ek wil afdraai en gaan stilhou en inloop en aan haar hand gaan vat. Met haar praat. Ek wil vir haar vra waaraan sy gedink het toe sy langs my bed kom staan het, en ek wil dat haar stilswye die moontlikheid van vele antwoorde moet bewaar.

Ek draai regs op die R38 net anderkant die Suidkaaprivier en ek dink aan Stef Moller, die skaam, ryk man. *Hy's mos hierdie multi-millionaire wat al hierdie plase kom koop het en weer mooi gemaak het, maar niemand weet waar sy geld vandaan kom nie.* Dis wat Melanie Posthumus gesê het.

Waar kom die geld vandaan? En wat kan dit alles koop?

Ek dink myself teen 'n muur vas. Ek is moeg gedink, ek wil doen. Ek wil antwoorde hê wat die hele ding sal oopmaak, wat die swaar swart gordyne van leuens en bedrog sal wegtrek sodat die lig op alles kan val, sodat ek kan weet wie om aan die bors te gryp en vol in die gesig te bliksem en te sê: "Nou vertel jy my alles."

Op die R541 anderkant Badplaas moet ek stadig ry om Heuningklip se hek in die donker te sien, want daar is geen dramatiese ingang nie, net die skimreservaat agter die hoë wildheining. Ek ry 'n kilometer verby die klein naambord en dan trek ek die Audi so diep in die lang gras langs die pad in as wat ek kan, klim uit, druk die Glock agter in my gordel in en kyk na my horlosie. Kwart voor drie in die môre. Gestapo-tyd.

Ek klim oor die hek, drie meter hoog. Ek sal die tweespoor-grondpaadjie moet volg, ek kan nie bekostig om in die ruigtes te verdwaal nie. En dan is daar nog die moontlikheid van leeus. Want Melanie Posthumus het gesê sodra Moller sewentigduisend hektaar se plase langs mekaar kry, wou hy leeus en wildehonde huisves. En dit was 'n paar jaar gelede.

Die paadjie kronkel vir drie kilometer na die nederige opstal en die buitegeboue toe. Ek loop. En voel blootgestel, maar weerskante is die gras

te hoog en onbegaanbaar. Ek stap met my hand op die pistool en luister na die geluide van die nag. Ek hoor 'n hiëna tjank, 'n jakkals huil. Honde wat blaf in die verte. Ek weet nie of wildehonde blaf nie, ek weet net hulle jag in troppe, hulle jaag hul prooi vir myle en hap stukkies vleis daaruit tot dit uit bloedverlies en uitputting neersak sodat die hele trop kan kom en deelneem aan die vreetfees.

Ek loop vinniger, op die middelmannetjie, waar my sole minder knars.

'n Nagvoël vlieg op hier reg voor my met 'n gesketter, dan nog een, twee, vier, vyf. Ek skrik en swets en gaan staan, die Glock in my hand. Dit neem lang minute voor die lawaai bedaar.

Dan loop ek weer.

Eindelik, teen die hoogtetjie, die plaaswerf, in donkerte gehul, nie 'n enkele lig wat brand nie.

Sou Stef Moller al terug wees? Of is hy eers saam met Branca Mogale toe?

Ek sal die opstal eerste moet deursoek.

Ek sluip met die skaduwees langs. Daar is die huis, die stoor, nog 'n lang buitegebou, anderkant die hoogte is vier arbeidershuisies, klein, vaalwit baksteenmuur-en-sinkdak-geboutjies. Stef Moller het in hul rigting geknik toe hy van skeeloog-Seppie gepraat het as sy enigste arbeid.

Ek loop stadig oor die groter huis se stoep, tot by die voordeur. Draai die knop versigtig met my linkerhand, vuurwapen in my regterhand.

Dit is oop.

As die deur gaan kraak, wil jy dit nie uitrek nie. Ek stoot dit vinnig oop, gaan in, maak dit toe. Geen noemenswaardige geluid nie.

Baie donker binne, ek kan nie die meubels duidelik sien nie. Ek wil nie in iets vasloop nie. Ek moet wag dat my sig aanpas. Na regs is 'n vertrek, groot. Sitkamer? Voor my is 'n gang. Ek loop saggies daarin af.

Die eerste deur na links is die kombuis, daar is nie gordyne nie, ek sien die wit enamel van 'n ou stoof. Dan twee deure, links en regs, albei oop. Badkamer links. Slaapkamer regs.

Ek luister by die slaapkamerdeur. Niks.

Loop aan. Nog twee deure na weerskante toe. Al twee is slaapkamers, die een regs is die grootste, Stef Moller sal hier slaap. Onmoontlik om iets te sien, ek loop 'n tree in die vertrek in en staan en probeer hoor, maar dit is net my eie hartklop as ek my asem ophou. Niemand nie.

Ek gaan uit, doelbewuste neersit van die bal van elke voet, dan die hak, saggies, geluidloos, tot in die derde slaapkamer.

Leeg. Daar is niemand in die huis nie. Moller is nog op pad, of miskien slaap hy vannag op 'n ander plek. Ek loop terug voordeur toe, nou vinniger, want niemand kan my hoor nie. Gaan uit en staan op die stoep. Die werf is spookagtig stil. Die arbeidershuisies lê oos, na my linkerkant toe, ek sal honderd-en-vyftig meter van oopte en knarsende gruis moet oorsteek. Die hoë gras is tot twee meter van die huisies af gesny, ek moet net tot dáár kom, dan het ek skuiling. Doen dit net stadig, daar is nie haas nie.

Die huisies sit teen die hoogte af in 'n skewe ry, duidelik sigbaar in die sagte lig van die sakkende halfmaan en die sterre, 'n ongelooflike uitspansel hier waar nie 'n lig brand nie. Ek sal by die een heel links begin, naaste aan die opstal. Maar ek het 'n probleem. Skeeloog-Septimus bly in een, en ek wil hom nie wakker maak nie. Watter een? Onmoontlik om te sê. Miskien nie die heel eerste een nie – jy wil nie só naby aan die baas lê nie. Ek sit my geld op die tweede een.

En die man wat ek soek? In die derde of die vierde?

Enige van die twee. Ek begin die lang tog oor die hardgebakte, oop stuk grond, die pistool reg. Ek dank die gode vir die afwesigheid van waghonde. Ek sit elke voet saggies neer, 'n slapende man sal nie gesteur word nie. Ek kies koers vir die gras net links van die eerste huis, langsaam, sorgsaam, wonder of hy daar lê, in huisie nommer drie of vier, die man wat ek soek. Wonder wat hy gaan sê as ek die Glock teen sy kop druk en hom saggies wakker skud.

Vyftien meter gras toe, dan tien, en ek moet konsentreer om nie die laaste vyf te versnel nie, kan nie nou lawaai nie, en dan is ek veilig en ek hurk en staar na die eerste huis se vensters. Geen gordyne nie. Bo- en onderdeur van hout, waarvan die verf afgeskilfer het.

Ek loop gebukkend deur die gras na die tweede huis. Vuilwit kantgordyne met 'n lang skeur daarin. Waar's Septimus? Daar's hy, slapend, onbewus en onbelangrik. Ek kruip voort, sewe meter en gaan sit op my hurke. Ek sien die verbleikte geel gordyne in die venster van huisie nommer drie en ek onthou Melanie Posthumus het gesê sy het vir hom *sulke mooi geel materiaal gaan kry wat vrolik lyk* en ek weet waar hy lê, ek het hom gekry, Emma le Roux, ek het die ontwykende Pimpernel, Jacobus le Roux, opgespoor, ook bekend as Cobie de Villiers, moordenaar, verdwene aktivis, enigma.

En dan is daar 'n skielike skaduwee hier by my in die digte gras en iemand druk 'n loop saggies teen my linkerslaap en hy sê baie senuagtig: “Sit neer die pistool of ek skiet jou fokken moer toe.”

OceanofPDF.com

Skielike woede of skrik stimuleer die medulla om die hormoon epinefrien af te skei. Ek weet dit, want ek het gaan lees daaroor, in die tronk, in my soeke na antwoorde. Epinefrien laat die hartklop versnel, verhoog bloedsuikervlakke en bloeddruk, dit vernou die oogpupille – en die are wat na die vel toe loop, sodat bloedverlies beperk kan word as jy ’n wond opdoen. Dit berei die liggaam voor om fisiologiese noodtoestande beter te kan hanteer en staan bekend as die reaksie van “veg of vlug”.

Die literatuur sê nie wat dit aan die brein doen nie, dit ignoreer die tydelike waansin, die rooi mis.

Maar met die fyn bewende loop van ’n masjienpistool teen jou slaap is veg en vlug en waansin nie sinvolle moontlikhede nie. Al wat jy kan doen, is om vir beheer te veg, om die hormoon se uitwerking met absolute konsentrasie te probeer neutraliseer, om stadig en diep asem te haal en doodstil te sit.

Dit is nie wat die skaduwee hier langs my wil hê nie.

Hy stamp die loop hard teen my skedel en sê: “Sit neer die fokken ding.”

Sy stemtoon is nie dié van ’n man in beheer nie. Daar is ’n angs daar, ’n skrilheid waarvan ek nie hou nie. Ek laat die Glock stadig tot op die grond sak en sit dit daar in die gras neer.

“Wie’s jy?”

Ek wil my kop na hom toe draai, maar hy druk net die vuurwapen harder teen my slaap.

“Ek is Lemmer,” sê ek paaiend.

“Wat soek jy?”

“Ek werk vir jou suster, Jacobus. Vir Emma le Roux.”

“Ek het nie ’n suster nie.” Hy is ’n snaar wat te styf gespan is en die bewing van die loop vererger, ek kan dit nie sien nie, maar ek voel dit, hier

net voor my oor. Ek wonder of sy vinger op die sneller dieselfde spanning as sy stem het.

“Dan het ek ’n fout gemaak. Ek is jammer.”

Dit is nie die antwoord wat hy verwag het nie. Hy is stom, vir twaalf hamerslae van my hart en dan sê hy: “Jy lieg.”

Ek hou my stem rustig en egalig en sag. “Ek lieg nie, Jacobus. Ek is regtig jammer. Veral vir Emma. Sy het so ’n verskriklike begeerte om haar broer weer te sien. Ek dink sy was baie lief vir hom.”

“Ek het nie ’n suster nie.” Sy stem het ’n halwe oktaaf gestyg. My paaiende aanslag is nie baie suksesvol nie.

“Ek weet, Jacobus. Ek glo jou. Nou is my werk klaar. Ek sal vir haar gaan sê sy het nie meer ’n broer nie.”

“Dis reg.”

“Kan ek opstaan? Ek sal loop. Ek sal jou nie weer kom pla nie. Jy kan maar die pistool hou.”

Hy dink eers daaroor, maar die loop van sy skietding het ’n paar millimeter van my slaap of weggeskuif, kan ek sien uit die hoek van my oog.

“Hoekom het jy my hier kom soek?” Minder desperaat en skril.

In ’n rustige geselstrant hou ek by die waarheid. “Ek en Emma was verlede week hier. Toe sien ek drie koffiebekers daar in die stoor. Maar Stef het gesê dis net hy en Septimus. Dit is wat my laat dink het iemand kruip hier weg.”

Hy reageer nie.

“Jy het die voëls gehoor wat ek opgejaag het,” sê ek. “Jy is baie goed.”

“Fisante,” sê hy.

“Jy beweeg goed in die bos. Ek het jou nie gehoor nie.”

Hy staan net daar, besluiteloos, soos die hond wat die bus jaag en dit vang en skielik nie weet wat om daarmee te doen nie.

“Jacobus, ek gaan nou opstaan. Ek sal dit stadig doen. En dan sal ek hier uitloop en ek sal jou nie weer pla nie. My werk is klaar.”

“Nee.”

Ek weet hoekom hy nie van die idee hou nie. “Ek sal vir niemand sê jy is hier nie. Ek sweer. Voor die Here.” Miskien werk dit in Hb-kringe. Ek draai my kop baie stadig na hom toe. Ek sien hy kyk na die opstal se kant toe, dan terug na my toe. Dit is Cobie de Villiers, die man op Jack Phatudi se foto. Hy sweet, sy gesig blink in die maanlig, sy oë is baie onrustig, hy hou die

vuurwapen met te reguit arms vas. Dit lyk na 'n MAC 10. Goedkoopste masjienpistool op die mark, maar net so doeltreffend soos die duurstes.

Hy wil nie hê ek moet vir hom kyk nie. Dit is die groot gevaarteken. Dit is moeiliker om 'n man dood te skiet as jy hom eers in die oë gekyk het. Ek soek oogkontak. Sy oë flits heen en weer, asof hy nie 'n besluit kan neem nie. Sy mond is effens oop, hy haal hard asem en ek weet ek sal iets moet doen, ek kan nie bekostig om te wag vir sy keuse nie. Hy is bang, hy word deur minstens die polisie gejag, hy is 'n voortvlugtende moordenaar wat niemand kan vertrou nie, wat dit baie ernstig oorweeg om my te skiet. Dan wag ek dat hy weer vir daardie breukdeel wegkyk, ek ruk my linkerhand op om die MAC se loop weg te klap, swaai my regterbeen deur, skote klap oorverdowend hier by my oor, brandpyn agter my kop, vee met my been sy voete onder hom uit en hy val, die masjienpistool wat in 'n boog knetter, sy linkerarm probeer sy val stuit en dan slaan ek hom hard met die vuus teen die wangbeen en gryp met al twee hande na die MAC.

Hy vat die hou goed, want hy verslap nie sy greep op die wapen nie. Ek voel iets warmes agter teen my nek afloop. Ek vermoed ek bloei.

Cobie ruk die masjienpistool heen en weer. Sy gesig vertrek soos dié van 'n besetene, hy maak 'n lae kermgeluid, hy is nie veel groter as ek nie, maar hy is sterk, hy dink hy veg vir sy lewe.

Ek los die MAC en slaan hom weer, mik vir die kakebeen, tref sy oogkas, sy kop ruk agteroor, maar hy swaai die masjienpistool na my toe. Ek gryp die loop met my linkerhand, slaan hom weer met die regter, teen die oor. Geen noemenswaardige effek nie.

Agter ons gaan 'n lig aan in die tweede arbeidershuisie en ek kan Cobie se verwronge gesig sien. Sy oogbank bloei.

Ek slaan hom weer, so hard as wat ek kan. Hy ruk sy kop weg, ek tref die ken, maar nie met genoeg momentum nie. Ek beweeg sodat ek bo-op hom kan kom, my regterhand soek vir sy keel. Hy wriemel, gryp my voorarm met sy linkerhand.

'n Deur gaan oop, 'n ligstraal wat na buite val. As dit Septimus is en hy het 'n wapen by hom is ek in die moeilikheid. Ek los vir Cobie, heeltemal. Ek duik af in die gras en soek die Glock, ek sien dit blink, kry dit, rol terug na Cobie toe. Hy lê nog, maar hy is besig om die MAC in my rigting te rig, ek gaan dit nie maak nie. Ek duik na hom toe. Hy mik na my, trek die sneller. Net die skerp klik van metaal. Sy magasyn is leeg. Ek is op hom, stamp die Glock se loop met geweld teen sy wang en kyk na die deur toe.

Seppie staan daar met 'n jaggeweër wat na die sterre toe wys en 'n verwilderde uitdrukking in sy oë. Hy sê: “Cobie?”

“Gooi neer die geweër of ek skiet vir Cobie,” sê ek.

Cobie gryp na die Glock, hy is anderkant vrees, hy is desperaat en mal, soos 'n haas. Ek stamp die pistool teen sy kop en rol weg en kom op my hurke, die Glock in al twee my hande, op Cobie gerig en ek sê, in die redelikste stemtoon wat ek met 'n jagende asem kan vermag: “Dit is 'n 45-kaliber, Cobie. Ek sal jou eers net in die been skiet, maar daar loop lelike slagare en ek kan nie waarborg dat jy nie gaan doodbloei nie. Dit is jou keuse.” Dan kyk ek na Septimus, wat steeds versteen staan met die geweër in die hand.

“Septimus,” blaf ek.

Hy kyk vir my. Hy is bang.

“Sit neer die geweër. Nóú.”

“O.K.”

Hy buk stadig af en sit die geweër met groot ontsag op die stukkie sement voor sy deur neer. Cobie sit-lê, sy borskas op en af, nie kalm nie, maar minstens stil, die MAC steeds in sy regterhand.

“Lê,” beveel ek vir Septimus.

“Waar?”

“Net waar jy wil, jou moroon. Net weg van die geweër af.” Hy gaan lê op sy maag.

Ek staan op en loop nader aan Jacobus.

“Cobie, sit die skietding neer.”

Hy doen dit teësinnig, al is die MAC leeggeskiet. Maar ek weet nie of hy nog 'n magasyn in sy sak het nie.

“Staan op,” sê ek vir hom.

Hy kom orent. Ek skop hom met die knie net bokant sy naeltjie, so hard as wat ek kan. Hy val vooroor, sy mond groot oop, sy wind uit.

Ek ruk die MAC uit sy hande uit en slinger dit ver die veld in. “Dit was omdat jy my wou doodskiet, Cobus. En om jou te laat kalmeer, want die fok weet, jou kop raas.”

Cobie gaan lê, fetaal, hy hyg desperaat en roggelend.

Ek vat met my linkerhand agter my kop, waar dit seer is. Ek voel die wond, 'n lang, diep skraap wat net onder my oor begin. Dit bloei. 'n Sentimeter, 'n breukdeel van 'n sekonde en dit was 'n doodskoot. Ek is lus en skop hom weer. Ek onderdruk die impuls, loop oor na skeeloog-Seppie

toe, druk die Glock in my lyfband en tel die jaggeweer op. Ek haal die magasyn uit, werk die slot om die rondte in die loop uit te pomp, gooi dit en die magasyn die nag in. Septimus se een oog kyk vir my, beangs. Ek gooi die geweer langs hom neer en vat weer die Glock. Ek loop na Cobie toe, sit my knie in sy rug en druk die pistool teen sy agterkop.

“Septimus, kyk vir my.”

Hy lig sy kop en kyk.

“Ek wil hê jy moet daar in jou huisie ingaan en vir my elektriese koord bring. Die langste stuk wat jy het. Verstaan jy my?”

“Ja.” Maar onseker.

“Ek gaan hier by Cobie wag, en as jy by daardie deur uitkom met enigiets anders as die koord, dan skiet ek vir hom.”

“O.K.”

“Nou toe, Seppie. Maak gou.”

Hy huiwer net vir ’n oomblik, dan skarrel hy in die huisie in. Onder my knie is Cobie de Villiers nie stil nie.

“Jacobus, ek wil nie moeilikheid van jou hê nie. Ek sweer ek skiet jou as jy nie saamwerk nie. Die polisie sal my ’n medalje gee.”

“Wat gaan jy doen?” Steeds die ietwat besete stemtoon.

“Ek gaan julle vasbind, Jacobus, want jy het te veel aapstreke. En dan gaan ons gesels. Dis al. En as ons samesprekings goed verloop, sal ek julle los en ek sal weggaan en ek sal stilbly. Maar as jy nie mooi saamwerk nie, vat ek vir jou polisie toe. Dis jou keuse.”

Hy sê niks, hy lê net en sy asem jaag.

Septimus kom weer uit, baie versigtig. Hy het ’n stuk elektriese koord wat hy met uitgestrekte hande soos ’n vredesoffer voor hom dra.

“Gee dit vir my, Septimus, en dan gaan lê jy op jou maag met jou arms agter jou rug.”

Hy doen dit met groot gehoorsaamheid en konsentrasie. Ek wag tot hy lê, neem die koord met my linkerhand en druk die Glock weer in my lyfband.

Dit is waarvoor Cobie gewag het. Hy beweeg skielik, probeer weggrol en na my klap in een beweging. Ek het dit verwag. My geduld met hom is op. Ek gryp sy hand en draai dit agter sy rug in, met geweld, ek dwing sy pols na sy nek toe, verwag om die klapgeluid te hoor van sy skouer wat uit potjie spring. Hy’s taai, maar nie taai genoeg om die intense pyn te ignoreer nie. Hy raak weer slap.

“Mal en dom is ’n lelike kombinasie, Jacobus,” sê ek en stamp al twee my knieë teen sy rug, my volle gewig daaragter. Ek hoor hoe die wind weer uit hom plof, kry sy ander hand ook beet, dwing al twee bymekaar, trek die koord nader en begin sy polse vaswoel. Ek klim eers van hom af wanneer ek doodseker is sy hande kan nie loskom nie.

“Seppie, ek soek nog koord.”

“Ek het nie nog nie,” sê Septimus in ’n dun stem.

“Wat het jy?”

“Ek weet nie.”

“Dan moet jy in Cobie se huisie gaan kyk.”

“O.K.”

“En maak gou, Septimus, anders skiet ek vir Cobie. Eers in die linkerbeen, dan die regter.”

“O.K.” Hy spring op en hardloop na die huisie met die geel gordyne, ruk die deur oop, sit ’n lig aan. Hy kom terug met ’n elektriese koord waaraan ’n bedlamp nog gekoppel is.

“Breek dit af, Seppie. Die lamp.”

Hy doen dit.

“Kom lê.”

Hy ken teen dié tyd die posisie goed genoeg. Ek lig my knieë van Cobie af, vat die nuwe stuk koord en gaan sit op Septimus, begin sy polse vaswoel.

Dan spring Cobie de Villiers op.

“Jacobus!” skree ek vir hom, maar dit help nie. Hy hardloop, arms agter die rug vasgebind, teen die heuwel af.

“Ek skiet jou maatjie, Cobie!” Maar dit lyk nie of dit ’n hegte vriendskap is nie, want Cobie verdwyn in die donker.

“Fok!” skree ek my frustrasie. Wat doen ek nou? Moet eers vir Septimus immobiliseer. Ek werk haastig, draai die punt om sy hakskeene, maak ’n vinnige knoop.” “Moenie iets doms doen nie,” sê ek vir hom, skop hom liggies in die ribbes, trek die Glock uit my lyfband en sit vir Cobie agterna.

Wat is dit wat die man so jaag?

Sy voordeel is die donker en dat hy die terrein ken, myne dat 'n man met vasgebinde arms nie goeie balans het nie.

Ek sien hom nie, maar ek hoor hom as hy neerslaan, iewers regs van my, omtrent 'n honderd meter, miskien 'n bietjie meer, takke wat kraak en 'n dowwe slag. Ek hardloop in die rigting van die geluide.

As hy stil bly lê, het hy 'n kans, maar Cobie se drang is om weg te kom, en wanneer hy orent slinger, hoor ek sy voeteval en dan sien ek hom, 'n donker figuur teen die vaalheid van die lang gras, halfgebukkend, struikelend. Ek sit hom agterna, haal hom in. Hy maak geluide, met elke asem, soveel intense desperaatheid. Ek skouer hom van agter af en hy val, sonder hande om te keer, sy gesig wat in die gras inploeg.

Ek spring op hom, my sitvlak op sy rug, die Glock in sy nek en ek sê, heeltemal uitasem, "Jissis, Jacobus, wat is dit met jou?"

"Skiet my," sê hy amper onhoorbaar, 'n skor fluister terwyl hy sy lyf sinneloos probeer ruk om los te kom.

"Wat?" Ek wil my asem terugkry.

"Skiet my."

"Jy's mal."

"Nee."

"Jy is, Jacobus."

"Skiet my. Asseblief."

"Hoekom?"

"Dis beter."

"Beter?"

"Vir almal."

"Hoekom, Jacobus? Hoekom?"

"Sommer."

“Verkeerde antwoord. Ek gaan nie hier met jou sit en gesels nie, Jacobus. Ons moet gaan kyk hoe dit met Septimus gaan.” Ek staan op, maar ek hou aan sy polse vas, waar die koord vasgebind is. “Kom.” Ek trek hom op, hou sy arms net hoog genoeg dat dit pynlik sal wees as hy nie saamwerk nie.

“Skiet my!” ’n Gil in die nag, demonies en vol angs. Hy ruk weer, ignoreer die pyn wat hy in sy skouers moet voel. Dit is wanneer ek besef my plan gaan nie werk nie en ek slaan hom, so hard as wat ek kan met die Glock teen die kop.

Eindelik syg Die Ratel neer, so uit soos ’n kers.

* * *

Ek dra vir Cobie de Villiers op my skouer terug na waar Septimus gedwee lê, net betyds om die ligte van ’n voertuig te sien wat van die hek of aankom.

“Wie’s dit?” vra ek vir Seppie terwyl ek vir Cobie langs hom neersit.

“Ek dink dis Stef.”

My probleme word groter. Dié twee narre kan ek hanteer. Maar nog een?

Dit is dieselfde Toyota-bakkie waarmee Stef Moller en Donnie Branca my besoek het. Die bande knars oor die werf en hy hou voor die opstal stil en klim uit. Hy sal die ligte kan sien hier by die arbeidershuisies. Die vraag is: Wat gaan hy daaraan doen?

Ek wag, met ingehoue asem. Ek voel die moegheid in my lyf. Lang dag. Lang nag. Ek kniel langs Cobie en druk die Glock se loop in sy nek.

“Cobie?” Moller se stem, in die donker. Ek hoor sy voetstappe oor die gruis nader kom. Dan sien ek hom aan die rand van die ligkol. Hy dra niks in sy hande nie.

“Nee, Stef. Dis Lemmer.”

Dan sien hy ons en hy steek vas.

“Kom, Stef, kom sit hier by ons.”

Hy huiwer eers, groot kommer op sy gesig, die oë wat fanaties knip.

“Wat het jy gedoen?” Hy kom nader.

“Sy ligte is net tydelik uit. Kom sit, Stef, dat ons oor jou leuens kan praat.”

Hy sit langs Jacobus, strek ’n bewende hand na die stil figuur uit.

“Ek het nie ’n keuse gehad nie,” sê hy en streel saggies oor Cobie se hare.

“Jy lieg.”

“Ek het hom belowe. Ek het hom my woord gegee.”

“Hy’s ’n moordenaar, Stef.”

“Hy’s soos ’n seun vir my. En ...”

“En?”

“Daar het iets met hom gebeur.”

“Wat?”

“Ek weet nie, maar dit moes verskriklik gewees het.”

“Hoe weet jy?”

“Ek weet.”

Cobie beweeg. Hy probeer op sy rug draai, maar met sy hande agter sy rug vasgebind sukkel hy.

“Stadig, Cobie,” sê Moller paaiend.

“Hy sal moet praat, Stef. Hy’s die een met die antwoorde.”

“Hy sal nie praat nie.”

Cobie de Villiers kreun en probeer weer omrol. Sy oë gaan oop. Hy sien vir Stef Moller.

“Ek is hier, Cobie.”

Cobie sien vir my. Hy ruk. Moller hou ’n ferm hand op Jacobus se skouer. “Nee, Cobie, moenie. Hy sal niks aan jou doen nie.”

Cobie glo hom nie, sy oë flits tussen ons, al weer op pad na waansin toe.

“Stadig, Cobie, stadig. Ek is hier, jy is veilig. Stadig nou.”

Ek kan sien Moller het dit al voorheen gedoen, dié gepaai, hierdie terugbring van die rand van die afgrond. Cobie kyk stip na Stef en dan is dit asof hy glo, want hy sug diep en sy lyf ontspan. Ek kry ’n glimp van hul geskiedenis, hul verhouding. Van Moller as mens. Dit dwing respek af. Maar dit help my niks. Agter ’n geslote deur in Cobie de Villiers se kop is daar inligting wat ek nodig het. En Moller hou die sleutel, as daar ’n sleutel is.

Skeeloog-Seppie is stil, net een oog wat na die gebeure staar.

“Stef, kom ek vertel jou van my probleem,” sê ek in ’n geselstrant, soos ’n ouer wat nie ’n kind wil ontstel nie, my woorde vir Cobie se ore bedoel. “Ek soek na die mense wat vir Emma le Roux seergemaak het. Dit is al. Ek gaan hulle jag en ek gaan hulle laat betaal. Ek stel nie belang in wat Cobie of jy of enigiemand gedoen het nie. Ek wil nie die polisie betrek nie. Om die waarheid te sê, ek kan dit glad nie bekostig nie. Al wat ek soek, is ’n naam. Of ’n plek. Waar ek Emma se aanvallers kan kry. Net dit. Dan loop

ek. Julle sal nooit weer van my hoor nie. Ek sal vir niemand sê wat gebeur het nie. Dit is die belofte wat ek aan julle maak.”

Stef Moller sit daar met sy hand op Cobie se skouer en sy oë wat stadig knip en hy sê nie ’n woord nie. Want dit is Cobie se besluit.

Die nag is skielik absoluut stil. Ek kyk na my horlosie. Twintig voor vyf. Die son is op pad. Ek kyk na Jacobus. Hy lê net.

Moller druk Cobie se skouer. “Wat sê jy, Cobie?”

Hy skud sy kop.

Ek sug. “Cobie, daar is ’n maklike manier en ’n moeilike manier. Kom ons doen dit liewer op die maklike manier.”

Moller frons vir my, hy dink nie dit is die regte aanslag nie. Ek gee nie om nie. Ek het werk om te doen.

“Nee,” sê Jacobus, sag.

“Hoekom nie?”

“Doodmaak ...”

“Hy kan die probleem oplos, Cobie,” sê Moller.

“Hy kan nie. Hulle sal hom ook doodmaak ...”

“Nee, Cobie,” sê ek, maar dan mis ek wat hy byvoeg. “Wat sê jy?”

“Hulle gaan almal doodmaak.”

“Almal?”

“Vir Emma en vir Stef en vir Septimus.”

“Nie as ek hulle keer nie.”

“Jy kan nie.” Cobie skud sy kop heen en weer, sonder ophou, met ’n besliste trek op sy gesig.

My geduld is op. Heeltemal. Ek gryp ’n handvol van Cobie se hare en ek staan op, pluk hom aan sy kapsel orent.

“Moenie,” sê Stef Moller en probeer keer. Ek stamp sy arm weg. Cobie maak ’n dierlike geluid. Ek ignoreer dit.

“Ons het jǒu aanslag probeer, Stef. Dis tyd dat dié drol besef wat hy doen.” Ek trek vir Cobie agter my aan, na die plaaspad se kant toe. Hy spartel, maar nie veel nie, want ek het sy hare baie stewig beet.

“Waarheen gaan jy?” wil Moller weet.

“Ek en Cobie gaan na Emma le Roux toe. Hy kan vir haar gaan vertel hoekom hulle haar geskiet het en van ’n trein af laat val het. Hy kan sy fokken verskonings vir haar gaan aanbied.”

“Nee,” gil Jacobus.

“Hou jou bek en kom.” Ek trek en ek loop, haastig.

“Lemmer, asseblief,” pleit Stef Moller.

“Toemaar, Stef, julle is veilig. Ontspan. Dit sal net ek en Cobie en Emma wees. Bly julle net hier.”

“Ek dog sy’s in ’n koma.”

“Dan wag ons tot sy uitkom.”

“Nee, nee, nee!” skree Cobie de Villiers.

“Hou jou bek,” sê ek vir hom en trek die mal man, hande vasgebind en kop omlaag, aan sy hare agterna.

* * *

Halfpad hek toe, met die dag wat teen die oostelike horison begin breek, sê Jacobus le Roux in sy hondsdoel stem: “Ek sal praat.” Ek ignoreer hom en pluk effens harder aan sy hare.

“Ek sal praat.” ’n Halwe oktaaf hoër.

“Jy lieg vir my, Jacobus.”

“Nee. Ek sweer.”

“Jissis, julle Hb-dose is lief vir sweer. Hoekom wil jy nou skielik praat?”

“Want dis net ek en jy.”

“Jy kan by Emma gaan praat.”

“Asseblief, asseblief, nie voor Emma nie.”

“Hoekom nie?”

Hy maak ’n geluid, ’n hartverskeurende blaf wat my laat stilstaan.
“Hoekom nie voor Emma nie, Jacobus?”

“Want dit was my skuld.”

“Wat?”

“My pa-hulle. My skuld.”

Ek los sy hare. Hy steier terug en gaan sit. Sy kop hang. In die oggendskemer is sy gesig bebloed en opgeswel van my hou. Sy skouers ruk.

Cobie de Villiers huil. Die snikke is eers sag, maar stelselmatig groei dit in hom tot dit oor die veld weerklink, rou en uitmergelend. Ek staan net daar met die Glock in my regterhand en ek kyk vir hom, moeg en sat en skielik jammer vir dié verwese wrak.

Miskien is dit goed dat hy huil. Dalk sal dit die waansin temper. Die geluide bereik ’n crescendo en neem dan stadig af. Voor hom in die stof drup sy tranes in donker kolle.

Ek gaan sit voor hom en druk die Glock agter in my lyfband in. Ek vat aan Cobie se skouer, soos Stef gedoen het, en ek sê paaiend: “Toemaar, Jacobus, toemaar.”

Om ons word die bosveld wakker. Cobie kyk stadig op na my. Hy lyk nie goed nie, maar die oë is nou minder mal.

“Kan jy hulle regtig keer?”

“Nie kan nie, Jacobus. Gáán. Daarvan kan jy seker wees.”

Ek kan sien hy glo my nie, maar dit maak nie meer vir hom saak nie. Ek maak sy hande los en hy vryf sy polse. Hy sluk en haal diep asem, twee, drie keer.

“Ek is Jacobus le Roux,” se hy met intense emosie, asof hy al twintig jaar wag vir dié geleentheid.

“Ek weet,” sê ek.

“En ek mis vir Emma so verskriklik.”

* * *

Jacobus le Roux se storie kom nie maklik nie.

Byna drie uur lank vertel hy daaraan, hortend, sukkelend, soms onsamehangend, sodat ek hom in die rede moet val. Kort-kort laat emosie hom stilbly en dan moet ek wag tot sy skouers weer ophou ruk. Elke keer as hy afdwaal na onbenullighede, moet ek hom met groot geduld terugdwing na sy vertelling. Later, wanneer die son op is en die hitte vinnig ondraaglik raak, maak ek sy arms los en lei hom na ’n koelteboom. Ons het water nodig. En slaap. Maar hy het nou die drang om dit van hom af te kry en ek het die dors om dit te hoor, om die hele ding eindelik te laat sin maak.

As hy heeltemal klaar is, as ek my laaste vraag vra en hy dit met ’n nou skor en uitgeputte stem beantwoord, sit ons net, in die skaduwee van ’n doringboom, soos twee vuisvoos bokkers, en ons staar na die veld en ons sien niks.

In daardie dralende minute wonder ek wat Jacobus le Roux voel. Verligting? Dat hy nie meer die enigste een is wat weet nie. Vrees vir dit wat hy ontketen het? Hoop, dat dit alles nou kan eindig, die nagmerrie wat al twintig jaar lank duur? Of wanhoop, dat dit dalk nooit sal weggaan nie?

Ek kyk na hom, sien die wonde op sy gesig, die traanspore, die hangende skouers van iemand wat te lank te veel gedra het, en ek dink aan die foto van die jong Jacobus le Roux. Daar kom ’n groot jammerte oor my, sodat

ek woordeloos weer my hand uitstrek en dit op sy skouer laat rus. Sodat hy moet weet hy is nie meer alleen nie.

En dan laat ek die grysrooi mis van woede toe om stadig op te kom, vir die mense wat dit aan hom en aan Emma gedoen het. Ek moet dit beheer, ek weet ek gaan 'n koel kop nodig hê, maar ek laat dit deur my trek, sodat dit die uitputting kan verlig.

Voor ek opstaan en loop, sê ek vir Jacobus le Roux: “Ek sal dit gaan regmaak.”

Hy kyk my in die oë. Ek sien hy is leeg. Daar is nie waansin nie, maar daar is ook nie hoop nie.

* * *

Ek gaan trek die Audi uit die lang gras langs die pad en ek ry. Daar is dinge wat ek eers moet doen. Eindelik moet ek terug Motlasedi toe – my gehuurde plaashuis onder die berg, langs die rivier, die “plek van die groot geveg” – want ek weet hulle wag daar vir my.

Hulle sou die selfoongesprekke gehoor het, hulle het die tegnologie daarvoor. Hulle sou in die donkerste uur van die nag my tydelike tuiste bekruip het met hul sluipskuttergewere en hul balaklawas, hulle sou niks gekry het nie, maar hulle sal vir my wag om my dood te maak.

En dan sal hulle wag vir Emma, sodat hulle haar ook op die een of ander manier kan kry. Hulle sal vir niks stuit nie.

Ek verstaan nou amper alles. Die presiese redes waarom hulle die groot geheim ná twintig jaar steeds met soveel meedoënloosheid wil bewaar, snap ek nog nie heeltemal nie, maar ek sal uitvind.

Vandag.

Die verskriklike ironie van Jacobus le Roux se verhaal is dat sy pa se militêre invloed alles begin het.

Net drie dienspligtiges is ná basiese opleiding in 1985 toegewys aan die nuutgestigte Natuur- en Omgewingsbewingseenheid van die Weermag, wat in totaal uit net meer as twintig soldate bestaan het. En Jacobus was een van die uitverkorenes omdat Johannes Petrus le Roux, besturende direkteur van die Krygkor-verskaffer Le Roux Ingenieurswerke, 'n paar woorde in die regte generaal se oor kon fluister.

Hy het nie skuldig gevoel daaroor nie. Dit is hoe die lewe werk, dis wie jou pa ken, wat tel. Liewer hy, wat so vuriglik voel oor die natuur, as die een of ander dom troep wat net wil vakansie hou in die bos. Só het Jacobus le Roux die geleentheid gekry om sy passie uit te leef by De Brug naby Bloemfontein – op die Weermag se Generaal De Wet-opleidingsterrein. Meer as 10 000 springbokke, om maar een spesie te noem, het in die tagtigs op die amper 17 000 hektaar gewei.

Hy was 'n selfversekerde jong man, intelligent, geesdriftig, toegewyd en in sy element. Hy het sy gesagstruktuur beïndruk met sy kennis en sy werksetiek, sodat die volgende aanbod teen September 1985 op meriete gekom het.

Die kolonel het uit Pretoria kom besoek aflê by De Brug en oor 'n koppie tee in 'n asbesgebou-kantoortjie vir hom vertel van die twee weermageenhede in die Krugerwildtuin: Die een was 'n kontingent van 7 SAI, die infanteriebataljon by Phalaborwa, wat die Wildtuin se grens met Mosambiek gepatrolleer het. Die ander was die meer obskure ODE, of Omgewingsdienste-eenheid, aanvanklik gestig onder invloed van die legendariese oudspesmagte-majoor Jack Greeff, maar nou onder beheer van die Natuur- en Omgewingsbewingseenheid. Die doel van die ODE was

om die epidemiese afmetings van ivoorsmokkelary en wilddiewe in Kruger hok te slaan.

Sou Jacobus belangstel om by laasgenoemde aan te sluit?

Hy het “ja” gesê lank voor sy koppie tee leeg was. Veertien dae later het hy aangemeld vir ses weke se intensiewe opleiding by die basis van 5 Recce-bataljon in die Laeveld. Dit is waar hy die eerste keer vir Vincent Mashego ontmoet het, sy spoorsnyer, sy spanmaat en toekomstige kameraad.

Mashego was Jacobus se teenpool. Die ryk wit seun was deel van die regerende elite, die jong swart man het grootgeword in Shatale, Mapulaneng, in ’n brandarm, gemarginaliseerde stam wie se taal, sePulane, in geen skool of boek geleer word nie. Sy stamnaam was Tao, wat “leeu” beteken, die totem van die Mapulana-stam, maar hy was só stil en teruggetrokke dat sy mense hom Pego genoem het. Dit is sinies afgelei van *Pegopego* – die een wat te veel praat.

Jacobus was lenig en gespierd, ’n vreemdeling in dié kontrei. Pego Mashego was klein en skraal en taai en het die Laeveldse terrein soos die palm van sy hand geken. Die Afrikaner was daar uit begeerte, die man van die Mapulana uit geldelike noodsaak. Maar een ding het hulle gemeen gehad: ’n Diepe liefde vir en belangstelling in die natuur.

Hul vriendskap was nie onmiddellik nie, daarvoor was die verskille in herkoms, stand en persoonlikheid te groot. Maar oor die ses weke van saam swaarkry, het daar stelselmatig ’n band van wedersydse respek begin ontwikkel. Wat vir hulle voorgelê het, sou die band onbreekbaar maak.

Die strategie van die ODE was om tweemanspanne in die Krugerwildtuin te ontplooi wat vir ’n week lank ’n area, volgens roosters en ruitverwysings bepaal, te voet moet patrolleer. Die witte in elke span was die leier, die een wat die radio dra. Die swarte het proviand op sy rug gehad en spoorgesny. Albei met ’n geweer gewapen, het hulle bedags in digte ruigtes en rotsskeure ’n slaapplek gekry sodat hulle in die donker hul prooi kon jag, want ivoorstroppers was roofdiere van die nag.

Die strategie was eenvoudig: Soek die stroppers en radio in vir hulp. Maar as jy nie anders kan nie, skiet hulle voor hulle wegs melt in die bos. Skiet om dood te skiet. Laat hulle verstaan dit is nou oorlog, want Afrika kan nie bekostig om ’n duisend olifante per week te verloor nie. Teen die tempo van uitwissing in die tagtigs sou die olifant teen 2010 heeltemal uitgesterf wees.

Span Juliet Papa, die roepsein vir Jacobus en Pego, is in November 1985 ontplooi, aanvanklik in die “veiliger” westelike dele van die Wildtuin, om hul voete te vind. Eers in Februarie van 1986 het hulle na die ooste begin skuif – en kennis gemaak met die meedoënloosheid van die ivoorstroper.

Ná twintig jaar was Jacobus steeds vol weersin toe hy my daarvan vertel: daardie eerste keer toe hulle op die drie olifante afgekom het. Die koei geskiet net omdat sy te naby en te veel van ’n gevaar was. Die opgeskote kalf geskiet vir die plesier. Die bul se kop ’n bloederige, amper onherkenbare gemors soos die diewe met byle en pangas die tande uitgekap het. Rommel rondgestrooi, die vuurmaakplek net so gelos, die minagting blatant en doelbewus. Maar die oortreders lankal weg, oor die grens Mosambiek toe.

Drie weke later het hulle hul eerste skermutseling gehad, skote in die nag verwissel met ’n bende stropers en een se bloedspoor gevolg tot by die grens. En toe, skaars ’n week later, het Jacobus le Roux die eerste keer ’n man doodgeskiet.

In die nag het hulle die diewe se vuur sien brand in die droë lopie van die Nkulumbedi-rivier, net ’n paar kilometer van die Langtoondam in die noordooste van die Kruger. Jacobus het fluisterend oor die radio probeer versterkings kry, want die groep was groot – twaalf of vyftien – maar die ontvangs was soos gewoonlik swak. Toe kruip hulle nader en sien die slagting in die flikkerende lig van die vlamme. Twee reuseolifantbulle wat geplunder word terwyl die bende gedemp lag en gesels.

Hulle het aangelê. Jacobus het sy visier ingestel op een met ’n geskeurde rooi hemp wat eenkant gestaan het en bevele gee. Hy het liggies gebewe, daardie eerste keer, al was sy weersin in die stropery groot. Sy brein wou nie die bevel aan sy snellervinger gee nie.

Eers toe Pego hom liggies met ’n elmboog in die sy druk, het hy sy oë toegemaak, die skoot afgevuur, hulle weer oopgemaak en gesien hoe die man val. Geen dramatiese ruk soos in rolprente nie, net ’n neersyg, ’n stadige, patetiese, lewelose val.

Pego het langs hom die een skoot ná die ander afgevuur op die nou vlugtende chaos van mense, maar Jacobus het net na die rooi hemp gelê en staar, tot alles weer stil geword het.

* * *

Ek hou by Nelspruit se Wimpy stil om ontbyt te eet en oproepe te maak. Die kelnerin trek haar neus op vir my, want ek is vuil en onwelriekend ná die nag, en het 'n bloedstreep in my nek. Boonop eet ek soos 'n wolf, want my honger is groot.

Voor die kos kom, bel ek vir B.J. Fikter. Hy sê dr. Leonora Taljaard is nog nie op diens nie, maar sover hy weet, is daar geen verandering in Emma se toestand nie.

Wanneer ek klaar geëet het, gaan was ek my gesig en my nek in die Wimpy se onberispelike skoon toilet. Ek moet die wasbak met toiletpapier skoonvee voor ek loop.

Ek gaan soek 'n telefoonhokkie en bel vir Jeanette, want dit is een oproep wat nie afgeluister moet word nie.

“Ek was bekommerd,” sê sy. Daar is glo 'n SMS van haar op my foon wat ek nog nie beantwoord het nie.

“Ek was 'n bietjie besig.”

“Vordering?”

“Baie. Miskien maak ek vandag klaar.”

“Het jy hulp nodig?”

Dis 'n goeie vraag, een waaroor ek die afgelope uur heelwat gedink het. “Net een ding. Ek wil die Audi omruil vir iets anders.”

“Hoe só?”

“Hulle het presies geweet waar ek en Emma was, sonder dat hulle ons kon sien. Ek dink nou dit was elektronies. Weet nie hoe nie, maar as daar iets aan die Audi is waarvan ek nie weet nie ...”

“Wanneer wil jy die ander kar hê?”

“So gou moontlik. Binne die volgende uur, as dit kan.”

“Jy sal moet lughawe toe by Nelspruit.”

“Ek is naby.”

“Dan reël ek dit. Soek jy iets spesifieks?”

“'n Bakkie, asseblief.”

“Sal kyk wat ek kan doen. Gaan Budget Rent A Car toe.”

“Baie dankie.”

Sy is vir 'n oomblik stil. Dan sê sy: “Die geweerdoppie ... Jy het interessante vriende.”

“O?”

“Al gehoor van 'n Galil?”

“Vaagweg.”

“Dis die Israeliese aanvalsgeweer, 5.56 mm, gebaseer op die AK, nogal skaars. Maar die een wat op julle geskiet het, is nog skaarser. Dis die Galil-sluipskuttergeweer. Dieselfde ontwerp, baie betroubaar, redelik akkuraat, maar hy vat ’n 7.62 NATO-rondte.”

“Hoe lyk hy?” Want die ongeïdentifiseerde eienaardigheid van die wapen pla my.

“Hier’s ’n prentjie op die internet. Dis nogal klein vir ’n sluipskutwapen. Opvoubare kolf. Die snaakse ding is die driepoot sit net voor die snellerbeuel en die teleskoop is nie bo-op nie, dit sit langsaan.”

Die lig gaan eindelijk vir my op. “Dis reg. Dis wat ek gesien het.”

“My bron sê dit is die eerste keer in sy lewe dat hy ’n voorval met dié Galil in Suid-Afrika teëkom. Die vraag is, wat maak die ding hier?”

“Ek het ’n sterk vermoede.”

“Jy het?”

“Dis ’n lang storie. Ek sal jou vertel wanneer ek terug is.”

“Jy klink moeg, Lemmer.”

“Dis net omdat ek nie ’n oggendmens is nie.”

“Jy lieg.”

“Ek is doodreg.”

“Moenie macho op my raak nie. Ek skop jou gat.” Jeanette Louw. Altyd vol deernis.

“Ek? Wat so in voeling is met my vroulike sy?”

Sy lag nie. Daar is kommer in haar stem as sy sê: “As jy hulp wil hê, dan praat jy met my.”

Ek wil nie hulp hê nie. “Ek sal. Ek sweer.”

“Dis ’n nuwe een,” sê sy.

“Plaaslike gebruik. Jeanette, daar is een ander ding. Nie dringend nie. Hier’s ’n man met die naam van Stef Moller, eienaar van die Heuningklip private natuurreservaat. Vyftig plus, baie ryk, maar niemand weet waar die geld vandaan kom nie. Kan jy uitvind?”

“Stef met ’n ‘-f’ of ’n ‘-ph’?”

“Ek het geen idee nie.”

Sy sug. “Ek sal kyk wat ek kan doen.”

* * *

Voor ek lughawe toe ry, gaan soek ek ’n wapenwinkel. Daar is drie op die dorp, maar net een is op 2 Januarie oop, ’n eenaardige kombinasie van

kampeertoerusting, mansklere en wapens.

Die jagmesse is in 'n glaskas by die betaalpunt. Die mannetjie agter die toonbank lyk of hy nog op skool kan wees. Miskien is hy. Ek wys met my vinger na die een wat ek wil hê.

“Hy’s sewehonderd rand.” Meerderwaardig, asof ek dit nie sal kan bekostig nie.

Ek knik net.

“Hoe gaan jy betaal?”

“Kontant.”

Hy haal die mes uit, maar wag eers tot ek die geld oorhandig voor hy dit aangee.

Dan ry ek lughawe toe.

Die jong swart vrou by Budget kyk twee keer en baie deeglik na my bestuurderslisensie voor sy die sleutels en die vorm oorhandig. Ons is visuele wesens, ons maak ons afleidings op grond van wat ons sien. En sy en die Wimpy-kelner en die wapenwinkel-skoolseun sien ’n man wat op die grond gesit en wag het, wat ’n nag lank geskop en geslaan en gesweet en gesukkel het, wat nog nie gestort of tande geborsel het nie.

Miskien lyk ek nou, gestroop van die vals fronte, na wie ek regtig is.

“You’re taking the insurance?” vra Budget se vrou hoopvol.

“Yes,” sê ek sonder huiwering.

Sy gee my ’n wit Nissan-dubbelkajuit, ’n drieliter-diesel-4x4. Meer oordadig as wat ek wou gehad het, maar dit sal die taak verrig en aansienlik minder opvallend wees as die Audi.

“Do you have a map of the area?”

Sy bring vir my een. Ek bestudeer dit en sien dit sal nie werk nie – dit wys net die teerpaaie van die Laeveld.

“Thank you,” sê ek en neem dit in elk geval.

Daar is ’n klein boekwinkel in die lughawegebou se foyer. Ek loop in en vra vir kaarte. Ek koop een van daardie wat so ingewikkeld opvou dat jy dit nooit weer in die oorpronklike vorm kan terugkry nie. Maar dit dui ’n fyn netwerk van grondpaaie aan met die uitnodiging: *Explore the Lowveld*.

Dan gaan sit ek in die Nissan en kyk na my opsies. Ek wil bo-op Mariepskop kom sonder om verby my plaashuis se ingang te ry. Ek sien dit is nie moontlik nie. Daar is net een pad en dit loop voor Motlasedi se hek verby.

OceanofPDF.com

41

In die eerste tien maande van 1986 het Jacobus le Roux 'n man geword.

Om 'n passie te hê vir die wonderwêreld van die natuur, om geboei en bekoor te word deur die miljoene fyn ratjies van God se horlosie, om in onskuld en met verbete vasberadenheid te glo jy kan dit alles beskerm, is die dinge van 'n kind.

Die praktyk is 'n grootmenswêreld van ongenaakbare realiteite: Nagtelike patrollies te voet in 'n omgewing waar die predatore van die natuur net so gevaarlik is soos dié van die menslike spesie. Uitmergelende dae van laag lê iewers in 'n skuiling terwyl die kwik verby 45 grade Celsius styg, die slaap wat jou ontwyk, jy kan nie die smaak van jou eie, halfgekookte kampkos en die warm, brak vloeistof in jou waterbottel uit jou mond uit kry nie. Jy en jou spanmaat stink na vyf dae in die veld van kampvuurrook en sweet en ekskreta. Jy leef in 'n eensame, eng, gevaarlike wêreld, ver verwyder van die gemak en sekuriteit van jou ryk voorstad.

En jy maak mense dood. Jy sê vir jouself dit is oorlog en jy veg aan die kant van geregtigheid, maar as jy in die versengende middaguur op jou grondseiltjie lê en rondrol, op soek na die slaap, sien jy weer hoe hulle val, onthou jy die verskriklike verwesenheid wanneer jy ná die skermutseling by die lyk gaan kniel. Dan besef jy jy is nie 'n natuurlike soldaat nie, daar is iets in jou wat saam met elke vyand sterf, al word dit elke keer so 'n klein bietjie makliker.

Toe Jacobus met sy storie besig was, het ek vir 'n oomblik bewus geraak van die verskil tussen ons. Maar daar was nie geleentheid of lus om dit te oordink nie. Maar nou, terwyl ek in die lugversorging van die Nissan op die plantasiëpaaie net onder die platorand ry, is die aanklaer in my kop gretig om sy verwytende vinger te lig. Ek het 'n man doodgeslaan en my diepste trauma was oor waarom ek in staat was daartoe, terwyl Jacobus le Roux,

broer van Emma, gebore uit die Afrikaner-elite (hoe nederig die herkoms ook al was), gewroeg het oor waarom hy dit nié kon doen nie.

Dit is nie ter sake nie.

Hy het my vertel hy het in 1986 sewe mense in die wildduin doodgeskiet. Waarvan hy weet.

In Julie van daardie jaar het hy 14 dae pas gekry en huis toe gegaan, en vir die eerste week kon hy nie op sy sagte bed slaap nie en sy ma se groot borde kos het hom siek gemaak. Sy pa het gesê hy het “stiller” geword, maar Jacobus kon nie daaroor praat nie. Sy suster het niks agtergekom nie – sy het hom aanbid, soos altyd.

Fisiek was hy in die stad, maar sy kop was op ’n ander plek. Sy ma stel hom aan ’n meisie voor. Petro. Wat kommunikasiekunde by die RAU swot. Sy is mooi in haar somerrok en hy sal haar pienk lipstiffie onthou. Sy praat oor dinge waarvan hy niks weet nie. Die kampus en musiek en politiek. Hy knik sy kop, maar hy hoor nie regtig nie. “Wat doen jy in die wildduin?” vra sy hom, asof sy ma haar nie alles vertel het nie.

“Patrollie,” sê hy. “Wat gaan jy doen as jy klaar geswot is?”

Sy het gepraat oor haar drome, maar hy het nie regtig geluister nie, daar was dinge in sy kop wat sy aandag afgelei het. Soos ’n man in ’n geskeurde rooi hemp wat leweloos lê, en iewers wag sy mense vir hom om huis toe te kom.

Sy pa het ’n foto geneem van hom en Emma, in die sitkamer van die Linden-huis. Hulle het langs mekaar gesit, sy suster se arms om sy nek, haar kop half op sy bors. Die lens het hulle so perfek vasgevang – hy sonder uitdrukking, sy wat so tevrede lag. Sy pa het die foto met die pos gestuur en hy het dit by hom gedra, in die Weermagbybeltjie in sy bosak. Deur alles wat sou voorlê, deur al die jare, tot hy dit eendag in ’n fotoalbum in sy Mogale-huis se dak sou wegsteek om nou en dan na te kyk. Om hom daaraan te herinner dat dit werklikheid was.

Maar in daardie veertien dae was die wêreld van sy gesin vir hom onwerklik. Soos iets in ’n droom. Hy het soos ’n vreemdeling in sy ouerhuis gevoel. Hy het geweet waarom, maar hy kon niks daaraan doen nie. Maande en jare daarna sou hy homself daaroor verwyt, dat hy nie harder probeer het nie, dat hy nie uit die borrel kon breek en hulle teen hom vasdruk nie.

Want dit was die laaste keer dat hy enigeen van hulle sou sien.

* * *

Op die agterpaaie en deur die plantasies is dit makliker om agtervolgers te sien. Ek ry verby vreemde name op 'n kaart, Dunottar en Versailles en Tswafeng, niks meer as 'n paar hutte of 'n plaaswinkel nie. By Boelang se stamgronde draai ek links. Die pad raak sleg, die plantasies dig. Daar is vurke sonder padpredikante. Ek ry een keer verkeerd en kan nie omdraai nie, die dennebome staan tot teenaan die pad. Ek moet agteruit ry vir meer as 'n kilometer. Elfuur kom en gaan. Die hittegolwe styg op uit die vlakke regs van my en laat die horison sidder.

Dan draai ek links, teen die berg op, na Mariepskop se bosboustasie. Ek ry verby my gehuurde plaashuis se ingang. Die hek is toe. Alles stil. Hulle wag daar, iewers in die bosse of in die huis. Daarvan is ek seker.

* * *

Daar is twee beamptes op diens by die bosboustasie. Hulle sê ek kan nie verder gaan sonder 'n permit nie. Daar is 'n radarstasie daar bo en jy het toestemming nodig.

Waar kry ek toestemming?

In Polokwane of in Pretoria.

Ek wil eintlik net stap. Teen die berg af.

Jy het daarvoor ook 'n permit nodig.

Kan ek nie hier een koop nie?

Miskien.

Hoeveel sal so 'n permit kos?

So driehonderd rand, maar hulle het nie 'n kwitansieboek nie.

“Nee, dis vierhonderd,” sê die ander een. “Driehonderd was verlede jaar. Dis 2 Januarie vandag.”

“O ja. Dis reg. Vierhonderd.”

Ek gaan haal my beursie uit die Nissan. Ek loop om na die passasierskant, sodat hulle nie deur die venster kan sien ek druk die Glock en die jagmes agter, onder my hemp, in nie.

Voor ek die note oorhandig, vra ek eers my vrae. Waar is die paadjies wat teen die berg af loop? Die paadjies wat die Mapulana geloop het in 1864, toe hulle koning Mswati se impi's aangeval het.

“Impi is 'n Zoeloe-woord.” Met afkeer.

“Ek is jammer ...”

“*Mohlabani*. Een soldaat. *Bahlabani*. Soldate. Dis die sePedi se woorde. Die Mapulana het die Swazi's se *bahlabani* oorwin.”

“Ek sal onthou.”

Dan, vriendeliker: “Jy ken die storie van Motlasedi?”

“So bietjie.”

“Daar is min wittes wat dit ken. Kom, ek sal jou die paadjies gaan wys.”

“Kan ek die kar hier los as ek die paadjies gaan loop?”

“Ons sal mooi kyk vir die kar.”

“Miskien kom ek dit eers môre haal.”

“Go lokilê. Dit is reg so.”

En hy loop vooruit, agterom die geboutjie, verby ’n oop vuur waar ’n groot pot staan en prut, deur die tuin wat netjies in stand gehou word, tot op die soom van die natuurlike boombos. Hy wys met sy vinger. “Jy loop hier in en dan hou jy net reguit. Dan kom jy by die ander pad wat van bo af kom. Daar draai jy regs en dan gaan die pad met die berg af, tot daar onder.”

“Baie dankie.”

“Jy moet oppas vir die *sepoko*. Die spoke.” Hy lag.

“Ek sal.”

“*Sepela gabotse*. Jy moet mooi loop.”

“Jy moet mooi bly.”

“*Sala gabotse*, dit is hoe jy dit sê.”

“*Sala gabotse*,” sê ek en loop in die koel blaretonnel in.

* * *

By ’n stroompie wat blink en skoon oor ’n rots val, gaan sit ek en ek drink diep en ek laat die yskoue water oor my kop en my nek en teen my rug afloop sodat ek na my asem snak.

Ek gaan alleen teen hierdie berg af.

Want ek het nodig om myself te definieer.

Tien jaar lank het ek na myself verwys as ’n lyfwag. Dit was die staat se naam vir my pos, ’n leë, betekenislose dop. Was Koos Taljaard ’n geneesheer voor hy ’n pasiënt gesond gemaak het? Was Jack Phatudi ’n poliesman voor hy sy eerste arrestasie gemaak het?

Tien jaar, en nie een keer was daar risiko vir die een wat ek moes beskerm nie. Politieke vergaderings en openbare optredes en sosiale geleenthede en motorritte en openings van geboue en skole, en ek het niks gedoen nie. Behalwe om myself gereed te hou, om my liggaam voor te berei, om my vaardighede te skaaf, skerp te maak soos ’n lem wat nooit iets

sal sny nie. Ek het gekyk, o, ek het gekyk, waargeneem, dopgehou, tientalle, honderde en eindelijk duisende mense bespied met 'n arendsoog, met 'n deursoekende blik.

En nooit het iets gebeur nie.

Die konsep van lyfwag wees, was my redding, want ná skool was daar nie baie vurke in my pad nie – en al die ander het na moeilikheid gelei. Ek was jonk en gewelddadig en reg vir moeilikheid, ek het 'n haat vir my ouers en my wêreld in my gedra en ek is net gered deur die dissipline van my opleiding en die vaderlike rustigheid en waardige wysheid van die Minister van Vervoer. Hy, wat ons eenkeer in die ou Oos-Transvaal laat stilhou het by 'n swart minibustaxi sodat ons kon help om die pap wiel om te ruil. Terwyl hy met die bestuurder en die passasiers gesels het oor hul lewe, hul swaarkry, hul ellendes. En toe ons daar wegry kopskuddend gesê het hierdie land kan nie só aangaan nie.

Maar ondanks die feit dat ek in daardie jare rigting gekry het, was dit tien jaar van toeskouer wees. Tien jaar lank aan die periferie, 'n dekade van randfiguur wees aan die rand van ... van niks.

'n Onindrukwekkende randfiguur, danksy my gene. My ma, my Engelse roos van 'n ma, 'n blom sonder kleur, net soos ek. My pa was donker en fors en sterk, maar dit was van haar dat ek die vaal gelaat en die rooiblonde hare en skraal lyf geërf het. Haar borste het haar liggaam sensasioneel gemaak. Sy kon haar gesig inkleur – en sy het, met lipstiffie en maskara en poeier en rooisel kon sy 'n metamorfose ondergaan, elke oggend kon sy haar fyn gelaatstrekke met 'n behendige hand omvorm tot 'n sensuele sirene, 'n heuningpot waarom die mans van Seepunt kom swerm het.

En ek, wat vier maande lank 'n baard gekweek het sonder dat Mona dit agtergekom het. Ek moes vir haar vra: “Sien jy iets nuuts?” Toe neem dit haar steeds vyf minute voor sy sê: “O, jy't 'n baard.”

Ongesiens.

Gedefinieer deur een ding in my lewe. Die padwoedemoord. Dit is hoe die media daarna verwys het, en in die een foto wat in die koerante verskyn het, was ek daar, tussen my regsverteenvoerders, met prokureur Gustav Kemp se lêer wat my gesig genadiglik verskans. Onsigbaar.

Twee-en-veertig jaar oud en ek is niks.

Die aanklag in my kop: Jy is moeg. Dit is die min slaap wat praat. Dit maak nie saak nie.

Vandag gaan ek alleen hier af, want ek wil iets word.

Soos wat?

Iets. Enigiets. Ek wil 'n verskil maak. Ek wil 'n onreg omkeer. Ek wil net één keer op die wit perd van geregtigheid galop.

En dan staan ek op, want ek wil nie meer met myself stry nie. Ek haal die Glock uit en ek gaan dit na. Dan loop ek versigtig teen die berg af, in die diep middagskaduwees.

* * *

Op Sondag 5 Oktober 1986 het Jacobus le Roux se bevelvoerder die spanne bymekaar geroep en gesê hulle moet almal teen Maandag 13 Oktober uit die bos en terug by die basis wees. Want hulle verdien 'n week van R&R, hulle sal nie pas kan kry nie, maar hulle sal by die basis kan kom rus.

Net dit. Geen verduideliking nie. Asof dit iets was om na uit te sien.

Hulle het vermoed daar was 'n slang in die gras, want om hulle het die recces van Vyf Verkenningsebataljon gegons oor 'n moontlike operasie. Gerugte het geloop. Renamo, die pro-Westerse faksie, was glo aan die opruk teen Frelimo in twee noordelike provinsies in Mosambiek. En die recces moet dalk gaan help. Of 7 SAI se ouens, want daar's ook iets aan die gang, kyk net die Bedfords wat by die hekke in en uit.

Die Omgewingsdienste-eenheid het nie regtig omgee wat aangaan nie. Dit raak hulle nie, en as iets jou in die Weermag nie raak nie, dan vee jy jou daaraan af.

Maar hy en Pego was nie op Maandag 13 Oktober terug in die basis nie. Om die waarheid te sê, hulle het nooit weer die binnekant van die basis gesien nie.

Die moeilikheid het op die twaalfde begin, 'n Sondag. Hulle was van plan om betyds terug te wees. Hulle het die laaste been van hul patrollie gedoen, langs die tweespoorpaadjie wat parallel met die Mosambiekse grens loop in die suidoostelike hoek van die wildduin. Eenuur in die middag het hulle diep tussen die riete van die Kangadjane-spruitjie probeer slaap, vier kilometer van die grens af, tussen die Lindanda-Wolhuter-gedenkteken en die Shishengedzim-wagpos. Toe hoor hulle die vliegtuig en hulle word wakker. Hulle het uit die riete uitgekruip en gekyk. Die vliegtuig het wes van hulle gesirkel, om die koppie met die naam Ka-Nwamuri. Baie vreemd, want siviele vliegtuie word nie hier toegelaat nie, al vir langer as 'n jaar. Nie eens as hulle hoog oorvlieg nie. Maar dié een was laag, skaars vyfhonderd meter, net 'n honderd meter bo die koppie.

En toe maak dit 'n wye draai en kom na hul kant toe en hulle het teruggekruipt tussen die riete in en Jacobus het sy verkyker uitgehaal en gekyk. Daar was geen kentekens of nommers op die vlerke nie. Net 'n wit vliegtuig. En dit daal en kom al hoe nader en swaai dan skielik noord en Jacobus sien deur die lense twee, drie gesigte wat afkyk en die een lyk vir hom bekend, maar dit kan nie wees nie.

Dit lyk na 'n minister. 'n Bekende een. Maar dan draai die vliegtuig weer en hy kan nie meer die mense sien nie en dit dreun noordwes en word al hoe kleiner, tot hulle dit nie meer kan sien nie.

Hy en Pego het vir mekaar gekyk en hul koppe geskud. Wat het dit hier gedoen? Hoekom het dit daar om Ka-Nwamuri gevlieg? Miskien moet ons gaan kyk, vanaand, sodat ons môre kan gaan rapporteer.

Hulle het gewag tot sononder, hul kamp opgeruim en hul voorbereidings getref. Dit was net meer as vyf kilometer na die koppie toe. Deur die digte ruigtes sal hulle nie vinnig kan beweeg nie, maar die skuiling is goed.

Twee ure later het hulle die eerste keer die ligte gesien, halfpad teen Ka-Nwamuri op, ligte wat beweeg, wat oogknip in die nag soos vuurvliegies.

Dit is nie hoe stropers werk nie. Wat gaan aan?

Jacobus het probeer om die basis oor die radio te roep, maar daar was net 'n gesuis op die eter. Toe fluister hy en Pego oor die beste roete na die ligte toe.

Die area direk oos van Ka-Nwamuri is te plat, te oop. Maar net hier anderkant loop die Nwaswitsontso-spruit, die een wat van die weste 'n wye draai om die Ka-Nwamuri-koppie gooi en dan eers die Eileen Orpen-dam maak voor dit die klein canyon na die grens se kant toe uitkerf. Hulle kan al met die spruit langs loop tot agter die koppie – en dan opklim tot bo om te sien wat aan die oostekant aangaan.

Dit neem meer as 'n uur, want by die Orpen-dam loop hulle hulle vas in 'n trop beneukte leeus wat ná 'n onsuksesvolle sebrajag hul honger en frustrasie die nag in brul. Eindelik, net ná nege in die aand, loer hulle oor die rand van Ka-Nwamuri se kruin en hulle sien die mense daar onder.

Die ligte is nou af, maar aan die voet van die koppie brand 'n groot kampvuur. En rondom die vuur sit 'n groep mense. Agter hulle, om hulle, is kamoefleernette wat bonkige vorms verskuil.

Pego sis saggies deur sy tande en sê *befa*, dit is sleg. Jacobus rig sy verkyker op die groep langs die vuur. Hy sien hulle is wit. Burgerlike drag.

Hy sien die karkas wat in die boom naby die vuur hang. Rooibokram.

Wittes? Wat hier kom skiet? Iewers is iets groots verkeerd.

Hy en Pego fluister. Hulle sal moet nader kom. Nee, sê Pego, hy sal gaan, hy is swart soos die nag, hulle sal hom nie sien nie. Kyk daar is 'n *moshuta* naby hul kamp, 'n digte bos, hy sal tot daar kruip en hy sal kyk en hy sal terugkom. Jacobus moet hier bly en weer met die radio probeer, miskien werk dit beter van die koppie af.

Maar jy kom terug hier na my toe?

Natuurlik, want ek los die *bushwa* by jou, en Pego grinnik in die donker vir hul ou grap. Hy sal terugkom, want Jacobus is nou die een wat die pap dra.

“*Tshetshisa*,” sê Jacobus een van die paar woorde wat hy ken in Mapuleng. Maak gou.

Pego raak weg in die donker, en Jacobus skuif af tot agter die kruin en probeer weer die radio, druk die knop en fluister: “Bravo Een, kom in, dit is Juliet Papa.” Hy luister en skielik is daar 'n stem, helder en te hard, sodat hy haastig die volume moet sagter draai.

“Juliet Papa, identifiseer jouself.” Maar dit is 'n vreemde stem, nie dié ODE se radio-operateurs nie.

Hy huiwer vir 'n oomblik, want dit is 'n eerste, daar is nie prosedures hiervoor nie. “Bravo Een, dit is Juliet Papa.”

“Ek hoor jou, Juliet Papa, maar identifiseer jouself. Wat soek jy op dié frekwensie?”

Hy skrik. Het hy 'n fout gemaak? Hy gaan die radio na, stel dit weer in op die golflengte waarop hulle veronderstel is om te roep en dan sê hy weer: “Bravo Een, dit is Juliet Papa, kom in.”

Dieselfde stem, glashelder: “Juliet Papa, dit is 'n gereserveerde frekwensie. Identifiseer jouself.”

Hy wil die radio teen die koppie afgooi. Dit werk net wanneer dit wil en nou werk dit nog gat oor kop ook. Hy sit dit af en kruip terug na die kruin. Hy stel sy verkyker in op die ruigte waarna Pego gewys het en dan wag hy.

Hy sien 'n lig wat beweeg, hier oorkant teen die helling van die koppie. Skaars driehonderd meter van hom af. Twee mans met 'n flits. Hulle kyk na iets op die grond. Hulle tel dit op. 'n Tou? Nee, 'n kabel, swart en glad, kan hy deur die verkyker sien.

En dan hoor hy uitroepe daar onder en hy swaai die verkyker na die vuur toe en sien figure wat hardloop, mans met wapens, mans met uniforms, waar was hulle, waar kom hulle nou vandaan?

Skote klap, hy ruk sy oë van die verkyker af, soek die skote se flitse in die nag, maar hy sien niks.

Pego, waar is jy?

Rep en roer daar onder, mense wat skarrel, weg van die vuur af. Hy sit weer die verkyker teen sy oë. Alles skielik doodstil, niemand in sig nie. Hy swaai dit na waar hy die twee mans met die flits teen die helling gesien het. Die flits is nou af.

Die minute tik verby.

Hy hou die vuur dop, probeer iets sien in die ruigte waar Pego sou weggekrui het. Net donkernag daar.

Beweging by die vuur, hy swaai die verkyker, fokus. Twee soldate wat iemand tussen hulle sleep-dra. Ander wat nader kom, 'n groep vorm. Dan sien hy die een wat hulle sleep, is Pego en sy hart ruk in sy bors, want daar is bloed aan sy vriend se broek, hier by die knie.

Hulle gooi Pego op die grond neer en staan om hom. Iemand skop die swart man en Jacobus se hart klop in sy keel, hier is moeilikheid, hier is groot moeilikheid, hy wil afstorm teen die helling en vir hulle sê: "Wat doen julle, wat doen julle, los hom, hy's my kameraad." Maar hy lê versteen, hy weet nie wat om te doen nie.

42

My paadjie teen die berg af is steil en begroei – takke, boomwortels, spinnerakke. Plek-plek is daar klein erosieslootjies en rotse waar ek voetjie vir voetjie moet afklim terwyl die sweet in strome teen my afloop.

Bowenal moet ek stil wees, al vermoed ek hulle sal nie aan hierdie kant van die riviertjie wees nie, hulle sal net iemand hê wat die stuk tussen die plaashuis en bos dophou.

Ek moet die afstand skat en ek weet ek is nou naby, die huis moet binne 'n paar honderd meter van my af wees. Ek sal suid moet draai, maar ek sal baie versigtig moet wees.

* * *

Jacobus het gesien hoe hulle vir Pego wegsleep uit die lig van die vuur en hoe hulle terugkom om kajuitraad te hou. Toe het hy sy besluit geneem. Hy sal eers vir Pego gaan bevry, en dan sal hulle hulp gaan soek. Want sy maat is gewond en dit lyk nie of iemand hom gaan versorg nie.

Hy het teen die westelike helling afgekruip en weer die radio aangesit en net geluister, hy was te bang om te roep.

Niks.

Toe kruip hy verder, om die koppie, baie versigtig, want hoe het hulle vir Pego gesien? Hoe het hulle hom gevang, die Man van Mapulana, Tau die Leeu, wat soos 'n kat kan sluip, geluidloos?

Hy was gelukkig. Hy het die elektroniese ding per ongeluk gesien, vasmag aan 'n staalpen wat in die grond inslaan is, die draad fyn en amper onsigbaar in die nag. Dit het 'n oog gehad wat na die ooste kyk en hy het 'n vermoede gehad wat dit is. 'n Sensor, van die een of ander aard, 'n ding wat 'n onsigbare straal gooi wat nie verbreek moet word nie.

Hy het plat op die grond verby gekruip en nie weer opgestaan nie, só gebly, stadig en moeisaam en geluidloos, met sy geweer in sy hande, al hoe nader, tot hy die stemme kon hoor en een van die wagte gesien het, onder 'n

boom, met 'n R4 in sy arms. Toe weet hy dis weermagmense en Pego sal veilig wees, dit was 'n ongeluk, hy wou opstaan en sê goddank, dis net 'n misverstand, toe hoor hy Pego skree.

* * *

Ek sien hulle.

Hulle sit op my stoep, twee van hulle. Die een was in die Jeep by die hospitaal, die ander was die een agter die Galil, die groot blonde een wat vir Emma geskiet het.

Blondie sit op 'n kombuisstoel, sy bene uitgestrek, sy hakke op die stoepmuurtjie, steeds die bofbalpet op sy kop. Jeepman sit net. Hulle praat, maar ek is te ver om te hoor.

Hulle wag vir my. Daar sal ander ook wees. Sekerlik een of twee wat die pad bewaak.

Maar is dit al?

* * *

Jacobus het aanhou kruip in die rigting van die gil, tot hy hulle kon sien en hoor en die reuk van Pego se verbrande vlees ruik: Vier mans wat vir Pego aan 'n boom vasgemaak het. Die een het iets wat rooi gloei teen Pego se bors gedruk en gesê: "Praat met my, kaffertjie," en Pego het weer geskree en toe sê hy: "Dis die waarheid, baas, dis die waarheid."

Die man het omgedraai, burgerlike klere, fors en breed met 'n dik snor en hare wat net oor sy ore en kraag krul. Hy het vir die ander gesê: "Ek glo hom en dit beteken ons het groot kak."

"Vra hom wat sy naam is?" het 'n ander een gevra, ouer, skraler, effense boepens en 'n goueraambril.

"Jy't die baas gehoor. Wat is sy naam?" Die een met die snor het weer die gloeiende yster nader gebring.

"Jacobus."

"Jacobus wie?"

"Jacobus le Roux."

Die fors man het na die ouer een gedraai en gesê: "Ek sal eers moet gaan uitvind. Ek dink hulle werk uit die recces se basis uit. Maar ons sal moet wakker slaap, hy's dalk daar iewers in die donker."

"Ek sweer dis hy wat netnou op die radio geroep het," het 'n ander een gesê.

Die ouer een het sy hand in die lug gehou. “Luister, dis hanteerbaar. Maak net eers seker, dan vat ons dit van daar af.”

En toe loop hulle weg, na die vuur se kant toe, en Pego hang daar aan die boom, alleen.

* * *

Ek lê vier meter van die kabbelende riviértjie af tussen lowergroen varings, en ek weet ek sal moet wag tot dit donker word. Maar dit gee my tyd om aan ’n plan te dink, om hulle dop te hou, om te sien hoeveel daar is.

En ek het die hef in die hand. Hulle kan my nie meer verras nie. En nou moet hulle sit en wag, wegkruip en hul bekommer of ek sal kom, gaan kom, uit watter rigting, hoe laat?

Ek draai versigtig om en beweeg ’n paar meter terug. Ek wil myself gemaklik gaan maak. Rus. Ontspan.

Dan sien ek die skedel. Dit lê tussen ’n paar ronde rivierklippe. Dit is met mos begroei, bruin en verweer, die kakebeen weg. Ek tel dit op en draai dit om. Die twee oogkasse staar na my, soos ’n voorbode.

* * *

Jacobus het van agter gekom en eers in Pego se oor gefluister om stil te wees voor hy hom losgesny het en sy lyf gevang het voor dit op die grond val. Toe sleep hy sy vriend tot in die skaduwees en druk sy lippe teen Pego se oor en hy sê: “Kan jy kruip? Hulle het alarms, dit is hoe hulle jou gevang het, ons sal moet kruip. Is jy sterk genoeg?”

“Ek is.”

Hy het met sy hand vir Pego die rigting beduie en gefluister: “Kruip jy voor, ek sal kyk as iemand kom,” en so het hulle voortgesukkel, met Pego wat kort-kort moes rus, want sy regterbeen was stukkend geskiet en hy was moeg en swak. Toe kry hulle eindelijk die rivier, en hy laat Pego opstaan en om sy skouer vashou en toe drafstap hulle, hinkend en pinkend, en skielik het daar skote geklink en fakkels het die lug ingekliëf en hulle het in die rivier ingestrompel en in die vlak water gaan lê sodat die wal hulle kan beskerm.

Tyd raak verlore as jy bang is. Hulle het daar gelê en later voetstappe en stemme gehoor, mense wat nie goed is in die veld nie, mense wat te veel lawaai. Toe raak dit weer stil.

Jacobus het vir Pego water uit sy bottel gegee en gesê hulle moet weer beweeg, na die Nwaswitsontso se klofie, die uitgekerfde canyon naby die

grens, daar sal hulle veilig wees, daar is wegkruipplek en net een maklike ingang onder die boonste dam.

Pego het geknik. “My been. *Go etsela*. Hy slaap.”

“Ek sal jou dra.”

En hy het, die laaste kilometer en ’n bietjie, al met die Nwaswitsontso langs, maar by die damme het hy met Pego op sy skouer wyd geloop om van die krokodille weg te bly.

* * *

In die diep holte tussen rotse en dik bruin boomwortels en groen varings raak ek aan die slaap en ek word met ’n ruk wakker en die son is agter die berg en ’n klein, neongroen paddatjie sit net sentimeters van my gesig af en staar na my met koue, rooi oë.

* * *

Hulle het ’n wegkruipplek gekry in die kloof van die Nwaswitsontso, waar oerwater ’n oorhang uitgekwalwe het, groot genoeg vir hulle al twee.

“Wat gaan ons doen?” het Pego gevra.

“Ek weet nie.”

Toe kyk hy na Pego se wond en sien dit lyk lelik, maar dit bloei nie meer nie. Toe vra hy vir Pego wat hulle vir hom gevra het en toe sê Pego: “Hulle het gedink ek is ’n terroris, hulle wou nie glo ek is ODE nie. Hulle het gesê hulle sal ons al twee moet doodmaak, Jacobus, ek het hulle gehoor.”

Toe bly Pego lank stil voor hy vra: “Hoekom sal die Boere só maak?” Jacobus het nie geweet wat om te antwoord nie.

Hulle het gelê en Pego het geslaap soos een wat siek is, sy asem kort en sy lyf wat soms ruk. Die Mapulane het geluide gemaak in sy koors, vreemde woorde gesê. Jacobus het net gelê en gedink tot hy nie meer kan nie. Wat maak hulle hier? Wat maak hulle?

In die nanag het hy iemand gehoor, voetstappe hier bo, skaars ses meter bokant hulle op die rand van die kloof. Hy het sy hand oor Pego se mond gesit en gesien hoe sy vriend se oë skielik oopgaan en dan stadig snap – en sy kop langsaam knik. Hy verstaan.

’n Afrikaanse stem hier bo. “Jissis, ek het die fokken afgrond amper nie gesien nie.”

“Dis nie ’n fokken afgrond nie.”

“Wat noem jy dit. Kyk daar. Dis maklik vyftig voet.”

“Hoe de fok kan jy dit sê? Dis donkernag.”

“Nou sê jy vir my hoe diep dit daar af is.”

“Maak nie saak nie. Ons sal moet omloop.”

“Fok omloop, hulle kan nie hier af nie. Kyk, sien jy ’n plek?”

“Dan moet ons ’n punt soek. Ons kan nie aanhou met loop nie. Hulle gaan vieruur die radioroep doen. Dan moet ons reg wees met daardie ding.”

“O.K. Daardie kant toe. As hulle hier verby is, sal hulle daardie kant toe geloop het.”

“Ek dink nie hulle kan so ver wees nie. Hulle sê die kaffer se been is moer toe.”

“Vir wat moes hulle nou fokken vanaand hier kom sukkel? Ek het nog nie eers geëet nie.”

“Ek ook nie. Maar die civvies het. Fokken rooibok-steaks.” Die een skop ’n klip by die klofie af.

“Hoor daar. Dis diep.”

Stilte.

“Sal jy die witte kan skiet?”

Die ander een antwoord nie dadelik nie. Skuifeling van stewels en dan sê hy: “In die donker maak dit nie saak nie, jy sal nie kan sien wie is wie nie. Maar wat de fok, ek wil eers sien hoe hulle ’n ou se posisie kan kry net omdat hy oor die radio praat. Kom, ons gaan maak dié mas staan.”

En dan loop hulle.

* * *

Ek sit vir die huis en kyk as dit donker raak, maar daar is nou niemand op die stoep nie. Dan kom die groot, blonde een uit en hy loop in die rigting van die rivier, nie reguit na my toe nie, maar skuins. Hy het die Galil by hom.

Ek sien waarvoor hy mik. Daar is ’n tong van bome in die hoek. Hy sal die hele werf diékant van die huis van daar af kan dek. Slim plek. As niemand jou sien nie.

Maak jou tuis, ou grote. Grawe jou in. Lemmer van Loxton sien vir jou. En Lemmer van Brandvlei Maksimum Sekuriteit het in die tronk geleer om te wag.

Sien jou later.

* * *

Hulle roep hom om vieruur die oggend oor die radio.

Hy hoor dit baie sag hier op sy heup en dan vat hy die radio en druk dit teen sy oor en hy hoor: “Jacobus le Roux, Jacobus le Roux, kom in.”

Dit is dieselfde vreemde stem.

Hy doen niks, want hy weet wat hulle plan is.

“Jacobus le Roux, Jacobus le Roux, kom in.”

Keer op keer, onophoudelik, elke paar minute, dieselfde geduldige woorde.

En dan: “Ek weet jy kan my hoor, Jacobus. Ons is verskiklik jammer oor Vincent. Ons het nie geweet julle werk vir ODE nie.” Die stemtoon is simpatiek en vriendelik. “Ons weet hy het medies nodig. Bring hom in dat ons kan help. Is jy daar, Papa Juliet? Kom in.”

Vir die volgende halfuur is dit die aanslag – paai en beloftes – maar Jacobus luister nie meer nie. Hy dink wat hy moet doen, oor ’n uur of wat gaan die son opkom. Hy moet vir Pego hulp kry, hulle moet weggom, anders is hulle dood.

Maar wat gaan hy doen? Hulle is omtrent sewe kilometer van die H10 af, die teerpaadjie waarmee die toeriste ry, maar hy sal ’n groot ompad moet vat om van hierdie mense weg te kom. Dit gaan nie werk nie.

Of hulle moet laag lê, want van môre af moet hulle terug wees in die basis en ODE sal na hulle begin soek. Maar Pego se been, hy sal nie só lank kan wag nie.

Die stem oor die radio raak stil, vir vyf minute en dan kom dit terug en dit is anders, hard en kwaad. “Luister nou mooi vir my. Dale Brooke-singel 47, klink dit vir jou bekend? Dale Brooke-singel 47 in Linden, Johannesburg.”

Sy pa-hulle se adres.

“Jy het tien minute om te antwoord. Of ek stuur mense. Mense wat nie kak vat nie. Mense wat ’n vrou se keel sal afsny vir die fokken pret. Tien minute, dan bel ek.”

43

Jacobus le Roux het die tien minute gebruik om sy besluit te neem. Hy het die radio onder die oorhang gelos, vir Pego wakker gemaak en met groot gesukkel in die stikdonker voor dagbreek in die canyon afgeklim tot onder.

Toe strompel hulle oos langs die Nwaswitsontso af, meer as vier kilometer, na die Mosambiekse grens toe.

Hy het nie 'n ander keuse gehad nie. Antwoord hy hulle, skiet hulle vir hom en Pego, dit is seker. Die dreigement teen sy gesin – hy glo dit nie. Sy pa is Iemand, sy pa ken Ministers, sy pa is 'n Verskaffer, 'n onontbeerlike Rat in die Groot Masjien.

Al wat hulle kan doen, is om te verdwyn. Tot dié mense weg is, tot dié ding verby is.

Hulle het nie die grens voor sonop gemaak nie.

Hulle het helikopters gehoor, net nadat die weste begin verkleur het, die veraf ritme van hul rotors, al hoe harder en nader. Jacobus het skuiling gesoek en deur mopanieblare gekyk hoe die twee vliegtuie heen en weer vlieg, volgens 'n soekrooster, hierdie kant van die Ka-Nwamuri-koppie. Nie militêre helikopters nie. Spierwit, soos die Cessna van gister, sonder enige letters of tekens.

Vir meer as 'n uur het die helikopters gesoek en toe verdwyn hulle, suide toe.

Nou moes Jacobus en Pego verby die Shishengedzim-wagpos in die helder dag, en hy het geweet dit is oop daar en die wagpos het 'n uitsig oor die canyon, maar dit is al uitweg. Pego is koorsig en swak. En hy is moeg, so doodmoeg van die swaar vrag op sy skouer.

Hy het die vierhonderd meter onder die wagpos verbygeslinger en gewag vir die skote, hy kon hulle al voel, hy het geweet hulle gaan kom. Hy het twee, drie keer opgekyk na die geboutjie, maar daar was nie lewe nie, daar

was niemand hier nie, geen natuurbewaarders, net die mense by Ka-Nwamuri met hul kables teen die koppie en hul elektroniese oë in die veld.

Hy het die grensdraad geknip en hulle is deur, Mosambiek toe, al met die riviértjie langs, daar was nie lewe nie, nie diere nie, nie mense nie, net die versengende hitte en die vrees en die moegheid, tot hulle ses uur later die vroue gesien het wat wasgoed was in die bedding van die rivier.

* * *

Pego kon die taal van die mense praat. Pego kon vir hulle sê: “Moenie bang wees vir die wit man nie, hy het my lewe gered, hulle soek hom ook, ons wil net bietjie rus.”

Hulle het daar oornag, in die naamlose gehuggie. Die hoofman was ’n ou gryskop wat homself Rico genoem het en deur Pego vir hulle vertel het sy land, Mosambiek, is aan die brand, die oorlog verwoes alles, hulle bly hier, hulle kry nou en dan ietsie as die olifantstropers verbykom en vir hulle geld of kos of klere bring in ruil vir ’n rusplek, maar kyk, hier is nie jong manne nie, hulle is almal weg om te gaan oorlog maak, net om aan die lewe te bly.

Die Sondag, die negentiende Oktober, net voor nege-uur in die aand, het hulle ’n verskriklike geluid gehoor, die naglug wat van noord na suid oopskeur, Sommer hier naby, donderend en oorverdowend, en Jacobus het uit die hut gehardloop en ’n flitsende rooi lig gesien, laag teen die horison.

Die dag daarna, teen drie-uur die middag, het die nuus gekom. Samora Machel is dood. Sy vliegtuig het gisteraand geval, daar by Mbuzini, net honderd-en-dertig kilometer van hier af.

Jacobus het nie dadelik alles bymekaar gesit nie, want die vroue het begin huil en verrimpelde Rico het sy kop geskud en gesê: “Uma coisa má, uma coisa má,” oor en oor, en toe sê hy vir Pego die wit man moet weg, hier sal nou groot moeilikheid kom, die wit man moet weg.

Die Mosambiekers het vir hom klere en ’n bondeltjie kos en water gegee en hulle het sy geweer in ruil gevat. Hulle het vir hom gesê hoe om te loop sodat hy in Swaziland kon kom, waar hy veilig sou wees.

Pego het sy arms om sy vriend geslaan en hom vasgehou en gesê: “Dankie, my broer, ek sal jou weer sien,” en toe is hy daar weg, eers met die rivier langs, suidoos op soek na ’n stowwerige paadjie. En terwyl hy geloop het, het hy stadig maar seker die stukke van die ding begin bymekaar sit.

* * *

Die trek van 200 kilometer het hom byna 'n week geneem, want hy kon net in die nag loop, hy moes weggroep elke keer dat daar mense en voertuie en vliegtuie was.

Agt kilometer oos van die Lomahasha-grenspas is hy oor die berg, Swaziland in. By Ngwenya-kop se Katolieke kerkie het hy vir die eerste keer gewas en ordentlik geëet. Die priesters het vir hom 'n bed gegee en hy het twee dae lank geslaap. Hulle het vir hom klere gegee, want dit wat hy aangehad het, was in vodde. Hulle het vir hom gesê hy is nie die eerste wit Suid-Afrikaner wat daar kom nie. Hulle het twee ander ook gehad, gewetensbeswaardes wat nie militêre diensplig wou doen nie. Daar is mense in Manzini wat kan help. Wag net vir die vragmotor wat Donderdae kom. Ons kan jou nie veel gee nie. Hier is SZL 20, twintig lilangeni. Go with God.

In Manzini het hy die koerante gesien, 'n week na Machel se dood, die beskuldigings teen die Suid-Afrikaanse regering, die woede van Afrika en die Russe.

Toe bel hy sy pa se kantoor van 'n telefoonhokkie af en die skakelbord skakel hom deur na sy pa se sekretaresse toe, en sy snak na haar asem toe hy sê: "Hallo, Alta," en sy sê: "Jacobus?"

Dan gaan die lyn net dood.

Hy probeer weer bel, maar dit wil nie lui nie. Hy vat sy muntstukke en hy loop weg en dan lui die telefoon agter hom. Hy steek vas. Kyk rond. Daar is niemand naby nie.

Hy loop terug en gaan antwoord. "Hallo?"

"Jy's in Swaziland. Ons gaan jou kry. Maar luister ..."

Hy staan versteen. Dit is 'n nuwe stem, nie die een op die radio nie.

"As jy weer jou pa probeer bel, as jy kontak maak met enigiemand, dan sny ons hulle kele af. En ons sal weet, soos ons nou weet. Ek wil hê jy moet vir my sê jy verstaan dit."

Hy kon nie 'n woord uitkry nie.

"Ek wil hoor jy sê jy verstaan dit."

"Ek verstaan."

"Jou pa ry 'n wit Mercedes Benz, TJ 100765. Elke middag ry hy dieselfde pad van die kantoor af. Ongelukke gebeur so maklik. Jou ma is elke Woensdagaand by die NG Kerk Linden se biduur. Sy ry om twintig voor sewe by die huis weg, alleen, in haar Honda Ballade, registrasienommer TJ 128361. Sy is 'n sagte teiken. Jou suster loop van die

skool af, elke middag. Ek dink jy kry die boodskap ... Sê weer vir my jy verstaan.”

“Ek verstaan.”

“Nou goed. Ek sien jy is in Manzini. As jy daar bly, sal ek mense stuur om met jou te kom praat. Ons kan die ding uitwerk ...”

Hy besef die man wil hom op die telefoon hou. Miskien is hier klaar mense wat na hom soek. Hy luister nie verder nie.

Hy sit die telefoon neer en hy draai om en hy loop, haastig, van sy hele lewe af weg.

* * *

Die eerste een is maklik, want ek weet waar hy lê en ek weet dit is hy wat vir Emma geskiet het.

Ek wag tot nege-uur in die aand. Ek kruip oor die rivier in die nagskaduwees. Ek kom van sy agterkant af. Hy lê op sy maag, lekker gemaklik, met die Galil voor hom op die driepoot, ’n nagskoop op waardeur hy nou en dan kyk.

Langs hom lê ’n rugsak. Daar sal drink- en eetgoed in wees. Ek het dit nodig.

Dit is onmoontlik om heeltemal geluidloos in die bos te wees, maak nie saak hoe versigtig jy is nie. Daar is drie meter tussen ons wanneer ek die takkie onder my voet breek. Ek sien hy draai sy kop eers, instinktief, en dan ruk sy bolyf om, maar ek is op my voete, die mes in my regterhand. Hy kom orent. Hy doen wat die meeste sou gedoen het – hy wil sy wapen gebruik, die skerpskuttersgeweer. Hy swaai dit na my toe.

Te stadig. Te laat. Ek stamp die lang lem in sy hart in en ek sê vir hom: “Dit is vir Emma.”

Ek dink nie hy hoor dit nie.

Ek tree terug en laat hom val. Ek sleep hom eenkant toe, tel die geweer op, gaan lê waar hy gelê het, kyk deur die nagskoop na sy dekgebied.

Die Jeep Grand Cherokee staan daar, skuins agter die huis langs ’n Toyota Prado. Groot voertuie. Kan ’n groot span vervoer. Hoeveel is hier? Die huis lyk verlate. Ek swaai die teleskoop stadiger oor die hele gebied. Dan sien ek hom. Op die stoep, agter die muurtjie, net die bokant van sy kop steek uit.

Nommer twee.

As ek hulle was, het ek die ander hek se kant toe ontplooi. Ons sal sien.

Ek hoor 'n stem, baie vaag, fluisterend.

Agter my.

Ek ruk die Glock uit en ek swaai om. Daar is niks.

Ek hoor steeds die stem. 'n Man s'n. Onmoontlik, daar is net diep bos agter my, daar is iets vreemds daaraan.

Klink soos 'n radio.

Ek kruip na Blondie se lyk toe, voel die sakke. Niks. Draai hom om, voel aan die gordel, kry nie iets nie.

Die stem is nou meer hoorbaar. Hier bý hom, iewers aan hom. Bo.

Ek voel-voel, want ek kan nie in dié donkerte sien nie. Hou my oor naby aan sy kop. Hoor dit duidelik. "Wannie, kom in." 'n Sagte fluistering, effens ongeduldig.

Sy oor, die ding sit in sy oor, net 'n klein draadjie wat afhang. Ek moes geweet het hulle sal tegnologie hê. Ek haal dit versigtig uit, sy vel nog nie koud nie. Sit dit in my oor, dit pas nie baie goed nie. Miskien is dit pasgemaak vir hom.

"Wannie, moenie vir my sê jou wek werk nie."

Wat is 'n "wek"? wonder ek.

"Frans, kan jy vir Wannie sien?"

"Negatief."

"Fok."

Nommers drie en vier.

"Moet ek gaan kyk?"

"Ja, dis nog vroeg. Vat vir hom een van die spaar weks, daar's nog agter in die Jeep, in die blou boks."

"O.K."

Ek gaan lê. Weks? Ek kyk deur die skoop. Die een agter die stoepmuur het opgestaan. Frans. Hy draf met die trappe af na die voertuie toe, maak die Jeep agter oop.

"Ek sien nie die boks nie."

"Dis die een waarop staan Voice Activated Comms."

Ek verstaan. Wek. VAC. VAC's.

"Dis nie hier nie."

"Dit móét daar wees."

"Ek sê jou dis nie hier nie."

"Dis agter in die Prado, Eric. Ek het dit geskuif." 'n Nuwe stem. Nommer vyf.

“Thanks.”

Frans maak die Jeep agter toe en loop oor na die Prado toe, maak dit oop, werskaf agterin.

“O.K., ek het dit. Fok, Wannie, moet my nou net nie skiet nie.”

“Hy kan jou nie hoor nie, Frans.”

“Ek sê maar net.”

En dan kom hy oor die grasperk na my toe aangedraf. Ek vat die mes en ek staan op.

* * *

Jacobus le Roux het by die Mlawula-natuurreservaat in Swaziland werk gekry as ’n handlanger. Hy was ’n eienaardigheid vir die swart natuurbewaarders, die wit wegloper-Afrikaner wat die werk van ’n swart man wil doen. Die stil seun wat nie wil saamlag nie.

Met groot moeite en geduld het hy die brokkies nuus en gerugte bymekaar gesit: Machel se vliegtuig was van koers af. Daar was ’n vals baken iewers, ’n VOR, het *The Times of Swaziland* saam met Russiese kenners bespiegel.

Hy het geweet waar die VOR gestaan het. Hy het geweet wie dit daar gesit het.

Die koerante het gesê die Suid-Afrikaanse regering wou Machel dood hê, want dit was breekpunt in Mosambiek. Kenneth Kaunda van Zambië het geswig onder Boeredruk en Renamo beveel om pad te gee uit sy land uit. Renamo se groot veldslag het begin, alles op ’n mespunt, op die rand van die afgrond. Machel se dood moes die laaste strooi wees wat die Frelimo-kameel se rug breek.

Maar in Pretoria ontken hulle alles. Ook die minister wie se gesig hy in die klein vliegtuig gesien het. Veral dié minister.

Dit is wat vir Jacobus die bangste gemaak het. Want hy het geweet hulle lieg en hy het geweet wat hulle sou doen om die leuen te bewaar.

Vyf maande by die Mlawula-natuurreservaat, toe spoor hulle hom op.

Hy kom uit die veld uit en groot, vet Saul Lindani, die Swazibewaarder wat altyd glimlag, sê vir hom: “Moenie huis toe gaan nie, daar wag wittes vir jou. Boere.”

Toe vlug hy weer.

* * *

Frans was die een wat die Jeep bestuur het in die hospitaal se parkeerterrein. Ek lê hom leweloos langs groot Wannie neer, trap sy VAC op die grond stukkend, vat Wannie se rugsak en die Galil en draf deur die donker na die opstal toe.

Daar is minstens nog drie daar buite, maar ek vermoed daar is meer. As hulle net vyf was, sou hulle nie met twee voertuie gekom het nie. Ses is my raaiskoot. Dit beteken daar is nog vier oor. Minstens.

“Wannie, kan jy nou hoor?”

In die donker huis maak ek die rugsak oop. Gebottelde water. En toebroodjies, ruik na hoender.

“Frans, wat maak julle?”

Ek soek na my Twinkies, kry net die leë boks. Nog iets waarvoor hulle sal moet betaal.

“Frans. Kom in, Frans.”

Ek eet en ek drink haastig, net genoeg om die nood te stil.

“Ek glo dit nie.”

Ek vat die Galil en ek gaan by die agterdeur uit, verby die voertuie, suid, na die digte bos waar ek ’n nag gelede gelê en wag het.

“Ek dink ons het moeilikheid, Eric.”

“Fok.”

“En hy sal die geweer ook hê.”

Eric herkou aan dié wysheid.

“En miskien ’n VAC ook,” sê Eric. “Lê doodstil en skiet enigiets wat beweeg.”

Hy het in Swazi-myne gewerk, op afgeleë plase en een keer in 'n plantasie. Soms het hy net weggekruip, in die berge, en gesteel om aan die lewe te bly. Twee keer is hy terug Mosambiek toe, maar daar was geen werk, geen oorlewing nie. Hy het in vrees geleef, elke dag, ses jaar lank. Hy het nooit opgehou om oor sy skouer te kyk nie, hy het 'n instink ontwikkel vir wie hom gaan verrai, en wanneer. Hy het hulle nie kwalik geneem nie – as jy arm en honger is, as jy 'n vrou en vyf kinders iewers in 'n Swazi-dorpie het wat nóg wil hê, nóg, dan vat jy elke sent wat jy kan kry. As jy in die sjebeen in Mbabane iemand raakloop wat vrae vra, dan vertel jy van die eienaardige wit man wat langs jou in die mynskag staan, die een wat jou taal praat en nooit lag nie.

In 1992 was die Swazi-koerante vol van die Groot Verandering in Suid-Afrika.

Toe kry hy hoop.

Toe wag hy vir nog twee jaar, tot Maart van 1994 en hy vat die geld wat hy gespaar het en gaan koop vir hom 'n nuwe gesig by 'n chirurg in Mbabane en 'n Nissan 1400-bakkie en 'n vals paspoort in Bulembu en hy ry oor die grens en af met die berg, Barberton toe.

Hy het by 'n telefoonhokkie in die middedorp gestaan en sy ouers se huisnommer gebel, maar voor dit kon begin lui, het die vrees hom oorval en hy het die telefoon neergesit.

Sê nou maar ...

Wag vir die verkiesing om verby te kom. Wag, want jy wag al agt jaar, jy kan nog 'n paar maande wag.

'n Week later het hy in 'n kroeg van Stef Moller gehoor en Heuningklip toe gery. Dit was eers toe hy met Melanie Lottering wou trou dat hy geweet het die tyd is reg, dis veilig genoeg, hy kan sy ouers weer sien.

Ek weet waar hulle sal moet lê om die hek en die ingangspad te sien. En ek weet uit watter rigting hulle my verwag.

Hulle sal twee-twee bymekaar wees, want dit maak alles makliker. Vir my ook.

Ek kom uit die weste, want hulle fokus sal suid wees, met die ander spanlid wat noord kyk. Ek sien deur die nagskoop twee van hulle lê – binne vyftig meter van waar my eie nes was toe ek vir Donnie Branca en Stef Moller ingewag het.

Ek ken nie die Galil nie. Ek weet nie op watter afstand die skoop gekalibreer is nie. Ek luiperdkruip tot 200 meter van hulle af en kry my lê, baie stadige, doelbewuste bewegings, kry genoeg skuiling en dan lê ek aan.

Geen wind nie. Laat die kruis stilstaan op die een wat suid kyk se skouer, haal diep asem, blaas dit stadig uit, druk die sneller. Niks gebeur nie.

Maak seker die veiligheidsknip is af. Dan snap ek. Tweestadiumsneller, dis 'n sluipskutgeweer.

Lê weer aan, asem in en uit, druk die sneller, druk dit weer en die skoot klap oorverdowend. Ek swaai die loop na die ander een toe, hy beweeg, kyk om na sy makker toe. Ek skiet, sien hoe hy ruk.

Dan is dit stil.

“Wie’t geskiet?” Eric se stem.

Die laaste twee. Ek is nie doodseker waar hulle is nie. Vermoed hulle sal die oostelike front dek, iewers anderkant die blaartunnel waar ek met Branca-hulle gepraat het. Ek staan op en begin aandraf, van donker kol na donker kol.

“Dave, kom in, Dave, wie’t geskiet? Het julle iets gesien?”

“Eric, kan jy my hoor?” sê ek.

“Wie de fok is dit?”

“My naam is Lemmer en ek lê vir jou en kyk deur ’n Galil se nagskoop.”

Ek moet hom laat praat – ’n man wat praat, kan nie hoor nie. Hy praat nie.

“Dis net julle wat oor is, Eric. Nou sê vir my hoekom ek nie die sneller moet trek nie.”

“Wat wil jy hê?”

“Inligting.”

Ek sien hulle nie. Ek is by die tweespoorpaadjie tussen die huis en die hek, ek swaai die skoop van links na regs, stadig, maar ek sien hulle nie. Nog verder oos? Kan wees.

“Watse inligting?”

“Ek het net twee vrae. Maar jy moet mooi dink voor jy antwoord, want jy kry net een kans.”

“Ek luister.”

Ek weet wat hy doen. Hy sal vir sy makker beduie: Kyk hier, kyk daar. Hulle oë sal na my soek. Die adrenalien sal pomp, hulle sal reg wees om te skiet.

“Sit eers neer die wapens.”

Ek kan nie aanhou met soek nie, as hulle my sien, net ’n beweging, sal hulle weet ek lieg.

“Ek sê, sit neer die wapens.”

“O.K.”

“Nou staan julle op.”

Ek sien niks. Hulle is nader aan die hek as wat ek gedink het.

“Al twee van julle.”

Ek wag, laat die stilte uitrek.

“Wat nou?” vra Eric.

“Loop na die pad toe.”

“Watter pad?”

“Die pad opstal toe.”

“O.K.”

Maar ek sien niks.

Weet hulle ek bluf?

Ek kan nie nog iets sê nie. Hulle lê dalk nog.

Dan sien ek die beweging, ver af in die pad.

“Ons is by die pad.”

“Loop na die huis se kant toe.”

Hulle kom, nog onherkenbaar ver in die donker.

“Eric, sit jou hande op jou kop.”

Al twee die figure sit hande op die kop.

“Nee, nie al twee nie. Net Eric.”

Een van hulle se hande sak. Ek laat hulle tot ’n honderd meter van my af kom, dan mik ek vir die bobeen van die een wat nie Eric is nie. Ek skiet en hy val.

“Wat die fok maak jy?”

“Gaan lê langs hom.”

“Here, Eric, my been.”

Ek hardloop tussen die bome langs die pad, nader aan hulle.

Die ander een kerm oor sy been. Vyftig meter, dan val ek plat aan die soom van die bos en lê aan.

“Ek gaan doodbloei, Eric.”

“Bly stil, Kappies.”

Ek sien hulle duidelik. Eric wat langs Kappies lê.

“Jy beter hom help,” sê ek.

Eric kom orent. Hy kyk net na sy makker.

“Help my, Eric.”

Eric gryp na sy middellyf. Vir ’n oomblik dink ek hy het ’n vuurwapen daar, maar dan sien ek hy pluk sy gordel af.

“Jissis, Kappies.” Hy trek die gordel om sy makker se been.

“Dit help nie.” Kappies se stem is vreesbevange.

“Lê fokken stil, ek doen wat ek kan.” Eric ruk sy hemp uit en skeur dit. “Ek’s nie ’n fokken dokter nie.”

Hy draai stukke hemp om die wond, koorsagtig. Dan is hy klaar.

“Dis al wat ek kan doen.”

Kappies kreun net.

“Dis tyd vir antwoorde,” sê ek.

“Wat wil jy hê?”

“Ek het net twee vrae. En jy moet vinnig antwoord. As jy jou tyd vat, skiet ek hom weer. In die ander been. As jy lieg, skiet ek vir jǃú.”

“Asseblief,” smeek Kappies.

“Vra wat jy wil vra.”

“Ek tel net tot drie. As jy nie antwoord nie, skiet ek hom. Dis in jou hande.”

“Vra.”

“Nou goed. Vraag een: Vir wie werk julle?”

Hy antwoord nie dadelik nie. “Een.”

“Jissis, Eric.”

“Twee.”

Dis Kappies wat skree: “Es Cee Ay!”

“Wat?”

“Southern Cross Avionics!” skree Kappies.

“Dankie,” sê ek. “Nou vir vraag twee: Wie het die opdrag gegee om vir Emma le Roux dood te maak?”

“Hoe bedoel jy?”

Eric probeer tyd wen. Ek skiet, doelbewus net langs Kappies se voet. Hy gil, hoog en vreesbevange.

“Asseblief, asseblief, dit was Eric.”

“Jissis, Kappies.”

“Dit was, Eric, jy fokken weet dit.”

“Luister vir my,” sê Eric haastig en hy kyk in my rigting. “Die boodskap het van bo af gekom.”

“Van wie af?”

“Sê hom, Eric.”

“Een,” tel ek.

Stilte.

“Twee.”

“Here, Eric, sê vir hom.”

“Wernich.”

“Wie is Wernich?”

“Quintus Wernich. Hy’s die Voorsitter.”

“Van wat?”

“Van die Direksie.”

“Waar is hy?”

“Jy’t gesê twee vrae.”

“Ek het gelieg.”

Kappies maak weer ’n kermgeluid.

“Waar is hy?”

“Hy bly op Stellenbosch,” skree Kappies. “Ons het nie die adres nie.”

“Wie was die drie wat Emma in die Kaap aangeval het?”

“Kappies, jy bly stil.”

“Dit was Eric en Wannie en Frans.”

“Fok, Kappies, ek moes jou laat bloei het, jou lafaard.”

“En wie het ons by die kruising aangeval?”

“Hulle. Hulle drie.”

“Was dit hulle wat vir Frank Wolhuter in die leeuhoek gegooi het?”

“Ja.”

“Jy was by, Kappies.”

“Ek het in die Jeep gesit, ek sweer.”

“Wat het julle by Wolhuter gekry? Wat wou hy vir Emma gewys het.”

“’n Foto.”

“Watse foto?”

“’n Ou foto. Van Emma en haar broer, toe hy nog in die army was.”

“Was dit hulle wat vir Edwin Dibakwane gemartel het?”

“Wie?”

“Die hekwag van Mohlolobe.”

“Ons was almal daar. Kappies ook.”

“Maar Eric het die slang in julle huis gesit.”

Twee groot kamerade, dit kan ek sien.

“Wat het julle met die Jeep in die hospitaal se parkeerterrein gesoek, nou die dag?”

“Ons wou ’n GPS-sensor op jou kar sit, toe kom julle uit.”

“Hoe het julle geweet watter een my kar is?”

“Ons het in Budget se rekenaarstelsel ingegaan.”

“Daar was ’n GPS-ding aan Emma se kar.”

“Hoekom het hulle so lank gewag voor hulle ons aangeval het?”

“Ons het nie gedink sy sal iets kry nie,” sê Eric.

“En toe kry sy die briefie.”

“Ja.”

Ek staan stadig op. Ek los die Galil op die grond. “Jy kan nou opstaan, Eric,” sê ek vir hom.

“Jy gaan my skiet.”

“Nee,” sê ek vir hom. “Ek gaan jou nie skiet nie.”

* * *

Die laaste deel van sy storie het Cobie vir my onder die doringboom op Heuningklip vertel, sy stem heel en moeg en sonder infleksie. Soms moes hy stilbly om die emosie te beheer. Dan het hy net gesit, met krom skouers en ’n kop wat op sy bors hang en hy het stadig in-en-uit-geasem, sy kragte bymekaar maak.

“Ek was so versigtig,” het hy gesê. “Nie net oor hulle veiligheid nie. Ek het geweet hoe dit vir my pa-hulle sou wees. Vir my ma, wat gedink het ek is dood en dan skielik is ek nie meer nie, dit sou vir hulle ...”

Vier, vyf keer haal hy asem.

“Ek wou nie bel nie. Ek het nie geweet of hulle nog sal afluister nie, ná al die jare. Toe dink ek ek moet eers na my pa toe gaan, by sy werk. Toe kom ek daar en ek vra of ek hom kan sien en hulle sê hy is nie by die werk nie, hy is met vakansie en hulle het nie vakatures nie.

“Toe sê ek ek soek nie werk nie, ek is familie. Toe kyk sy my so, en sy sê ‘familie?’, asof ek lieg. Toe vra ek vir haar wanneer kom hy terug en sy sê eers oor twee weke. En ek vra waar is hy en sy sê meneer, ons gee nie sulke inligting uit nie. Ek het gesê as ek ’n boodskap los, sal hulle vir hom kan bel, toe sê sy nee, meneer, hy is met vakansie, ons pla hom nie.

“Toe vra ek is Alta hier, toe sê sy wie, en ek sê Alta Blomerus, en sy sê daar werk nie so iemand nie.

“Ek sê sy was meneer Le Roux se sekretaresse, en sy sê, meneer Le Roux se sekretaresse is mevrou Davel, die afgelope vyf jaar al, en sy sê, meneer, ek moet die telefone beantwoord, meneer Le Roux sal oor twee weke terug wees, ek is jammer.

“Ek vra, maar is hy by die huis, en sy is haastig en sy sê, nee, hulle is nie by die huis nie, verskoon my, meneer, en toe weet ek nie wat om te doen nie en ek draai om en ek loop en toe gaan maak ek die fout, die groot fout.”

Hy het ’n kamer in ’n gastehuis in Randburg gekry, net ’n paar kilometer van sy ouers se huis af en hy het die hele middag op sy bed gelê en dink. Toe staan hy op en hy bel die huis se nommer, net om te hoor of hulle nie dalk daar is nie.

Sy ma se stem op die antwoordmasjien. “Ons kan nie nou jou oproep neem nie. Probeer ons op die sel. Die nommer is ...” Hy het die telefoon neergesit en op die bed gesit en gebewe oor sy ma se stem, die eerste keer in amper twee dekades, en sy klink nog net dieselfde, presies dieselfde, asof hy haar gister laas gesien het.

Toe bel hy weer en hy luister. Herhaaldelik, tot hy die selnommer uit sy kop uit geken het en toe begin die drang in hom, toe begin hy dink aan selfone, hoe kan hulle selfone afluister, daar is nie drade nie, daar is nie plek vir mikrofone nie, as hy versigtig is, as hy net vra waar hulle is, sal dit veilig wees. Hy sal maak of hy iemand anders is.

“Ek het nie geslaap nie. Die hele nag lank het ek net gedink wat ek sal sê, ek het alles reg gehad. Ek het in die telefoonboek gekyk tot ek die naam van ’n maatskappy gekry het, ’n staalhandelaar en ek het gedink ek sal sê ek is Van der Merwe van Benoni Staal en ek wil met hom praat, want ons wil besigheid doen en wanneer is hy terug?

“Toe bel ek nege-uur die volgende oggend en my ma antwoord en sy sê: ‘Dit is Sara le Roux, goeiemôre,’ en ek wil huil, op daardie oomblik wil ek sê: ‘Hallo, Ma, dis ék, Ma,’ en sy sê: ‘Hallo?’ en ek sê: ‘Goeiemôre,

mevrou, kan ek asseblief met Johan le Roux praat?’ Toe sê sy niks en ek sê: ‘Hallo. Mevrou le Roux?’

“Toe sê my ma: ‘Liewe Here, Jacobus,’ en toe skrik ek. En ek kon dit nie help nie, ek wou huil, my ma, sy het my stem herken ná elf jaar, sy het geweet dis ek. Toe huil ek, toe huil ek en ek kon dit nie help nie, en ek sê: ‘Ma,’ en sy sê: ‘My kind, Here, my kind.’

“Maar toe raak ek verskriklik bang en toe druk ek die telefoon dood en ek gryp my goed en ek loop daar uit.

“Die volgende middag toe gaan koop ek vir my ’n selfoon en ek bel haar weer. Toe is dit nie sy wat antwoord nie, toe is dit die polisie van Willowmore en hulle sê: ‘Ons is jammer, meneer, mevrou Le Roux is dood, sy en meneer Le Roux, hier in die Perdepoort op die N9.’”

OceanofPDF.com

Ek ken ouens soos Eric.

Hulle kom uit die grys massa van die middelklas, van vroeg af groter en sterker as die res. Op skool is hulle vasgevang in die nikswees-niemandslan tussen die in-groepe van akademiese presteerders en sporthelde. En die enigste manier om te ontsnap, om raakgesien en gerespekteer te word, is deur fisieke intimidasie. Dit is die grondstowwe waaruit die boelie gevorm word.

Hulle weet instinktief die strategie sal nie in 'n grootmenswêreld werk nie. Daarom gaan hulle polisie of weermag toe, want die uniform moet kompenseer. En dan ontdek hulle die Mag van die Vuurwapen en raak verslaaf daaraan. Maar die salaris, die werksomstandighede, die gebrek aan vordering deur die range en die voortdurende besef dat hulle steeds net middelklas is, laat hulle onrustig en gefrustreerd. Ná vier of vyf jaar gaan soek hulle die geleenthede van die private sektor, maar hulle hou nooit op om die Stories te vertel nie – van hoe rof en onbeskof hulle in Die Mag was. Want jy moet weet, hy is onverskrokke, hy is taai en sterk, hy het soveel ouens gebliksem en soveel geskiet.

Hulle glo hul eie reputasie, want in groepe van drie of vyf of ses kan hulle vroue aanval, swart hekwagte martel, middeljarige wildebewaarders oor die leeuhoek se draad gooi. Skrik vir niks, harde manne van geweld.

Maar vat sy wapen en sy makkers weg en hy is niks.

Ek loop hom in die tweespoorpaadjie tegemoet. Groot, stewig. Ek slaan hom in die gesig. Hy val, en staan weer op.

“Ek gaan jou doodmaak,” sê hy, vol bravade. Hy lig sy vuiste, hy laat sy kop sak en kyk onder sy dik wenkbroue deur na my. Hy pik met 'n regter. Ek gryp sy vuis, ruk hom vorentoe en dan klap ek hom met die agterkant van my hand deur die gesig.

Hy wil nie wys hy is verneder nie. Hy dans weg, 'n swak nabootsing van ligvoetse onverskrokkenheid.

Hy kom weer vir my, versigtiger. Twee, drie linkers na my lyf toe. Ek laat hom tref, dit is nie verlammeende houe nie. Dit gee hom selfvertroue. Die volgende sal die regter wees, die aspirant-uitklophou, die een wat hy van onder sy skouer gaan swaai.

Sy balans is nie sleg nie, hy weet om nie met die oë te telegrafeer nie – iewers in sy jeug was daar 'n paar jaar se boks. Dan slaan hy en ek laat dit links van my kop verbygaan.

En dan gaan ek weg na die ander wêreld. Die ander staat. Waar tyd stilstaan. Waar alles verdwyn, jy hoor niks en jy sien net 'n grysrooi mis. En hierdie ding hier voor jou wat jy wil verwoes met alles wat jy in jou het.

* * *

Ek gaan haal die Jeep en sleep vir Wannie en Eric in die voertuig in en laai hulle by die opstal af. Ek maak hulle elkeen aan 'n bed vas met binddraad wat ek agter in die Prado kry, tussen indrukwekkende toerusting. Daar is radio-ontvangers en onidentifiseerbare elektroniese bokse met LED-paneel en skakelaars, skootrekenaars, oorfone, mikrofone en antennes, verlengingskoorde en gereedskap. Ek wonder of dit is waarmee hulle die oproepe afgeluister het. Op een kartonkas staan daar *GPS Tracking*.

Ek kyk na Kappies se wond as ek hom klaar vasgewoel het. Hy sal leef. Maar hy sal nie die Comrades wen nie. Hy staar net woordeloos na my, met vrees in sy oë.

Of Eric dit gaan maak, weet ek nie. Ek gee nie regtig om nie. Dan trek ek my bebloede klere uit en gaan bad.

Ek vat my sportsak en ek ry met die Jeep na die bosboustasie toe, los dit daar en vat die Nissan. Net na middernag ry ek Nelspruit toe.

In die SouthMed-kliniek se parkeerterrein bel ek eers vir Jeanette Louw. Sy moes al geslaap het, maar sy steek dit goed weg.

“Ek het hulle gekry,” sê ek.

“Gekry?”

“Vier is dood, twee nog nie.”

“Here, Lemmer.”

“Dis nog nie verby nie, Jeanette. Ek moet môre Kaap toe.”

“Wat is in die Kaap?”

“Ek soek die adres van ’n Quintus Wernich, die voorsitter van die direksie van Southern Cross Avionics. Hy bly op Stellenbosch.”

“Fok,” sê Jeanette Louw.

“Ken jy hom?”

“Wat gaan aan, Lemmer?”

“Jeanette, daar is nie nou tyd nie. Ek sal jou alles vertel, maar nie nou nie. Jy ken vir Wernich.”

“Ek het hom ontmoet toe ek verlede jaar vir Southern Cross ’n voorlegging gaan doen het oor ons dienste. Ná al die moeite sê die doos vir my nee dankie, hulle het hulle eie mense.”

Nie méér nie, dink ek. “Wat nog?”

“Ek het alles geweet voor ek daar gaan praat het, maar dis maande gelede, ek sal moet dink ... As ek reg onthou, het hulle naam gemaak met nuwe stelsels vir die Mirage, die vegvliegtuig. Ek het nog die goed hier iewers, ek sal kyk.”

“Kan jy Wernich se adres kry? En vir my ’n vlug Kaap toe bespreek?”

“Ek sal.” Dan vra sy skerp: “Wanneer laas het jy geslaap?”

“Ek weet nie. Eergister. So iets. Ek is by die hospitaal. Ek sal netnou ’n uiltjie gaan knip.”

“Goeie plan ... Luister, jy wou weet oor ’n Stef Moller ...”

“Ja.”

“Wag, laat ek net die papiere kry ... Jy moet weet dat wat ek gekry het, is maar meestal spekulasie, jy gaan dit nie kan bewys nie.”

“Ek wil niks bewys nie. Hy’s eintlik uit die prentjie.”

“Nou, vir wat dit werd is, het jy al ooit gehoor van Framatrans?”

“Nee.”

“Ek gaan jou nie verveel met die detail nie, maar in die sewentigs en tagtigs het die Weermag ivoor gesmokkel en Framatrans was die frontmaatskappy. Ons praat honderde miljoene rande. In 1996 het die Krumpholtz-kommissie die ding ondersoek, en hulle verslag sê daar was moontlik groot korrupsie en selfverryking. Maar jy kan dink, niemand wou vingers wys nie. Een van die name wat genoem is, was dié van Stefanus Lodewikus Moller. Hy was Framatrans se ouditeur. Hy was die een wat die geld rondgeskuif het.”

Ek is te moeg om dit alles onmiddellik te vertel.

“Is jy daar?” vra Jeanette.

“Ek is verstom.”

“Ja, Lemmer, hierdie fokken land ... Maar gaan slaap jou slaap, ek bel jou môreoggend.”

“Dankie, Jeanette.”

“Voor ek vergeet ...” sê sy dringend.

“Wat?”

“Jy kan nie die Glock op die vliegtuig vat nie.”

“O. Ja. Ek het nog nie sover gedink nie.”

“Los dit by B.J. Ek kry vir jou iets hierdie kant.”

Ek vat my sak en loop by die hospitaal in. B.J. Fikter is op nagdiens. Hy lyk vars en paraat en hy haal sy hand van sy vuurwapen af as hy sien wie dit is. Die polisiekonstabel sit en slaap oorkant hom.

“Jy lyk fraai,” sê hy.

“En ek het nog nie eens gegrimeer nie. Is hier nuus?”

Hy skud net sy kop.

“Die risiko het aansienlik verminder. Ek wou net kom sê. Nog nie heeltemal uitgeskakel nie, maar ek dink nie jy sal vannag gepla word nie.”

“Jy’t hulle gekry.”

“Ek het.”

“Dankie dat jy jou vriende na jou partytjies toe nooi.”

“Ek het nie geweet jy’s ’n paartie-animal nie. Jy lyk so huislik.”

“O, die maskers wat ons dra. Wat gaan jy nou doen?”

“Ek gaan nou op die VIP-suite se rusbank slaap. Ek wil net eers ...” Ek beduie na Emma se kamer toe.

Hy sê niks, grinnik net.

Die swart nagverpleegster herken my. Sy knik, ek kan maar ingaan.

Ek maak die deur oop en stap tot by haar bed. Sy lê nog net so. Ek kyk vir haar en dan kom ’n groot moegheid oor my en ek gaan sit en ek steek my hand uit en laat dit op hare rus.

“Emma, ek het vir Jacobus gekry.”

Haar asemhaling is diep en rustig.

“Hy verlang verskriklik na jou. Hy gaan hiernatoe kom, miskien môre al, Emma. En as jy gesond word, sal jy hom kan sien.”

’n Mens kan jouself nie vertrou as jy meer as veertig uur laas geslaap het nie. Jou kop is ’n maalstroom, jou sintuie laat jou in die steek, jy is in ’n wêreld waar droom en werklikheid moeilik onderskeibaar is.

Daarom, wanneer ek my verbeel Emma se hand beweeg so klein en byna onwaarneembaar onder myne, weet ek dit is ’n illusie.

* * *

Vincent (Pego) Mashego het in die somer van 2003 'n kursus gaan doen by die Mogale-rehabilitasiesentrum. En een middag het hy tussen die geboue deurgeloop en in die hok van die lammergier 'n man sien staan wat sy hart laat ruk het.

Die man was op sy hurke, besig om mis van die vloer af op te skraap en Pego het net woordeloos gestaan en staar, want dit was soos 'n droom, onwerklik, onbegryplik.

En toe kyk die man op en toe weet hy dit is Jacobus le Roux.

Jacobus het uitgestorm, sodat die lammergier ontsteld haar reusevlerke geklap het. Hulle het woordeloos hul arms om mekaar gegooi, sewentien jaar nadat hulle by 'n naamlose gehuggie in Mosambiek afskeid geneem het. Jacobus het hom na sy huisie toe gelei uit vrees dat iemand sou sien, dat die onheil kan terugkom om ook vir Pego te eis.

Hulle het hul stories aan mekaar vertel. In 1986 het Pego ses maande in Mosambiek gebly en toe is hy terug na sy mense toe. Ja, daar was wittes wat na hom kom vra het. Net twee keer.

Hy was bang. Hy kon nie die volle verhaal vir sy familie vertel nie, uit vrees dat iemand iewers die verkeerde ding sal sê. Wat hulle betref, was daar net groot moeilikheid tussen hom en die Boere, moeilikheid wat genoodsaak het dat hulle nooit moet weet hy het teruggekom nie, moeilikheid wat bepaal dat hy nooit weer Pego kan wees nie, hulle sal hom net Vincent noem, sodat hy 'n nuwe lewe kan begin.

Die Boere het nie weer na hom kom soek nie. Miskien het hulle gedink sy woord hou nie gevaar in nie. Wie sal 'n Mapulana glo wat stories vertel oor ligte en kables in die wildtuin, van mense wat hom geskiet en gebrand het?

Eers laat in 1987 het hy werk gekry by 'n private natuureservaat as 'n kelner, maar die eienaar het sy kennis van die veld raakgesien en hom geskuif, sodat hy 'n assistent vir die veldwagtergidse geword het.

In 1990 is hy getroud met Venolia Lebyane en in 1995 het hy die advertensie gesien van die Limpopo Parkeraad. Hulle het swart mense gesoek met matriek wat veldwagters in die provinsie se wildtuine wil word. Hy het nie die skoling gehad nie, maar hy het hulle gaan sien in Polokwane, hy het vir hulle vertel sy geleerdheid lê in die bos, hy het nie papiere daarvoor nie. Maar hulle moet hom net 'n kans gee, asseblief.

Hulle het, want daar was nie baie aansoeke nie, die mense van Limpopo wil in die stad werk, nie in die veld nie. En toe word Vincent Mashego 'n veldwagter en nou is hy die hoof van die Talamati Bushveld Camp in Limpopo-provinsie se Manyeleti-wildtuin, wat langs Kruger lê.

Toe vertel Jacobus sy storie vir Pego en die swart man het hom vasgehou terwyl hy gehuil het. En gesê hy skuld vir Jacobus sy lewe. Daarom sal hy help.

Daar is niks wat hy kan doen nie, het Jacobus gesê.

Daar sal wees. Die een of ander tyd.

Hulle het mekaar gesien, daarna. Nou en dan het Jacobus met groot versigtigheid na Manyeleti gery en om 'n kampvuur langs Pego gaan sit, en dan was dit amper soos in die ou dae toe hulle gepraat het oor die veld en die diere. Maar nou was hul gesprekke oor die druk wat aan die oplaai is teen die natuur, oor die bedreigings, die wit ontwikkelings, die swart grondeise, die wilddiewe wat agter renosterhoring en aasvoëlkoppe aan oor kleurgrense heen gierig geword het.

En met die soveelste vergiftiging het Jacobus le Roux sy kop verloor. Hy het vir my gesê dit was asof twintig jaar se vrees en frustrasie en dood op daardie oomblik vir hom net te veel geword het. Hy het tussen die karkasse in die veld gestaan en hy kon nie meer aan al die goed dra nie. Dié manjifieke diere wat hy by Mogale so goed leer ken het, hierdie beeldskone voëls wat nog ure tevore hul geweldige vlerke in die wind gespan het, was skielik die simbool van sy lewe se klein nuttelosheid. Iets het eindelijk binne-in hom gebreek. Hy het die geweer gaan haal en die spoor gevolg. Tot by die sangoma se hut en toe kry hy hulle daar binne, die aasvoëls en die stomp messe waarmee hulle die karkasse opsny en die hopies geld en die plastieksakkies en die vier mense. En toe skiet hy hulle. In sy waansin en sy haat en sy woede.

Hy het eers drie uur later, iewers in die veld, tot sy sinne gekom. Besef wat hy gedoen het. En toe vlug hy na Pego toe, wat hom weggesteek en gesê het hy sal hom help, want sy vrou, Venolia Mashego, werk by die polisie in Hoedspruit, sy sal vir hulle kan sê of hulle vir Jacobus soek.

Venolia Mashego was daar, in die kantoor saam met Jack Phatudi, toe 'n vrou van die Kaap af gebel het om te hoor of Jacobus le Roux nie dalk Cobie de Villiers was nie. Pego het geweet dit is die suster. Hy het self Emma se nommer gekry en gebel, want hy wou sy skuld aan Jacobus

terugbetaal deur sy suster te red. Maar in die bos van Manyeleti is die selfoonsein swak en hy weet nie hoeveel Emma gehoor het nie.

Jacobus was vir hom kwaad gewees toe hy dit hoor – so kwaad dat hy in die nag daar weg is, na Stef Moller toe. Maar ná die dood van Frank Wolhuter het Jacobus vir Pego gebel en gesê hy was verkeerd. Hulle moet vir Emma waarsku, hulle moet haar hier wegkry.

Dit was Pego wat die briefie geskryf en by die hekwag, Edwin Dibakwane, laat aflewer het.

Maar dit was te laat.

OceanofPDF.com

46

Ek droom nog van die skedels in die berg by Motlasedi wanneer Jeanette net ná agt bel.

“Ek het jou op die enigste direkte vlug. Vertrek 14:35, land vyfuur in die Kaap.”

“Dis jammer.”

“Hoekom?”

“Wernich sit en wag vir nuus van sy aanvalsbende. Hy sal teen daardie tyd al baie bekommerd wees. Ek hoop nie hy kry ’n skielike lus vir reis nie.”

“Wil jy hê ek moet hom laat dophou?”

“Dit sal baie help.”

“Dis gedoen.”

“Dankie, Jeanette.”

“Moenie idees kry nie, Lemmer. Ek doen dit vir ons kliënt.”

* * *

Ek sê vir dr. Eleanor Taljaard daar sal vanmiddag hopelik ’n familielid na Emma toe kom, iemand wie se stem sy al baie lank wag om te hoor.

“Ons het ’n wonderwerk nodig, Lemmer. Jy weet wat ek vir jou gesê het: Hoe langer hulle in ’n koma bly ...”

“Wonderwerke gebeur,” sê ek, maar nóg ek nóg sy glo dit.

Ek ry lughawe toe en wag tot twintig minute voor die vlug Kaap toe vertrek. Dan bel ek vir Jack Phatudi. Hulle sê hy is besig en ek sê dit is ’n noodgeval, ek soek sy selfoonnommer.

Watse noodgeval?

Dat ek die mense gekry het wat vir Edwin Dibakwane gemartel en vermoor het.

Hulle gee Phatudi se selnommer vir my. Hy is stug en aggressief, tot ek vir hom sê waar hy hulle kan kry, die moordenaars van Wolhuter en

Dibakwane, die mense wat vir Emma le Roux geskiet het. Ek sê vir hom die meeste van hulle is dood, maar daar is een wat nog lewe, dalk twee. Hulle is stukkend, maar hulle sal in 'n hof kan staan.

“Hulle sal nie praat nie, Jack, maar dis die mense wat jy soek. Doen die forensies, die bewyse is daar.”

“Het jy hulle doodgemaak?”

“Selfverdediging, Jack.”

Hy sê iets in sePedi, wat duidelik beteken dat hy my nie glo nie.

“Totsiens, Jack.”

“Wag. Waar’s Cobie de Villiers?”

“Ek soek nog. Maar jy kan maar jou mense onttrek by die hospitaal. Daar is nie meer gevaar vir haar nie.”

“Waar is jy?”

“In Johannesburg,” lieg ek. “Op die lughawe.”

“Ek gaan jou kom haal, Lemmer, as jy vir my lieg.”

“Nou’s ek so bang ek sal eers moet aflui, Jack.”

Hy vererg hom en beëindig die oproep. Nog ’n kans om rassebrûe te bou daarmee heen.

Stef Moller se nommer het ek op die oproeplys van Emma se selfoon gekry. Wanneer hulle die eerste aankondiging maak dat ons aan boord moet stap, bel ek hom. Dit lui lank en dan antwoord Moller self.

“Stef, dis Lemmer ...”

“Wat wil jy hê?”

“Hoe gaan dit met Jacobus?”

“Cobie.”

“Hoe gaan dit met hom?”

“Wat wil jy hê moet ek vir jou sê? Dat dit goed gaan? Ná alles wat jy gedoen het?”

“Hoe is hy?”

“Hy praat nie. Hy sit net daar.”

“Stef, ek wil hê jy moet vir hom ’n boodskap gee.”

“Nee.”

“Luister net. Sê vir hom ek het hulle gekry. Ses van hulle. Vier is dood, twee sal moet hospitaal toe, maar dit sal onder polisiebewaking wees. Sê vir hom ek is nou op pad Kaap toe om die kop ook te gaan afkap.”

Ek luister lank na Stef Moller se asemhaling aan die ander kant voor hy op sy stadige en afgemete manier sê: “Is jy seker?”

“Sê vir Cobie hy moet dat Pego sy vrou bel vir bevestiging.”

Hy antwoord nie.

“En Stef, dan sê jy vir hom die dokters sê daar is net een ding wat vir Emma kan red. Jacobus moet met haar gaan praat.”

“Gaan praat?”

“Dis reg. Hy moet met haar gaan praat. Vat hom, Stef. Vat hom na Emma toe.”

“This is a final boarding call for Flight 8801 to Cape Town,” hoor ek op die agtergrond.

“Vat hom, Stef. Belowe my.”

“Wat van Hb?” vra hy.

“Wie?”

“Hb.”

“Nog nooit van hulle gehoor nie, Stef. Is dit nie wat hulle ’n harde potlood noem nie?”

* * *

Op die vliegtuig dink ek aan Stef Moller. Wat nie wil sê waar sy geld vandaan kom nie, wat agter ’n geslote hek gaan absolusie soek het deur te probeer vergoed vir die onregte teen die natuur waaraan hy aandadig was.

So het ons elkeen ons manier.

Ek slaap twee uur lank op die vlug en word wakker wanneer die Canadair Jet hard op Kaapstad Internasionaal land. Jeanette wag vir my in die aankomssaal. Swart Armani-pak, wit hemp en ’n das met die Suid-Afrikaanse vlag daarop. Sy val langs my in en ons loop skouer aan skouer buitetoe, waar die suidooster stormsterkte waai.

“Hy is by hulle hoofkantoor in Century City,” sê sy bo die tierende wind.

“Hoeveel kantore het hulle?”

“Een in Johannesburg, en die aanleg buite Stellenbosch. Ek het vir jou die goed gebring waaruit ek destyds my navorsing gedoen het. Jy kan in die kar lees.”

“Die kar” is ’n Porsche, klassieke lyne en ’n klein drukvlerk agter.

Sy klim in, leun oor en sluit vir my die passasiersdeur oop. Ek druk my sak oor die sitplek tot in die klein spasie agter en klim in.

“Kwaai wiele,” sê ek.

Sy glimlag net en sit dit aan. Indrukwekkende geluide kom van agter af.

“Wat noem ’n mens dié ding?”

“Babe magnet,” sê sy en trek weg.

“Ek bedoel watse model is dit?”

Sy gee my ’n kyk asof ek behoort te weet. “Dis ’n 911 Turbo, Lemmer.”

“O.”

“Jissis, julle plattelanders. Dis die 930-reeks, 1984-model. Op haar dag was sy die vinnigste op die pad.”

“Sy?”

“Natuurlik is dit ’n ‘sy’. Mooi, sexy ...”

Ons ry oor ’n spoedhobbel. Stadig.

“... en sonder suspensie?”

“Fokkof, Lemmer. Jy het leeswerk daar agter.”

Ek draai om en vat die stapeltjie dokumente. Heel bo lê ’n maatskappy-prospektus: *Southern Cross Avionics. Innovation. Dedication. Quality.* Op die voorblad is daar ’n foto van ’n Mirage-vegvliegtuig in vlug. Volkleur, duur, dik papier. Ek begin lees.

Southern Cross Avionics is Africa’s foremost developer of aerospace systems, a world-class competitor driven by constant innovation, total dedication to client satisfaction, and a passion for the absolute quality of our products.

“Beskeie mense,” sê ek.

“Propaganda,” sê Jeanette.

Ek blaai om. Die opskrif sê *Our Heritage*.

In 1983, two brilliant South African electronic engineers had a dream – a dream of starting their own company based on their unwavering belief that innovative research and daring design were the cornerstones of developing aerospace systems for the future. They resigned from their jobs with a parastatal weapons manufacturer, and founded the company in a tiny warehouse in their home town of Stellenbosch.

From these humble beginnings, and despite the tragic loss of one of the founding members in a 1986 mountaineering accident, Southern Cross has grown into a multimillion rand concern, employing more than five hundred dedicated staff members, of which more than fifty are internationally trained world-class engineers.

And on their way to success, the company had a major hand in developing a laser-based rangefinder for the Daussalt Mirage F1AZ fighter plane, which permitted highly accurate fusing and aiming of unguided munitions. The success of this system was acknowledged by Jane’s Defence

Weekly, which concluded that the F1AZ's proven accuracies were within the order disclosed by the USAF for their F-15E Strike Eagle.

While much of the work done in the early years was of a classified nature, the invaluable experience of developing cutting-edge technology led to the products that can today be considered truly world class.

Amongst them are the XV-700 "Black Eagle" surface-to-air-missile guidance system, the XV-715 "Bateleur" air-to-air guided missile, and the revolutionary XZ-1 "Lammergeyer" heavy, long-range antiarmour missile.

Op die derde bladsy is daar 'n foto van Quintus Wernich onder die opskrif *Founding Father and Managing Director*. Hy glimlag nie, maar daar is 'n goedigheid aan die gesig agter 'n raamlose bril, 'n bonus paterfamilias met sy kort staalgrys hare.

"Ek dog hy's die voorsitter van die direksie."

Jeanette kyk af na die dokument op my skoot. "Hy is. Daardie ding is twee jaar oud. Kyk na die knipsels."

Ek blaai deur die stapeltjie. 'n *Business Day*-koerantknipsel sê *Black MD just the first BEE step for Southern Cross*.

The appointment of Mr Philani Lungile as managing director is just the first step in a comprehensive process of Black Economic Empowerment (BEE), says Mr Quintus Wernich, former MD and now chairman of the privately owned Stellenbosch weapons systems developer Southern Cross Avionics.

"Fokken verkeer," sê Jeanette. Ek kyk op. Sy wil van die N2 af op die N7 draai, maar dit gaan nie vinnig gebeur nie.

"Ons het nie sulke moeilikheid op Loxton nie," sê ek.

"Soek die ding oor die missielprogram. Ek het dit op die internet gekry," beveel Jeanette en steek 'n Gauloise op.

Ek draai die venster af en soek deur die dokumente. Die drukstuk kom van die International Centre for Strategic Research.

South African Ballistic Missile Program

Even today, little is known about South Africa's short-lived ballistic missile program.

The country developed short-range tactical missiles and rockets since the 1960s, but only became the focus of international attention in the mid- to late 1980s, after a test launch of what the apartheid regime called a "booster rocket" in July 1989.

Western intelligence agencies soon pointed out similarities between the South African capabilities and Israel's Jericho II missile, prompting speculation that Israel had supplied crucial technology to South Africa's development effort.

This claim was substantiated by the fact that the two countries also shared knowledge and expertise in developing electronic weapons systems for the Daussalt Mirage jet fighter in the seventies and eighties – through government-owned ARMSCOR and privately held companies such as Southern Cross Avionics.

Ek kyk op, want al hoe meer dinge begin sin maak.

“Toe ek daai lees, toe verstaan ek waar die geweer vandaan gekom het,” sê Jeanette.

Ek knik.

“Vertel my, Lemmer.”

“Wat?”

“Alles. Wat de fok het Southern Cross met Emma le Roux uit te waai?”

“Hoe lank nog voor ons daar is?”

“Teen dié tempo? ’n Halfuur.”

“Wat is hier nog?” vra ek en laat my vingers deur haar knipsels loop.

“Weet jy hoe die groot wapenkontrak werk? Die een vir die nuwe Gripen-vegvliegtuig?”

“Vertel my.”

“Saab van Swede en BAE in Engeland het die kontrak gekry om 28 Gripens aan ons te lewer. Maar deel van die ooreenkoms is dat hulle plaaslik moet belê en ontwikkel. Southern Cross was deel daarvan – hulle gaan stelsels maak vir BAE. En daar's 'n berig wat sê Wernich-hulle vry hard na Airbus.”

“Dis hoekom hulle nog steeds alles wil stilhou,” sê ek. “Dit en die swart ekonomiese bemagtiging.”

“Wat, Lemmer? Wat wil hulle stilhou?”

“Het jy vir my 'n wapen gebring?”

Sy skiet die Gauloise by die venster uit en trek haar baadjie se linkerpant oop. Daar sit 'n pistool onder haar arm, in 'n leersak. “Ek het,” sê sy. “Vandag is ek jóú lyfwag, Lemmer. Vertel my nou.”

Die nuwe kantoorgebou by Century City is nie vir my mooi nie. Ek weet nie wat 'n mens dit noem nie. Neo-Romeins? Sake-Toskaans? Oordadig groot pilare, skerp driehoekdakkies, glas en beton, so on-Afrika as wat kan kom. Southern Cross is op die boonste vlak van 'n vyfverdieping, hul ontvangslokaal groot en klinies.

In die middel van die vertrek sit 'n swart vrou by 'n lessenaar met 'n reuseglasblad. 'n Silwer skootrekenaar voor haar, 'n klein telefoonskakelbord. Sy dra 'n oor- en mikrofoon. Dit lyk na iets wat 'n Gripen-vlieënier sal kan gebruik.

“We would like to see Mr Wernich,” sê Jeannete vir haar.

Sy kyk Jeanette op en af. “Do you have an appointment?”

Ek tree vorentoe. “Yes, we do. Tell him Jacobus le Roux is here to see him.”

Vingers met lang naels dans oor die hoëtegnologie-skakelbord. Sy fluister amper, ek kan haar net-net hoor. “Louise, there is a Mr Le Roux for Mr Wernich.”

“Jacobus le Roux,” sê ek. “Please make sure you tell her that.”

Die vrou kyk na my asof sy my die eerste keer sien – en heeltemal onbeïndruk is. Sy luister en dan sê sy vir ons: “I’m sorry, it seems you don’t have an appointment.”

“Kom, Lemmer,” sê Jeanette en sy loop verby die glasprinses. “Ek was al hier.”

“Lady,” sê die ontvangsdame, ontsteld. “Where are you going?”

Jeanette steek vas en draai om. “One thing I can tell you, my dear, is that I’m no lady.” En dan stap sy aan, ongeïntimideerd wanneer die vrou skerp roep: “I’m calling security!”

Glasblaaie is Southern Cross se ding. Louise sit ook agter een. Sy is wit, donkerbruin hare in 'n vlegselsel, subtiel grimering, modieuse bril, iewers in die dertig en perfek. Haar posbeskrywing sal persoonlike assistent wees, nie sekretaresse nie. Sy is aangestel vir haar doeltreffendheid, rekenaarvaardigheid en voorkoms. Voor haar is net 'n swart sleutelbord en 'n plat LCD-skerm, die res van die rekenaar is iewers weggesteek. Sy kyk gesteurd op as ons instap.

“Waar kruip Quintus weg, skattebol?” sê Jeanette vir haar en stap verby na die deur wat na haar baas se kantoor lei.

Louise snak na haar asem en spring op. Ek sien die grys romp kleef aan indrukwekkende kurwes. Ek knipoog vir haar, omdat ek kan. En dan is ons in Wernich se kantoor.

Groot vertrek, massiewe glasbladlessenaar waarop 'n slanke skootrekenaar staan, 'n swart hoërug-leerstoel agter, soos 'n adellike se troon, en ses kleineres in dieselfde styl daarvoor. Teen die wit mure is hiperrealistiese skilderye van missiele en straalvegters in duur rame. Maar die man self staan en uitkyk by die vensters, van vloer tot plafon, wat 'n uitsig bied oor 'n bruingroen waterkanaal buite. Sy hande is agter sy rug.

Hy kyk eers om as Louise sissend agter ons sê: “Ek is jammer, meneer Wernich, hulle het net deurgestap ...”

Hy staar lank na Jeanette, dan na my en hy knik net effens, asof vir homself. Dieselfde goedige gesig as op die prospektusfoto, maar ouer. Hy lyk soos 'n ouderling, daardie vroom dog vriendelike voorkoms van so baie Afrikanermans in hul laat vyftigs. Hy is statig in die donker snyerspak, 'n besliste teenwoordigheid.

“Toemaar, Louise, ek het hulle verwag,” sê hy vaderlik en paaiend. Sy stem is diep en gemoduleerd, soos dié van 'n omroeper by 'n klassieke musiekstasie. “Maak asseblief die deur agter jou toe.”

Sy draai teësin om en gaan uit. Die deur gaan geluidloos toe. Wernich sê: “Sit gerus.”

Sy reaksie is nie wat ons verwag het nie. Ons bly staan.

“Asseblief,” sê hy. “Kom ons gesels soos volwassenes.” Hy maak 'n galante gebaar in die rigting van die stoele. “Maak julle tuis.”

Ons gaan sit. Hy knik ingename, draai stadig om en loop na die groot vensters toe, sy rug op ons gekeer.

“Sê my, meneer Lemmer, my mense ... Leef hulle nog?” 'n Geselstrant, asof ons mekaar jare lank al ken.

“Kappies leef nog. Ek weet nie van Eric nie.”

“En waar is hulle?”

“In polisiebewaring, teen dié tyd.”

“Mmm,” sê hy en vat sy hande agter sy rug. Ek sien sy duime beweeg stadig in klein sirkeltjies, asof hy diep nadink. “Jy verbaas my.” Ek kan nie aan ’n reaksie dink nie.

“En wat is die bedrag wat julle in gedagte het?”

“Bedrag?”

“Hoeveel geld wil julle hê, meneer Lemmer?”

Ek kom tot verhaal. “Is dít hoe die wapenbedryf werk, Quintus? As jy nie kan doodmaak nie, dan koop jy?”

“Dit is ’n ietwat kru beskrywing. Maar waarom anders sal julle hiernatoe kom?”

“Jy’s klaar, Quintus.”

“Klaar?”

“Dis reg.”

Hy draai om en hou sy arms oop, ’n uitnodiging. “Nou goed, meneer Lemmer. Hier is ek. Doen wat jy moet doen.” Gemoedelik en redelik, asof ons oor ’n tweedehandse missiel onderhandel.

Ek kyk net vir hom.

“En nou, meneer Lemmer? Gaan jy net daar sit?”

Ek wil vir hom sê hy gaan eers praat voor ek hom wegsleep, maar hy gee my nie ’n kans nie.

“Jy weet, meneer Lemmer, die ding wat my die meeste verstom het, was jou leesvermoë. Ek meen, die skrif was so duidelik aan die muur: Emma le Roux in doodsgevaar, maar die sogenaamde lyfwag sien niks, sê niks, hoor niks en doen niks. Teen hoeveel rand per dag? Soveel ongelooflike onbeholpenheid. Eers toe dit te laat was, toe skrik jy wakker. Toe wil jy links en regs begin straf uitdeel. Maar eindelijk maak dit tog sin. Is jy nie die groot, sterk man wat ’n onskuldige jong leerklerk met jou kaal hande doodgeslaan het nie? Ons het jou gaan navors, meneer Lemmer. Só ’n patetiese, niksseggende lewe. En dit raak nie beter nie. Nou is jy die tronkvoël wat niks beter kan doen as om sy kliënte te bedrieg met sy oënskynlike vaardighede nie, die ou wat op ’n klein dorpie gaan wegkruip vir sy verlede. Die een wat sy bevele van ’n lesbiër vat wat haar bes probeer om soos ’n man te leef en te lyk en te praat ...”

Maar teen daardie tyd is ek by hom en my arm is teruggetrek vir die hou en Jeanette skree: “Lemmer!” en Wernich glimlag selftevrede en sê: “Jy’s inherent ’n lafaard, meneer Lemmer. Net soos jou pa ...”

Ek slaan hom en hy val terug teen die glas, sak dan grond toe.

Jeanette is by my, tussen ons. Sy stoot my hardhandig weg. “Los hom,” sê sy.

“Ek gaan hom doodmaak.”

“Jy gaan hom los,” sê sy en kry my aan die kraag beet.

Wernich vee bloed van sy mond af en staan stadig op. “Voor jy verder gaan ... Ek dink dit is net regverdig dat jy weet: Elkeen van ons kantore word deur video gemonitor. Jy sal dalk net eers die kamera buite aksie wil stel voor jy verder gaan. Anders kan dit lyk na nóg ’n koelbloedige moord.”

Jeanette hou ’n handvol van my kraag en sê vir Wernich: “Moenie belaglik wees nie. Hoeveel het jy op jou kerfstok, Wernich? Vier, vyf, ses? Laat ek sien: Jou vennoot? Ek sien julle noem dit ’n bergklimongeluk. Het hy nie van die Machel-ding gehou nie, toe raak jy van hom ontslae? En die Le Roux’s, die wildebewaarder, die hekwag ...”

“Jy gaan tronk toe,” sê ek vir hom.

“Is dit nou voor of ná jy my doodgeslaan het?”

“Jy gaan sit, dit belowe ek jou.”

Hy kyk na my en frons. “Dink jy so, meneer Lemmer? Dink jy régtig so?”

“Ja, ek dink so.”

Hy haal ’n spierwit sakdoek uit sy baadjiesak en vee oor sy mond. Dan loop hy stadig om na sy troon en gaan sit langsaam, asof hy moeg is. “Daar is die klein probleempie van bewyse, meneer Lemmer.”

Jeanette druk my tot in ’n stoel wat oorkant hom staan. “Die bewyse sit in ’n polisieles op Hoedspruit,” sê ek.

Hy sug. “Jou beperkte intellektuele kapasiteit kan ek nog verstaan, meneer Lemmer, dit is immers geneties. Maar nie jou naïwiteit nie.” Hy kyk na Jeanette. “Sit gerus, juffrou Louw. Ons kan nie onderhandel as ons nie almal kalm en rustig is nie.”

“Onderhandel?” vra sy.

“Dis reg. Maar voor ons daarby kom, wil ek net graag vra, vir die interessantheid: Hoe het julle gedink gaan dinge vorentoe gebeur? Het julle regtig geglo Eric gaan vrywilliglik alles vir die polisie vertel?”

“Kappies het laasnag soos ’n kanarie gesing, Quintus.”

“Nou goed, kom ons sê Kappies vertel hulle alles wat hy weet. Wat dan?”

“Dan kom hulle jou haal.”

“Daar is niks wat my met hom verbind nie, meneer Lemmer. Niks. Hy is nie ’n werknemer nie, nie gekontrakteer nie, hy was nog nooit in hierdie gebou nie. En sy kennis is redelik beperk, want ons is nie morone nie. Daar is natuurlik ook ander opsies. Soos om sekere inligting oor Kappies se kleurvolle verlede aan die wetstoepassers te oorhandig, wat sy getuienis in ’n nuwe lig sal plaas. Maar na my mening is daar ’n makliker uitweg. Ons leef in Afrika, meneer Lemmer, waar geregtigheid ’n prys het. Veral in sekere provinsies. Waar is Hoedspruit nou weer? Limpopo, as ek reg onthou ...”

“Gaan jy die media ook omkoop?” vra Jeanette.

Sy goedige gesig is terug. Hy glimlag soos vir ’n kind wat ’n oulike maar dom vraag vra.

“En wat gaan julle vir die media sê, juffrou Louw?”

“Alles.”

“Ek sien. Ek wil nou net seker maak: Julle gaan vir die media ’n ongeloofwaardige storie vertel wat gebaseer is op die getuienis van ’n hoogs onstabiele werker van ’n diererehabilitasiesentrum wat deur die polisie gesoek word vir die moord op vyf onskuldige swart mense. En boonop van hulle verwag om die bevestigende woord te aanvaar van ’n man wat vier jaar gesit het vir padwoedemoord?”

“Strafbare manslag,” korrigeer Jeanette,

“Ek is seker die media sal die verskil in ag neem, juffrou Louw.”

“Die regering gaan vanjaar die Machel-ding heropen.” Sy sê dit nie met baie geesdrif nie. Soos ek, besef sy hy het ’n punt.

“Aaa,” sê hy. “As die polisie en die media nie vir julle werk nie, is daar die regering. En hulle sal vir meneer Lemmer hier en vir Le Roux glo? Terwyl een-en-vyftig persent van ons maatskappy binne weke in die hande van die swartbemagtingsgroep Impukane sal wees? Met ’n oud-ANC-minister en drie voormalige provinsiale premiers op ons direksie? Juffrou Louw, na wat ek verneem, is jy ondanks jou sondes ’n behendige sakevrou. Ek het nie naïwiteit van jou verwag nie.”

“Ek gaan jou kry, Quintus,” sê ek.

“Jy het ’n interessante denkpatroon, meneer Lemmer.”

“Jy dink so?”

“Nie onlogies nie. Die konsep van ’n skuldige identifiseer wat gestraf moet word, is baie instinktief. Maar dit laat nie ruimte vir nuanse nie.”

“Watter nuanse?”

“Die nuanse van ’n ruimhartige aanbod.”

“Laat ek hoor,” sê ek. Jeanette kyk skerp vir my, maar ek ignoreer dit.

“Ek verstaan jou behoefte aan geregtigheid, meneer Lemmer. Jy voel Jacobus le Roux en sy gesin is ’n groot onreg aangedoen, en jy meen dit moet reggestel word. Is ek reg?”

Ek knik.

“Nou goed. Ek glo ons kan daarmee help. Volgens die inligting tot my beskikking is daar min twyfel dat Jacobus skuldig is aan die sangomamoorde. Maar veronderstel ek kan die hele ding regmaak, sodat hy hoegenaamd nie meer ’n verdagte is nie. Dink jy nie dit sal waardevolle vergoeding wees nie?”

“Dit sal.”

“En as ek waarborg dat Le Roux sy lewe oop en bloot kan leef, sonder enige vrees vir die verlede? En as ek verder aanbied om voortaan Body Armour se dienste ruimskoots te gebruik, sê nou maar met ’n maandelikse retensiebedrag van vyftigduisend?”

“Honderdduisend,” sê ek.

“Nee,” sê Jeanette.

“Nie nou nie, Jeanette.”

“Vyf-en-sewentigduisend,” sê Wernich.

“Oor my dooie liggaam,” sê Jeanette.

Ek ignoreer haar. “Op een voorwaarde – jy beantwoord al my vrae.”

Jeanette staan op. “Lemmer, fok jou. Jy werk nie meer vir my nie.” Daar is meer teleurstelling as afkeer in haar stem. Dan loop sy deur toe, maak dit oop en gaan uit.

“Ek sal jou vrae beantwoord,” sê Wernich, asof sy nie daar was nie.

“Verskoon my vir ’n oomblik,” sê ek en sit vir Jeanette agterna.

Louise se oë volg my woordeloos deur haar kantoor. Ek knipoog nie vir haar nie, ek is te haastig. Buite in die gang sien ek my baas is verbete op pad na die hysbakke. “Jeanette,” roep ek, maar sy ignoreer my. Ek hardloop agter haar aan. Sy druk die knoppie vir die hysbak met groot drif. Die deure gaan oop en sy stap in. Ek is net betyds om te keer dat die deure toegaan.

“Jeanette, luister ...”

“Fokkof, Lemmer, los die deur of ek bliksem jou.” Ek het haar nog nie só gesien nie, die kwaad wat haar gesig verwring.

Daar’s net een ding wat ek kan doen. Ek gryp haar aan die Armanibaadjie se pante en ruk haar uit die hysbak na my toe, sodat haar lyf hard teen myne bots. Sy maak ’n woedende geluid. Ek sit my arms om haar en druk haar teen my vas, my mond teen haar oor.

Ek kry net kans om te fluister: “Hulle het mikrofone, Jeanette,” voor sy my tussen die bene probeer skop, maar ek het dit verwag, want ek ken haar agtergrond. Ek knyp my bene toe. Sy tref my bobeen, hard. Ek druk haar stywer teen my. Sy spartel. Sy is ’n sterk vrou en sy is kwaad. Gevaarlike kombinasie.

“Ek sal nie sy fokken aanbod aanvaar nie, ek gaan hom kry, luister net vir my, asseblief, ons kan nie bekostig dat hulle hoor nie,” sê ek met ’n desperate fluisterstem in haar oor.

Vir ’n oomblik dink ek sy gaan uit my greep breek, maar dan ontspan sy effens en sis: “Jissis Lemmer.”

“Mikrofone en videokameras. Die plek is bedraad, Jeanette, en ons kan dit gebruik.”

“Hoe?”

“Jy sal moet help.”

“Is dit nodig dat jy my so fokken styf vashou?”

“Ek begin nou daarvan hou.”

En dan lag Jeanette Louw, ’n harde blaf van ontlading wat my linkeroor vir ’n halfuur halfdoof sal laat.

* * *

Ek loop alleen terug na Wernich se kantoor. Louise sit op wag, haar hande saamgevou op haar skoot, haar oë wat my afkeurend volg.

Ek glimlag liefies vir haar. Dit behaal net soveel welslae as die oogknip. Ek sal iets anders moet probeer.

In sy kantoor is Quintus Wernich op die telefoon. Ek hoor net hy sê: “Ek moet gaan,” en dan sit hy die gehoorbuis neer. “Dit lyk my jy het jou werk verloor, meneer Lemmer.”

“Dink jy ek kan haar arbeidshof toe vat, Quintus?”

Wernich glimlag sonder humor. “Ek sou jou ’n betrekking aangebied het, maar ek het ’n vermoede dat ons wedersydse afkeer van mekaar nie die ideale teelaarde vir ’n gemeensame werksverhouding sal skep nie.”

“Ek het in elk geval nie die intellektuele kapasiteit vir die korporatiewe omgewing nie,” sê ek.

“Touché.”

Dan sit ons en kyk vir mekaar oor die glasblad. Tot hy diep sug en sê: “Nou waar was ons?”

Ek probeer dink of Jeanette genoeg tyd sou gehad het om te doen wat sy moet doen. Hopelik.

“Jy skuld my antwoorde, Quintus.”

“Vir wat dit werd mag wees,” sê hy.

OceanofPDF.com

“Was jy daar? In die wildduin, in ses-en-tagtig?”

“Ja, meneer Lemmer, ek was daar.”

“Wie was die snorman saam met jou? Die een wat vir Pego Mashego gebrand het?”

“Dit was ons hoof van sekuriteit.”

“Wat is sy naam?”

“Wat maak dit saak?”

“Dit maak saak dat jy jou deel van ons ooreenkoms nakom, Quintus.”

Sy oë dwaal net vir ’n breukdeel van ’n sekonde na die videokamera in die dak. Dan sê hy gelate: “Sy naam is Christo Loock.”

“En wat doen hy nou?”

“Hy is ons Hoofbestuurder van Menslike Hulpbronne.”

“Talentvolle man. Vir wie het julle gewerk? Met Machel se dood?”

“Ek is nie seker ek verstaan jou nie.”

“Wie het julle gekontrakteer? Wie het vir julle gevra om dit te doen?”

“Dit was ons idee.”

“Ek glo jou nie.”

“Jy sal moet. Want dit is die waarheid.”

“Hoekom sal ’n maatskappy wat elektroniese stelsels bou die president van ’n buurland wil doodmaak?”

“Omdat ons kon, meneer Lemmer, omdat ons kon.”

Hy leun terug in sy stoel. “Jy sal die omstandighede moet verstaan. Toe ek en Nico in 1983 by Krygkor weg is, was ons nie gewild nie. Daar was beskuldigings dat ons nie meer Die Saak wou dien nie, dat ons geldgierig was omdat ons op ons eie gegaan het. Wat ons gered het, was ons kennis. Vergewe my as ek onbeskeie klink, maar ons was die beste onder die bestes. Hulle móés ons gebruik. Maar teësinig. En spaarsamig. Net wanneer daar nie ’n ander uitweg was nie.”

Hy staan op en loop weer oor na die vensters toe. “Laat ek beken dat die beskuldigings nie heeltemal ongegrond was nie. Ons was finansieel ambisieus.”

Hy kyk na buite en vou sy hande saam agter sy rug. Ek wonder of hy dink dit lyk statig, die gebaar van die Voorsitter. “Een van die redes waarom ons Krygkor verlaat het, was omdat ’n semistaatsinstansie nie noodwendig prestasie beloon bo middelmatigheid nie. Ons het genoeg daarvan gesien ...”

“Kom tot die punt, Quintus.”

“Vergewe my. Op my ouderdom ... Die feit van die saak is, jy kan nie ’n tegnologiemaatskappy bedryf sonder kapitaal nie. Navorsing kos geld. Baie geld. Ons het iets nodig gehad om ... kom ons sê, ons moes eenvoudig ons verhouding met die staat op ’n ander vlak plaas. Maar hoe? Dit was die vraag. Maar die Here voorsien, meneer Lemmer, ek weet nie of jy ’n gelowige man is nie, maar nood leer bid, en gebede word verhoor. Dit het ek geleer ...”

Hy besef hy dwaal af en gaan staan met sy rug teen die venster, sodat die lig ’n stralekrans om hom maak. Sy oë is iewers in die vertrek.

“Dit was nie toevallig dat ek binne die bestek van drie dae van die regering se dilemma met Samora Machel en die Israeliese tegnologie gehoor het nie. Dit was ’n bestiering. ’n Uitkoms, ’n beskikking. Nietemin, ons het op verskeie vlakke nou saam met die Israeli’s gewerk. En toe hoor ons van hul vordering met VOR-tegnologie. Dit staan vir ‘very high frequency omnidirectional radio’. Vliegtuie gebruik dit om mee te navigeer, want ’n VOR-baken stuur ’n sein uit wat vir die vlieënier sê watter baken dit is, maar ook wat sy hoek tot die baken is in verhouding tot magnetiese noord. Is jy met my?”

“Ek verstaan.”

“Die Israeli’s het tegnologie ontwikkel wat ’n vals VOR kon skep, ononderskeibaar van die ware Jakob. Ek sal dit nooit vergeet nie, meneer Lemmer. Ek het huis toe gery dié aand, laat. En toe ek voor die motorhuis stop, is dit asof al die dinge net bymekaar kom. Die minister se woorde oor Machel, hoe dit in die hele Afrika se belang sal wees as hy net kan verdwyn. En die nuwe tegnologie uit Israel. Toe besef ek daar is ’n manier. Om verskeie probleme op te los.”

“En toe gaan bied jy jou dienste aan.”

“Dis reg.”

“Om in die staat se goeie boekies te kom.”

“By wyse van spreke.”

“Al sou dit neerkom op moord?”

“Moord? Meneer Lemmer, ons was in ’n oorlog gewikkel. Samora Machel was ’n kommunist, ’n ateiër wat op die genade van Moskou ’n burgeroorlog in sy eie land, teen sy eie mense gevoer het. Wat hulle sonder verhoor aangehou en gemartel en tereggestel het, ’n diktator wat terroriste gehuisves het, sodat hy die hele streek kon destabiliseer. En Rusland het net gesit en wag ...”

“En nou sit van daardie ‘terroriste’ op jou direksie.”

“Die val van Kommunisme het alles verander.”

“Ek sien. En Jacobus le Roux? Hy was nie ’n kommunist of ’n ateiër nie.”

“Hy was daar. En my hart gaan na hom uit, dit was onnodig, dit was ’n tragiese sameloop van omstandighede. Maar soms, meneer Lemmer, is die beskikking van nasies en volkere groter as die individu. Soms moet ’n mens moeilike besluite neem, bitter moeilike besluite, in belang van die groter geheel.”

“Of die groter wins,” sê ek.

Hy kom van die venster af weg en loop tot by die lessenaar, hier reg by my. Hy vou sy arms voor hom en sê: “Wie is jý om te oordeel?”

“Jy’s seker reg, Quintus.”

Hy knik selftevrede en loop na sy stoel. “Wat wil jy nog weet?”

“Waar was jy toe die vliegtuig geval het?”

“Op Mariepskop. By die radarstasie.”

“En toe hulle vir Johan en Sara le Roux vermoor het?”

“Dit was ’n motorongeluk.”

“Waar was jy?”

“Ek kan nie onthou nie.”

“Jy kan nie onthou nie?”

“Dis reg. Is daar nog iets, meneer Lemmer?”

“Ek dink ek verstaan die res. Maar wat nie vir my sin maak nie, is waarom jy nou bereid is om Jacobus te los, dat hy maar kan praat.”

“Want hy sal nie meer wil praat nie.”

“O?”

“Die dag toe hy in die toordokter se hut ingeloopt het met ’n geweer, het hy opgehou om ’n risiko te word, meneer Lemmer.”

“Nou waarom die aanvalle op Emma?”

“Pure geluk.”

“Hoe só?”

“In daardie stadium het ons nie haar oproepe gemonitor nie. Ons het nie gedink dit is meer nodig nie. Maar toe ons hoor van Cobie se moord op die toordokter, het ons na die polisie se telefone geluister, eintlik net om seker te maak ons weet wat aangaan. En toe hoor ons Emma bel. En toe weet ons sy is die nuwe risiko, sou sy daarin slaag om Jacobus op te spoor.”

“Maar jy is bereid om nou haar veiligheid te waarborg?”

“Dit sal seker afhang van wat haar broer vir haar vertel. Of jy. Sou sy volkome herstel, natuurlik.”

“Natuurlik.”

“Haar veiligheid is in julle hande.”

“Tensy ek nou hier omstap en jou nek breek.”

Hy kyk op na die videokamera en sê: “Dit sou baie dom wees.”

Ek staan op. “Quintus, ek wil hê jy moet my mooi verstaan. As die saak teen Jacobus nie verdwyn nie, kom ek terug. As daar enigiets met hom of Emma gebeur, ooit, kom ek terug. En dan wys ek vir jou watse lafaard ek is.”

Hy knik, onbeïndruk. Hy leun vooroor en draai die skootrekenaar sodat ek die skerm kan sien. “Meneer Lemmer, hou tog een ding in gedagte. Sou ek iets oorkom, sal die volgende materiaal aan die owerhede oorhandig word.” Hy druk ’n sleutel en die beeld verskyn op die skerm – in hoë resoluë: Ek wat voor hom staan, my rug na die kamera toe, en ek slaan hom. Hy val terug teen die glas en sak grond toe.

Jeanette wat tussen ons inbeweeg en my wegstoot. “Los hom.” Haar stem is klokhelder.

“Ek gaan hom doodmaak.”

Wernich vries die beeld daar waar ek aggressief oor hom staan, Jeanette met haar hande wat keer.

“Goeie klankgehalte,” sê ek vir hom.

“Ons tegnologie is onberispelik.”

* * *

Ek leun vir tien minute met my sitvlak teen die Porsche voor Jeanette doodluiters aangestap kom en die deur oopsluit. “Kom ons ry.”

Eers as ons al twee sit, haal sy die DVD-skyf uit haar baadjie se sak en gooi dit argeloos op my skoot. “Daar’s hy,” sê sy.

“Het jy moeilikheid gehad?”

“Daar’s niks soos ’n 9 millimeter teen ’n man se slaap om hom gehoorsaam te hou nie,” sê sy.

“Jy’s wilder as die wildduin,” pleeg ek plagiaat met dr. Koos Taljaard se frase.

Sy lag net, sit die Porsche se enjin aan en ry. Dan vertel sy my.

Sy het eers gewag dat ek by Wernich se kantoor ingaan voor sy vir Louise gevra het om haar te wys waar die videobehoerkamer is. Louise wou aanvanklik nie saamwerk nie. Toe dreig Jeanette om haar naels te breek. “Toe raak die oë net só groot. Asof ek ’n barbaar is, Lemmer.”

Louise het haar teësinning na die vertrek gelei, agter in die gebou, die deur naamloos. Die sekretaresse het net haar wysvinger gepunt en omgedraai en met groot waardigheid weggestap.

Jeanette het die deur oopgemaak. Die vertrek was halfdonker, nie baie groot nie – ’n bank van televisie-monitors wat ’n man agter ’n beheerpaneel omhul. Die man was fors en breed met ’n dik snor. Sy het die Colt op hom gerig en gesê: “En jy is?”

“Loock.” Hy het haar op en af gekyk en gesê: “En jy is Louw.”

“Net as ek nie vuurwarm is nie.”

Sy sin vir humor was afwesig. “Wat wil jy hê?”

“Draai die klank ’n bietjie harder, dat ons kan hoor wat die manne gesels,” het sy na die skerms beduie wat almal vir my en Wernich in sy kantoor gewys het.

En só het hulle woordeloos in die skemerte van die vertrek geluister en gekyk na die gesprek, tot ek opgestaan het. Toe sê sy vir hom: “Nou soek ek ’n opname, asseblief.”

Hy het gesnork, met minagting. Toe skiet sy ’n gat in die eerste monitor.

“Ek het niks gehoor nie,” sê ek.

“Sy plekkie is klankdig en stofdig. Seker waterdig ook. Of miskien nie nou meer nie ...”

Sy het drie monitors en ’n gat in die dak geskiet voor hy sonder haas en meganies vir haar die gesprek op ’n DVD gebrand het. En toe vat sy die Colt en sy slaan hom op sy wangbeen daarmee, so hard as wat sy kan, sodat sy kop geruk het en die bloed teen die snor afgeloop het.

“Toe lig hy net sy kop en kyk vir my, soos ’n luislang vir ’n springhaas. Toe loop ek daar uit.”

“Dankie, Jeanette.”

“Nee, Lemmer, dis ék wat vir jóú moet dankie sê.” Sy grinnik selftevrede.

Ek bel vir B.J. Fikter. Hy sê Jacobus le Roux is die afgelope twee uur besig om met sy suster te praat. En die polisiebewaking is onttrek. “Ek sal julle môre kom aflos,” sê ek.

“Goddank,” sê hy en beëindig die oproep.

“En nou?” vra Jeanette.

“Nou gaan ons asseblief vir jou gemanikuurde ontvangsdame Jolene Freylinck vra om vir ons ’n kopie van die DVD te maak.”

“Net een?”

“Dis al wat ons nodig het.”

“Ek stem nie saam nie, Lemmer. Ons moet dit minstens vir elke voornemende lid van sy nuwe BEE-direksie stuur.”

“Hoekom? Sodat hulle hom kan afdank?”

“Dis ’n goeie begin.”

“Maar dis nie ’n goeie einde nie.”

“En jy het ’n beter plan?” vra sy.

“Ek het. Maar dit gaan jou nog ’n vliegkaartjie kos.”

“Nelspruit toe?”

“Nee. So ’n bietjie verder,” sê ek.

“Wat is jou plan?”

“Miskien is dit beter as jy nie weet nie.”

Sy dink daaroor en ek vermoed sy stem saam, al hou sy nie van die idee nie. Want sy kap die Porsche een rat af, trap die versneller en die G-kragte druk ons met ’n onsigbare hand teen die sitplekke vas.

* * *

Die kantoor kyk uit op die see, maar die antieke lugverkoeler raas te veel vir my om die branders te kan hoor.

Die man oorkant my is die kleur van gebrande koffiebone. Hy is diep in die sestig, sy hare is spierwit, maar die litteken wat van sy mond se linkerhoek tot by sy oor loop, is nog net so duidelik soos toe ek hom tien jaar gelede vir die eerste keer ontmoet het. En sy oë het steeds die afwesigheid, asof iets binne dood is, ’n man wat nie meer omgee om pyn te voel nie en ’n sekere drukking ervaar om dit uit te deel, om dit toe te dien.

Ek stoot die DVD-houer oor die lessenaar na hom toe. “You will need an interpreter,” sê ek vir hom.

“For what language?” Sy aksent is sterk.

“Afrikaans.”

“You can translate for me.”

“I think we would both prefer an objective translation.”

“I see.” Hy trek die houer nader en maak dit oop. Die skyf lê daar, silwer en nuut. “May I ask you why you are doing this?”

“I would like to say it’s because I believe in justice, but that wouldn’t be true. It’s because I believe in revenge.”

Hy knik stadig en maak die kassie weer toe.

“I know,” sê hy, staan op en steek sy hand uit. “We are like family.”

* * *

As ek uitstap in die drukkende hitte van Maputo se middaguur, biep my selfoon bo die gedruis van die Indiese Oseaan. Ek haal dit uit my sak en wink vir die huurmotor. Dan kyk ek na die boodskap.

Net drie woorde: *EMMA IS WAKKER*.

OceanofPDF.com

Ek moet bekén dat ek verwagtinge gehad het van die oomblik wanneer ek in Emma se hospitaalkamer instap. Nie onrealistiese vooruitsigte nie, nie Emma wat haar arms vir my oophou en ons omhels en sy fluister haar dank en liefde in my oor nie. Miskien net dat ek gaan sit en sy my hand neem en sê: “Dankie, Lemmer.” Dit sou vir my goed genoeg wees – ’n begin, ’n voorspel tot moontlikhede.

Maar Jack Phatudi ontnem my daarvan.

Op Vrydag 4 Januarie stuur hy vir Swart en Wit, die twee wat ’n leeftyd gelede vir my en Emma agtervolg het, om my in hegtenis te neem. Die witte se swelsels hier by die neus en oë het nog nie heeltemal gesak nie. Hulle arresteer my, met groot genoegdoening, op die Kruger Mpumalanga Internasionale Lughawe vir “moord, poging tot moord en dwarsboming van die gereg”. Hulle laat my toe om een telefoonoproep te maak en sluit my toe in die ondraaglike hitte van Nelspruit se polisieselle, tussen ’n verskeidenheid kleurvolle, antagonistiese mense.

B.J. Fikter kom doen die Saterdagmiddag wat hy noem “selbesoek” en nadat hy eers ’n paar kwinkslae oor my dilemma ingekry het, sê hy Emma vlieg Sondag met ’n vliegtuig van SouthMed Health Care Kaap toe. En Jeanette sê ek hoef my nie te bekommer nie, sy werk aan “my omstandighede”.

Teen Maandagoggend is daar dreigemente van ’n bykomende aanklag van aanranding, van ’n medegevangene, maar ek weet hulle gaan sukkel om geloofwaardige getuies te kry. En dan kom haal Swart en Wit my, boei my hande en voete, en vat my landdroshof toe vir ’n borgtogverhoor. Hulle is onnodig hardhandig wanneer hulle my agterin hul Astra indruk.

Die hof se aanhoudingselle is onder, in die kelder. ’n Jong wit prokureur met ’n groot goue ring kom sê vir my sy naam is Naas du Plessis en hy

verteenwoordig my in opdrag van Jeanette Louw. “Ek sal doen wat ek kan, maar jy het ’n vorige veroordeling ...” sê hy sonder selfvertroue.

Ek is die laaste een om geroep te word, maar die twee uniforms vat my nie na ’n hofsaal toe nie. Met my hande agter my rug vas en my skuifelpassies om die voetboeie te akkommodeer, stoot hulle my by ’n kantoortjie in waar Jack Phatudi staan, en maak die deur toe as hulle uitgaan.

Daar is ’n paar stoele, ’n tafel en staalliasseerkabinette. Ek gaan sit. Phatudi fokus woordeloos ’n frons van haat op my. Dan slaan hy ’n diep duik in die liasseerkabinet, so hard dat die vensters bewe van die knal. Hy kom staan voor my en hy hou sy seer kneukels vas. Sy gesig is net sentimeters van myne af. Ek sien hom vir die eerste keer sweet, die druppels wat teen sy donker vel afloop, teen die onmoontlike dik nek tot in die spierwit kraag van sy hemp. Ek sien in sy oë hy sou baie graag die hou teen my kop wou herhaal.

“Jy ...” sê hy, maar die res wil nie kom nie, dit is asof hy verstik aan die massa woorde wat agter sy tong lê. Hy draai om en skop die kabinet. Nog ’n duik. Dan is hy weer by my en hy gryp my gesig met sy regterhand, sy vingers oor my kakebeen en my wange en hy druk met skrikwekkende krag terwyl hy reg in my oë kyk, en dan stamp hy my agtertoe sodat die stoel omval en my kop hard teen die vloer kap.

Hy maak ’n geluid van frustrasie en woede en hy sê: “Ek wil net vir jou een ding sê. Net een ding.” Hy pluk my aan my klere orent en hou my voor hom en hy sê: “Hulle kon my nie koop nie.” Ons staan só, ek en Jack Phatudi, en ek weet niks wat ek kan sê, sal ’n verskil maak nie.

Daarom vra ek net: “Wat bedoel jy, Jack?”

Hy los my, sodat ek van balans terugsteier teen die muur.

Hy draai sy rug op my. “Hulle het met geld gekom. Hulle het gesê ek moet alles los. Vir die een wat jy geskiet het. Vir Cobie de Villiers. Toe sê ek nee. Toe sê hulle my mense sal die grondeis kry, hulle sal vir my meer geld gee. Hoeveel wil ek hê? Toe sê ek nee. Toe gaan hulle oor my kop. Maar ek sê nou vir jou, ek gaan die ding nie los nie. Ek gaan vir jou nog kry. En vir De Villiers en vir Kappies. Ek gaan julle kry.”

En dan draai hy om en loop verby my sonder om na my te kyk. Hy maak die deur oop en loop uit en blaf iets in sePedi in die gang en die twee uniforms kom sluit die boeie oop en sê ek moet loop, daar is nie meer ’n saak teen my nie.

* * *

Emma het 'n kamer wat op Tafelberg uitkyk en wanneer ek aankom, is die deure oop en daar sit baie mense om haar, Jacobus le Roux, Carel die Grote en van sy kinders, Stoffel die advokaat, ander wat ek nie ken nie, vredeliewende, aantreklike, suksesvolle mense. Die ruimte is gevul met vriendskap en vreugde en ek steek vas voor hulle my kan sien, ek steel een kyk van Emma se profiel, haar gesig skraler, maar die lyne so onmiskenbaar mooi as sy glimlag ... Dan draai ek om en gaan skryf 'n nota wat ek saam met die blomme by die verpleegsters se stasie los.

Ek moet my bakkie op Hermanus gaan haal. En dan Stodels toe ry vir die kruieplantjies.

* * *

Sy bel my die volgende dag.

“Dankie vir die blomme,” sê sy.

“Dit is 'n plesier.”

“Jy moes ingekom het, Lemmer.”

“Daar was so baie mense.”

“Hoe kan ek jou ooit bedank?”

“Ek het net my werk gedoen.”

“Ai, Lemmer, jy's al weer in daardie dop van jou. Waar is jy?”

“Op Loxton.”

“Hoe is die weer?”

“Warm.”

“Die wind waai hier in die Kaap.”

“Ek is bly jy's beter, Emma.”

“Ek moet jǒú daarvoor bedank.”

“Nee, ek ...”

“Ek kom vir jou kuier. As ek gesond is.”

“Jy's welkom.”

“Dankie, Lemmer. Vir alles.”

“Dis 'n plesier.”

En dan groet ons, effens ongemaklik, en ek weet ek sal haar tien teen een nooit weer sien nie.

* * *

Dit reën wanneer ek van Quintus Wernich en Christo Looek se dood lees.

Op 14 Februarie sit ek by my tafel met die donder wat buite rammel bo die dreun van die vet druppels op my sinkdak en lees *Die Burger* se hoofberig wat van die vermeende motorkaping by Stellenbosch vertel en van die hernieuwe wekroep teen die verskriklike vlakke van misdaad in die land.

Ek lees dit twee keer en dan staar ek by die kombuisvenster uit na blink poele wat in my kruietuin vorm en ek dink aan die man met die litteken op sy wang.

Raul Armando de Sousa.

Ek het hom in 1997 gesien, net een keer, tydens regering-samesprekings in Maputo. Hy het die lyfwagte in 'n konferensiesaaljie byeengeroep oor die prosedures vir die laaste aand se banket. Ek het hom aan sy oë herken as 'n broeder in geweld, maar daar was iets meer, 'n gewig, 'n onsigbare las wat hy op sy skouers dra.

Ek het versigtig by sy mense gaan vra. Toe sê hulle vir my hy was die man wat Samora Machel opgepas het. Hy was saam op die Tupolev 134A toe dit teen die hang van die Lebomboberge vasgevlieg het. Hy was een van die tien mense wat lewend uit die wrak gehaal is. Toe verstaan ek. En ek het gewonder hoe dit moet wees as jy 'n leeftyd lank wag om gedefinieer te word, en wanneer D-dag aanbreek, wanneer die oomblik kom, is daar niks wat jy kan doen nie. Is dit nie dalk beter om maar net onsigbaar en onvoltooid te bly nie?

Dit was aan hom wat ek gedink het toe Jacobus le Roux onder 'n boom by Heuningklip sy storie vertel het. Want toe het ek geweet hoe Raul Armando de Sousa moes voel. En dat daar soms 'n uitweg is.

Daarom weet ek nou, met absolute sekerheid, hy was by, gisternag op Stellenbosch. De Sousa het die sneller getrek.

Ek lees die res van die koerant sonder konsentrasie. Tot ek die kleiner beriggie op 'n binneblad sien, 'n lang enkelkolom langs 'n Pick 'n Pay-advertensie af. *Bewaringsgroepe het hul ernstige kommer uitgespreek oor die aard en omvang van 'n grondeisskikking met die Sibashwa-stam in die Nasionale Krugerwildtuin.*

Wanneer ek klaar is, gaan loop ek in die tuin om die goddelike reuk van 'n nat Karoo in te adem. En ek dink aan Jack Phatudi, seun van 'n Sibashwa-hoofman.

* * *

Teen vyfuur gaan draf ek op die Bokpoort-pad teen 'n pas wat my betyds by die huis sal kry vir *7de Laan*.

Daar is 'n plek op dié roete, 'n hoogte anderkant Jakhalsdans se laaste veehek, waar miljoene jare se geologiese kragte massiewe rotse soos bakens opmekaar gestapel het. Na weerskante lê die Karoo oop, sodat ek daar gaan staan en perspektief kry oor ons plek in die heelal. Ons is almal klein, nietig, onsigbaar as jy jou blik terugtrek, weg van die aarde, die sonnestelsel, die Melkweg.

Maar as ek terugdraf deur die dorp, nou blink en skoon ná die reën, groet die mense my: Conrad by die herstelwerke, De Wit wat die koöperasie se deur toesluit, Antjie Barnard van haar stoep af, oom Joe van Wyk wat onkruid in die tuin uittrek ...

“Middag, Lemmer. Lekker gereën, nè?”

Ver in die straat af, daar heel onder op die kant van die dorp, staan my huis. En dan sien ek die groen Renault Mégane, 'n Cabriolet, wat voor hom geparkeer is en ek begin my pas versnel.

ERKENNINGS

'n Vraag wat dikwels aan skrywers gevra word, is “Wat het die boek geïnspireer?”

My standaardantwoord is dat dit bitter min met inspirasie te doene het. Die ontwikkeling van 'n storie is gewoonlik baie soos die bou van 'n legkaart, waarvan al die stukkies ongelukkig nie netjies bymekaar in 'n boks op jou lessenaar aanland nie. Met ander woorde: Harde werk, geduld en kopkrap.

Onsigbaar is op 'n manier die een uitsondering.

Ek was bevoorreg om binne twaalf maande drie keer besoek te kon aflê by Moholoholo, die diererehabilitasiesentrum aan die voet van Mariepskop in Limpopo. Minstens die eerste twee besoeke was deel van motorfietstoere saam met vriende – dus nie amptelike skrywersnavorsing nie. En elke keer het Brian Jones en sy personeel se passie, toewyding, geesdrif en opoffering my geïnspireer. Daarvoor wil ek hulle graag van harte bedank. Dit is veral hul ongelooflike werk met aasvoëls wat die verbeelding aangryp. (Gaan lees gerus meer by www.moholoholo.co.za, gaan besoek dié wonderlike plek – en moenie skroom om ruimskots by te dra tot hul uiters verdienstelike saak nie.)

Dit gaan dus nie help om te ontken dat die Mogale-sentrum van die boek geografies, filosofies en struktureel geskoei is op die Moholoholo-lees nie. Ek wil dit egter baie duidelik stel dat al die karakters in *Onsigbaar* sonder uitsondering fiktief is – insluitende die personeel van Mogale.

Ander mense wie se hulp, raad, kennis, welwillendheid en ondersteuning van onskatbare waarde was: Tom Dreyer, vir toestemming om te kon aanhaal uit sy puik *Equatoria*, Keith en Colleen Begg, die wêreldbekende navorsers, vir hul toestemming om te mag aanhaal uit hul ratelartikel (*Africa Geographic*, Februarie 2005), Sarah Borchert, redakteur van die uitstekende tydskrif *Africa Geographic*, die personeel van *Die Burger* se

argiewe, kaptein Elmarie Myburgh van die Suid-Afrikaanse Polisiediens se Sielkundige Ondersoekendeheid in Pretoria, my redakteur dr. Etienne Bloemhof, my agent Isobel Dixon en haar kollegas by Blake Friedmann, my vrou Anita en kinders Lida, Liam, Johan en Konstanz, en die ATKV vir die finansiële steun wat baie van die navorsing moontlik gemaak het.

Ek erken ook graag die volgende bronne:

- *The Long Summer*, Brian Fagan, Granta Book, 2004
- *Guns, Germs and Steel*, Jared Diamond, Vintage, 2005
- *The Weather Makers*, Tim Flannery, Penguin, 2005
- *Birds of Prey*, Peter Steyn, David Philip, 1989
- *Roberts Birds of Southern Africa (VII Edition)*, P. Hockey, W.R.J. Dean & P.G. Ryan, Trustees of the John Voelcker Bird Book Fund, 2005
- *Slang en Slangbyte in Suider-Afrika*, Johan Marais, Struik, 1999
- *Field Guide to Snakes and Other Reptiles of Southern Africa*, Bill Branch, Struik, 1998
- *Sappi Tree Spotting: Lowveld*, Rina Grant & Val Thomas, Jacana, 2004
- *Stormwinde of Droogtes: Die storie van Hendrik Schoeman*, Freek Swart, Litera, 2002
- *Skukuza*, David Tattersall, Tafelberg, 1972
- *The Game Rangers*, Jan Roderigues, 1992
- *Mahlangeni*, Kobie Krüger, Penguin, 2004
- *Mashesha*, Tony Pooley, Southern, 1992
- www.contrast.org/truth/html/samora_machel.html
- www.moholoholo.co.za
- www.koerantargiewe.media24.com
- www.geocities.com/lepulana2002/index.html
- www.braininjury.com

Die einde

OceanofPDF.com

Lemmer se Eerste Algemene Wet: Moenie betrokke raak nie. Hy pas dit veral toe in sy werk as vryskut-lyfwag by Body Armour, waar hy laag af is op die pryslys, want hy's die een met die kriminele rekord, die gebrekkige sosiale vaardighede en die baie kort humeur. Wanneer die mooi, ryk Emma le Roux hom huur en begin vertel van onwaarskynlike bedreigings en 'n broer wat sy vas glo ná twintig jaar soos 'n Lasarus uit die dood uit opgestaan het, stof hy ook 'n ander ou Wet af: Moenie klein vroue vertrou nie. Maar wat, welvarende mense lieg en as dit ál gevaar is wat hy moet hanteer, dan vat hy die geld, baie dankie.

Daarom vlieg hy op 26 Desember saam met haar Laeveld toe – en só begin 'n koorsagtige tog deur 'n wêreld van gierigheid en korrupsie, ekologiese stryde en sameswerings . . . en moord.

In 'n lokval skiet hulle boonop vir Emma. Lemmer het nog nooit as 'n lyfwag gefaal nie, en om sy vyande te identifiseer gaan lewensgevaarlik wees, want hul ontmaskering gaan internasionale implikasies hê. Maar Lemmer is siek en sat daarvoor om onsigbaar te wees. Iemand moet betaal – en hy gaan nie rus voor dié rekening nie vereffen is nie.

Deon Meyer, 'n oud-joernalis en reklameman, is ook bekend as internet-strateeg. Hy woon tans in Stellenbosch. Sy publikasies sluit in nege romans (*Wie met vuur speel*, 1994, *Feniks*, 1996, *Orion*, 2000, *Proteus*, 2002, *Infanta*, 2004, *13 Uur*, 2008, *Spoor*, 2010, en *7 Dae*, 2011). Drie daarvan – *Orion*, *Proteus* en *Infanta* – is met die ATKV-prys bekroon, terwyl hy in 2008, 2009 en 2012 die ATKV se Prys vir Spanningslektuur ontvang het vir, onderskeidelik, *Onsigbaar*, *13 Uur* en *7 Dae*.



OceanofPDF.com

Deur dieselfde skrywer:

Wie met vuur speel (1994)

Feniks (1996)

Orion (2000)

Proteus (2002)

Infanta (2004)

13 Uur (2008)

Karoonag en ander verhale (2009)

Spoor (2010)

7 Dae (2011)


OceanofPDF.com

Wie met vuur speel (1994)




OceanofPDF.com

Feniks (1996)




OceanofPDF.com

Orion (2000)



OceanofPDF.com

Proteus (2002)




OceanofPDF.com

13 Uur (2008)



OceanofPDF.com

Karoonag en ander verhale (2009)



OceanofPDF.com

Human & Rousseau
'n druknaam van NB-Uitgewers,
'n afdeling van Media24 Boeke (Edms) Bpk,
Heerengracht 40, Kaapstad
www.humanrousseau.com

Kopiereg © Deon Meyer 2007

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie elektroniese boek mag sonder die skriftelike verloff van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skryf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Outeursfoto deur Jac Kritzinger
Omslagfoto's deur Trevillion
Bandontwerp deur Mike Cruywagen
E-boekontwerp deur Trace Digital Services

Ook beskikbaar in druk:
Eerste uitgawe, tweede druk in 2007
Tweede uitgawe, vyfde druk in 2012
Derde uitgawe, eerste druk in 2013
ISBN: 978-0-7981-6550-1

Epub-uitgawe:
Eerste uitgawe in 2013
ISBN: 978-0-7981-5744-5 (epub)

Mobi-uitgawe:
Eerste uitgawe in 2013
ISBN: 978-0-7981-6183-1 (mobi)

OceanofPDF.com

Inhoud

[Titelblad](#)

[Opdrag](#)

[DEEL I](#)

[Hoofstuk 1](#)

[Hoofstuk 2](#)

[Hoofstuk 3](#)

[Hoofstuk 4](#)

[Hoofstuk 5](#)

[Hoofstuk 6](#)

[Hoofstuk 7](#)

[Hoofstuk 8](#)

[Hoofstuk 9](#)

[Hoofstuk 10](#)

[Hoofstuk 11](#)

[Hoofstuk 12](#)

[Hoofstuk 13](#)

[Hoofstuk 14](#)

[Hoofstuk 15](#)

[Hoofstuk 16](#)

[Hoofstuk 17](#)

[Hoofstuk 18](#)

[Hoofstuk 19](#)

[Hoofstuk 20](#)

[Hoofstuk 21](#)

[Hoofstuk 22](#)

[DEEL II](#)

[Hoofstuk 23](#)

[Hoofstuk 24](#)

[Hoofstuk 25](#)

[Hoofstuk 26](#)

[Hoofstuk 27](#)

[Hoofstuk 28](#)

[Hoofstuk 29](#)

[Hoofstuk 30](#)

[Hoofstuk 31](#)

[Hoofstuk 32](#)

[DEEL III](#)

[Hoofstuk 33](#)

[Hoofstuk 34](#)

[Hoofstuk 35](#)

[Hoofstuk 36](#)

[Hoofstuk 37](#)

[Hoofstuk 38](#)

[Hoofstuk 39](#)

[Hoofstuk 40](#)

[Hoofstuk 41](#)

[Hoofstuk 42](#)

[Hoofstuk 43](#)

[Hoofstuk 44](#)

[Hoofstuk 45](#)

[Hoofstuk 46](#)

[Hoofstuk 47](#)

[Hoofstuk 48](#)

[Hoofstuk 49](#)

[Erkennings](#)

[Oor die boek](#)

[Oor die skrywer](#)

[Deur dieselfde skrywer](#)

[Kolofonbladsy](#)